

DIE IDENTIFIKASIE VAN DIE KAPITAALWINS VIR FISKALE
DOELEINDES MET VERWYSING NA TOEPASLIKE REGSPRAAK
DEUR DIE INKOMSTEBELASTINGHOWE IN SUID-AFRIKA

deur

HERMANUS JOHANNES KLEYNHANS

B.Com.Hons. T.H.O.D.

* * * *

Verhandeling aangebied ter gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

LEIER: PROF. W.J. VENTER

POTCHEFSTROOM, 1979

VOORWOORD

1. OORSIG

In Suid-Afrika word tans geen belasting gehef op ontvangstes van 'n kapitale aard nie. Die Staat is skynbaar van oordeel dat hierdie ontvangstes en veral kapitaalwinste 'n uitstekende addisionele bron van belastinginkomste kan wees. Hierdie gevolgtrekking word gemaak as gevolg van twee gebeurtenisse: Eerstens het die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika (die Franzsenkommissie) reeds in sy Eerste Verslag, gedateer November 1968, definitiewe voorstelle geformuleer vir die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting. Tweedens het die Minister van Finansies tydens sy begrotingsrede in Maart 1979 duidelik te kenne gegee dat daar in die loop van 1979 indringend gekyk sal word na die moontlikheid van die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting.

Wanneer 'n kapitaalwinsbelasting ter sprake kom, is die eerste probleem wat opduik, dié van die identifisering van kapitaalwins. Die ontleding van dié probleem vorm die kern van hierdie verhandeling.

In die eerste hoofstuk word kortliks stilgestaan by 'n paar historiese feite in verband met die benadering tot die kapitaalwinsprobleem en die ontwikkeling van kapitaalwinsbelasting in 'n paar lande om as agtergrond te dien vir 'n bespreking van die optrede in verband daarmee in Suid-Afrika. In hoofstukke 2 tot 6 word die probleme in oënskou geneem wat bestaan by die identifisering van kapitaalwins en in hoofstuk 7 word 'n vergelyking getref tussen kapitaalwinsbelasting en kapitaalbelasting. Daarmee word die noodsaaklikheid beklemtoon om kapitaalwins suiwer te identifiseer.

In hoofstukke 8 en 9 word baie kort en in breë trekke gekyk na die moontlike gevolge van die heffing van kapitaalwinsbelasting. Verskillende argumente vir en teen die belasting word teen mekaar opgeweeg en die belastingtipe word dan getoets teen die algemene belastingbeginsels. Hierdie hoofstukke gee 'n aanduiding van die mate waarin probleme wat by die identifisering van kapitaalwins bestaan, deurwerk na die praktyk van belastingheffing, in die besonder wanneer bepaal moet

word of 'n besondere aanwins aan belastingheffing onderhewig gestel moet word of nie.

Hoofstuk 10 bevat 'n samevattende oorsig en gevolgtrekkings wat voortvloei uit die bespreking in die voorafgaande negte hoofstukke.

2. BEROEP OP HOËR GESAG

In die verhandeling word dikwels verwys na beslissings en uitsprake wat in verskillende howe gelewer is. Daarom word hier kortliks stilgestaan by 'n tipiese opeenvolging van gebeure en optredes van die verskillende partye wat lei tot hofsake en die prosedures wat gevolg moet word wanneer van een hof na 'n hoër hof geappelleer word.

Indien 'n belastingpligtige benadeeld of veronreg voel, kan hy binne een en twintig dae na die datum van aanslag beswaar aanteken by die kantoor van die Ontvanger van Inkomste wat die aanslag uitgereik het. Die beswaar moet skriftelik wees en in besonderhede aandui deur watter beginsels dit gerugsteun word. Die Ontvanger sal die aanslag wysig of die beswaar van die hand wys en die belastingpligtige dienooreenkomstig in kennis stel. Indien laasgenoemde nog nie tevrede is nie, kan hy appelleer na die Spesiale Hof vir die verhoor van inkomstebelastingappèlle.

Die sittings van die Spesiale Hof is streng privaat. Dit is 'n administratiewe hof wat geen verdere magte het as dit wat uit die Inkomstebelastingwet voortvloei nie terwyl dit die funksie van 'n hersieningshof het wat 'n bevinding mag stel in die plek van die beslissing van die Ontvanger van Inkomste. Die Ontvanger is ook nie gebind deur vorige beslissings van die Spesiale Hof nie, hoewel hy sterk oorweging sal skenk aan sodanige beslissings waar daar ooreenkomste is tussen die feite van 'n besondere geskil en geskille wat voorheen opgelos is. Daar kan slegs teen 'n beslissing van die Spesiale Hof geappelleer word op grond van 'n wetspunt en nie op grond van feitelike verskille nie.

Indien een van die partye ontevrede is met die beslissing van die Spesiale Hof, kan geappelleer word na die plaaslike of

provinsiale afdeling van die Hooggeregshof of na die Appèlhof. In laasgenoemde geval is die uitspraak finaal¹⁾.

3. AFKORTINGS GEBRUIK

In verwysings na verskillende verhore word die volgende afkortings gebruik:

- AR - Appèlregter
- HR - Hoofregter
- RP - Regterpresident
- R - Regter
- CIR - Commissioner of Inland Revenue
- CIT - Collector of Income Tax
- COT - Commissioner of Taxes
- SIR - Secretary of Inland Revenue
- ITC - Income Tax Cases. (Word saam met die nommer van 'n betrokke hofsak gebruik).
- SATC - South African Tax Cases en ITR - Income Tax Reporter:
Dit verwys na twee tydskrifte deur Juta se "South African Income Tax Service". Die verwysing 1 SATC 7 sal verwys na volume 1, bladsy 7 van SATC en ITR no. 12, p. 45 verwys na bladsy 45 van ITR no. 12.

4. BEDANKINGS

- 4.1 In diepe ootmoed betuig ek eerstens my dank aan ons Hemelse Vader, die Bron van alle kennis en waarheid sonder wie niks vermag kan word nie, vir die geleentheid, vermoë en gesondheid om hierdie studie te kon onderneem. Aan Hom al die eer!
- 4.2 Hartlike dank en waardering
 - 4.2.1 aan my studieleier, prof. W.J. Venter, vir sy doelgerigte en deskundige leiding, sy onbaatsugtige hulp en vriendelike belangstelling, en ook aan hom en mev. Venter vir die vriendelike ontvangs en gasvryheid wat ek telkens by hulle aan huis geniet het;

1) Silke, A.S. Silke on South African Income Tax. Juta & Co. 8th ed. 1975, paragrawe 778 en 779, p. 921 en Shrand, David. Wat elke salaristrekker van inkomstebelasting behoort te weet. H.A.U.M. April 1974, pp. 87 en 88.

- 4.2.2 aan mnr. Johan Botha van die T.O.D. Onderwysburo, wat te midde van 'n druk werkprogram, tyd kon inruim om op uiters bekwame wyse my taal sodanig te suiwer dat dit nou sê wat ek bedoel om te sê;
- 4.2.3 aan mev. Lena Naudé vir die netjiese, noukeurige en bekwame wyse waarop sy die manuskrip in rekordtyd getik het en ook aan mnr. Faan Naudé vir sy hulp met die proefleeswerk en vir sy wenke en aanbevelings;
- 4.2.4 aan die personeel van die T.O.D.-onderwysbiblioteek, die Ferdinand Postma-biblioteek en UNISA se Regsbiblioteek vir hul effektiewe dienslewering;
- 4.2.5 aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir studieverlof en die toekenning van 'n R300-studiebeurs vir die doel van hierdie studie;
- 4.2.6 aan my hoof, prof. N.J. Mentz, hoof van die T.O.D. Onderwysburo, en my kollegas vir hul vriendelike belangstelling en aanmoediging;
- 4.2.7 aan my gesin wat die ongerief wat studies meebring, moes verduur en tog volgehou het met hul aanmoediging, hulp en bystand.

H.J. KLEYNHANS

POTCHEFSTROOM

Julie 1979

ABSTRACT

The handling of capital gains for tax purposes differs from country to country. England was the first to impose a capital gains tax with the United States of America following shortly afterwards. South Africa can therefore learn much from their experience, especially in the case of the identification of capital gains.

Several economists have attempted to formulate a definition of capital gains. Every definition has some or other imperfection and for this reason a definitional approach to the identification of capital gains is not applied.

Certain directives which have developed in practice are used in determining the nature of a profit made. The directives are not individually determining and must be considered in relation to all the relevant facts of each transaction.

In South Africa the principle of intention has become most significant in determining the nature of a particular profit. In every transaction an analysis is made of the taxpayer's intention. Problems which arise from the application of this principle can, for instance, include the possibility of a taxpayer changing his intention, the need to determine the dominant intention in case of several or mixed intentions, and the differences between the intentions of an individual and a company.

In order to prevent the capital gains tax from changing into a capital tax, it is necessary to identify capital gains in such a way that real gains can be separated from illusory gains.

There are sharp differences of opinion between economists with regard to the taxability of capital gains. It seems, however, that a capital gains tax might prove a serious deterrent, particularly in a developing country like South Africa, where such a tax is here being shown to aggravate the already urgent shortage of investment funds (especially of risk capital) and of enterprise.

Measured against the approved tax principles, the advantages of a capital gains tax do not compensate for its disadvantages. The tax may lead to the need for the introduction of corrective measures to neutralise its disadvantageous effects.

* * *

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1: HISTORIESE PERSPEKTIEF	1-12
1. INLEIDING	1
2. DIE ONTWIKKELING IN ENGELAND EN IN DIE V.S.A.	1
2.1 Engeland	2
2.2 V.S.A.	3
2.2.1 1913 - 1921	3
2.2.2 1922 - 1933	4
2.2.3 1934 - 1938	5
2.2.4 1939 - 1948	5
2.2.5 1949 - 1967	5
3. ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA	6
3.1 Regspraak tot aan die einde van die twintiger-jare	8
3.2 Kapitaalwinsbelasting sedert 1930	10
3.3 Vernuwning van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel	11
4. GEVOLGTREKKING	12
 HOOFSTUK 2: KENMERKE VAN KAPITAALWINS	 13-29
1. INLEIDING	13
2. PROBLEME RONDOM DIE IDENTIFISERING VAN KAPITAALWINS	13
2.1 Diverse menings	13
2.2 Samevatting: 'n moontlike definisie	16
3. DIE AARD VAN KAPITAALWINS: KENMERKE WAT KAN LEI TOT MEER JUISTE IDENTIFISERING	17
3.1 Die onverwagte aard van kapitaalwins	17
3.2 Die spesiale aard van kapitale bates	20
3.3 Die sporadiese, eenmalige of nie-herhalende aard van kapitaalwinste	22
3.4 Opbouing oor die langtermyn	25

3.5	Kapitaalwins word nie vir normale verbruik bedoel nie	26
3.6	Onderskeid tussen inkomste uit kapitaalbelegging en uit persoonlike inspanning	27
4.	GEVOLGTREKKING	28
HOOFSTUK 3: KRITERIA VIR DIE BEPALING VAN DIE ONDSKEID TUSSEN KAPITAALWINS EN BELASBARE INKOMSTE		30-55
1.	OËNSKYNLIKE ONDUIDELIKHEID IN DIE INKOMSTEBE-LASTINGWET	30
2.	AFSONDERLIKE OMSTANDIGHEDE BESLISSEND	31
3.	TOTALITEIT VAN VERWANTE FEITE	31
4.	BEDOELING AS LEIDENDE BEGINSEL	32
4.1	Bedoeling met die hou van 'n bate	33
4.2	Bedoeling met die verkoop van 'n bate	34
4.3	Bedoeling met die aankoop van 'n bate	34
4.4	Problematiek van bedoeling as uitgangspunt	36
4.4.1	Bepaling van die dominante bedoeling	36
4.4.2	Verandering van bedoeling	38
4.5	Bedoeling van 'n maatskappy	42
4.5.1	Verskil van die individu	42
4.5.2	Die rol van die direkteure	44
4.5.3	Die rol van die doelstellingsklousule in die Akte van Oprigting	46
5.	WINSBEJAGSKEMA AS ONDERDEEL VAN BEDOELING	48
5.1	Winsbejagskema omskryf	48
5.2	Terminologie-onderskeiding	49
5.3	"Badges of Trade"	49
5.4	"Beste moontlike prys" as doelstelling	50
6.	AARD VAN GEREALISEERDE BATES	50
6.1	Vaste en bedryfskapitaal	50
6.2	Aanwending van gerealiseerde wins	51
6.3	Aandeeltransaksies as bron van kapitaalwins	52

	Bladsy
7. BEDOELING BY GEÏSOLEERDE TRANSAKSIES	53
8. ONUS VIR BEWYS VAN BEDOELING	54
9. NABESKOURING	55
 HOOFSTUK 4: DIE OORSPRONG VAN KAPITAALWINS	 56-99
1. INLEIDING: KAPITAALONTVANGSTE EN KAPITAALWINS ONDSKEI	56
2. DIE ROL VAN KAPITALE BATES BY DIE VOORTBRING VAN KAPITAALWINSTE	56
2.1 Wins by vervreemding of realisasie van bates	57
2.2 Vooroorlogse eiendomme	57
2.3 Ontwikkeling en ontdekkings	57
2.4 Toename in markwaarde van bates	58
2.5 Verbetering van vermoë	59
2.6 Ondernemingsgees en goeie bestuur	59
2.7 Illusionêre (fiktiewe) winste	59
2.8 Kapitalisasiekoers	59
2.9 Herinvestering van winste	59
3. BEOORDELING VAN 'N AANTAL BRONNE WAT IN SUID-AFRIKA NORMAALWEG KAPITAALWINS OPLEWER	60
3.1 Woonhuis of plaas	60
3.1.1 Doel van optredes deur omstandighede beïnvloed: positiewe resultaat	61
3.1.2 Doel van optredes deur omstandighede beïnvloed: negatiewe resultaat	63
3.2 Aandeel	65
3.2.1 Algemene beginsels	65
3.2.2 Gevalle genoem deur die Franzsenkommissie	66
3.2.2.1 Teruggehoue winste	66
3.2.2.2 Spekulasie	66
3.2.2.3 Reserwes in privaatmaatskappye	66
3.2.2.4 Aandeel in filiaalmaatskappy	67
3.2.2.5 Privaatmaatskappy koop grond	67
3.2.3 Ander gevalle in die Suid-Afrikaanse regspraak	67

	Bladsy
3.2.3.1 Verkope ter voorkoming van 'n verlies	67
3.2.3.2 Beoogde periodieke inkomste in 'n rondesom ontvang	69
3.3 Weddenskappe, loterye, kompetisies en stokperdjies	71
3.3.1 Die rol van toeval of bedoeling	71
3.3.2 Gereeldheid van inkomste	73
3.3.3 Gereeldheid van optrede	73
3.3.4 Inkomste sonder doel om handel te dryf	73
3.3.5 Inkomste van buite normale ambag of professie	74
3.3.6 Inkomste uit beweerde stokperdjie	77
3.3.7 Graad van betrokkenheid en professionaliteit van optrede	77
3.3.8 Omvang en gereeldheid van stokperdjie-beoefening	78
3.3.9 Samevatting t.o.v. weddenskappe en lotery	79
3.4 Geskenke, donasies en erfporisies	79
3.4.1 Juridiese onderskeidings	80
3.4.1.1 Verkoop van diamantkleins op erfplaas	80
3.4.1.2 Verdeel erfgrond in erwe en verkoop teen 'n wins	80
3.4.1.3 Testamentêre bemaking as deel van winsskema	82
3.4.1.4 Basiese beginsels wat geld by geskenke	83
3.5 Klandisiewaarde	89
3.5.1 Klandisiewaarde ontleed	89
3.5.2 Klandisiewaarde gebruik om belasting te vermy	91
3.5.3 Klandisiewaarde onderskei van lopende inkomste	91
3.5.4 Ooreenkoms om kommissie te betaal nie vergoeding vir klandisiewaarde	92
3.5.5 Beginsels by beoordeling van klandisiewaarde	93
3.5.6 Praktiese betekenis van die beginsels omtrent klandisiewaarde	96
3.6 Die privaatmotor	98
4. GEVOLGTREKKING	99

	Bladsy
HOOFSTUK 5: KATEGORIEË VAN KAPITAALWINS — DIE TERMYNASPEK	100-109
1. INLEIDING	100
2. INDELING IN DIE BUITELAND	100
2.1 Algemene beskouing in die buiteland	100
2.2 Die beskouinge in die Verenigde Koninkryk	101
2.3 Behandeling van kapitaalwins in Indië	103
2.3.1 Netto kapitaalwins op beide kort- en langtermyn	103
2.3.2 Korttermyn netto kapitaalwins teenoor langtermyn netto kapitaalverlies	103
2.3.3 Korttermyn netto kapitaalverlies wat kleiner is as die langtermyn netto kapitaalwins	103
2.3.4 Netto kapitaalverlies op beide kort- en langtermyn	104
2.4 Behandeling in Rhodesië	104
2.4.1 Bedoeling nogeens: — negatief	104
2.4.2 Bedoeling nogeens: — positief	104
2.4.3 Houtydperk nie altyd beslissend nie	105
3. BEHANDELING IN SUID-AFRIKA	106
3.1 Algemene oorsig	106
3.2 Die Afrikaanse Handelsinstituut se siening	107
3.3 Die Franzsenkommissie se aanbeveling	107
3.4 Ook deur die regspraak afgewys	108
3.5 Gevolgtrekking	108
HOOFSTUK 6: IS KAPITAALWINS REËEL OF ILLUSIONÊR?	110-132
1. INLEIDING	110
2. MOONTLIKE OORSAKE VAN REËLE KAPITAALWINS	111
2.1 Die terugploeg van winste	111
2.2 Vergrote toekomsverwagtings	111
2.2.1 Veranderinge in die kapitalisasiekoers	111
2.2.2 Die gevolge van nuwe ontdekkings	112

	Bladsy
2.2.3 Toekomstverwagtinge en aandelepryse	113
2.2.4 Gevolgtrekking t.o.v. toekomstverwagtinge	113
2.3 Gemeenskapsontwikkeling — infrastruktureel	114
2.4 Daling in die rentekoerse	114
2.5 Styging in algemene pryspeile	115
2.6 Suiwer toeval of geluk	115
2.7 Doeltreffendheid van bestuur	116
2.8 Samevatting t.o.v. die oorsake van reële kapitaalwins	117
3. MOONTLIKE OORSAKE VAN ILLUSIONÊRE KAPITAALWINS	117
3.1 Verhoging in die algemene pryspeil	117
3.1.1 Kapitale bates betrokke	118
3.1.2 Waardebeploeding nooit algemeen nie	119
3.1.2.1 Verskillende tye waarin die wins opgeloopt het	119
3.1.2.2 Invloed van toename in pryspeil verskil vir verskillende bates	120
3.1.2.3 Verhouding tussen verskillende winste	120
3.1.3 Besware teen die metode om die illusionêre aard te bepaal	121
3.1.3.1 Finale kriterium nie maklik bepaalbaar nie	121
3.1.3.2 Benadeling van die salaris- en loontrekker	121
3.2 Verlagings in die algemene rentekoerspeil	122
3.2.1 Geen bydrae tot bestedingsvermoë nie	122
3.2.2 Die hele opbrengs moet weer belê word	123
3.2.3 Kapitaalwins bevoordeel die belegger	123
3.2.4 Die opsluitingseffek van kapitaalwins-belasting	124
4. DIE BELANG VAN RENTEKOERSDALINGS EN PRYSSTYGINGS VIR DIE KAPITAALWINS — 'N DIAGRAMMATIESE ONTLEDING	125
4.1 Kapitaalwins wat ontstaan a.g.v. rentekoersdalings	126
4.2 Kapitaalwins wat ontstaan a.g.v. algemene prysstygings	127
4.3 Gevolgtrekking	128

	Bladsy
5. KAN ILLUSIONÊRE KAPITAALWINS GEKORRIGEER WORD?	128
5.1 Verbruikersprysindeks as deflator	128
5.2 Verhoging van die kostebasis van kapitale bates en die uitstel van belasting	129
5.3 Vermindering in belastingkoers met verlenging van die houperiode	129
5.4 Die gebruik van "correction factors"	130
5.5 Waarom korreksie nog nie gedoen word nie	131
6. SAMEVATTING	131
 HOOFSTUK 7: KAPITAALWINSBELASTING VERSUS KAPITAAL-BELASTING	 133-145
1. INLEIDING	133
2. VERSKILLE IN OMSKRYWING	133
2.1 Belasting op vermeerdering in batewaarde	133
2.2 Belasting op kapitaalwaarde	133
2.3 Gerig teen kapitaal	134
2.4 Sterfregte	134
2.5 Vermoënsbelasting	134
2.6 Prest se drieledige verklaring	134
2.6.1 Gehef op inkomste: betaal uit kapitaal	135
2.6.2 Gehef op kapitaal: betaal uit inkomste	135
2.6.3 Gehef op kapitaal: betaal uit kapitaal	135
2.7 Gevolgtrekking	135
3. MOONTLIKE KOMBINERING VAN DIE TWEE BELASTINGTIPES	136
3.1 Inleiding	136
3.2 Prest se drie besware	136
3.3 Ekonomiese gevolge verskillend	136
3.4 Swak substitute	137
4. VERSKILLE IN DIE BASIS VAN AANSLAG VAN DIE BELASTINGS	137
4.1 Inleiding	137
4.2 Vier soorte kapitaalbelastings	138
4.3 Private kapitaal as belastingbasis	138

	Bladsy
4.4 Onderskeid tussen individu en firma	139
4.5 Sweedse benadering	139
4.6 Samevattend	139
5. VERSKILLE IN DIE UITWERKING VAN DIE TWEE BETROKKE BELASTINGTIPES	140
5.1 Hervreiding van rykdom	140
5.2 Aanpasbaarheid	141
5.3 Ondernemingsgees	141
5.4 Likiditeitsvoorkeur	142
5.5 Beleggings met 'n groter risiko-element	143
6. PROBLEME VAN EN KRITIEK TEEN KAPITAALBELASTING	143
6.1 Moeiliker administrasie	143
6.2 Probleme met waardasie	143
6.3 Belastingvermyding	144
6.4 Kapitaalverbruik	144
6.5 Verander in 'n inkomstebelasting	144
6.6 Lewer 'n klein inkomste	145
6. SAMEVATTEND	145
 HOOFSTUK 8: DIE BELASBAARHEID VAN KAPITAALWINS — ARGUMENTE VIR EN TEEN DIE HEFFING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING	 146-183
1. KAPITAALWINS IS INKOMSTE: VERHOOGING VAN BESTEDINGSVERMOË EN LEWENSTANDAARD	146
1.1 Die probleem van illusionêre winste	150
1.2 Bedoelde teenoor onverwagte aanwinste	153
2. KAPITAALWINS SE ANTI-SIKLIESE VERMOË	155
3. KAPITAALWINSBELASTING EN EKONOMIESE GROEI	156
3.1 Onsekerheid van die belastingkoers	157
3.2 Spare en spaargeneigdheid	158
3.3 Investerings as groeifaktor	159
3.3.1 Beperking van investering deur die uit- stel van die realisasie van beleggings	160
3.3.2 Beperking van investering deur laer beweeglikheid van kapitaal	161

3.3.3 Beleggers se voorkeure by die plasing van investerings	163
3.4 Risikoneming en ondernemingsgees	163
4. FISKALE FUNKSIE VAN DIE KAPITAALWINSBELASTING: LEWERING VAN INKOMSTE AAN DIE STAAT	167
4.1 Stabiliteit van inkomste	167
4.2 Belastingvermyding	170
4.3 Die oordraagbaarheid van kapitaalverliese	171
5. ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE BY KAPITAALWINS-BELASTING	172
6. OORWEGINGS TEN OPSIGTE VAN BELASTINGDRUK	172
6.1 Die probleem van dubbele belasting	172
6.2 Nivellering van persoonlike inkomste en belastingdruk	175
6.3 Abrupte dreinerings van geleidelik-opgeboorde kapitaalwinst	176
6.4 Afwentelingsprobleme van die kapitaalwinst-belasting	177
6.5 Die draagkragbeginsel	178
7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	179
7.1 Goeie argumente teen die heffing van 'n kapitaalwinstbelasting	180
7.2 Minder goeie argumente teen die heffing van 'n kapitaalwinstbelasting	181
7.3 Argumente vir die heffing van 'n kapitaalwinst-belasting	182
7.4 Gevolgtrekking	183
HOOFSTUK 9: DIE KAPITAALWINSBELASTING EN DIE ALGEMENE BELASTINGBEGINSELS	184-204
1. INLEIDING	184
2. HISTORIESE AANLOOP	184
2.1 Von Justi se ses eise	185
2.2 Adam Smith se vier "canons"	185
2.2.1 Produktiwiteit en gelykheid	185
2.2.2 Sekerheid	185

	Bladsy
2.2.3 Gemaklikheid	186
2.2.4 Administratiewe doeltreffendheid	186
3. BELASTINGBEGINSELS	186
3.1 Produktiwiteit	186
3.2 Regverdigheid	188
3.3 Elastisiteit	191
3.4 Aanpasbaarheid	192
3.5 Stabiliteit	193
3.6 Verskeidenheid van bronne	194
3.7 Koördinasie met ander belastings	196
3.8 Besparing	197
3.9 Eenvoudigheid	198
3.10 Sekerheid	199
3.11 Gerieflikheid	200
3.12 Beperking van vrystellings	201
3.13 Vermynning van die "Excess Burden"	202
4. GEVOLGTREKKING	204
 HOOFSTUK 10: OORSIG EN GEVOLGTREKKINGS	 205-215
1. INLEIDING	205
2. IDENTIFISERING VAN KAPITAALWINS	205
2.1 Buitelandse benadering	205
2.2 Suid-Afrikaanse benadering	206
2.3 Definisionele benadering	206
2.4 Die aard van 'n wins as riglyn vir identifisering	207
2.5 Die termynbenadering	208
2.6 Die gereeldheidsbenadering	208
2.7 Die bedoelingsbenadering	209
2.8 Kapitaalwinste onderskei van kapitaalontvangstes	210
2.9 Reële en illusionêre kapitaalwinste	211
3. DIE BELASBAARHEID VAN KAPITAALWINS	212
3.1 Voordele van kapitaalwinsbelasting	212
3.2 Nadele en probleme van 'n kapitaalwinsbelasting	213

4. DIE ALGEMENE BELASTINGBEGINSELS

214

5. GEVOLGTREKKING

215

HOOFSTUK 1

HISTORIESE PERSPEKTIEF

1. INLEIDING

Dit blyk dat die kapitaalwinsbelasting, soos tewens alle fiskale instrumente, in verskillende lande verskillend gehanteer en uit verskillende beginselooppunte benader word. Uit die aard van die beperktheid van 'n verhandeling soos hierdie, is dit onmoontlik om al die historiese feite en variasies ten opsigte van die behandeling van die kapitaalwinsbelasting in al die lande waar hierdie belasting gehef word, volledig weer te gee. Daarom dien onderstaande as 'n beknopte illustrasie van die ontwikkeling van die kapitaalwinsbelasting in die twee lande wat as die belangrikste verwysingsbronne in die Suid-Afrikaanse regspraak gebruik word.

2. DIE ONTWIKKELING IN ENGELAND EN IN DIE V.S.A.

In die V.S.A. is belangrike riglyne getrek vir die Suid-Afrikaanse benadering ten opsigte van die hantering van die kapitaalwinsbelasting. 'n Enkele voorbeeld is die Franzsen-kommissie¹⁾ se aanbeveling in verband met 'n nivellerings-effek by die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting in vergelyking met die V.S.A. se "step-scale plan"²⁾.

Engeland daarenteen vorm die direkte basis van die Suid-Afrikaanse benadering ten opsigte van die aard van kapitaalwins. In veral die vroeëre Suid-Afrikaanse regspraak is redelik dikwels verwys na uitsprake van die Britse houe. 'n Enkele voorbeeld is die verwysing in 1914 na die uitspraak in die Britse regspraak "Californian Copper Syndicate v. Inland Revenue"³⁾.

-
- 1) Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Eerste Franzsenverslag: Belasting in Suid-Afrika. RP.24/1969. Staatsdrukker. Par. 307.
 - 2) Wells, Anita. Legislative History of Treatment of Capital Gains under the Federal Income Tax, 1913-1948 in National Tax Journal. Vol. 2, No. 1, March 1949, p. 21.
 - 3) Income Tax Reporter (hierna ITR), Vol. XIII, No. 101, p. 146.

2.1 Engeland

Engeland is die eerste land ter wêreld wat 'n poging aangewend het om 'n kapitaalwinstbelasting te hef. In 1909 en weer in 1947 plaas hulle 'n heffing op die toename in grondwaarde as gevolg van gemeenskapsontwikkeling. Die pogings misluk egter en verdere pogings om 'n belasting op kapitaalwinste te hef, word op die lange baan geskuif tot in 1962 met die afkondiging van die "1962 Finance Act"¹⁾.

Hierdie wet is baie belangrik aangesien dit die eerste was om 'n algemene belasting op kapitaalwinst in te stel. Dit het die weg gebaan vir die meer omvattende wetgewing van 1965.

Die 1962-wet was net van toepassing op korttermynwinste. Die korttermyn is gedefinieer as 'n tydperk korter as 6 maande en die langtermyn as 'n tydperk van 6 maande en langer tussen die verkryging en realisasie van 'n bate. Vir transaksies in grond en geboue was die korttermyn 'n tydperk van tot 3 jaar. In die 1965-wet word die korttermyn gewysig tot 'n tydperk voor realisasie van tot 12 maande en die langtermyn as 'n tydperk van langer as 12 maande.

Vanaf 1965 word die korttermynkapitaalwinste as deel van normale inkomste belas, terwyl langtermynkapitaalwinste teen 'n vaste koers van 30% belas word²⁾. Winste uit die realisasie van die volgende bates was vrygestel van belasting: wonings, spaarsertifikate, premie-obligasies, lewensversekeringspolisse, roerende bates onder £1 000 en "kapitale ontvangste" anders as van bates, bv. sokkerpoelwengeld.

Die hersiene "1969 Finance Act" voeg regeringseffekte by tot die lys van vrygestelde bates. Die winste daarop was dus vrygestel van belasting, maar net so kon die verliese daarop nie as 'n aftrekking teen normale inkomste geëis word nie³⁾.

Dit blyk uit hierdie reeks wetgewings dat Engeland van die begin af gepoog het om die kapitaalwinst te identifiseer

1) Sandford, C.T. *Taxing Personal Wealth — An Analysis of Capital Taxation in the United Kingdom — History, Present Structure and Future Possibilities*. London. George Allen & Unwin Ltd. 1971. p. 232.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 111.

3) Sandford, op. cit., p. 233.

volgens die termyn waaroor die bates, waarop die kapitaalwins behaal is, gehou is. Reël beskou, is hierdie uitgangspunt slegs 'n ander benadering om te bepaal wat die bedoeling van die besitter van die bate was, in die sin dat hoe korter die termyn waaroor die bate gehou word, hoe meer waarskynlik die motief om met die bate 'n kapitaalwins te realiseer. Hierdie interpretasie van die kapitaalwins sou in die V.S.A.-benadering meer eksplisiet gestel word terwyl dit in die Suid-Afrikaanse regspraak 'n hulpmiddel sou word om die bedoeling met die hou van 'n bate te bepaal¹⁾.

2.2 V.S.A.

So vroeg as 1803 gee die V.S.A. aandag aan die beginsel van herhaling en gereeldheid van 'n transaksie om te bepaal of die opbrengs van sodanige transaksie ingesluit moes word in 'n persoon se belasbare inkomste of nie²⁾. 'n Belangrike beginsel by die belasting van kapitaalwins word dus reeds hier in die Amerikaanse belastingstelsel ingebou.

'n Wetsontwerp vir die formele belasting van kapitaalwinste word in 1913 aangeneem. Dit lui die eerste van 5 periodes van wetgewing in verband met kapitaalwinsbelasting in, nl.

2.2.1 1913 - 1921³⁾

In die eerste fase van hierdie tydperk word daar geen onderskeid gemaak tussen die belasting van kapitaalwinste en van gewone inkomste nie, maar wel tussen gerealiseerde en ongerealiseerde kapitaalwinste. Die owerheid het van die begin af besef dat die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting op gerealiseerde of ongerealiseerde kapitaalwins 'n probleem is wat deeglik deurdink behoort te word. Aangesien waardegroei plaasvind oor 'n hele aantal jare, sou die metode om jaarliks die verhoogde ongerealiseerde winste te belas, baie praktiese probleme oplewer⁴⁾. Om daarenteen die opgelopen waarde in een jaar by realisasie te belas,

1) Vgl. hfst. 5, par. 2.1, p. 100.

2) Turvey, R. Equity and a Capital Gains Tax in Oxford Economic Papers. Vol. 12, June 1960. p. 182.

3) Wells, Anita. op. cit., p. 13.

4) Geen land hef belasting volgens die oploepbasis nie en geen verdere bespreking gaan aan hierdie wyse van berekening van belastingpligtigheid gewy word nie, behalwe in hfst. 9.

sou weer baie onregverdig wees, veral waar die belasting teen 'n progressiewe koers gehef word. Daarom het die Internal Revenue Code 'n aantal konsessies bevat om aan die belastingpligtige die geleentheid te bied om in een jaar op 'n groot som geld verligting te kry van belasting¹⁾. In hierdie tydperk word kapitaalverliese aanvanklik glad nie as aftrekking toegelaat nie, maar later slegs gedeeltelik teen kapitaalwinste en uiteindelik ten volle as 'n aftrekking teen die totale belasbare inkomste. 'n Netto verlies in een jaar kon selfs oorgedra word na daaropvolgende jare²⁾.

2.2.2 1922 - 1933³⁾

Korttermynkapitaalwins word nou gedefinieer as wins wat gerealiseer word op bates wat gehou is vir 'n termyn van tot 2 jaar⁴⁾. Hierdie korttermynwins word by die normale belasbare inkomste getel en teen dieselfde koers belas. Langtermynkapitaalwins word omskryf as wins gerealiseer op bates wat langer as 2 jaar gehou is. Langtermynwinste ontvang voorkeurbehandeling teenoor die korttermynwinste in die sin dat dit belas word teen 'n vaste koers van 12,5%.

Aanvanklik word verliese ten volle as aftrekking teen alle belasbare inkomste toegelaat. Later word die parallelle behandeling ingestel waarin dieselfde vastekoers-beperkings op kapitaalverliese toegepas word as wat vir kapitaalwinste geld, nl. dat die totale belasting, insluitende die belasting op netto kapitaalwins, nie minder as 12,5% van die totale netto inkomste mag wees nie. Hierdie beperking lei daartoe dat slegs belastingbetalers met 'n netto inkomste van meer as \$16 000 voordeel trek uit dié toegewing t.o.v. kapitaalwins.

-
- 1) Gans, E. Tax and Accounting Problems Arising out of the Taxation of Capital Gains in Die Suid-Afrikaanse Geoktrooieerde Rekenmeester, Aug. 1966, p. 265.
 - 2) Wells, Anita, op. cit., p. 13.
 - 3) Id.
 - 4) Miller, P. The "Capital Asset" Concept: A Critique of Capital Gains Taxation in The Yale Law Journal, Vol. 59, 1950. p. 840; en Slitor, R.E. Problems of Definition under the Capital Gains Tax in National Tax Journal, Vol. 9, 1956. p. 29.

2.2.3 1934 - 1938¹⁾

Dié tydperk word ingelui met die reëling om 'n sekere persentasie van die kapitaalwins (en -verlies) by die normale belasbare inkomste te tel (af te trek) en die hele totaal dan as normale inkomste te belas. Die persentasie word soos volg bepaal²⁾:

TYDPERK WAT BATE GEHOU IS	% WINS INGESLUIT BY NORMALE BELAS- BARE INKOMSTE
1 jaar of minder	100
Oor 1 jaar maar minder as 2 jaar	80
Oor 2 jaar maar minder as 5 jaar	60
Oor 5 jaar maar minder as 10 jaar	40
Oor 10 jaar	

Kapitaalverliese kon afgetrek word tot 'n bedrag gelyk aan die bygevoegde kapitaalwins plus 2 000 dollar.

Hierdie metode van hantering van die kapitaalwins was die Amerikaners se sg. "Step-scale Plan"³⁾.

2.2.4 1939 - 1948⁴⁾

In hierdie fase word voortgebou op die beginsels van die vorige twee fases, nl. die insluiting van 'n persentasie van die kapitaalwins of -verlies by die normale belasbare inkomste en later 'n afsonderlike vastepersentasiebelasting op kapitaalwinste. Die behandeling van kapitaalverliese wissel van 'n beleid van streng beperkings tot een van meer liberale toegewings.

2.2.5 1949 - 1967⁵⁾

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n wanverhouding tussen die hoeveelheid kapitaalwins en ander inkomste in die V.S.A.

1) Wells, Anita, op. cit., p. 19.

2) Ibid., p. 21.

3) Vergelyk hiermee die Eerste Franzsenverslag se aanbeveling i.v.m. die vermindering van kapitaalwins met sekere persentasies ten einde 'n nivellerings effek te verkry — op. cit., par. 307.

4) Wells, Anita, op. cit., p. 22.

5) Wallich, H.C. Taxation of Capital Gains in the light of Recent Economic Developments, in National Tax Journal, June 1965, p. 133; en Gottlieb, M. On Reform of the American Capital Gains Tax, in Public Finance, Vol. 13, 1958. p. 338.

Daarom is ondersoek ingestel en is bevind dat die Staat nie sy regmatige deel van hierdie winste ontvang nie. In 1963 is voorstelle ingedien vir 'n algehele hersiening van die stelsel van belasting van kapitaalwinste. Die voorstelle is afgekeur. Die saak is weer opgeneem en in 1967 is wetgewing deurgeloods wat die volgende stelsel in werking gestel het:

Kapitaalwinste word by normale inkomste ingesluit met sekere tegemoetkomings: Die individuele belastingpligtige kon 'n spesiale aftrekking van 50% van die netto kapitaalwins of 'n spesiale belastingkoers van 25% op die netto kapitaalwins eis, watter een ookal vir hom die voordeligste sou wees. Vir maatskappye was 'n spesiale belastingkoers van 25% op die netto kapitaalwins van toepassing.

3. ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

Voor Uniewording in 1910 het slegs twee van die koloniale moondhede enige pogings aangewend om deur middel van een of ander vorm van inkomstebelasting geld van die algemene publiek in te vorder vir finansiering van die Staat se uitgawes en projekte.

In 1814 word die eerste inkomstebelasting in S.A. in Kaapstad gehef om fondse te verkry vir die herstel van strate, paaie, kanale en slote binne die munisipale gebied¹⁾. Dié belastingheffing is later uitgebrei na ander distrikte soos Stellenbosch, en Swellendam. In 1832 is die inkomstebelastingkoers in die Kaapkolonie verhoog tot 2% op alle inkomste bokant £30 behalwe op inkomste uit boerdery. Die belasting het die bedrag van £2 500 vir daardie jaar opgelewer! Kort hierna is hierdie belasting afgeskaf²⁾.

In 1904 hef die Regering van die Kaapkolonie weer 'n inkomstebelasting op alle persone wie se inkomste £1 000 per jaar oorskry teen 'n koers van 6d in die £ op inkomstes tussen £1 000 en £2 000, 9d in die £ op inkomstes tussen £2 000 en £5 000 en 1s in die £ op inkomstes oor £5 000.

-
- 1) De Kock, M.H. Economic History of South Africa. Juta & Kie. 1924. p. 422.
2) Ibid., p. 423.

In 1908 begin die regering van Natal ook met die heffing van 'n inkomstebelasting.

Met Uniewording in 1910 word albei hierdie inkomstebelastings afgeskaf¹⁾.

Dit blyk dat die verskillende koloniale gebiede wat later die Unie van Suid-Afrika sou vorm, vóór die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, òf 'n onbewustheid òf 'n afkeur openbaar het ten opsigte van belasting op kapitaal as sodanig òf op winste wat uit kapitaal ontstaan het sonder dat dit oorspronklik bedoel was om wins te behaal uit 'n handeling met 'n kapitaalbate.

Eers in 1914 word die beginsel van landwyse belasting op inkomste en die vrystelling van kapitaalinkomste ingevoer deur die Unie-inkomstebelastingwet van daardie jaar.

As gevolg van verskeie faktore soos die industriële ontwikkelinge, die groot droogte, veesiektes en 'n slegte mark vir volstruisvere wat die staatsinkomste in 1914 laat afneem het en a.g.v. 'n sterkgevoelde behoefte aan belastinguniformiteit, word die Wet op Inkomstebelasting, 1914, aangeneem. Dit was die eerste Unie-inkomstebelastingwet²⁾. Hierdie Wet het bepaal dat van totale inkomste uitgesluit moes word "inkomstes van buite die Unie verkry en inkomstes van 'n kapitale aard"³⁾.

In 1917 word die Gekonsolideerde Inkomstebelastingwet aangeneem waaronder die winste van die myne ook voortaan as inkomste belas sou word⁴⁾.

Die eerste werklike belasting van kapitaalwinste in Suid-Afrika word deur Transvaal gehef. In 1919 magtig die Transvaalse Provinsiale Raad, in navolging van Duitsland, die V.S.A. en ander lande, die instelling van 'n "increment value duty" van 5 tot 25% op winste gerealiseer by die verkoop, sedering, ruil,

1) De Kock, *Economic History ...*, op. cit., p. 422.

2) Botha, J.H. *Uniefinansies: 'n Kritiese Ontleding*. Steward Drukkersmaatskappy, 1936. p. 55.

3) Ibid., p. 56.

4) Ibid., p. 57.

donasie of enige ander vervreemding van vaste eiendom. Dié belasting word weer in 1920 herroep¹⁾).

In 1921 word die Inkomstebelastingwet weer gewysig en aangepas. Belasbare inkomste word nou omskryf as "an income in excess of £300 after deducting losses and expenses actually incurred in the Union by the taxpayer in the production of his taxable income, provided they are not of a capital nature"²⁾.

Dit is duidelik dat die tradisionele bedoelingsbeginsel in Suid-Afrika gebaseer was op die feit dat kapitaalwins nie belas sou word nie. Indien 'n belastingpligtige die Fiskus kon oortuig dat 'n sekere inkomste 'n suiwer kapitaalwins is, is hy vrygestel van belasting op daardie inkomste.

Die Wet gee ongelukkig nie 'n duidelike en allesomvattende reeks omskrywings van wat onder verliese, koste, inkomste en kapitaalwinste en -verliese verstaan moet word nie, hoewel voorbeelde wel gegee word. Die geregtelike vonnisse wat in hierdie verband gevel is, bevat egter waardevolle riglyne.

Die eerste meningsverskille tussen die Fiskus en belastingpligtiges het reeds vroeg in Suid-Afrika se geskiedenis ontstaan oor die interpretasie van die vraag of sekere inkomstes van 'n kapitale aard of van 'n belasbare inkomste-aard was. Kort na die aanname van die 1914-Inkomstebelastingwet, kry die Staat te doen met die probleem dat belastingpligtiges die vrystelling van kapitaalwins van belasting aangryp as 'n middel om belasting op ander inkomste ook vry te spring deur pogings aan te wend om normale inkomste na kapitaalwins te laat lyk.

3.1 Regspraak tot aan die einde van die twintigerjare

Die eerste hofsak in Suid-Afrika waarin die probleem uitgeluis moes word of 'n sekere inkomste 'n kapitaalwins of 'n belasbare inkomste was, word in 1918 verhoor in die saak COT v. Booyens Estates Ltd³⁾. Die saak word gevoer tot in die appèlhof, waar die regter in sy uitspraak die belangrike

1) De Kock, M.H. *Finances of the Union of South Africa*. Juta & Kie. 1927. p. 275; en De Kock, M.H. *Economic History of South Africa*. op. cit., p. 420.

2) De Kock, M.H. *Economic History*. op. cit., p. 425.

3) 32 SATC 10 en ook soos bespreek in ITR no. 101, p. 145.

beginsel vaslê dat daar gekyk moet word na wat die bedoeling van die belastingpligtige was toe hy sy bates gerealiseer het. Hierdie beginsel word later in verskeie hofsake aangehaal en dit word verder uitgebrei sodat daar na verskillende bedoelings by die belastingpligtige gesoek word. Meer daaroor later in die verhandeling¹⁾.

Gedurende die twintigerjare volg 'n aantal hofsake wat nog meer belangrike beginsels vaslê vir die beoordeling van die aard van 'n inkomste.

In 1922 word in *Platt v. CIR* bepaal dat kontinuïteit by die individu 'n noodsaaklike element is in die onderneming van 'n skema om wins te maak, terwyl 'n eenmalige transaksie by 'n maatskappy voldoende aanduiding kan gee dat daar 'n skema ontwerp is om wins te maak²⁾.

In 1924 word in *CIR v. George Forest Timber Co. Ltd.* duidelike riglyne getrek om te onderskei tussen "fixed" en "floating" kapitaal³⁾. Ontvangstes of winste uit die verkoop van vaste kapitaal word uitgesluit uit bruto inkomste. "Floating capital" is gewone handelsvoorraad en die verkope daarvan lewer inkomste wat belasbaar is onder die inkomstebelastingwet.

In nog 'n hofuitspraak in 1924, nl. *CIR v. Lunnon*, word die beginsel vasgelê dat 'n eenmalige gratifikasie of bonus van 'n nie-herhalende aard as 'n kapitaalinkomste geklassifiseer word onder Artikel 6 van Wet 41 van 1917 en as sulks dus nie belasbaar is nie⁴⁾. Hierdie reëling geld tot in 1967 toe die omskrywing van bruto inkomste in Artikel 8(1) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 uitgebrei word om hierdie soort ontvangstes in te sluit⁵⁾.

In 1926 beslis die regter in die saak *Overseas Trust Corporation Ltd. v. CIR* dat 'n wins belasbaar sal wees as dit

1) Hoofstuk 3.

2) 32 SATC 142 — My onderstreping.

3) 1 SATC 20. Vgl. ook ITR no. 96, p. 284. Onder par. 6.1 op pp. 50-51 word meer riglyne gegee vir onderskeiding tussen bedryfs- en vaste bates.

4) 1 SATC 7. Vgl. ook ITR no. 95, p. 251 e.v. Vgl. par. 3.4.1.4(d) by p. 86 vir 'n opsomming van die feite van die saak.

5) Butterworth se Inkomstebelastingdiens (Studente-uitgawe). p.93.

blyk dat die belastingpligtige 'n skema gevolg het om wins te maak¹⁾. Hy bevestig dus die uitspraak van die saak Platt v. CIR wat hierbo reeds aangehaal is, maar lê meer klem op die beginsel van die skema, terwyl die Platt-saak die klem sterker laat val het op die kontinuïteitsaspek.

In 1928 word dieselfde beginsel toegepas in CIR v. Stott waarin daar klem gelê word op die onderskeid wat getrek moet word tussen die verkoop van 'n bate as deel van 'n skema om wins te maak en die verkoop met die doel om kapitale bates te realiseer²⁾.

Nog 'n belangrike beginsel waarop in hierdie saak klem gelê word, is dat daar duidelik onderskei moet word tussen 'n persoon en 'n maatskappy wanneer die belastingpligtigheid by 'n transaksie bepaal moet word.

In 1929 word daar vir die eerste keer aandag gegee aan die feit dat 'n belastingpligtige se bedoeling kan verander en dat hierdie feit ook beoordeel moet word by die bepaling van die aard van die wins. In CIR v. Lydenburg Platinum Ltd. beslis die regter dat die belastingpligtige sy bedoeling verander het en self dus verander het van 'n belegger in grond na 'n grondhandelaar³⁾.

3.2 Kapitaalwinsbelasting sedert 1930

Vanaf 1930 tot aan die einde van 1978 word nog baie meer hofsake beslis waarin ou beginsels herbevestig en nuwe beginsels vasgelê word. Aan die einde van 1978 is daar in Suid-Afrika alreeds byna 1 300 inkomstebelastingsake gerapporteer waarvan 'n groot persentasie gevoer is oor die vraag of bepaalde inkomstes van 'n kapitale of van 'n belasbare inkomste-aard is. In volgende hoofstukke sal sommige van hierdie sake en die beginsels wat uit hulle voortgevloei het, in meer besonderhede bespreek word.

Die kunsmatige toestand van volle indiensname wat deur die Tweede Wêreldoorlog geskep is, die gevolglik redelike groot hoeveelheid geld in omloop en die skaarste aan sommige

1) 2 SATC 71. Vgl. ook ITR no. 101, p. 146.

2) 3 SATC 253. Vgl. ook ITR no 101, p. 146.

3) 4 SATC 8. Vgl. ook ITR no. 101, p. 147 en p. 149. Vgl. par. 4.4.2 by p. 38 vir meer besonderhede

kommoditeite, het gelei tot redelik algemene prysstygings. Dit weer het aanleiding gegee tot spekulاسie in veral kapitale bates, wat aardige bedrae nie-belasbare kapitaalwinste opgelewer het.

As tydelike maatreël is daar toe 'n kapitaalwinsbelasting gehef ingevolge Wet No. 40 van 1942. Volgens hierdie maatreël was die wins op die verkoop van "vasgoed" belasbaar teen 'n skaal van 13s 4d (R1,33) per f (R2) indien die betrokke bate na 25 Februarie 1942 aangeskaf is. 'n Laer skaal was van toepassing op gerealiseerde wins t.o.v. vaste bates wat reeds vóór die datum aangeskaf is. Na afloop van die oorlog is dié wet met ingang 1 Maart 1947 herroep¹⁾.

3.3 Vernuwing van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel

In 'n poging om die S.A. inkomstebelastingstelsel steeds te laat tred hou met veranderende omstandighede, word periodiek ondersoek ingestel na spesifieke fiskale aangeleenthede. So is die Republiek se inkomstebelastingstelsel in die vroeë vyftigerjare eers ondersoek deur die Komitee van Onderzoek na die Inkomstebelastingwet (1951 en 1952) (die Steynkommissie) en daarna deur die Parlementêre Inkomstebelastingkommissie (1953) (die Diederickskommissie). Verslae is ook uitgebring oor Suid-Afrika se doeanestruktuur en oor die beskermingsbeleid vir nywerhede²⁾.

Op 24 November 1967 word die Franzsenkommissie, bestaande uit dr. D.G. Franzsen, as voorsitter, en nog 8 lede, aangestel met die opdrag om die Suid-Afrikaanse belastingstelsel in sy geheel te ondersoek. Tydens die Parlementsitting van 1969 word hulle eerste verslag, gedateer November 1968, ter tafel gele³⁾. Die verslag bevat, benewens ander aanbevelings, volledige aanbevelings in verband met die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting⁴⁾.

1) Steyn, D.H. (red.) Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Staatsfinansies. van Schaik, 1961. p. 120, voetnoot.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 1.

3) Ibid., p. iii.

4) Ibid., Hoofstuk iv.

4. GEVOLGTREKKING

Uit bostaande beknopte historiese perspektief omtrent die kapitaalwinsbelasting, wil dit voorkom of die idee omtrent die belasting van kapitaalwinste van redelik resente datum is, hoewel 'n bewustheid daarvan reeds in die V.S.A. in die vroeë 19de en in Engeland in die begin van die 20ste eeu aanwesig was. Die geleenthede waar dit egter wel van toepassing gemaak is, was in periodes van betreklike onstabiliiteit met geldnood as 'n belangrike oorweging in staatsfinansies.

In die teenswoordige tyd wil dit voorkom, aan die hand van die aangeduide gegewens, of die terughoudende houding by die toepassing van hierdie tipe belasting misgekyk is. Dit is egter bekend dat die meeste lande van die wêreld nog belangrike voorbehoude handhaaf by die toepassing van hierdie belasting.

Die doel van die verdere analise is om die kern van die kapitaalwinsbelasting sodanig te ondersoek dat daar lig gewerp sal word op die reserwes en oorwegings wat algemeen skyn te bestaan by die toepassing van die kapitaalwinsbelasting.

HOOFSTUK 2

KENMERKE VAN KAPITAALWINS

1. INLEIDING

Daar bestaan 'n aansienlike mate van onsekerheid en selfs verwarring oor die onderskeid tussen kapitaalwins en normale belasbare winste. Hierdie onsekerheid word gevind by die beleggerspubliek, skrywers en soms selfs by wetgeleerdes. Die Republiek se Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) konstateer slegs dat ontvangste en toevallings wat nie van 'n kapitale aard is nie, as bruto inkomste beskou moet word en dus onderhewig is aan normale inkomstebelasting.

In hierdie hoofstuk word daarom gepoog om die aard van kapitaalwins van nader te ondersoek ten einde te bepaal of daar in die literatuur of in die Suid-Afrikaanse regspraak al maatstawe neergelê is waarvolgens 'n klassifisering van die aard van 'n ontvangste of aanwinst gemaak kan word.

2. PROBLEME RONDOM DIE IDENTIFISERING VAN KAPITAALWINS

2.1 Diverse menings

Die identifiseerbaarheid van kapitaalwins word bemoeilik deur die feit dat skrywers en regters nog nie daarin kon slaag om kapitaalwins sodanig te definieer dat enige wins met behulp van so 'n definisie getoets en geklassifiseer kan word nie.

In die volgende bespreking sal die opvattinge van 'n aantal skrywers en instansies nagegaan word om dan daartoe oor te gaan om 'n eie opvatting saam te stel uit die verskeidenheid menings wat hier aan die orde gestel was.

Artikel 1 van die Inkomstebelastingwet sluit "ontvangstes en betalings van 'n kapitale aard" uit as deel van 'n persoon se bruto inkomste¹⁾. Die Wet gee geen verdere omskrywing van die term "kapitale aard" nie.

In die V.S.A. het die hof met dieselfde probleem te doen gehad aangesien hulle wet nie 'n verduideliking gee van wat onder "the gain derived from capital" verstaan moet word nie.

1) Wet 58 van 1962. Vgl. p. 30 vir 'n vollediger aanhaling van die betrokke artikel.

In die toonaangewende Amerikaanse hooggeregshofsaak, Eisner v. Macomber, wat in 1920 verhoor is, word gestel dat die term iets mag beteken "which stemmed from the capital and could be separated from it, i.e. was not part of that capital. It did not mean something accruing to capital"¹⁾.

Die Amerikaners se probleem om die term "Inkomste" wetlik suiwer te omskryf, blyk duidelik uit die volgende uittreksel uit die uitspraak in genoemde regsak:

"Here we have the essential matter; not a gain accruing to capital, not a growth or increment of value proceeding from the property, but severed from the capital however invested or employed, and coming in, being 'derived', that is, received or drawn by the recipient (the taxpayer) for his separate use, benefit and disposal; that is income derived from property. Nothing else answers the description"²⁾.

Slitor sê die ontwikkeling van 'n goeie verdedigbare definisie van kapitaalwins omvat die ewewigtige samevoeging van al die ekonomiese, praktiese en billikheidsoorwegings³⁾. Geen sodanige definisie kon nog geformuleer word nie. Hy spreek ook skerp kritiek uit teen die bestaande definisies as hy onder andere sê: "... that alleged definitional anomalies, inconsistencies, and uncertainties may so baffle and bemuse the taxpaying public that they will lose essential faith in the income system"⁴⁾.

In 1958 poog Gottlieb om die begrip "kapitaalwins" baie skerp af te baken deur die betekenis daarvan te beperk tot 'n selektiewe (en arbitrêre) kapitale heffing op besitters van vooroorlogse eiendomme wat nou deur onvermoë, nood of ander dringende rede verplig word om hul eiendom te verkoop⁵⁾. Hy bevind self sy definisie is nie omvattend genoeg nie en voeg dan daaraan toe dat kapitaalwins 'n onverwagte meevallertjie (windfall) is wat aan die belastingbetaler toeval

-
- 1) Ilersic, A.R. The Taxation of Capital Gains. London Staples Press, 1961. p. 19.
 - 2) Id.
 - 3) Slitor, op. cit., p. 37.
 - 4) Ibid., p. 26.
 - 5) Gottlieb, op. cit., p. 347. Vgl. par. 2.3, p.57.

as gevolg van kapitaalappresiasie wat voortspruit uit bv. stadsontwikkeling of die ontdekking van minerale of ander ondergrondse rykdomme.

Seltzer huldig ongeveer dieselfde gedagte met sy bewering dat daar in elke dekade 'n aansienlike hoeveelheid bekwame (bevoegde), waaghalsige of gelukkige persone is wat groot toevoegings tot hulle private rykdom ontvang; nie deur die ontvangs, spaar en investering van gewone inkomste nie, maar a.g.v. 'n toename in die markwaarde van hulle beleggings in vaste eiendom, besigheidsondernemings of ander eiendomme¹⁾. Hierdie aanwinste staan bekend as kapitaalwinste²⁾.

Head trek die sirkel bietjie wyer en sê reële kapitaalwins kan gedefinieer word as 'n toename in die reële waarde van bates van alle soorte wat lei tot 'n verhoging van bedingingsvermoë, lewenstandaard en bevrediging van ekonomiese behoeftes³⁾. In 1921 is kapitaalwins in Suid-Afrika gedefinieer as winste op kapitaalbeleggings soos plase, minerale-eiendomme en ander kapitale bates⁴⁾.

Silke en Sinclair voel die belangrikheid van realisasie aan en bring dit soos volg in:

Algemeen gesproke is 'n kapitaalwins 'n wins wat jy realiseer by die verkoop van 'n bate waar dit duidelik is dat jy dit nie jou besigheid maak om sulke bates te koop en te verkoop nie⁵⁾.

Seltzer vind dit nodig om tussen verskillende soorte bates te onderskei⁶⁾. Hy sê kapitaalwinste word beskou as winste gerealiseer van 'n toename in die markwaarde van al daardie bates van 'n persoon wat nie deel uitmaak van sy handelsvoorraad nie of wat hy nie normaalweg te koop aanbied nie.

-
- 1) Seltzer, L.H. The Nature and Tax Treatment of Capital Gains and Losses. National Bureau of Economic Research, Inc. New York, 1951. p. 1.
 - 2) Vergelyk Ilersic, op. cit., p. 20.
 - 3) Head, J.G. The Case of a Capital Gains Tax. in Public Finance Vol. 18, No. 4, 1963. p. 222. Vgl. par. 2.5, p. 59 hieronder.
 - 4) De Kock, Economic History. op. cit., p. 425.
 - 5) Silke, A.S. en Sinclair, W.I. The Hambro Tax Guide 1974/75 with Tax Saving Hints. Robert Yeatman Ltd., London, 1974. p. 3. Vgl. par. 2.4, p. 58 hieronder.
 - 6) Seltzer, op. cit., p. 3. Vgl. par. 2.4, p. 58 hieronder.

Due beperk kapitaalwinste tot toenames in die waarde van bates in besit, handelsvoorraad uitgeslote¹⁾.

Gulati beskou kapitaalwinstbelasting as 'n belasting wat op kapitaal gehef word, maar wat nie 'n algemene belasting is nie, omdat dit net gehef word op daardie deel van die kapitaal wat 'n waardevermindering verteenwoordig²⁾.

Pierce bepaal hom ook by die rol van die kapitale bate om kapitaalwinst voort te bring³⁾. Volgens sy siening moet kapitaalwinst in sy enger betekenis gesien word as 'n wins gemaak by die realisasie van 'n belegging of kapitale bate, bv. die wins by die verhandeling van 'n bate wat gehou is vir die genot wat dit kon verskaf, bv. kunswerke, of met die oog op die inkomste wat dit kon oplewer soos 'n eiendom wat verhuur word of wat gehou is vir produktiewe aanwending, bv. masjinerie in 'n vervaardigingsonderneming. Dit is ook nie ongewoon om ander nie-belasbare winste as kapitaalwinst te beskryf nie, bv. dobbelwinste of belonings vir die vind van verlore artikels. Ter wille van duidelikheid, bevind Pierce, dat hierdie winste met 'n ander term beskryf behoort te word⁴⁾.

2.2 Samevatting: 'n moontlike definisie

Soos aan die begin van par. 2.1 gestel, sal die diverse menings wat in die voorgaande aangestip is, slegs sinvol wees as daaruit by wyse van samevatting 'n eie omvattende mening omtrent die kern van die kapitaalwinst ontwerp kan word. Daarom die volgende:

(Kapitaalwinst kan omskryf word as toevallige winste of toevallings van 'n nie-herhalende aard wat nie deel uitmaak van die opbrengs wat normaalweg met 'n bedryf of werkverrigting of beoefening van 'n beroep vereenselwig word nie en

-
- 1) Due, J.F. Government Finance: Economics of the Public Sector. Richard. D. Irvon Inc., Homewood, Illinois. 4th ed., 1968. p. 395. Vgl. par. 2.4, p. 58, hieronder.
 - 2) Gulati, I.S. Capital Taxation in a Developing Economy (India). Orient Longmans Private Ltd. Calcutta, 1957. p. 33.
 - 3) Pierce, M. What are Capital Gains? in the Canadian Chartered Accountant Tax Review, Sept. 1953, p. 117. Vgl. par. 2.1, p. 57, hieronder.
 - 4) Vgl. by voetnoot 1), p. 71.

wat verkry is sonder dat dit doelbewus nagestreef is en sonder dat 'n skema ontwerp en ingestel is wat gemik was op die lewering van winste. Dit is reële winste wat verkry is uit die waardevermeerdering en/of realisasie van bates waarvan die bedoeling by die verkryging was om dit te hou as 'n belegging en nie met die doel om dit te verkoop teen 'n wins sodra die geleentheid hom voordoen nie.

Selfs so 'n samevattende definisie is nog nie omvattend genoeg om in 'n dispuut dadelik die saak konkreet uit te wys nie. Om hierdie rede is dit dan ook nie verbasingwekkend dat daar in die praktyk ook geen poging aangewend word om van definisies gebruik te maak ten einde die aard van 'n besondere wins vas te stel nie.

Hierdie probleme word in 'n mate verlig deur die kenmerke van kapitaalwins onder die soeklig te stel veral soos dit aan die lig gekom het by geleentheid van hofuitsprake wat oor die verskillende aspekte van kapitaalwins handel. In die Suid-Afrikaanse regspraak word hierdie metode as die enigste geldige toets beskou. Daaroor meer in 'n latere hoofstuk¹⁾.

3. DIE AARD VAN KAPITAALWINS: KENMERKE WAT KAN LEI TOT MEER JUISTE IDENTIFISERING

3.1 Die onverwagte aard van kapitaalwins

Die basiese kenmerk van 'n suiwer kapitaalwins is dat dit van 'n onverwagte aard moet wees. Seltzer haal verskeie skrywers aan wat saamstem dat 'n wins wat voortvloei uit 'n verwagte styging in die prys van enige bate gewone inkomste is, omdat dit lei tot aksie en die aanwending van beskikbare bronne met die oog op 'n wins of "kapitaalgroei"²⁾. Die aard van kapitaalwins verskil van gewone inkomste daarin dat die ontvanger van kapitaalwinste hom nie in dieselfde mate kan verlaat op subjektiewe verwagtings en vooruitskattings as by normale inkomste nie, maar hy moet wag vir die werklike "ex post" resultate van ekonomiese aktiwiteit³⁾.

1) Hoofstuk 3.

2) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 47.

3) Seltzer, L.H. Capital Gains and the Income Tax. in American Economic Review. Vol. 40, May 1950. p. 372.

Onverwagte prysstygings lei tot kapitaalwinste omdat dit nie kan dien as aanmoediging of leidraad vir beleggers se optrede nie. Dit kan ook nie in ag geneem word vir die beplanning van toekomstige besteding, van watter aard ookal, nie. Dit word 'n deel van 'n persoon se kapitaalbesit sonder om ooit deel van sy verwagte inkomste te word en sonder dat hy enige fisiese inspanning, intellektuele beplanning, risiko's geneem of kapitaalbronne doelgerig aangewend het met die oog op die behaal van 'n wins. Die wins is 'n toevallige en onverwagte toevoeging tot sy bates.

Volgens hierdie siening is kapitaalwins in die laaste instansie dus die gevolg van die mens se onvermoë om met enige mate van sekerheid te bepaal wat in die toekoms gaan gebeur.

Hierdie benadering kan probleme oplewer omdat daar geen objektiewe toets is wat sal aandui of 'n besondere wins toevallig en onverwags is nie. Dit is onmoontlik om te bepaal of 'n persoon hoegenaamd die moontlikheid van 'n ekstra wins in gedagte gehou het toe hy sy handelinge beplan het¹⁾.

Seltzer noem 'n verdere probleem by hierdie benadering²⁾.

Indien 'n sakeman sou bereken of vooruitskat dat sy onderneming 'n sekere bedrag wins behoort op te lewer en die werklike wins oorskry sy berekeninge, is die surplus volgens hierdie benadering tog kapitaalwins. Gestel 'n belegger koop aandele teen R100 omdat hy 'n totale opbrengs van R15 p.j. verwag: R5 dividend en R10 as gevolg van 'n verhoging in die markwaarde. 'n Verdere rede vir die belegging is dat die persoon die moontlikheid in gedagte gehou het dat die aandeel se prys mag styg met soveel as R30. Gestel nou die aandeel se prys styg met R35 en nadat die belegger sy R5 dividend ontvang het, verkoop hy die aandeel vir R135. Hy ontvang dus R35 meer as wat hy betaal het, R25 meer as wat hy verwag het en R5 meer as waarvoor hy vaagweg gehoop het. Watter van hierdie bedrae verteenwoordig nou 'n suiwer kapitaalwins?

1) Vgl. par. 1.2, p. 153.

2) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 76.

In verskeie hofsake is beslis dat 'n toevalling of ontvangste wat nie van toevallige aard is nie, maar doelbewus nagestreef is, nie kapitaalwins is nie maar belasbare inkomste. Dit blyk uit die saak Marshall Industrials Ltd. v. CIR¹⁾: Marshall Industrials Ltd., 'n groothandelaar in meubels en motortoebehore, het 'n aantal aandele in sekere maatskappye gekoop en het dan weer soveel van die aandele verkoop dat hy net die beherende belang behou het. Op hierdie verkope is aansienlike winste gerealiseer. Hy word aangeslaan op hierdie winste en appelleer uiteindelik na die appêlhof. Hy voer aan dat hy die aandele gekoop het met die oog op beheer en dat hy net die surplus verkoop het. AR Schreiner bevind dat die winste uit hierdie transaksies nie toevallig van aard was nie, maar die resultaat was van 'n doelbewuste skema om wins te maak. In sy uitspraak verwys die regter na die "factor of intention with which a purchase and resale were undertaken and to the relation of the intention to such accepted expressions as an operation of business in carrying out a scheme for profit making" en wanneer daar 'n "intention" is, kan die wins tog nie toevallig wees nie.

'n Enigsins teenoorgestelde beskouing is die uitspraak in 'n hofsaak waarna dikwels verwys word, nl. die saak S.A. Marine Corporation Ltd. v. CIR waarin beslis is dat 'n toevallige wins op wisselkoerse nie 'n kapitaalwins is nie, maar van 'n inkomste-aard is²⁾.

S.A. Marine Corporation Ltd. was skeepseienaars wat handel gedryf het in Suid-Afrika en deur middel van 'n agent in die V.S.A. 'n Normale deel van die besigheid was om voortdurend ponde vir dollars in te ruil en omgekeerd soos wat betalings gedoen moes word.

In sy uitspraak sê AR Thompson dat die oorplasing van geld na en van Amerika en die omwisseling van ponde na dollars en omgekeerd, nie deel is van die appellant se handelstruktuur nie, maar dat dit 'n integrerende deel vorm van sy handelsbedrywighede in sy bedryf van 'n winsskema. Hy sê: "In my

1) 17 SATC 378. Vgl. par. 6.3 by p. 52 vir nog 'n verwysing.
 2) 20 SATC 15.

judgement such transmissions of money to and from America constitute transactions on revenue account, and exchange profits or losses (also bank charges) attendant upon such transmissions have a revenue character."

3.2 Die spesiale aard van kapitale bates

Die algemene siening van kapitaalwins plaas die klem op die spesiale aard van kapitale bates en nie op die verrassings-aspek van 'n ontvangste nie. Kapitale bates is semi-permanent van aard en word aangeskaf met die oog op die inkomste wat daarmee verdien kan word en nie met die oog op die herverkoop daarvan teen wins nie. Volgens Seltzer bestaan die nut van 'n kapitale bate dus uit die gebruikswaarde van die bate en nie uit die geldwaarde daarvan nie¹⁾. 'n Verhoging in die waarde van die kapitale bate verander nie die reële posisie van die eienaar nie — hy besit nog dieselfde bate as voorheen. Selfs al verkoop hy teen 'n wins, is hy nog niks beter daaraan toe as voor die verkoping nie. Hy sal die volle opbrengs nodig hê om dieselfde bate of 'n ander bate van dieselfde waarde, te kan aankoop²⁾. 'n Verandering in die waarde van 'n kapitale bate het dus geen invloed op die reële inkomste van die besitter nie.

Volgens hierdie "fisiese siening", in teenstelling met die "waardesiening", kan 'n kapitaalwins of -verlies slegs voorkom by 'n "kapitale" bate en dit sal dit dus nodig maak om alle bates te klassifiseer as bates wat kapitaalwins oplewer en bates wat belasbare inkomste oplewer by realisasie³⁾.

Om te bepaal of 'n bepaalde toevalling 'n kapitaalwins is, sal daar volgens bg. siening vooraf 'n beoordeling gedoen moet word van die bate wat daardie wins oplewer het, omdat die aard van kapitaalwins in baie noue verwantskap staan met en bepaal word deur die aard van die bate wat die wins voortgebring het.

Die beginsel dat die aard van die bate beslissend is vir die bepaling van die aard van die wins wat behaal word, word

1) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 48.

2) Vgl. p. 201.

3) Vgl. par. 1, p. 110 en par. 2.8, p. 117 hieronder.

duidelik uitgelig in die Appêlsaak CIR v. Illovo Sugar Estates, Ltd.¹⁾

Gedurende 1942 nader die Departement van Verdediging die maatskappy Illovo Sugar Estates Ltd. met 'n aanbod om 'n sekere stuk grond te huur om 'n vliegveld te bou. Op die grond was 42 akker suikerriet, gereed vir die derde oes. (Gemiddeld word 5 oeste van 'n nuwe aanplanting verkry).

Die Departement verwittig die maatskappy dat hulle die grond sou onteien indien nodig en so besluit die maatskappy om die huurkontrak aan te gaan. Die geskrewe kontrak het gelui dat die verhuurder die bestaande oes kon afoes en dat die huurder daarna die land sou skoonmaak. Die kontrak sou geldig wees tot 12 maande na die einde van die oorlog. Die termyn sou nie 9 jaar en 11 maande oorskry nie en die huurder het die reg voorbehou om die kontrak met 3 maande skriftelike kennisgewing op te sê.

As vergoeding vir die vernietiging van die suikerrietlande en vir die verlies van toekomstige oeste as gevolg van hierdie huurooreenkoms sou die huurder aan die verhuurder 'n bedrag van £2 500 betaal ter volle vereffening. Die huurder sou daarna 'n jaarlikse huur van £1 betaal. Die belastinggaarder sluit hierdie £2 500 in by die maatskappy se belastbare inkomste en die maatskappy beroep hom op die Spesiale Hof. Die Spesiale Hof beslis "that the amount of £2 500 which was included in the income of the appellant company for the year of assessment ended 30th June, 1943, was an addendum to rental and therefore gross income ..." Die maatskappy appelleer.

In sy uitspraak maak RP Hathorn²⁾ 'n aanhaling uit die uitspraak van HR Watermeyer in New State Areas v. CIR wat lui: "The conclusion to be drawn ... seems to be that the true nature of each transaction must be enquired into in order to determine whether the expenditure attached to it is capital or revenue expenditure".

1) 17 SATC 387.

2) Ibid., p. 392. Vgl. par. 2, p. 31.

In sy ondersoek na die ware aard van hierdie transaksie, sê HR Watermeyer¹⁾:

"I do not think it is possible to decide what the true nature of the first transaction is until one decides the true nature of a canefield in the economy of a cane grower ..."

Hy sien 'n suikerrietland as 'n noodsaaklike deel van die uitrusting van 'n suikerrietkweker se inkomsteproduserende masjien en daarom is dit deel van sy kapitaal. Die feit dat dit hierdie funksie vir 'n beperkte tydperk kan verrig, maak geen verskil aan die aard daarvan nie. Daarom word beslis dat die "£2 500 was paid to the company for the loss of its income-producing machine and, consequently, it was a receipt of a capital nature."

3.3 Die sporadiese, eenmalige of nie-herhalende aard van kapitaalwinste

In Engeland was die tradisionele siening van inkomste dat dit herhalend van aard moet wees ten einde as belasbaar geklassifiseer te kan word²⁾. Die rede hiervoor word gesoek by die feit dat die vernaamste historiese bron van inkomste in Engeland in landboubedrywighede gesetel was³⁾. Die oeste, as gereelde bron van inkomste, het die gedagte laat posvat dat sporadiese en onverwagte aanwinste nie belasbaar kan wees nie. Sedertdien het hierdie siening egter verander sodat sulke aanwinste nou wel belasbaar is as dit gekoppel kan word aan 'n handelstransaksie of as dit voortvloei uit 'n transaksie wat dui op 'n winsbejagskema⁴⁾. In Engeland word onder andere gekyk of die transaksie nie die tekens van die "badges of trade"⁵⁾ vertoon nie.

Seltzer wys ook op die onverwagte aard van kapitaalwins en die spesiale aard van kapitale bates⁶⁾. Hy sluit dus nou aan by die moontlike definisie van kapitaalwins wat in par. 2.2 voorgehou is. Hy voeg egter 'n derde kenmerk van

1) 17 SATC by 392.

2) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 372.

3) Turvey, op. cit., p. 182.

4) Royal Commission. op. cit., p. 53.

5) Vgl. par. 5.3 op p. 49.

6) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 25.

kapitaalwins by. Hy sê dat toevallige, sporadiese en onverwagte ontvangstes wat verkry word uit die verkoop van grond, ander eiendom waarin die ontvanger nie normaalweg handel dryf nie, geskenke, of inkomste op ander maniere verkry, die gevolg skyn te wees van geluk en nie die produk van doelgerigte aktiwiteite nie. Hierdie ontvangstes is die gevolg van eenmalige gebeurtenisse en 'n normale belastingbetaler sal dit beskou as 'n toevoeging tot sy kapitaal en nie as belastbare inkomste nie. Volgens hierdie beskouing sluit kapitaalwins dan alle onverwagte ontvangstes in wat al dadelik aanleiding gee tot die probleme hierbo genoem¹⁾.

Die S.A. regspraak laat hom nie sonder meer mislei deur hierdie sg. sporadiese eienskap van kapitaalwins nie. Silke noem o.a. die volgende geïsoleerde winsgewende transaksies wat deur die hof as belasbaar uitgewys is²⁾:

- (1) 'n Eenmalige bergingstransaksie nadat die hof bevind het dat die motief daaragter was om wins te maak;
- (2) 'n Afslaer wat met 'n boer ooreenkom dat hy vir die boer 'n minimum prys vir sy vee waarborg en dat enige surplus gelykop verdeel sou word, se ontvangste word belas alhoewel dit voortspruit uit 'n eenmalige transaksie;
- (3) Opsies wat verkry is met die doel om eiendom te koop en teen 'n wins te verkoop, se opbrengs is belasbaar alhoewel dit 'n geïsoleerde transaksie buite die belastingbetaler se normale besigheid is, ens.

Geïsoleerde transaksies as bewys vir die afwesigheid van die winsmotief word verder onderstreep in die saak CIR v. Stott³⁾ waarin AR Wessels beginsels vaslê wat in latere jare telkemale aangehaal sou word in hofsake oor die aard van besondere toevallings. Hy sê: "As a general rule one or two isolated transactions could not be described as the carrying on of a business ... A single undertaking might be of such a nature that it could be correctly described as a business"⁴⁾.

1) Par. 3.1, pp. 17-20.

2) Silke, A.S. Silke on South African Income Tax. 8th ed., Juta & Co. Ltd., 1975. p. 40, 41.

3) 3 SATC 253.

4) Ibid., p. 260.

Die regspraak onderskei ook duidelik tussen die kontinuïteit van transaksies by individue en maatskappye. Normaalweg word die beginsel toegepas dat daar by 'n individu kontinuïteit moet wees om te bewys dat sodanige persoon besig is met 'n "profit making scheme" terwyl dit nie die geval by maatskappye is nie. In die verband is gesê in CIR v. Stott: "Before it can be said that an individual is carrying on a business, there must be some proof of continuity"¹⁾ terwyl in CIR v. Lydenburg Platinum Ltd. verklaar word: "Continuity was a necessary element in the carrying on of a business in the case of an individual but not of a company. Indeed, many cases had come before the court where there had only been one profit-making transaction of a company, and that fact had never been relied upon as in any way decisive of the question whether the profit had been made in the carrying on of the company's business or otherwise"²⁾. Selfs by 'n individu kan daar egter herhaling wees terwyl die winste nog kapitaalwinste bly.

In 'n hofsak in die Rhodesiese Spesiale Hof³⁾ word die appèl gehandhaaf van 'n jong besigheidsman ten spyte van herhaalde transaksies vanaf Augustus 1967 tot Julie 1972⁴⁾. Hy het nl. 3 huise gekoop en verkoop waaromtrent die feite soos volg is:

- (1) Koop, 'n huis op 1 Augustus 1967 en verkoop dit in 1969 met 'n wins van \$3 300.
- (2) Koop 'n huis op 1 Maart 1969 en verkoop dit in Oktober 1969 met 'n wins van \$1 400.
- (3) Koop op 1 Maart 1971 'n huis en verkoop dit in Julie 1972 met 'n wins van \$21 480.

1) Id.

2) 4 SATC by 16. Vgl. par. 4.5.1, p. 42 vir 'n vergelyking tussen 'n maatskappy en 'n individu.

3) ITC no. 1230, 37 SATC 123. Vgl. par. 3.1.1, p. 61 vir meer besonderhede.

4) Die Suid-Afrikaanse regspraak voel hom nie gebind aan uitsprake in enige ander howe nie, maar vir die doel van hierdie verhandeling gaan dit om beginsels in die beoordeling van die belasbaarheid van die kapitaalwins en daarom is sulke buitenlandse regsprake handig vir beter toeligting veral waar daar nie sulke goeie voorbeelde oor 'n besondere aspek in die Suid-Afrikaanse regspraak is nie.

Die belastinggaarder sluit hierdie laaste wins van \$21 480 in by die belastingpligtige se belasbare inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 1973 en laasgenoemde appelleer. Die hof beslis dat dit wel 'n kapitaalwins was. Volgens die bevinding van die regter het die persoon goeie redes gehad vir die verkoop van elke huis en was sy bedoeling by elke kooptransaksie nie om die huis te bekom sodat hy dit teen 'n wins kon verkoop nie.

3.4 Opbouing oor die langtermyn

Gewoonlik word 'n kapitaalwins beskou as 'n wins wat oor 'n redelike lang termyn opgeloop het. So word 'n wins in Engeland as kapitaalwins geklassifiseer as dit gerealiseer word op bates wat vir 'n periode van langer as 1 jaar gehou is.

In Duitsland en Swede word ook voorsiening gemaak vir 'n verskil in die klassifisering van winste wat gerealiseer word op bates wat korter of langer as sekere gespesifiseerde tydperke gehou is¹⁾.

Die Franzsenkommissie erken ook die belangrike rol van tyd by die bepaling van die aard van 'n wins en maak die volgende aanbeveling vir die heffing van belasting op kapitaalwinste: "dat 'n betreklik ligte skaal van 20% belasting gehef word op belasbare kapitaalwinste en dat 'n nivellerings effek verkry word deur die kapitaalwins te verminder tot die persentasies daarvan wat hieronder aangedui word.

Indien 'n bate gerealiseer is –
meer as 3 jaar, maar nie meer as 6 jaar na die verkryging daarvan:

66 $\frac{2}{3}$ % van die kapitaalwins;

meer as 6 jaar, maar nie meer as 9 jaar na die verkryging daarvan:

33 $\frac{1}{3}$ % van die kapitaalwins;

meer as 9 jaar na die verkryging daarvan: nul²⁾.

Wanneer 'n bate vir 'n lang tydperk gehou is voordat dit verkoop is, dui dit gewoonlik aan dat dit verkry is met die

1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 112.

2) Ibid., par. 307, p. 64.

bedoeling om dit as 'n belegging te hou. Wins gerealiseer op sodanige bates wat lank gehou is, word gewoonlik as kapitaalwins geklassifiseer terwyl 'n kort hou-periode gewoonlik 'n aanduiding is van 'n winsmaakskema. 'n Belastingpligtige sal dus baie moeite hê om die belastinggaarder te oortuig dat wins op 'n bate wat vir 'n kort rukkie gehou is, nie belas moet word nie. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die Rhodesiese saak waarin 'n sekere kleremaker en besturende direkteur van 'n droogskoonmakery op 2 Maart 1957 'n stuk grond gekoop het met die doel om 'n klerefabriek op te rig¹⁾. Op 15 Maart 1957 verkoop hy die grond met 'n netto wins van £1 355. Die appèlregter bevind dat sy bedoeling was om wins te maak en dat die wins dus belasbaar is.

Aan die ander kant is die tydsduur van die hou van 'n bate nie noodwendig die beslissende faktor nie en moet dit saam met ander faktore oorweeg word om die ware aard van 'n wins te bepaal.

Die Franzsenverslag beklemtoon ook hierdie beginsel en wys dan op winste wat gemaak is na lang houperiodes waar die hof beslis het dat dit wel belasbare inkomstes was²⁾. In Durban North Traders Ltd. v. CIR³⁾, is bv. beslis dat die wins op die verkoop van 'n bate wat vir 18 jaar gehou is, belasbaar is en in ITC 862⁴⁾ is beslis dat eiendom wat vir meer as 50 jaar gehou is, se verkope 'n belasbare wins opgelewer het.

3.5 Kapitaalwins word nie vir normale verbruik bedoel nie

Volgens Seltzer word 'n kapitaalwins normaalweg nie beskou as 'n inkomste wat beskikbaar is vir normale verbruik nie⁵⁾. Die eerste rede hiervoor word gesoek in die feit dat 'n kapitaalwins gewoonlik onverwags en sporadies aan die kapitaalbesitter toeval. Hy beplan dus nie sy verbruik volgens 'n verwagte ontvangste in die vorm van kapitaalwins nie.

1) ITC 874, 23 SATC 96; vgl. ook par. 2.4.1, p. 104 vir meer besonderhede.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 117. Vgl. par. 3.3, p. 107.

3) 21 SATC 85. Vgl. par. 3.4, p. 107 vir meer besonderhede.

4) 22 SATC 301. Vir meer besonderhede, vgl. par. 2.4.3, p. 105.

5) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 10.

Die tweede rede vir kapitaalwins se nie-beskikbaarheid vir verbruik kan geleë wees in die feit dat kapitaalwins gewoonlik aan die hoër inkomstegroepe toeval. Hierdie mense het 'n mate van verbruiksversadiging bereik en daarom het hulle geld beskikbaar om in bates te belê wat die potensiaal inhou om kapitaalwins op te lewer.

In die derde plek het die hoë inkomstegroepe 'n hoër spaargeneigdheid as die laer inkomstegroepe. Dit is dus hoogs waarskynlik dat hierdie toevalling van kapitaalwins via sparesy weg tot investering sal vind en nie op verbruik bestee sal word nie.

So ver nageslaan kon word, kon egter nie 'n Suid-Afrikaanse (of ander) hofspraak gevind word wat spesifiek na hierdie kenmerk verwys nie.

3.6 Onderskeid tussen inkomste uit kapitaalbelegging en uit persoonlike inspanning

In die V.S.A. is alreeds in 1954 gewys op die paradoks dat kapitaalwinsbelasting dikwels gehef word op winste wat nie voortspruit uit kapitaalbeleggings nie, maar uit persoonlike inspanning¹⁾.

Miller sien slegs 'n graadverskil tussen verdiende en onverdiende inkomste²⁾ en dikwels is die skeidslyn tussen hulle baie dun³⁾. Daar kan selfs oorvleueling wees van die een na die ander. Die suiwerste vorm kan wees die passiewe belegger se wins op die aandelebeurs teenoor die loon van die onopgeleide hande-arbeider. Dis egter baie selde dat die verskil so suiwer is. Die belegger se wins is dikwels gedeeltelik 'n gevolg van sy studie van die mark terwyl die arbeider se loon 'n aansienlike "kapitale besteding" bevat in die vorm van besteding op vakkundige of professionele opleiding.

-
- 1) Miller, P. Capital Gains Taxation of the Fruits of Personal Effort: Before and Under the 1954 Code. in The Yale Law Journal, Vol. 64, Nov. 1954, No. 1. p. 1.
 - 2) Id.
 - 3) In die regspraak word hierdie grens soms aangedui met die uitdrukking dat 'n persoon "had crossed the Rubicon"; vgl. voetnoot 1), p. 32.

Hierdie beginsel is nie 'n suiwer aanduiding van die aard van 'n kapitaalwins nie. Silke noem die volgende transaksies wat normaalweg 'n wins sal oplewer wat geklassifiseer kan word as nie-belasbare kapitaalwinste: Die verkoop van die woonhuis, private motor, aandele wat as belegging gehou is, erfgrond, klandisiewaarde; die opbrengs van 'n standaardpolis; die ontvangs van 'n prys in 'n kompetisie; die ontvangs van 'n erfenis, skenking of geskenk en geld op wedrenne gewen mits die ontvanger van die geld nie 'n beroepswedder is nie¹⁾.

Hierby voeg Shrand die volgende wat nie as gewone inkomstes beskou kan word nie: Die vergoeding vir die inkorting van handelsvryheid, verbeterings deur 'n huurder aan 'n eiendom aangebring, skadevergoeding vir skade aan of verlies van 'n kapitale bate, en vergoeding vir 'n liggaamlike verlies of besering²⁾.

'n Blote beskouing van die resultaat van die belastingpligtige se kapitaalbeleggings is nie genoeg om 'n indeling van sy wins te maak nie, omdat daar te veel ander faktore is wat 'n rol kon gespeel het om die ontvanger van die wins te laat besluit om sy beleggings te realiseer.

4. GEVOLGTREKKING

Uit bostaande blyk duidelik dat daar in die literatuur oor kapitaalwins geen sodanige riglyne oor die presiese aard van kapitaalwins getrek is waarvolgens 'n wins onmiddellik geklassifiseer kan word as 'n kapitaalwins of 'n belasbare inkomste nie.

In die Suid-Afrikaanse regspraak is dit dan ook duidelik gestel dat die aard van elke afsonderlike transaksie noukeurig ontleed moet word om te bepaal of 'n bepaalde ontvangste van 'n kapitale aard is of nie.

'n Studie van Suid-Afrikaanse hofsake toon dat die houe 'n aantal toetse aanwend om te bepaal of 'n toevalling van 'n kapitaalwins- of 'n inkomste-aard is. As hierdie toetse

1) Silke, A.S. Ou Mutual Inkomstebelastinggids 1974/75. pp. 1,2.

2) Shrand, D. Wat elke salaristrekker van inkomstebelasting behoort te weet. HAUM. April 1974. pp. 43,44.

ontleed word, blyk dat daar 'n aantal faktore is wat in aanmerking geneem word om te bepaal wat die bedoeling van die belastingpligtige was toe hy die transaksie beklank het. In hierdie benadering volg die S.A. howe die vertolking van die Britse howe deur 'n ontleding te maak van die aard van die toevalling en daarvolgens dan te bepaal of dit belasbaar is as normale inkomste, of nie belasbaar is nie omdat dit 'n kapitaalwins is. Gevolglik blyk dit dan onomstootlik dat die bedoeling van die belastingpligtige deurslaggewend is vir die bepaling van die aard van die wins wat uit 'n sekere transaksie voortvloei. Volledige besprekings van die verskillende toetse wat deur die howe toegepas word, sowel as van al die aspekte van 'n belastingpligtige se bedoeling (of gebrek daaraan) word in hoofstuk 3 aan verdere en diepergaande ondersoek onderwerp.

HOOFSTUK 3

KRITERIA VIR DIE BEPALING VAN DIE ONDERSEID TUSSEN KAPITAALWINS EN BELASBARE INKOMSTE

1. OËNSKYNLIKE ONDUIDELIKHEID IN DIE INKOMSTEBELASTINGWET

Artikel 1 van die Republiek se Inkomstebelastingwet gee die volgende omskrywing van die begrip "bruto inkomste": "Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie wet 'bruto inkomste' met betrekking tot 'n jaar of tydperk van aanslag en in die geval van enige persoon, die totale bedrag, hetsy in kontant of andersins, ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van so 'n persoon gedurende bedoelde jaar of tydperk van aanslag uit 'n bron in die Republiek of geag in die Republiek te wees, met uitsluiting van ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard, maar ook, sonder afbreuk op enigerlei wyse aan die strekking van hierdie omskrywing, sodanige bedrae (hetsy van 'n kapitale aard al dan nie) aldus ontvang of toegeval as wat hieronder beskryf word, ..."¹⁾.

Uit bostaande sou die gewone belastingbetaler, wat 'n individu of maatskappy mag wees, die afleiding kon maak dat dit nie die wetgewer se bedoeling is dat hy normale inkomstebelasting op "kapitaalwinste" hoef te betaal nie. Die artikel verklaar slegs as bruto inkomste, en dus as belasbare inkomste, daardie ontvangstes of toevallings wat nie van 'n kapitale aard is nie.

As gevolg van hierdie onduidelikheid in die wet bestaan daar 'n aansienlike mate van onsekerheid en selfs verwarring by belastingbetalers oor die vraag in hoeverre winste uit die realisasie van aandele en ander vaste eiendom gedurende 'n bepaalde jaar onderhewig is aan belasting.

In verskeie hofsake is al daarop gewys dat daar nie 'n beslissende toets bestaan wat altyd toegepas kan word om te bepaal of 'n aanwinst of toevalling kapitaal of inkomste is nie²⁾.

1) Wet no. 58 van 1962. Vgl. par. 2.1, p.13 vir 'n korter aanhaling.

2) Vgl. bv. Natal Estates Ltd v SIR, 37 SATC by 217; Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR, 38 SATC by 62; ITC no. 986, 25 SATC by 71; COT v Booysen's Estates Ltd, 32 SATC 10.

2. AFSONDERLIKE OMSTANDIGHEDE BESLISSEND

Wanneer daar 'n beoordeling van 'n toevalling of aanwinst gemaak moet word, is dit noodsaaklik dat elke saak afsonderlik behandel sal word. Alle besonderhede moet in hulle verband gesien word met betrekking tot elke besondere geval. Dié beginsel is by herhaling in verskeie hofsake beklemtoon¹⁾.

Ook in Engeland word volgens dié beginsel gewerk. So sê die Royal Commission: "Each case must be decided in the light of the relevant criteria, according to its own circumstances"²⁾.

3. TOTALITEIT VAN VERWANTE FEITE

Waar 'n hof in enige bepaalde geval geroepe is om te beslis of die betrokke transaksie bloot die realisering van 'n bate van kapitale aard is, of dan wel of daar met die bate handel gedryf is met die oog op 'n wins, moet daar op die totaliteit van die relevante bewese feite gelet word³⁾. Die hof se taak is om 'n objektiewe oorsig te kry van al die toepaslike feite en omstandighede. Daaruit moet hy die motief, oogmerk en bedoeling van die belastingbetaler bepaal⁴⁾.

Hoewel hierdie totaliteit van die feite mag verskil van geval tot geval, is dit nogtans die deurslaggewende faktor by die regsbevinding of die aanwinst inkomste of kapitale aanwas verteenwoordig⁵⁾.

Appelregter Holmes sê in *Natal Estates v CIR*: "One must think one's way through all of the particular facts of each case"⁶⁾. Dit kan o.a. die volgende oorwegings insluit: die bedoeling van die belastingbetaler, beide by koop en verkoop, die doelstellings van die belastingbetaler indien dit 'n maatskappy is, die bedrywighede van die belastingbetaler, die verwantskap tussen 'n transaksie en vorige transaksies van dieselfde aard, die wyse waarop die bate verkry en verkoop is, die tydperk wat

-
- 1) *New State Areas v CIR*, 14 SATC 155; *CIR v Illovo Sugar Estates*, 17 SATC by 392; *COT (SR) v Levy*, 18 SATC 127.
 - 2) *Royal Commission*, op. cit., p. 87. Vgl. ook *Slitor*, op. cit., p. 28 en die aanhaling onder voetnoot 2) by p. 21.
 - 3) *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SVI*, 39 SATC by 174.
 - 4) *ITC no. 1185*, 35 SATC by 123.
 - 5) 39 SATC by 168.
 - 6) 37 SATC by 220.

die bate in besit was, die wyse van finansiering van die transaksie, die aard van die belastingpligtige se besigheid of beroep, ens. Hierdie oorwegings is nie individueel bepaalend nie en die lys is ook nie hiermee uitgeput nie.

'n Interessante begrip kom telkemale voor in hofuitsprake; nl. die sin: "From the totality of the facts one enquires whether it can be said that the owner had crossed the Rubicon¹⁾ and gone over to the business²⁾."

4. BEDOELING AS LEIDENDE BEGINSEL

Daar is reeds verskeie kere verwys na die bedoelingsaspek in die beoordeling van die aard van 'n besondere wins³⁾. Daar is die belofte gedoen dat die saak op 'n deurtastende wyse bespreek sal word en dit word nou in hierdie hoofstuk gedoen.

Die bedoelingsaspek het in die Suid-Afrikaanse regspraak ontwikkel tot die leidende beginsel. In elke hofsak waarin daar oor 'n dispuut in verband met die aard van 'n wins beslis moet word, word in een of ander stadium van die verhoor gesoek na die betrokke party(e) se bedoeling. Met verloop van tyd is die beginsel tot in die fynste besonderhede ontleed en geformuleer sodat die volgende onderdele elkeen 'n afsonderlike bespreking regverdig: die bedoeling met die verkryging van die bate (par. 4.3), die bedoeling met die hou van die bate (par. 4.1), die bedoeling met die verkoop van die bate (par. 4.2), die probleem om die werklike of dominante bedoeling te bepaal waar gemengde bedoelings bestaan het by verkryging (par. 4.4.1), die moontlikheid dat die persoon van bedoeling kon verander het (par. 4.4.2) en laastens die verskil in benadering by beoordeling van die bedoeling by 'n maatskappy en 'n individu (par. 4.5).

In die bespreking sal die lig eerstens val op die belastingbetaler in regshoedanigheid en dit sluit beide die individu en die maatskappy in. Tweedens sal beginsels wat eksklusief op die maatskappy van toepassing is, onder 'n aparte paraagraafopskrif bespreek word⁴⁾.

1) My onderstreping. Vgl. voetnoot 3) op p. 27.

2) Natal Estates, 37 SATC by 220.

3) Vgl. bv. pp. 9, 10, 29; vgl. ook later pp. 99, 108.

4) Par. 4.5.

4.1 Bedoeling met die hou van 'n bate

Indien hierdie kriterium gebruik word, sal 'n bepaling gemaak moet word van wat die belastingbetaler se bedoeling was toe hy 'n besondere bate vir 'n korter of langer tydperk in sy besit gehou het, d.w.s. die realisasie daarvan uitgestel het. 'n Enkele verwysing na die hou van 'n bate as toetskriterium is gevind by Miller, wat dit ook net gee ter wille van volledigheid en dan met 'n waarskuwing daarby dat die volgende probleme kan opduik indien dit as toetsmiddel gebruik sou word¹⁾:

Eerstens word daar in dié geval meer gekyk na die transaksie as na die belastingbetaler. Dit kan misleidend wees en is ook nie in ooreenstemming met ons howe se siening dat alle feite in oorweging geneem moet word nie²⁾.

Tweedens kan dit verwarring skep aangesien 'n persoon nou kan beweer dat hy een bate hou vir beleggingsdoeleindes en 'n ander met die oog op spekulasie.

Derdens sal dit moeilik wees om te bepaal wat die belastingbetaler se werklike bedoeling was met die hou van die bate, want hy kan te enige tyd sy bedoeling verander en dan beweer dat sy optrede voortspruit uit sy oorspronklike bedoeling met die hou van die bate.

Vierdens sal dit moeilik wees om vaste beginsels neer te lê m.b.t. die verskillende soorte bates aangesien verskillende persone dieselfde soort bate met verskillende bedoelings mag hou.

In die Suid-Afrikaanse regspraak word geen aandag gegee aan 'n beoordeling van die oorwegings wat by 'n persoon sou kon bestaan het met die hou van 'n bate nie. Waar daar wel 'n bedoeling bestaan het om 'n bate vir 'n langer of korter tydperk te hou, word dit behandel as 'n gevolg van die persoon se bedoeling met verkryging³⁾. Die bedoeling met die hou van die bate word nie gesien as 'n afsonderlike kriterium vir die beoordeling van die aard van 'n bepaalde wins nie.

1) Miller. The "Capital Asset" Concept: 1. op. cit., p. 840.

2) Par. 3, p. 31.

3) Par. 4.3, p. 34.

4.2 Bedoeling met die verkoop van 'n bate

Die Suid-Afrikaanse regspraak gee geen aandag aan die bedoeling met die verkoop van 'n bate nie. Daar word wel gekyk na die bedoeling by verkoop, maar dan val die klem terug na die bedoeling met verkryging en word die verkoop net gesien as afronding van die bedoeling wat gelei het tot die aankoop van die bate¹⁾.

Daar is reeds by herhaalde geleenthede in die hof verklaar dat die omstandighede in verband met die verkoop van 'n bate slegs toepaslik is in soverre dit lig werp op die doel waarvoor dit aangekoop is²⁾.

Die bedoeling by verkoop kan verder lig werp op die vraag of die persoon nie intussen sy bedoeling verander het nie³⁾. 'n Verdere woordspeling kom voor as verklaar word dat die bedoeling om te verkoop (en daarmee saam die bedoeling met die verkoop) geen kriterium is waarvolgens inkomste onderskei kan word van kapitaal nie en daarom moet dit as neutraal beskou word, hoewel enige realisasie van handelsvoorraad of kapitale bates voorafgegaan moet word deur 'n bedoeling om te verkoop⁴⁾.

In Suid-Afrika kan hierdie kriterium dus ook nie aangewend word vir die beoordeling van die aard van 'n besondere wins nie.

4.3 Bedoeling met die aankoop van 'n bate

Een van die belangrikste toetse wat deur ons howe toegepas word om te bepaal of die opbrengs uit die realisasie van 'n bate inkomste of kapitaal is, is die bepaling van die bedoeling waarmee die bate aangeskaf is. Feitlik in elke hofsaak waarin bepaal moet word of 'n aanwinst of toevalling van kapitale aard is of nie, word na hierdie toets verwys⁵⁾. Silke noem dit die "golden rule"⁶⁾.

1) Word bespreek onder par. 4.3.

2) ITC 1185; 35 SATC 122; ITC 1187, 35 SATC 141; Natal Estates, op. cit., p. 199.

3) Hieroor meer in par. 4.4.2.

4) Appèlregter Holmes in Natal Estates Ltd v SIR, op. cit., p. 217.

5) Vgl. ITC 1185, 35 SATC by 123; CIR v Visser, 85 SATC 271; CIR v Strathmore Consolidated Investments Ltd., 22 SATC 213.

6) Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit., p. 35.

As die bate aangeskaf is met die doel om dit weer te verkoop teen 'n wins as deel van 'n winsmaakskema, dan sal die opbrengs inkomste wees. As dit aangeskaf is met die oog daarop dat dit inkomste moet produseer soos rente, dividende, ens., en nie met die doel om dit weer teen 'n wins te verkoop nie, dan sal die opbrengs uit die verkoop daarvan van 'n kapitale aard wees¹⁾.

Daar is geen wetlike voorsiening om die bedoeling van die belastingbetaler beslissend te maak wanneer bepaal moet word of 'n ontvangste of aanwinst van 'n kapitale of van inkomste-aard is nie. Hofbeslissings erken die belangrikheid van die toets, maar wys daarop dat dit nie in alle gevalle afdoende antwoord sal gee op die basiese vraag nie²⁾. Dit is duidelik dat die toepassing van hierdie toets ondersteun moet word deur die oorweging van ander verbandhoudende omstandighede wat met die aanskaffing van die bate gepaard gegaan het sowel as met die wyse waarop met die bate gehandel is³⁾.

AR Wessels⁴⁾ verklaar dat dit voldoende is om te sê dat die bedoeling waarmee die eiendom verkry is, 'n belangrike faktor is en tensy 'n ander faktor tussenin kom wat aantoon dat die artikel verkoop is in die uitvoering van 'n winsmaakskema⁵⁾, sal die bedoeling beslissend wees in die bepaling of die ontvangste kapitaal of bruto inkomste is. So 'n ander faktor kan wees 'n duidelike verandering⁶⁾ in die bedoeling met die bate⁷⁾.

Wanneer die hof moet bepaal wat 'n belastingbetaler se bedoeling was, sal groot waarde geheg word aan sy verklaring van wat dit was. Sy eie getuigenis onder eed sowel as die van sy getuies sal volle oorweging geniet en die geloofwaardigheid van alle getuies sal soos in enige ander hofspraak

-
- 1) Vgl. Tati Co Ltd v Collector of Income Tax (Rotswana), 37 SATC by 75.
 - 2) John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR, 38 SATC by 102. Vgl. par. 4.4.2, p. 40.
 - 3) CIR v Goodrick, 23 SATC 1.
 - 4) CIR v Stott, 3 SATC 253.
 - 5) Par. 5 handel volledig hieroor.
 - 6) CIR v Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8.
 - 7) Meer daaroor in par. 4.4.2.

getoets word. Direkte getuienis van bedoelings en oogmerke moet egter geweeg en getoets word teen die moontlikhede en gevolgtrekkinge wat uit die bewese feite afgelei word.

Dit sal moeiliker wees vir 'n persoon wat normaalweg handel dryf in eiendomme om die hof te oortuig dat 'n besondere transaksie bedoel was as 'n kapitale belegging, as vir 'n ander wat dieselfde soort transaksie gesluit het, maar glad nie betrokke is in die handel in soortgelyke bates nie.

R Maritz sê:

"The intention, therefore, of a taxpayer in regard to any particular transaction, although not necessarily conclusive, is always of the utmost importance in deciding whether the profit made on the sale of an asset is income or merely the enhanced value of a capital asset"¹⁾.

Onlangs is die beginsel verder toegelig toe daarop gewys is dat 'n bevinding ten aansien van 'n bedoeling altyd 'n feitebevinding is en nie gereël word deur een of ander artikel van die wet nie²⁾. Dit bring ons terug by die reeds gestelde beginsels dat elke saak afsonderlik ondersoek en oorweeg moet word³⁾ en dat alle verwante feite in ag geneem moet word⁴⁾ ten einde 'n belastingbetaler se werklike bedoeling te bepaal.

4.4 Problematiek van bedoeling as uitgangspunt

By die gebruik van bedoeling as kriterium vir kapitaalwins is daar veral twee probleme wat hulle voordoën. Die eerste is dat die belastingbetaler se verkларings kan lei tot 'n gevolgtrekking dat hy verskeie of gemengde bedoelings gehad het met die aankoop van 'n bepaalde bate. Die tweede probleem is dat die persoon kan beweer dat hy sy bedoeling verander het nadat die bate in sy besit gekom het. Dit is nodig om die twee probleme van nader te ontleed om te sien watter oplossing die S.A. regspraak daarvoor aanbied.

4.4.1 Bepaling van die dominante bedoeling

Dit mag in die eerste plek gebeur dat 'n belastingbetaler nie 'n duidelike oogmerk of bedoeling het met die aanskaf-

1) CIR v Visser, 8 SATC 271.

2) SBI v Aveling, 40 SATC by 8.

3) Par. 2, p. 31.

4) Par. 3, p. 31.

ting van 'n bate nie, maar dat hy bereid is om dit op enige van een of meer moontlike maniere aan te wend, bv. hy sal dit hou of teen 'n wins probeer verkoop.

Hier kan dus gepraat word van gemengde bedoelings. In die Lydenburg Platinaasak word gestel dat dit nie 'n noodsaaklike vereiste is vir die toets van bedoeling dat die bedoeling duidelik voorafgaande tot of teenwoordig by die datum van aanskaffing hoef te wees nie¹⁾. Dit mag in die tweede plek gebeur dat 'n bate gekoop word met 'n dubbele bedoeling nl. om daarmee inkomste te verdien totdat die geleentheid hom voordoen om die bate teen 'n goeie wins te verkoop.

In beide gevalle beskou die hof dit as sy plig om te soek na die belastingbetaler se hoof- of oorheersende- of dominante bedoeling wat daartoe gelei het dat die bate verkoop is. So sê R Beadle: "... when dual considerations were in play it was necessary to look for the dominant one ..."²⁾. Waar die hof bevind dat daar so 'n dominante bedoeling bestaan het, sal dit oorweeg word as bepalend vir die aard van die wins wat ontvang is³⁾. Silke sê 'n dominante voorneme bestaan waar die alternatiewe doelwit, hoewel moontlik 'n oorweging en selfs 'n belangrike faktor in die besluit om te koop, absoluut sekondêr was en nie 'n wesentlike invloed uitgeoefen het op die belastingbetaler se besluitnemingsproses nie⁴⁾. As sy ware motiewe so gemeng is dat dit skyn asof hy ewe veel deur albei beïnvloed is, sal die feit dat hy die besondere een gekies het nie 'n aanduiding wees dat dit sy oorheersende bedoeling was nie⁵⁾.

Die skynbare onduidelikheid omtrent bedoeling word opgeklaar in die saak van African Life Investment Corporation v SIR waarin HR Steyn verduidelik dat daar slegs 'n graadverskil mag bestaan tussen die verskillende bedoelings⁶⁾.

1) CIR v Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8.

2) Aangehaal in COT (SR) v Levy, 18 SATC 127.

3) Vgl. COT v Glass, 24 SATC 499.

4) Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit., p. 37.

5) COT v Glass, 24 SATC 499. Vgl. ook p. 43 by voetnoot 4).

6) 31 SATC 163.

Die uiteindelijke uitslag van die toets sal dan afhang van die omstandighede van elke geval.

Dat hierdie bepaling van die dominante bedoeling 'n moeilike saak is, val nie te betwyfel nie. Miller druk homself s6 daaroor uit:

"If the devil himself knoweth not the thought of man, the Commissioner of Internal Revenue could hardly be expected to."¹⁾

Nadat die hof alle tersaaklike feite in ag geneem het en alle getuienis oorweeg het, sal hy besluit wat die belastingbetaler se dominante bedoeling was. Indien bevind word dat die belastingbetaler se bedoeling was om die bate te verkry en te hou as 'n kapitale bate waarmee of waaruit inkomste verdien kan word, en die bate is later verkoop, sal die opbrengs van 'n kapitale aard wees. As die bedoeling was om dit as inkomstelewerende bate te hou totdat 'n geskikte geleentheid hom voordoen om die bate teen 'n wins te verkoop, dan is dit duidelik dat die dominante bedoeling was om 'n wins te maak en dat die hou van die bate deel was van 'n winsbejagskema. Winste wat voortvloei uit 'n sodanige skema is dan nie 'n kapitaalwins nie, maar 'n handelswins en belasbaar as gewone inkomste.

4.4.2 Verandering van bedoeling

Waar die klem in die S.A. regspraak val op 'n beoordeling van 'n persoon se bedoeling met die aankoop van 'n bate, sal 'n verandering van bedoeling gesien moet word as 'n verandering van hierdie oorspronklike bedoeling wat bestaan het die dag toe die bate aangeskaf is. Die verandering sal dus plaasvind in die loop van die duur van die besit van die bate, maar voordat die bate verkoop word.

Die voorreg om sy bedoeling in verband met die gebruik van 'n besondere bate te verander, word nooit van die belastingbetaler weggeneem nie²⁾. In verskeie hofbeslissings is rekening gehou met die moontlikheid dat 'n belastingbetaler sy bedoeling kon verander het en dat dit 'n invloed kon hê

1) Miller. The "Capital Asset" Concept: 2. op. cit., p. 843.

2) Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit., p. 42.

op die ondersoek om te bepaal of 'n ontvangste of toeval-
ling van 'n kapitale aard is of nie¹⁾).

'n Oorspronklike bedoeling om 'n bate as 'n belegging te
gebruik mag verander het na 'n bedoeling om dit aan te wend
in 'n winsskema. Omgekeerd mag 'n bedoeling om 'n bate te
verkry met die oog op die winsgewende verkoop daarvan ver-
ander word na 'n bedoeling om dit as 'n belegging te hou.

Uit die verskillende regsprake blyk duidelik dat die ver-
andering in die belastingbetaler se bedoeling kan lei tot
'n verandering in die aard van die bate wat betrokke is.
In SBI v Aveling stel die regter dat dit bekende reg is
dat 'n verandering van bedoeling aan die kant van die eie-
naar van bates kan meebring dat die bates bv. hulle karak-
ter as bedryfsbates kan verloor en die karakter van kapi-
tale bates kan aanneem²⁾).

'n Belastingbetaler kon bv. eiendom gekoop het met die be-
doeling om dit as 'n kapitale belegging te hou om daarmee
of daaruit inkomste te verdien. Later kon hy van plan
verander het, die bate opgeneem het as deel van sy handels-
voorraad en dit beskikbaar gehou het vir verkope as deel
van sy winssoekende besigheid. In so 'n geval sal die
wins by realisasie van hierdie bate inkomste verteenwoordig
ten spyte van die oorspronklike bedoeling waarmee dit aan-
geskaf is³⁾).

Die howe het egter die gevolge van 'n verandering van be-
doeling gekwalifiseer. Om die aard van 'n bate te verander,
is meer nodig as net die blote besluit om die kapitaalbate
te verkoop, niteenstaande die feit dat daar langdurige

1) Vgl. CIR v Stott, 3 SATC 253; CIR v Visser, 8 SATC 271.

2) 40 SATC 1; vgl. ook Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8;
New Mines Ltd v CIR, 10 SATC 9; Yates Investments (Pty) Ltd
v CIR, 20 SATC 368; CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd,
20 SATC 355.

3) CIR v Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8; CIR v Stott,
3 SATC 253. Vgl. Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit.,
p. 42 waar hy die beginsel illustreer met 'n voorbeeld van
'n grondeienaar wat kan verander in 'n grondspekulant, sy
grond in erwe opsny en daarmee handel as deel van 'n winsbe-
jagskema.

onderhandelings en kibbelings kon gewees het in 'n poging om die maksimum prys by realisasie te kry¹⁾. Die blote verandering van die bedoeling waarmee die bates gehou word, is op sigself geneem, nie voldoende om bedryfsbates na vaste bates, en omgekeerd, te verander nie. Daar moet iets meer bykom om so 'n verandering te bewerkstellig. In die John Bell-saak is na hierdie addisionele vereiste in die volgende woorde verwys: "For example, the taxpayer must already be trading in the same or similar kinds of assets, or he then and there starts some trade or business or embarks on some scheme for selling such assets for profit, and in either case, the asset in question is taken or used as his stock-in-trade"²⁾.

'n Verandering in bedoeling waarby grond, verkry as 'n kapitale bate, verander in handelsvoorraad, kan afgelei word van die woorde en dade van die belastingbetaler indien dit aandui dat die realisasie die bevordering was van 'n bedoeling om handel te dryf met die bate in 'n skema om wins te maak³⁾.

'n Verdere belangrike beginsel in verband met die verandering van bedoeling, word gestel in Inkomstebelasting-saak no. 1239 deur RP McEwan waar dit gaan om bedoeling by vrywillige en verpligte verkoop van bate. Hy sê syns insiens val die vervreemding van 'n bate as gevolg van 'n verpligting om te verkoop onder dieselfde gevolge vir belastingdoeleindes as 'n vrywillige verkoping. As die eiendom 'n kapitale bate was in die hande van die belastingbetaler, sal die gevolglike wins 'n aanwinst van kapitale aard wees. As die verkoonpte eiendom aan die ander kant deel was van die belastingbetaler se handelsvoorraad, sal die wins daarop van 'n inkomste-aard wees⁴⁾.

-
- 1) ITR no. 88, p. 293; CIR v The Trust Bank of Africa Ltd, 37 SATC 87.
 - 2) John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR, 38 SATC 87. Vgl. par. 4.3, p. 35. Vgl. ook CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd, 20 SATC 355; CIR v Strathmore Consolidated Investments Ltd, 22 SATC 213.
 - 3) Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR, 38 SATC by 49.
 - 4) ITC 1239, 37 SATC by 293.

Die feit dat hy verplig was om die eiendom te verkoop en gevolglik sy bedoeling om die eiendom as 'n kapitale bate te hou, moes verander, het geen invloed gehad op die aard van die wins wat hy gerealiseer het nie¹⁾.

Die beginsel word geïllustreer deur Inkomstebelastingsaak no. 1226 waarin die saak verhoor is van 'n maatskappy vir wie dit onmoontlik geword het om by sy oorspronklike bedoeling te bly, naamlik om al sy eiendomme as kapitale bates te hou wat inkomste sou produseer in die vorm van huurgeld²⁾. Hy is verplig om 'n paar erwe in 'n sekere dorpsgebied te verkoop en die hof het bevind dat sy verandering van bedoeling nie daarop gemik was om 'n winsbejagskema te bedryf nie. Sy winste was dus van 'n kapitale aard.

Die gevolg van 'n verandering in bedoeling word mooi geïllustreer in die saak CIR v Lydenburg Platinum Ltd³⁾. Besonderhede is kortliks die volgende: Die maatskappy het begin werk as 'n mynonderneming. Later is begin om eiendomme te koop en te verkoop. Sy mynaktiwiteite is gestaak en alle mynbates verkoop. Die maatskappy het aangevoer dat die wins op die verkoop van hierdie bates van 'n kapitale aard was. Die hof beslis dat, hoewel die bates oorspronklik aangeskaf is met die doel om 'n mynonderneming te bedryf, die latere gebeurtenisse dui op 'n duidelike verandering van beleid in verband met die verdere aanwending daarvan. As gevolg van 'n verandering van bedoeling het die oorspronklike mynbates 'n verandering ondergaan en 'n onderdeel geword in 'n winsmaaskema van koop en verkoop van eiendomme. Die gevolglike wins is dus belasbaar.

Uit bostaande blyk duidelik dat hoewel in die Inkomstebelastingwet, sowel as in die regspraktyk gestreef word na soepelheid by die bepaling van die batebesitter se bedoeling, daar ook in besondere mate gewaak word daarteen dat 'n verandering van bedoeling nie as 'n uitvlugplek vir die ontduiking van belasting-

-
- 1) Vgl. CIR v Illovo Sugar Estates Ltd, 17 SATC by 387 en ook par. 3.2, p. 21 vir 'n opsomming van die feite van die saak.
2) 37 SATC by 36.
3) 4 SATC 8. Vgl. die verwysing na hierdie saak in par. 3.1 by p. 10 en par. 4.4.2 by p. 38.

aanspreeklikheid gebruik sal word nie.

4.5 Bedoeling van 'n maatskappy

Die volgende bespreking gaan spesifiek oor sekere aspekte wat by 'n maatskappy verskillend toegepas word as by 'n individu. Dit is nie met uitsluiting van wat hierbo gesê is nie, maar aanvullend daartoe.

4.5.1 Verskil van die individu

In verskeie hofsake is dit beklemtoon dat dieselfde toetse nie in al die gevalle op 'n maatskappy en 'n individu toegepas kan word om te bepaal of 'n winsmaaskema bedryf is of nie¹⁾. By 'n maatskappy word bv. minder oorweging geskenk aan die feit dat dit 'n geïsoleerde transaksie is as by die individu²⁾. Baie sake het reeds gedien waarin 'n enkele transaksie onder oorweging was. AR Stratford het hierna verwys en kategorieë daaraan toegevoeg:

"... and that fact has never been relied upon as in any way decisive of the question whether the profit was made in the carrying on of the company's business or otherwise"³⁾.

Dit is vir 'n maatskappy moontlik om 'n winsbejagskema uit te voer wat nie in sy Akte van Oprigting gemagtig word nie⁴⁾. In so 'n geval bly die wins belasbaar al val die optrede buite die magte van die maatskappy. 'n Maatskappy kan ook voortgaan met handeldryf tydens 'n likwidasië-proses⁵⁾. So lank as die bedoeling bestaan om wins te maak, is die inkomste belasbaar, ongeag die feit van die likwidasië⁶⁾.

In die Spesiale Hof is die mening gestel dat daar geen rede is waarom die "dominante bedoelingsbeginsel" nie ook

-
- 1) Platt v CIR, 32 SATC 142; CIR v Stott, 3 SATC 253; CIR v Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8; Yates Investments (Pty) Ltd v CIR, 20 SATC 368; CIR v Strathmore Exploration & Management Ltd, 20 SATC 375.
 - 2) Vgl. par. 4.5, pp. 42-46, en voetnoot 1), p. 24.
 - 3) CIR v Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8. Vir 'n vollediger aanhaling, vgl. voetnoot 2), p. 24.
 - 4) ITC 194, 5 SATC 373.
 - 5) Art. 36 van Wet 61/1973.
 - 6) ITC 172, 5 SATC 171.

op maatskappye van toepassing gemaak kan word nie. Daar is nog geen spesifieke besluit tot dien effekte geneem nie¹⁾.

Die regspraak is bedag op die feit dat by 'n maatskappy óók alle omstandighede in verband met sy transaksies in ag geneem moet word wanneer dit nodig is om 'n sekere wins te klassifiseer as kapitaal of as inkomste²⁾.

Net soos die individu is dit ook moontlik dat 'n maatskappy 'n bate mag aanskaf of hou met meer as een doel voor oë³⁾. Hy mag 'n primêre bedoeling hê om die bate as 'n kapitale bate te hou met die oog op die produksie van inkomste en 'n sekondêre bedoeling om dit teen 'n wins te verkoop. Die maatskappy mag die verkoping in gedagte hou as 'n alternatiewe metode om besigheid te doen of dit mag beplan om die bate vir 'n tyd as kapitale bate te gebruik en om dit teen 'n wins te verkoop indien marktoestande sou verbeter. Dit is duidelik dat sodanige maatskappy se dominante bedoeling nie is om die bate as 'n kapitale belegging te hou nie⁴⁾.

In die Trust Bank-saak word, met verwysing na hofuitsprake, betoog dat dit dikwels onmoontlik is om die bedoeling te bepaal waar die belastingbetaler 'n maatskappy is – as daar 'n bedoeling sou bestaan. Wat van meer belang is, is of die transaksie onder oorweging "is one of the appointed means of the company's gains"⁵⁾. Dit is 'n objektiewe vraag wat afhang van faktore soos:

- a. die doelstellings volgens die Akte van Oprigting;
- b. die werklike aard van die maatskappy se besigheid;
- c. die normale besigheid bedryf deur maatskappye van dieselfde soort as die belastingbetaler;
- d. die aard van die besondere transaksie in oorweging.

1) SIR v Trust Bank of Africa Ltd, 37 SATC by 102.

2) ITC no. 1223, 37 SATC by 25; vgl. par. 3, p. 31.

3) Natal Estates Ltd v SIR, 37 SATC by 199; vgl. par. 4.4.1, p. 36.

4) Vgl. African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR, 31 SATC 163; Durban North Traders Ltd v CIR, 21 SATC 85; COT v Glass, 24 SATC 499; CIR v Lydenburg Platinum Ltd, 4 SATC 8; Overseas Trust Corporation Ltd v CIR, 2 SATC 71; LHC Corporation of S.A. (Pty) Ltd v CIR, 17 SATC 125.

5) SIR v Trust Bank of Africa Ltd, 37 SATC by 91.

Waar hierdie objektiewe faktore aandui dat 'n besondere transaksie belasbaar is, mag dit nog vir die belasting-betaler moontlik wees om aan te toon dat sy bedoeling sodanig was dat hierdie transaksie buite die kategorie van belasbaarheid val¹⁾.

Uit bostaande is dit duidelik dat die ondersoek wat ingestel word in die geval van 'n maatskappy, baie breër is as by 'n individu. In die volgende twee paragrawe sal meer in besonderhede gelet word op die sake wat spesifiek by 'n maatskappy die aandag sal ontvang.

4.5.2 Die rol van die direkteure

In die Richmond Estates-saak huldig die regter die volgende standpunt:

"A company is an artificial person with no body to kick and no soul to damn and the only way of ascertaining its intention is to find out what its directors acting as such intended."²⁾

Die direkteure se bewerings van wat hulle bedoelings was, is wel belangrik maar die beste aanduiding van die maatskappy se bedoeling word gevind in die verloop van die bestuur van die maatskappy in verband met die besondere transaksies in kapitale bates, asook die aard van sy besigheid en die veelvuldigheid van sy vorige betrokkenheid of deelname aan sulke transaksies³⁾. Die beginsel is toegepas in die Trust Bank-verhoor⁴⁾. Daar was 'n bestuurskomitee vir alle praktiese doeleindes in effektiewe beheer van die sake van die maatskappy. Die bedoeling van die bestuurskomitee in verband met 'n sekere transaksie waar daar namens die maatskappy opgetree is, is beskou as 'n aanduiding van die bedoeling van die maatskappy. Die wyse waarop die betrokke voorstel aan die volle raad voorgelê is, en die raad se goedkeuring daarvan,

1) Id.

2) 20 SATC 355.

3) Tati Co. Ltd v Collector of Income Tax, Botswana.
37 SATC by 75.

4) 37 SATC 87; vgl. ook Tati Co Ltd v CIT, 37 SATC 68;
ITC 1223, 37 SATC by 27, 28.

word gesien as 'n verdere aanduiding van wat die raad se bedoeling was.

In die Elandsheuwel-saak is aangevoer dat die maatskappy 'n aparte regsidentiteit besit en dat dit dus moontlik is vir die maatskappy om besluite te neem wat glad nie in ooreenstemming is met die bedoeling van die direkteure of individuele aandeelhouders nie¹⁾. Dit het alleen betekenis in die mate wat die maatskappy as sodanig 'n opset vorm soos vervat is in die handelinge van sy direkteure handelende in hulle hoedanigheid as direkteure van die maatskappy²⁾.

Hierdie skynbaar teenstrydige redenasie maak alleen sin as meer feite van die saak bekend is. Die aandele van 'n privaatmaatskappy, wat gestig is om op die plaas Elandsheuwel te boer, is almal verkoop. Die nuwe aandeelhouders begin toe dadelik 'n skema om die plaas te verkoop. Hulle is aangeslaan vir belasting en kom in die appèlhof o.a. met bostaande redenasie om daarmee te bewys dat die oorspronklike bedoeling van die maatskappy nie ingestel was op 'n winsmaakskema nie en dat die nuwe direkteure se optrede om die bate te realiseer, nie in ooreenstemming was met die bedoeling van die ou maatskappy nie.

AR Wessels aanvaar nie hierdie redenasie nie en wys daar-teenoor daarop dat 'n maatskappy 'n "artificial person" is wie se doen en late deur lewende wesens beheer word en dat hulle die "brein en tien vingers" daarvan is.

Die appèl is gehandhaaf maar op grond van die hof se bevinding dat daar nie 'n verandering van bedoeling was nie. Die hele transaksie was dus die realisasie van 'n kapitale bate³⁾.

Ook in die geval van 'n eenmanmaatskappy word die beginsel erken en het die hof beslis dat die bedoeling van die maatskappy gesien moet word as die bedoeling van sy enkele direkteur/aandeelhouer⁴⁾.

1) Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI, 39 SATC 163.

2) Ibid., p. 186.

3) Ibid., p. 190.

4) Vgl. Richmond Estates, supra; Yates Investments, supra en Trust Bank, supra.

Waar daar sprake is van 'n verandering van bedoeling, is die hof tevrede dat die ondersoek begin word deur te kyk na die bedoeling van die direkteure en die moontlike verandering daarvan¹⁾.

'n Belangrike plek word dus in ons regspraak toegesê aan die direkteure, en in 'n mindere mate aan die aandeelhouders van 'n maatskappy vir hulle rol in die bepaling van die maatskappy se bedoeling en optrede.

4.5.3 Die rol van die doelstellingsklousule in die Akte van Oprigting

'n Maatskappy se bedoeling moet nie verwar word met sy doelstellingsklousule in sy Akte van Oprigting nie.

Indien dit nie uit die maatskappy se optrede afgelei kan word wat sy ware bedoelings is nie, kan die doelstellingsklousule in sy Akte van Oprigting in ag geneem word saam met ander toepaslike gegewens ten einde te bepaal of 'n transaksie op die inkomste- of kapitaalrekening hoort²⁾.

As die primêre doel van 'n maatskappy vasgestel kan word uit sy Akte, kan die gevolgtrekking gemaak word dat sy daaropvolgende bedrywighede 'n vervulling van daardie doelstelling is³⁾. Die houe kwalifiseer egter hierdie waarde wat aan die doelstellingsklousule geheg word. So sê die regter in CIR v Strathmore Exploration: "The memorandum can neither be considered in vacuo nor can it, in my view, be regarded as per se decisive. It is only one — albeith an important — aspect of the over-all inquiry"⁴⁾.

RP Ingram stem saam met hierdie bevinding. Hy bevind dat die doelstellingsklousule "a material ingredient in support of an affirmative conclusion" kan wees ten opsigte van die soort van besigheid of transaksie van 'n besigheid⁵⁾.

1) Vgl. Richmond Estates, supra, en Tati Co Ltd, supra.

2) ITC 677, 16 SATC 245; ITC 31, 2 SATC 52; Strathmore Exploration, 20 SATC 375.

3) Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit., p. 47.

4) 20 SATC 375. Vgl. par. 3.4.1.3, p. 82 vir meer besonderhede.

5) ITC 596, 14 SATC 261.

Indien 'n maatskappy volgens sy Akte die reg het om 'n sekere transaksie te onderneem, beteken dit nie noodwendig dat die wins wat voortvloei uit so 'n transaksie belasbaar is nie. R Wessels sê die toets van bedoeling moet ook in sulke gevalle uitgevoer word¹⁾.

Daar word in besonder hierna verwys as in die hof betoog word dat dit nêrens in die wet voorkom dat die realisasie van bates vir 'n maatskappy 'n inkomste sal lewer indien die doel in sy doelstellingsklousule omskryf is as beide om bates te hou en om daarmee handel te dryf nie. Die blote feit dat die maatskappy die reg het om daardie bate te verkoop, beteken nie sonder meer dat sodanige verkoop nou belasbare inkomste oplewer nie.

Die doelstellingsklousule sê net wat die maatskappy mag doen en nie wat hy noodwendig gaan doen nie. Die doelstellingsklousule kan nuttig wees in die ondersoek om te bepaal of sekere transaksies onderdele is van 'n skema om wins te maak en of dit net deel is van 'n realisasie van 'n belegging²⁾.

As voorbeeld kan gewys word op 'n fabrieksonderneming wat in sy doelstellings voorsiening maak daarvoor dat hy grond kan koop en verkoop. Nou volg dit nie noodwendig dat enige grondverkope se wins aangespreek sal word vir belasting nie. Daar sal gekyk word na die bedoeling met die handeling met elke afsonderlike stuk grond om te bepaal of dit nie dalk 'n transaksie van 'n kapitale aard is nie³⁾.

Die geval van Trust Bank is nog 'n goeie voorbeeld van genoemde beginsel⁴⁾.

Die Trust Bank het 'n aantal aandele verkoop en hoewel dit normale besigheid vir 'n bank is om aandele te koop en te verkoop, het die appèlregter beslis dat die omstandighede van die saak getoon het dat die besondere aandele deel

1) COT v Booyesen's Estates, Ltd., 32 SATC 10.

2) Reliance Land & Investment Co (Pty) Ltd v CIR, 14 SATC 47; ITC 612, 14 SATC 385.

3) ITC 668, 16 SATC 135; ITC 87, 3 SATC 149; ITC 950, 24 SATC 539; ITC 975, 24 SATC 804 en ITC 1223, 37 SATC 24.

4) SIR v Trust Bank of Africa Ltd, 37 SATC 87.

gevorm het van die appellant se kapitale bates. Die wins was dus nie belasbaar nie.

Uit bostaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat vir die bepaling van die maatskappy se bedoeling daar eerstens gekyk moet word na sy doelstellingsklousule; tweedens na die bedoelinge van sy direkteure en moontlik na die van sy aandeelhouders; derdens, en waarskynlik die belangrikste, moet gekyk word na die maatskappy se handelinge in die teenswoordige en in die verlede tyd; vierdens moet gekyk word na die direkteure se handelinge en hieruit moet bepaal word of 'n skema van winsbejag bedryf is al dan nie¹⁾.

Die bedoeling van 'n maatskappy sal, soos by 'n individu, slegs kan blyk uit die aard van sy optredes (via sy direkteure) en die moontlike beplande — nie toevallige nie — resultaat wat bereik is.

5. WINSBEJAGSKEMA AS ONDERDEEL VAN BEDOELING

5.1 Winsbejagskema omskryf

Waar daar in die howe bevind word dat daar sprake is van beplande optrede met die oog op winsneming, word dié optrede beskryf met die term "winsbejagskema"²⁾. Hierdie begrip het so algemeen inslag gevind dat daar by feitlik elke ondersoek van 'n belastingbetaler se handelinge, melding gemaak word van die vraag of hy 'n winsbejagskema bedryf het toe hy 'n bate gerealiseer het³⁾.

Die blote verkoop van 'n bate dui nie op sigself op die bedryf van 'n winsbejagskema nie. Die howe bepaal dat die persoon se optrede beoordeel moet word en dat daaruit bepaal moet word of hy 'n winsbejagskema bedryf het⁴⁾.

In die Suid-Afrikaanse regspraak word die beginsel gehandhaaf dat, indien bewys kan word dat die belastingbetaler die bate gerealiseer het as deel van 'n winsbejagskema, die wins

-
- 1) KC Ltd v COT, 23 SATC 286; Realization Co v COT, 17 SATC 139.
 - 2) Vgl. par. 4.5.1, p. 42.
 - 3) Bailey v CIR, 6 SATC 69; Lace Proprietary Mines v CIR, 9 SATC 349; SIR v Trust Bank, 37 SATC by 103, 104; Tati Co v CIR, 37 SATC by 75.
 - 4) Tati Co v CIR, 37 SATC by 85.

beskou sal word as inkomste en as sodanig sal dit belasbaar wees. As bevind word dat die bate gehou is as 'n kapitale belegging, sal die realisasie daarvan slegs 'n omsetting van kapitaal wees en die aanwins sal nie belasbaar wees nie. In die Natal Estates-saak word daarop gewys dat dit nie noodwendig nodig is dat 'n persoon juis moet koop met die oog op verkoop om 'n winsbejagskema te kan bedryf nie¹⁾. Hy mag soveel kapitale bates besit wat omskep kan word in handelsvoorraad dat hy dit onnodig vind om verder bates aan te koop. Daar het selfs al 'n geval voorgekom dat 'n persoon deur middel van erfopvolging 'n winsbejagskema bedryf het²⁾.

5.2 Terminologie-onderskeiding

Die woorde "handel", "besigheid" en "winsskema" word in 'n baie algemene sin gebruik en is in die meeste gevalle 'n vorm van beeldspraak. Hierdie terme is bedoel om aan te dui dat die belastingbetaler se doel met sy bates is om dit nie te hou as kapitale bates nie, maar om dit soos by 'n handelaar te gebruik as deel van 'n winsbejagskema³⁾.

5.3 "Badges of Trade"

In oorsese regspraak en literatuur word verwys na 'n aantal "badges of trade"⁴⁾. Dit is aanduiders of "indicators of motive" wat gesien word as aanduiding dat 'n winsbejagskema bedryf word as hulle in 'n transaksie voorkom. 'n Paar voorbeelde van hierdie "badges of trade" is die duur van die tydperk wat die bate in die besit van die persoon was, die veelvuldigheid van transaksies, die omstandighede verantwoordelik vir die realisasie van die bate, die beweegrede of motief by die koop of verkoop van die bate, die metode van finansiering van die transaksie, ens. Head erken egter dat die afleidings wat uit 'n studie van hierdie "badges of trade" sal voortvloei, baie willekeurig en uiteindelik onbevredigend sal wees⁵⁾.

In die Suid-Afrikaanse regspraak word ook na hierdie faktore gekyk, maar dan net as hulpmiddele by die bepaling van die

1) 37 SATC by 200.

2) CIR v Strathmore Consolidated Investments Ltd, 22 SATC 213.

3) Natal Estates Ltd v SIR, 37 SATC by 201.

4) Killoran, op. cit., p. 867.

5) Head, op. cit., p. 223.

bedoeling van die belastingbetaler.

5.4 "Beste moontlike prys" as doelstelling

'n Beginsel waaroor in ons regspraak by herhaling duidelike riglyne neergelê is, is die feit dat 'n persoon daarop geregtig is om sy kapitale bate te ontwikkel en te verbeter met die oog daarop om 'n beter prys daarvoor te kry sonder dat hy hoef te vrees dat sy optrede as 'n winsbejagskema beskou sal word¹⁾.

In die Natal Estates-saak is gestel dat die beginsel nog sal geld selfs al sou dit beteken dat die eienaar konstruksiewerk of stappe moet doen wat ooreenkom met die optrede van 'n ontwikkelaar wat grond koop en ontwikkel met die oog op die verkoop daarvan²⁾.

'n Belastingbetaler se besluit om 'n kapitale bate te verkoop en om dan die verkoop daarvan uit te stel, moontlik vir baie jare, in die verwagting dat die waarde van die bate sal toeneem, sodat 'n hoër prys verkry kan word, veroorsaak nie dat die bate sal verander in handelsvoorraad nie. Dit sal nie die realisasie van die kapitale bate omskep in 'n winsmaakskema nie. Die feit dat 'n kapitale bate vir 'n tyd gehou word totdat dit gestyg het in waarde en dan verkoop word, lei nog tot realisasie van 'n kapitale bate en het nie verander na "the carrying on or carrying out of any profit-making undertaking or scheme" nie³⁾.

6. AARD VAN GEREALISEERDE BATES

6.1 Vaste en bedryfskapitaal

Een van die faktore waarna in ons regspraak gekyk word, by die bepaling van die aard van die wins, is die aard van die bates wat gerealiseer is⁴⁾.

1) CIR v Stott, 3 SATC 253. Vgl. par. 3.4.1.2, pp. 80, 81 vir vollediger besonderhede.

2) 37 SATC 193.

3) Stott, supra; Tati, supra; Trust Bank, supra.

4) Hoofstuk 4, par. 2.

Die howe onderskei tussen vaste en bedryfskapitaal of vlottende kapitaal¹⁾. Vlottende kapitaal word verbruik of dit verdwyn in die produksieproses terwyl dit, behalwe vir depresiasie, nie met vaste kapitaal gebeur nie. Hoewel dit nuwe rykdom (vermoë) produseer, bly dit self relatief ongeskonde. Die vergelyking is relatief, want selfs vaste kapitaal soos masjinerie raak geleidelik op en moet later vervang word.

'n Mens het dus in die geval van vaste kapitaal 'n element van permanentheid in die sin dat daar 'n bedoeling is om die betrokke bate min of meer permanent te hou ter wille van die voortbring van inkomste. Kenmerkend van bedryfskapitaal (vlottende kapitaal) daarenteen is die bedoeling om die betrokke bate voortdurend in kontant of in ander bates om te sit. Adam Smith het in sy *Wealth of Nations* reeds die onderskeiding gemaak wat sedertdien klassiek geword het en algemeen deur ekonome aanvaar word. Hy sê: "Fixed capital is what the owner turns to profit by keeping it in his own possession; circulating capital is what he makes profit of by parting with it and letting it change masters."²⁾ Dit mag gebeur dat dit wat in die hande van een belastingbetaler die aard van 'n kapitale bate het, vir 'n volgende handelsvoorraad mag wees. Ons howe erken verder ook die feit dat 'n bate van aard mag verander as gevolg van 'n verandering van bedoeling by die besitter daarvan³⁾.

6.2 Aanwending van gerealiseerde wins

In die ondersoek na die aard van die wins as gevolg van die realisasie van 'n bate kan ook gekyk word na die belastingbetaler se hantering van die wins. Dit kan lig werp op sy bedoeling indien hy byvoorbeeld die wins as kapitaal beskou en behandel het.

Dit is nie nodig dat die opbrengs van die realisasie van 'n kapitale bate weer in 'n volgende kapitaalbate geherinvesteer

-
- 1) CIR v George Forest Timber Co Ltd, 1 SATC 20; Silke. Silke on S.A. Income Tax, op. cit., pp. 17-18. Vgl. p. 9 waar verwys word na die onderskeid.
 - 2) CIR v George Forest Timber Co Ltd, 1 SATC 20.
 - 3) Par. 4.4.2, p. 38.

hoef te word nie. Terselfdertyd is die feit, dat die belastingbetaler die opbrengs as kapitaal behandel, nie genoeg bewys om die opbrengs as kapitaal te klassifiseer nie¹⁾).

In die Elandsheuwel-saak word die feit dat die wins nie aangewend is om ander beleggings te verkry nie, deur die regter gesien as 'n aanduiding dat die wins as normale inkomste beskou is²⁾).

6.3 Aandeeltransaksies as bron van kapitaalwins

Aangesien aandeeltransaksies in Suid-Afrika 'n belangrike bron van kapitaalwins verteenwoordig, gaan kortliks aandag bestee word aan enkele hofbeslissings in hierdie verband.

Daar is geen verskil, vir belastingdoeleindes, tussen 'n wins gerealiseer op die verkoop van 'n eiendom en 'n wins op die verkoop van aandele nie. In teorie word dieselfde toetse in albei gevalle toegepas om die aard van die wins te bepaal³⁾

Die vraag of winste of verliese van 'n kapitale of inkomste-aard is, sal op dieselfde manier opgelos word as wat bv. in die geval van transaksies in vaste eiendom gedoen sal word. Dit blyk dus dat die Ontvanger normaalweg aandele beskou as 'n vaste bate. Indien 'n persoon se optrede egter die skyn wek dat aandelespekulasie vir hom 'n belangrike bron van inkomste geword het, het sy aandele verander in 'n bedryfsbate en sal die Ontvanger sy winste met agterdog begin bejeën. 'n Punt kan bereik word waar die persoon se aandeeltransaksies so veelvuldig word en die geld betrokke so omvangryk, die tydsduur wat die aandele gehou word so kort en die najaging van dividende so 'n onbeduidende faktor in sy oorwegings, dat geag word hy besig is om 'n winsskema te bedryf in die koop en verkoop van aandele⁴⁾. Die aard van sy bate het dus verander.

1) Tati Co Ltd v CIR, 37 SATC by 82, 83; ITC 975, 24 SATC 804 by 811; ITC 668, 16 SATC 135 by 137. Vir die omgekeerde situasie, vgl. ITC 1223, 37 SATC 24.

2) 39 SATC by 177.

3) ITR no. 101, p. 145.

4) Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit., par. 65, p. 57. Vgl. par. 3.2, p. 65 vir 'n vollediger uiteensetting van die betrokke beginsels en vir enkele voorbeelde van regspraak.

Indien 'n persoon aandeel wil koop as 'n belegging, maar hy is verplig om meer te koop as wat hy benodig en hy verkoop sy surplus teen 'n wins, sal die wins van 'n kapitale aard wees omdat hy 'n deel van 'n "vaste bate" verkoop het¹⁾.

Indien hy aan die ander kant uit vrye wil meer koop as wat hy benodig met die doel om die surplus teen 'n wins te verkoop, is daardie wins belasbaar²⁾.

Dit wil dus voorkom of die owerheid 'n besonder toeskietlike houding inneem teenoor belegging in aandeel deur nie alleen dividendopbrengste vir 'n groot deel van belasting vry te stel nie, maar ook die kapitaalwinst uit nie-dikwels-herhalende transaksies in aandeel van belasting vry te stel³⁾. In 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, met aansienlike natuurlike bronne wat op ontwikkeling wag, is kapitaalvorming 'n belangrike oorweging wat die owerheid deur so 'n toeskietlike houding probeer stimuleer.

7. BEDOELING BY GEÏSOLEERDE TRANSAKSIES

In Suid-Afrika word basies dieselfde riglyne gevolg as in Engeland, waar gekyk word of 'n besondere transaksie nie die tekens van die "badges of trade" vertoon nie⁴⁾. Volgens ons regspraak is dit nie nodig dat 'n belastingbetaler juis 'n besigheid of beroep van 'n spesifieke soort hoef te beoefen om belasbaar te wees op die opbrengs uit die verkoop van 'n besondere soort bate nie. Die veelvuldigheid van 'n besondere transaksie mag dien as riglyn by die bepaling of 'n transaksie van inkomste- of van kapitale aard is. 'n Geïsoleerde transaksie wat van 'n ander soort is as die belastingbetaler se gewone besigheid, is ook nie noodwendig vrygestel van belasting nie⁵⁾.

Die ware toets lê natuurlik soos hierbo betoog⁶⁾, in die bedoeling of motief agter die transaksie en in die vraag of daar 'n skema van winsbejag bedryf is⁷⁾.

1) C Ltd v COT, 24 SATC 148; CIR v Paul, 21 SATC 1.

2) Marshall Industrials Ltd v CIR, 17 SATC 378; ITC 827, 21 SATC 194. Vgl. par. 3.1 by p. 19 vir meer besonderhede.

3) Inkomstebelasting Inligtingsbrosjyre (1978) IB 38 S, p. 46.

4) Vgl. par. 3.3, p. 22.

5) Silke. Silke on S.A. Income Tax. op. cit., p. 40.

6) Par. 4, p. 32.

7) Chennels v COT, 8 SATC 181; ITC 194, 5 SATC 373; Land W v COT, 24 SATC 152; ITC 9, 1 SATC 58; ITR 71, p. 193, ITR 81, p. 19.

Hoewel die toets vir herhaling of kontinuïteit nie noodwendig 'n beslissende toets is om te bepaal of die aanwins inkomste of kapitaal is nie, is dit nogtans 'n baie belangrike element om vir hierdie doel in aanmerking te neem¹⁾.

Die beginsels word goed opgesom in die beeldspraak van RP Colman:

"One swallow may not make a summer, but a profit-making operation can be a lonely bird; and most surely a swallow does not cease to be a swallow merely because the other members of its flock have been shot down or have died"²⁾.

8. ONUS VIR BEWYS VAN BEDOELING

In die Suid-Afrikaanse regspraak word die beginsel gehandhaaf dat die belastingpligtige met die bewyslas beswaar is ten aansien van sy bewering dat die betrokke ontvangs een van 'n kapitale aard is en dus nie aan belasting onderhewig is nie³⁾.

Die onus is dus op die belastingbetaler om te bewys met watter bedoeling hy 'n sekere bate aangeskaf het. Indien hy beweer dat die opbrengs uit die realisasie van 'n bate van 'n kapitale aard is, moet hy bewys dat sy bedoeling by die aanskaf van daardie bate was om die bate te hou as 'n belegging en nie om dit teen 'n wins te verkoop nie. Indien hy nie sodanige bewys kan lewer nie, sal hy belastingpligtig wees op enige winste op genoemde bate⁴⁾. Die belastingpligtige se bewerings van wat sy bedoeling was met die sluit van die transaksie, kan nie sonder meer aanvaar word nie. Dit wat beweer word, is dikwels reëlreg in stryd met die besonderhede van die partye se optredes. Daarom rus die bewyslas op die belastingpligtige en hy moet die hof op 'n oorwig van waarskynlikheid oortuig dat sy bedoeling wel was wat hy beweer dit was⁵⁾. Die hof sal die noodwendige, soos af te lei uit sy bewerings, beskou as sy werklike bedoeling⁶⁾.

-
- 1) CIR v Lunnnon, 1 SATC 7; Modderfontein B. Gold Mining Co Ltd v CIR, 32 SATC 202. Vgl. voetnoot 1), p. 99.
 - 2) ITC 1200, 36 SATC 34; par. 4.5.1, p. 42.
 - 3) Elandsheuwel Farming; 39 SATC by 174; Natal Estates Ltd v SIR, 37 SATC 193.
 - 4) ITC 1164, 33 SATC 247.
 - 5) Eerste Franzsenverslag, par. 234.
 - 6) ITC 1164, 33 SATC 247.

Net soos by al die ander toetse sal die hof na alle omstandighede kyk en daarvolgens besluit of die belastingbetaler hom gekwyd het van die bewyslas wat op hom rus en daarmee bewys het dat sy beweerde bedoeling wel sy werklike bedoeling was¹⁾.

9. NABESKOUING

Die Suid-Afrikaanse regspraak is dit eens dat daar nie 'n enkele beslissende toets bestaan waarmee alle winste geklassifiseer kan word as kapitaalwins of belasbare inkomste nie. Daarom het die praktyk ontwikkel om elke saak afsonderlik te beoordeel en alle toepaslike omstandighede en getuienis sorgvuldig te oorweeg.

Die goue draad wat deur al die genoemde toetse loop, is die bepaling van die belastingbetaler se bedoeling. In Suid-Afrika word dit beskou as die sekerste metode om te bepaal of 'n aanwinst belasbaar sal wees. Daarom is elkeen van die ander toetse 'n hulpmiddel om te bepaal met watter bedoeling die belastingpligtige opgetree het.

Omdat dit dikwels 'n omvattende ondersoek behels om die bedoeling te bepaal, het die gebruik ontwikkel om die onus op die belastingbetaler te plaas om die hof te oortuig van wat sy werklike bedoeling was.

1) ITC 1185, 35 SATC 122; ITC 1239, 37 SATC by 290; vgl. par. 4, p. 32.

HOOFSTUK 4

DIE OORSPRONG VAN KAPITAALWINS

1. INLEIDING: KAPITAALONTVANGSTE EN KAPITAALWINS ONDERSKEI

'n Voorafgaande hoofstuk wat die kapitaalwins konkreet wou identifiseer, het reeds verwysings bevat na die feit dat die bron waaruit die wins ontspruit het, beslissend mag wees vir die onderskeiding tussen gewone inkomste en kapitaalwins. Die belang van hierdie kriterium vir onderskeiding tussen die twee soorte wins is egter so groot dat 'n afsonderlike bespreking daarvan uit alle oogpunte geregverdig is. Dit is vooraf nodig om pertinent te stel dat ontvangste van 'n kapitale aard nie sonder meer kapitaalwins verteenwoordig nie. So is in hoofstuk 2 verwys na 'n lys van bates deur Silke genoem waarvan die opbrengs as kapitaalwins aanvaar kan word, maar dan net die winsgedeelte van die betrokke bate¹⁾. Die kapitaalontvangste by realisering van die kapitale bate of die uitkerings, deur Silke genoem, wat aan 'n persoon toeval, word nie noodwendig as kapitaalwins aanvaar en as sodanig behandel nie. Die kapitaalwins sal slegs daardie deel van die kapitaalontvangste wees wat die verskil verteenwoordig tussen die aankoop- en verkoopprijs van die betrokke bate. Op hierdie en ander bronne van oorsprong van kapitaalwins word in hierdie hoofstuk nader ingegaan.

2. DIE ROL VAN KAPITALE BATES BY DIE VOORTBRING VAN KAPITAALWINSTE

In hoofstuk 2 is gekyk na 'n aantal skrywers se pogings om 'n definisie te gee van kapitaalwins. Die definisies is gestel met die oogmerk om daaruit 'n omvattende en samevattende definisie te formuleer²⁾.

'n Aantal van daardie definisies word hier herhaal, maar dan met die oogmerk om te bepaal watter rol elke skrywer in sy definisie toeken aan die bates wat betrokke is by die voortbring van kapitaalwins.

1) Hoofstuk 2, p. 28.

2) Par. 2.2, p. 16.

2.1 Wins by vervreemding of realisasie van bates

Uit verskeie skrywers se pogings om 'n bevredigende definisie van kapitaalwins te formuleer, blyk duidelik dat baie klem gelê word op eiendomme en bates as oorsprong van kapitaalwins¹⁾. In die meeste gevalle beperk die skrywers hulle tot kapitaalwinste wat gerealiseer word by die vervreemding van genoemde bates. In die verband sê Silke en Sinclair: "You will be charged to capital gains tax in respect of any chargeable gains that accrue to you on the disposal of assets during a given tax year."²⁾

Soos in hoofstuk 2 aangedui, plaas Pierce ook die klem op die kapitale bate wat by realiserings die oorsprong van kapitaalwins mag wees. So 'n bate kan enige tipe wees, byvoorbeeld kunswerke, 'n eiendom wat verhuur word, of masjinerie in 'n vervaardigingsonderneming³⁾.

2.2 Vooroorlogse eiendomme

Manuel Gottlieb merk in 1958 op dat mense aansienlike kapitaalwinste realiseer en definieer kapitaalwins as 'n selektiewe (en arbitrêre) kapitale heffing op besitters van vooroorlogse eiendomme wat nou deur ongeskiktheid (onvermoë) of nood of ander dringende rede verplig word om hul eiendom te verkoop⁴⁾.

2.3 Ontwikkeling en ontdekkings

Gottlieb beskou kapitaalwins verder as 'n onverwagte meevaller (windfall) wat as gevolg van kapitaalappresiasie voortspruit uit bv. stadsontwikkeling of die ontdekking van minerale of ander ondergrondse rykdomme. Die suiwer "windfall" het gewoonlik sy oorsprong in grondwaardes⁵⁾.

Seltzer⁶⁾ wys in dié verband daarop dat nuwe ontdekkings en uitvindings dikwels lei tot geweldige toevoegings tot

1) Hoofstuk 2, pp. 14-16.

2) Silke en Sinclair, op. cit., p. 123. My onderstreeping.

3) Pierce, op. cit., p. 117. Vgl. hfst. 2, p. 16 vir meer besonderhede.

4) Gottlieb, op. cit., p. 350. Vgl. hfst. 2, p. 14 hierbo.

5) Gottlieb, op. cit., p. 350. Vgl. ook p. 15.

6) Seltzer, L.H. The Nature and Tax Treatment of Capital Gains and Losses. op. cit., p. 9.

die waarde van kapitale bates, byvoorbeeld die ontdekking van olie op 'n plaas of die patentering van 'n nuwe uitvinding wat die moontlikheid van groot toekomstige inkomstes inhou¹⁾. 'n Voorbeeld hiervan is die uitvinding van 'n klein elektriese orrel wat die volume van 'n veel groter orrel kan voortbring. Dit het die waarde van die betrokke firma se aandele geweldig laat toeneem en groot bedrae kapitaalwins kon gevolglik gerealiseer word.

2.4 Toename in markwaarde van bates

Seltzer skryf die ontstaan van kapitaalwinste toe aan die toename in die markwaarde van beleggings in vaste eiendom, besigheidsondernemings of ander eiendomme²⁾. Hy gee nie redes vir die toename nie, maar beperk die kapitaalwins tot winste wat gerealiseer word op gewone bates wat nie deel uitmaak van 'n persoon se handelsvoorraad of van sulke bates wat normaalweg te koop aangebied word nie.

Ander skrywers wys op die wenslikheid om te onderskei tussen gewone bates en handelsvoorraad.

Silke en Sinclair verwys na die beginsels wat in Engeland gevolg word nl. dat 'n kapitaalwins, in die algemeen gesproke, beskou word as 'n wins wat gerealiseer word by die verkoop van 'n bate waar dit duidelik is dat die verkoper dit nie sy besigheid maak om sulke bates te koop en te verkoop nie³⁾. Hulle noem dan 'n aantal bates waarvan die opbrengs by vervreemding vrygestel is van kapitaalwinsbelasting in Engeland. Twee hiervan is private motorvoertuie en 'n persoon se private hoofwoonhuis.

Manuel Gottlieb onderskei drie klasse eiendomme wat kapitaalwinste oplewer, naamlik:⁴⁾

- (i) "depreciable commercial property";
- (ii) "non-depreciable commercial property", byvoorbeeld aandele en plaasgrond;
- (iii) "non-depreciable, non-commercial assets", byvoorbeeld 'n huis wat deur die eienaar self bewoon word.

1) Vgl. par. 2.2.2, p. 112 en par. 2.6, p. 115.

2) Seltzer, Ibid., p. 16. Vgl. hfst. 2, pp. 15, 16.

3) Silke en Sinclair, op. cit., p. 2. Vgl. hfst. 2, p. 15.

4) Gottlieb, op. cit., p. 338.

Due sê eenvoudig kapitaalwinste is toenames in die waarde van bates in besit — handelsvoorraad uitgesluit¹⁾).

2.5 Verbetering van vermoë

Head wil die sirkel bietjie wyer trek en sê reële kapitaalwinst kan gedefinieer word as 'n toename in die reële waarde van bates van alle soorte, wat lei tot 'n verhoging van bedingingsvermoë, lewenstandaard en bevrediging van ekonomiese behoeftes²⁾).

2.6 Ondernemingsgees en goeie bestuur

Volgens Gottlieb ontstaan baie kapitaalwinst as gevolg van gesonde ondernemingsgees en goeie bestuur³⁾. Dit word veral gevind waar 'n nuwe bestuur in 'n onderneming oorneem en die kapitaalwinst uiteindelik gerealiseer word in hoër klandisie-waarde.

2.7 Illusionêre (fiktiewe) winste

As gevolg van algemene prys- en inkome-inflasie word dikwels groot vermeerdering in die waarde van bates ondervind. Gottlieb beskou dit ook as 'n belangrike bron van kapitaalwinst⁴⁾).

2.8 Kapitalisasiekoers

Die kapitalisasiekoers waarteen die waarde van bates gemeet word, verander soms in so 'n mate dat groot kapitaalwinst 'n persoon toeval⁵⁾. Hierdie kapitalisasiekoers kan verander as gevolg van veranderinge in die rentekoers of belastingkoers of as gevolg van die vervanging van een belastingtipe deur 'n ander. Indien 'n styging verwag word in die toekomstige inkomste van 'n bate, sal dit lei tot 'n styging in die waarde van die bate.

2.9 Herinvestering van winste

Aandeelhouders ondervind dikwels groot kapitaalgroei in die waarde van hulle aandeleportefeuljes in maatskappye wat

1) Due, op. cit., p. 395. Vgl. hfst. 2, p. 16.

2) Head, op. cit., p. 222. Vgl. hfst. 2, p. 15.

3) Gottlieb, op. cit., p. 339.

4) Id.

5) Vgl. par. 2.2.1, p. 111.

slegs 'n klein dividend betaal en dan die grootste deel van hulle winste terugploeg in die onderneming.

3. BEOORDELING VAN 'N AANTAL BRONNE WAT IN SUID-AFRIKA NORMAALWEG KAPITAALWINS OPLEWER

Uit die aard van die feit dat die fokus van ons belangstelling hoofsaaklik op Suid-Afrikaanse omstandighede toegespits is, is dit nodig om in meer breedvoerige besonderhede te gaan omtrent die moontlike bronne van kapitaalwins in Suid-Afrika en Rhodesië. Uit die oogpunt van regspraak oor hierdie dikwels omstrede aangeleentheid is sodanige benadering van kapitaalwins veral belangrik aangesien die besitters van kapitale bates maklik in die versoeking kan kom om sekere bates sodanig te klassifiseer dat 'n wins wat daarop gerealiseer word as 'n kapitale ontvangste beskou kan word wat vry sou wees van inkomstebelasting.

Die Suid-Afrikaanse regspraak laat hom egter nie bind deur sodanige indelings nie en pas 'n hele aantal toetse toe om te bepaal of 'n besondere wins van suiwer kapitale of wel van 'n inkomste-aard is. Die volgende is enkele voorbeelde van winste wat gerealiseer is op kapitale bates en wat in sommige gevalle geklassifiseer is as kapitaalwins en in ander gevalle weer as belasbare inkomste.

3.1 Woonhuis of plaas

Wanneer 'n persoon 'n huis koop en dit bewoon, word dit beskou dat hierdie besteding van geld gedoen is met die oog op 'n belegging. Wanneer sodanige woonhuis verkoop word, word die wins wat daaruit mag voortvloei, beskou as van 'n kapitale aard en dus nie belasbaar nie. In dié verband beveel die Franzsenkommissie aan¹⁾ "dat daar van die belasting op kapitaalwinste uitgesluit moet word: ... die realisering van grond waarop die belastingpligtige se enigste of hoofwoonhuis²⁾ geleë is en wat uitsluitlik of hoofsaaklik deur die belastingpligtige gebruik is vir woondoeleindes van homself of sy vrou of sy afhanklike kinders."

1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 296.

2) Vgl. Silke en Sinclair se verwysing na die hoofwoonhuis, par. 2.4, p. 58 hierbo.

'n Goeie toets vir die persoon se bedoeling is om te bepaal wat hy met so 'n gereëliseerde wins gedoen het. Indien hy die volle bedrag sou gebruik as afbetaling op 'n volgende woonhuis, kan hy met redelike sekerheid aanneem dat hy nie belas sal word op daardie wins nie.

Sodra 'n persoon egter met gereelde tussenposes begin om woonhuise te koop en te verkoop en dan telkemale met 'n wins, sal die Ontvanger van Inkomste begin agterdogtig raak t.o.v. die moontlikheid of hier nie dalk 'n skema van winsbejag uitgevoer word nie.

3.1.1 Doel van optredes deur omstandighede beïnvloed:
Positiewe resultaat

'n Mooi voorbeeld van so 'n reeks agterdogwekkende huis-transaksies is die geval van die jong Rhodesiese sakeman wat tussen 1967 en 1972 drie huise gekoop en verkoop het, soos verwys in hoofstuk 2¹⁾. In sy appél het die sakeman die volgende redes vir sy vinnige verwisseling van woonhuise aangevoer:

Die appellant is getroud in 1961 en in 1962 en 1964 onderskeidelik is sy twee dogters gebore. In Augustus 1967 koop hy sy eerste huis naby die sentrale stad sodat hy in staat was om na sy werk te stap. Dit laat die gesinsmotor beskikbaar vir sy vrou om haar vriendinne te besoek. In Oktober 1968 word hy deur 'n mediese spesialis aangeraai om geleentheid te skep vir sy oudste dogter om gereeld te swem aangesien sy probleme gehad het met verswakke spiere in haar een been. Om hierdie rede besluit die appellant om die huis te verkoop en een te koop met 'n swembad of met genoeg ruimte vir 'n swembad.

Vroeg in 1969 verkoop hy die huis met 'n wins van \$3 300 en koop 'n huis in 'n ander, meer gesogte, voorstad. Die huis was groter as die eerste en daar was genoeg ruimte om 'n swembad te bou.

Op 1 Maart 1969 betrek hulle die tweede huis en appellant bestee dadelik 'n verdere \$4 000 aan herbedrading en ander

1) ITC no. 1230, 37 SATC 123. Kyk ook Hfst. 2, p. 24 vir 'n korter opsomming.

verbeterings en verbouings om die huis meer gerieflik te maak.

Kort nadat hulle ingetrek het, vind hy uit dat dit onmoontlik sou wees om 'n swembad te bou omdat die grondstruktuur dreineringsprobleme veroorsaak. Verder ondervind hy en sy vrou vervoerprobleme aangesien hy nou van die gesinsmotor moes gebruik maak om by sy werk te kom. Sy vrou kon nie meer haar vorige vriendinne besoek nie en hulle ook nie vir haar nie. Daarby was hulle nou ver van die kinders se skool.

Hulle besluit dus om die plek te verkoop en doen dit in die laaste kwartaal van 1969 teen 'n wins van \$1 400.

Hy koop 'n derde huis met twee slaapkamers in dieselfde straat as die eerste. Dit was 'n heelwat groter huis met groter grond en 'n mooi tuin. Verder was die huis in die straat oorkant die skool wat deur die kinders bygewoon is. Nou was die appellant ook weer binne loopafstand vanaf sy werk.

Hulle betrek die huis op 1 Maart 1971 en bring dadelik 'n aantal verbeterings aan, verf die huis, bou 'n heining teen 'n koste van ongeveer \$300 en lê 'n groentetuin aan.

Hierdie woning lewer egter meer probleme op as die voriges. Groot las word ondervind met inbrake en diewery. Die polisie word ingeroep en hulle wys die appellant daarop dat hy voortdurend las van hierdie aard sal hê omdat die nabygeleë skoolterrein 'n ideale ontsnaproete bied. 'n Volgende probleem is dat die kinders heen en weer oor die straat hardloop na die skool. By geleentheid word die jongste dogter deur 'n motoris raakgery en by 'n volgende geleentheid byna weer. Die oudste dogter word deur 'n motoris genooi om saam te ry en die polisie wys die appellant daarop dat sulke molesterings dikwels naby skole voorkom.

Weens die opgroei van die dogters word die huis te klein vir die familie.

In Mei 1972 ontvang die appellant besoek van een van sy maatskappy se direkteure wat dit aan hom stel dat hy

moontlik kort daarna 'n direkteurskap aangebied sou word. Die besoeker wys die appellant daarop dat sy huis nie sou pas by sy status as direkteur nie.

Laasgenoemde suggestie was die laaste strooi en in Julie 1972 verkoop appellant die huis met 'n wins van \$21 480 en gedurende Oktober 1972 betrek hulle die vierde huis. Hierdie huis was geleë in 'n meer gesogte woonbuurt naby 'n sekondêre meisieskool waarheen appellant en sy vrou graag hulle dogters wou stuur. Die huis was ook naby 'n ryskool geleë. Dit was 'n nuwe belangstelling van die dogters om te leer perdry.

Die huisplan was ook van die tipe wat gewoonlik bewoon word deur persone in uitvoerende poste.

Die appèl word gehandhaaf omdat die appellant die hof oortuig het dat hy grondige redes gehad het vir die verkoop van elkeen van die huise en dat hy nie die eiendomme gekoop het met die bedoeling om wins te maak by die verkoop daarvan nie.

3.1.2 Doel van optredes deur omstandighede beïnvloed: Negatiewe resultaat

Van teenoorgestelde aard was die bevinding van die hof in 'n saak met die volgende omstandighede¹⁾.

In 1950 kwalifiseer 'n jong man as mediese praktisyn. In 1951 besigtig hy 'n stuk grond van 750 akker. Hy besluit om met sy ma se hulp die plek te koop met die doel om deeltyds daarop te boer en dan eendag daar af te tree. Nadat die kooptransaksie afgehandel is, begin hy dadelik om verbeterings aan te bring. Hy laat fondasies grawe vir 'n huis, bou 'n skaapstal en koop 'n aantal skape.

Die skape raak egter besmet met parasiete en ongeveer 95% van hulle vrek. Daarna probeer hy om populierbome aan die groei te kry, maar dit misluk ook.

Ten tye van die aankoop van die grond was die appellant 'n matige drinker. Teen 1956 was hy 'n swaar drinker en in

1) ITC no. 1250, 36 SATC 53.

1959 drink hy so erg dat hy psigiatriese behandeling moes ontvang. Nou was hy in 'n finansiële verknorsing en hy besluit om sy plaas te verkoop. Hy kry die raad dat hy die eiendom makliker sal verkoop kry as hy dit laat opсны en onderverdeel. Hy doen aansoek en ontvang magtiging tot onderverdeling. Hy laat ongeveer een-derde van die eiendom verdeel. Hy verkoop 'n paar plotte en gebruik die geld om paaie aan te lê. Sy geld raak egter op en hy laat vaar sy ontwikkelingsplanne vir 'n aantal jare.

Later kom hy met 'n sekere persoon ooreen om voort te gaan met die ontwikkeling. 'n Sekere maatskappy voltooi die ontwikkeling en verkoop die eiendomme in opdrag van die appellant. Die appellant behou die besitreg van die oorblywende onverdeelde twee-derdes van die plaas.

Faktore wat in die guns van die appellant getel het, was die lang tydperk wat hy die eiendom gehou het voordat hy dele daarvan begin verkoop het. Die feit dat hy aanvanklik probeer het om sy skaapboerdery aan die gang te kry, het ook gedui op sy bedoeling om die plek as 'n belegging te behou.

Die regter bevind egter dat die appellant nie 'n betroubare getuie was nie op grond van mediese getuienis dat 'n alkoholis, en in die besonder 'n persoon wat ernstige probleme in dié verband ondervind het, se geheue nie betroubaar is nie. Appellant het self erken dat sy geheue van wat in die laat vyftigerjare gebeur het, vaag is. Appellant kon ook nie onomwonde aan die hof verduidelik of sy bedoeling was om die eiendom as "handelsvoorraad" aan te hou en of dit was om daarvan ontslae te raak nie. Hierdie aspek het in groot mate teen hom getel. Die regter wys daarop dat die appellant slegs 'n paar erwe verkoop het en dat geen verdere pogings aangewend is om die res te verkoop nie, terwyl hy konstateer dat hy in 1959 die geld bitter nodig gehad het. Dit was slegs baie later dat die appellant die saak weer opgeneem en verder gevoer het toe hy deur 'n maatskappy genader is met die aanbod dat hulle die ontwikkeling van die gebied en die verkoop van die erwe namens hom sou onderneem.

Die regter wys ook daarop dat die appellant by geleentheid sy "besigheid" beskryf het as die van 'n "ontwikkelaar".

Appellant kon nie die hof oortuig dat hy die eiendomme as kapitale bates verkoop het nie en daarom is sy appèl van die hand gewys.

3.2 Aandele¹⁾

3.2.1 Algemene beginsels

Naas die verkope van vaste eiendomme, is hierdie een van die grootste bronne van kapitaalwins. Belastingpligtiges poog dikwels om winste wat in wese van 'n inkomste-aard is, in belastingvrye kapitaalwinste te omskep²⁾.

Die meeste inkomstebelastinghofsake in Suid-Afrika word gevoer oor die vraag of die wins op sekere aandelettransaksies belasbaar is of nie.

Dis nie altyd so eenvoudig om bloot uit 'n beskouing van die transaksies te bepaal of 'n wins op 'n aandeleverkoping belasbaar is en of dit van 'n kapitale aard is nie. Selfs vir die regspraak is die saak nie altyd so duidelik nie en daarom is verskeie hofsake al verhoor omdat die belastingpligtige en die Ontvanger van Inkomste se klassifisering van sekere winste nie ooreengestem het nie. In sommige van die gevalle waar die saak gevorder het tot in die appèlhof, het die appèlregters die Ontvanger gelyk gegee en in ander gevalle weer die belastingpligtige.

Silke vat die beginsels, soos deur verskeie hofsake vasgelê, soos volg saam:³⁾

Winste en verliese wat voortspruit uit aandelettransaksies is van 'n inkomste-aard as die aandele verkry is met die doel om dit teen 'n wins te verkoop. Die Ontvanger sal in die praktyk nie geïsoleerde beurstransaksies van individue belas nie, maar 'n persoon wat gereeld en sistematies betrokke is in aandelettransaksies, is onderhewig aan belasting.

1) Vgl. par. 6.3, p. 52 vir 'n verwysing na die aard van aandele as bron van kapitaalwins.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 272.

3) Silke. Silke on South African Income Tax. par. 65, p. 57. Alle verdere verwysings na Silke in hierdie hoofstuk, is na hierdie bron.

Aan die anderkant sal enige wins of verlies wat gerealiseer word op aandele wat gekoop is met die doel om dit as 'n inkomstelewerende bate te hou, en nie om daarmee handel te dryf nie, van 'n kapitale aard wees. Silke haal 44 hofsake aan om die gesag van hierdie beginsels te bewys¹⁾).

Ook Shrand konstateer dat winste wat voortvloei uit die tegeldmaking van aandele beskou word as 'n kapitale toevalling wat nie aan belasting onderhewig is nie²⁾. Sodra die tegeldmaking van die aandele die vorm begin aanneem van 'n besigheid wat bedryf word, sal die winste egter wel belasbaar wees.

3.2.2 Gevalle genoem deur die Franzsenkommissie

Die Franzsenkommissie verwys na 'n aantal voorbeelde om aan te toon dat die verkoop van aandele dikwels gebruik word om belasting te ontduik³⁾. Die volgende is die belangrikste voorbeelde⁴⁾:

3.2.2.1 Teruggehoue winste

'n Maatskappy wat in die verlede 'n konserwatiewe dividendbeleid gevolg het, verkoop sy aandele en realiseer 'n aansienlike kapitaalwinst wat gedeeltelik deur opgehopte winste verteenwoordig word.

3.2.2.2 Spekulasie

Baie winste word gerealiseer op spekulatiewe transaksies in aandele en onroerende eiendom deur individue wat nie erkende "handelaars" in aandele is nie. Hierdie winste word dan nie as belasbare inkomste aangeslaan nie, terwyl dit baie duidelik binne die omskrywing van bruto inkomste val.

3.2.2.3 Reserwes in privaatmaatskappye

'n Vermoënde familie het saam met 'n ander onderneming deur middel van verskeie private maatskappye 'n aantal stedelike eiendomme verkry. Die eiendomme is winsgewend

1) Ibid., p. 58.

2) Shrand, op. cit., p. 43.

3) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 58.

4) Die Kommissie sê nie wat die beslissing in elke geval was nie.

verhuur en reserwes is in die private maatskappye opgebou. 'n Paar jaar later is die aandele in die private maatskappye verkoop teen 'n prys wat die kosprys van die aandele met ongeveer R13 miljoen oorskry het.

3.2.2.4 Aandele in filiaalmaatskappy

'n Buitelandse maatskappy het 'n Suid-Afrikaanse filiaal gestig met 'n opbetaalde aandeelkapitaal van R1 miljoen. Die filiaal se hoofdoel sou wees om aandele in Suid-Afrikaanse maatskappye te koop. 'n Paar jaar later is 'n gedeelte van die aandele verkoop teen 'n wins van R275 000. Die oorblywende gedeelte van die aandele is aan die buitelandse beherende maatskappy verkoop teen 'n wins van R1,6 miljoen.

3.2.2.5 Privaatmaatskappy koop grond

'n Sekere belastingbetaler het deur een van sy private maatskappye 'n stuk grond in 'n gesogte woonbuurt gekoop vir R60 000. Binne enkele jare het hy die aandele in die private maatskappy verkoop vir R560 000.

3.2.3 Ander gevalle in die Suid-Afrikaanse regspraak

Die volgende hofsake illustreer die feit dat elke transaksie op sy eie meriete behandel moet word en dat 'n wins nie sonder grondige ontleding van al die relevante feite ingedeel kan word as kapitaalwins of belasbare inkomste nie.

3.2.3.1 Verkope ter voorkoming van 'n verlies

In Inkomstebelastingsaak nommer 1223¹⁾ is die appèl verhoor van 'n praktiserende prokureur wat 'n private maatskappy gestig het met die doel om 'n fonds daar te stel en op te bou. Die fonds sou dien as sekuriteit en bron van inkomste vir die familie by aftrede van die prokureur en om in hulle behoeftes te voorsien indien hy voor hulle te sterwe sou kom. Die res van die gesin het bestaan uit sy vrou en vier kinders. Volgens die maatskappy se Akte van Oprigting sou die doeleindes van die maatskappy insluit die handel in goedere en eiendomme en die koop en verkoop van alle soorte effekte, insluitende aandele.

1) 37 SATC 24.

Die prokureurspraktyk was florerend en het voldoende inkomste opgelewer om in die gesin se behoeftes te voorsien en om ook nog 'n deel van die inkomste te spaar. As aanvangskapitaal leen die prokureur en sy vrou 'n hoeveelheid geld aan die maatskappy. Die maatskappy se eerste belegging was die oprigting van 'n blok woonstelle. Later brei die maatskappy sy beleggings uit tot die uitleen van geld teen verbande en die aankoop van aandele.

Gedurende 1967 koop die maatskappy aandele in verskeie maatskappye: in Junie 1967 vir R20 956 en later vir nog 'n aansienlike bedrag. In sy keuse van aandele spits die maatskappy hom toe op veilige aandele met goeie verwagte langtermyn dividende en gesonde groeipotensiaal.

Ten ongeveer Mei 1968 raak die appellant bekommerd oor die neigings op die aandelebeurs en ook oor voorspellings van 'n verswakking en kenner se waarskuwings dat die hele aandelebeurs oorwaardeer en aandelepryse inflasionisties opgedrewe was. Gedurende die laaste maande van 1968 en die begin van 1969 verkoop die maatskappy al sy aandele, behalwe 'n aantal groeifondseenhede in Sage, teen 'n wins van R18 000.

Ingesluit by sy aandeelverkope was 'n aantal aandele in nuwe maatskappye. Appellant is die geleentheid gebied om hierdie aandele voor notering te koop. In al die gevalle is hierdie aandele teen 'n wins verkoop kort na notering.

Behalwe vir laasgenoemde nuwe aandele, was al die aandele wat in 1968/69 verkoop is aandele wat in 1967 aangekoop is.

In sy verweer teen die Sekretaris van Binnelandse Inkomste se belastingaanslag, stel die appellant dit dat die aandele aangekoop is met die doel om dit te hou as kapitale belegging en dat dit slegs verkoop is om die kapitaal te beskerm teen 'n dreigende verlies as gevolg van 'n moontlike ineenstorting van aandelepryse.

Die hof aanvaar hierdie motivering en die regter verklaar dat dit 'n onweerlegbare feit is dat enige verantwoorde-

like belegger sal rekening hou met die toekomstige waarde van die bate waarin hy sy kapitaal gaan belê. Dit sal vir hom belangrik wees dat sy bates sal toeneem in waarde, want dit sal hom baie min baat om 'n goeie inkomste te kry ten koste van 'n daling in sy kapitaal.

Die hof bevind verder "the predominant purpose (of the appellant) was to acquire and hold a portfolio of shares as a long-term investment."¹⁾

Die aandele wat voor notering gekoop en kort daarna teen 'n wins verkoop is, val volgens die hof in 'n ander kategorie. Hierdie aandele is nie gekoop as uitbreiding van die oorspronklike langtermyn-beleggingsportefeulje nie. Die aankope was toevallig en ongereeld met die doel om 'n wins te maak en nie met die oog op belegging nie.

Die onderskeid word verder beklemtoon deur die feit dat hierdie toevallige aankope gedoen is op 'n tydstip nadat die appellant bewus geraak het van die verontrustende neigings in die aandelemark, en van die raadsaamheid om oor te skakel na 'n ander vorm van belegging²⁾.

Die hof bevind dus dat laasgenoemde winste van 'n inkomste-aard en daarom belasbaar is. Die winste op die res van die aandele is egter van 'n kapitale aard, omdat die aandele gekoop is met die oog op 'n belegging en verkoop is as gevolg van nuwe omstandighede wat die appellant verplig het om sy kapitaal te realiseer en veiliger te belê. Die hof gee opdrag dat die Sekretaris die aanslag moet hersien.

3.2.3.2 Beoogde periodieke inkomste in 'n rondesom ontvang

In Inkomstebelastingsaak nommer 1191 is die appèl verhoor van 'n afgetrede oud-sakeman wat 'n private maatskappy gestig het met die doel om dorpsontwikkeling te onderneem³⁾. Die maatskappy het 'n nominale kapitaal van 100 R1-aandele gehad waarvan een aan elk van die appellant en sy vrou uitgereik is.

1) Ibid., p. 29.

2) Id.

3) 35 SATC 194.

Die appellant leen 'n som geld rentevry aan die maatskappy en die maatskappy koop 'n stuk grond van 16 morges.

Die bedoeling met die aankoop van die grond was om 'n dorpsgebied te ontwikkel en dan die erwe te verkoop. Die maatskappy sou aan die appellant dividende en direkteursfooie betaal wat vir hom sou dien as pensioen.

Die maatskappy sou natuurlikerwys belasbaar wees op enige winste op die verkoop van die erwe en net so sou die appellant sy dividende en direkteursfooie bytel vir die berekening van sy belasbare inkomste.

Dit is duidelik dat hierdie prosedure daartoe sou lei dat die waarde van die aandele sou daal met elke erf se verkoping. Uiteindelik sou die aandele dan 'n nulwaarde hê die dag as die laaste erf verkoop is.

Die maatskappy het aansoek gedoen, die nodige toestemming tgt ontwikkeling ontvang en begin om die erwe te adverteer.

'n Groep persone nader die appellant met die doel om 'n kwart van die beskikbare erwe te koop. Verder versoek hulle appellant om liever aan hulle sy aandele en sy vrou s'n te verkoop. Dit sou hulle die oordragkoste bespaar.

Die appellant het ondervinding gehad van die koop en verkoop van aandele op die aandelebeurs. Sy gesondheid was besig om te verswak en hy het dit moeilik begin vind om met die aktiwiteite vol te hou wat voortgevloei het uit sy oorspronklike planne van dorpsontwikkeling. Daarom stem hy in met die aanbod om sy aandele te verkoop en in Maart 1967 word die transaksie gefinaliseer.

Hy wys hierdie wins in sy belastingopgawe vir die jaar geëindig 28 Februarie 1968, maar hy word nie daarop belas nie. Op 1 Januarie 1970 reik die Sekretaris van Binnelandse Inkomste egter aan hom 'n aanvullende aanslag uit waarin hy aangeslaan word op die wins wat hy op die aandele gerealiseer het. Die appellant se ver-

weer in die appèlhof was dat hy en sy vrou die skema onderneem het met die bedoeling om 'n belegging daar te stel wat vir hulle 'n pensioen moes oplewer.

Die hof bevind dat die wins op die aandele dieselfde is as die winste wat die appellant beplan het wat oor die verloop van jare aan hom sou toeval. Nou was die hele bedrag in een som. Volgens sy plan sou die verkoop van elke erf 'n daling meebring in die waarde van die aandele. Nou het die hele proses in een enkele transaksie voltooiing gevind.

Die hof vind dit moeilik om nie tot die gevolgtrekking te kom dat die appellant se bedoeling was om op enige van die twee maniere 'n wins te maak nie. As gevolg van sy verslegtende gesondheid, blyk dit dat sy oorspronklike plan minder voordelig was as wat hy verwag het. Daarom besluit hy toe om sy wins te maak deur van sy aandele en sy leningsrekening ontslae te raak. Die hof neem verder daarvan kennis dat die appellant sedert 1951 aktief bedrywig was met aandelettransaksies op die beurs. Die appèl word dus van die hand gewys en die aanvullende aanslag bekragtig.

3.3 Weddenskappe, loterye, kompetisies en stokperdjies

3.3.1 Die rol van toeval of bedoeling

Weddenskappe, loterye en kompetisies lewer nie in die ware sin van die woord kapitaalwins nie, maar is die oorsprong van kapitaalontvangstes¹⁾. Dis egter so 'n algemene bron van inkomste in Suid-Afrika en daar is in so 'n mate sprake van die aanwending van tyd en kapitaal vir die verkryging van daardie inkomstes, dat dit 'n noodsaaklike onderdeel van hierdie studie moet uitmaak.

Toevallige pryswenninge in loterye, uitlotings en kompetisies is nie belasbaar nie, aangesien hulle kapitaalontvangstes uitmaak²⁾. So behandel die Income Tax Reporter 'n Rhodesiese intekenaar se probleem, naamlik, dat sy werkgewer die gewoonte gehad het om aan sy werknemers

1) Vgl. by voetnoot 4), p. 16 en par. 2.6, p. 115.

2) Shrand, op. cit., p. 82.

loterykaartjies te gee¹⁾. Een van hulle wen \$2 000 deur so 'n kaartjie en is toe gretig om uit te vind of hy daarop belasting sal moet betaal. Die antwoord is dat die werknemer aanspreeklik is vir belasting op enige bedrag ontvang of wat opgeloop het as vergoeding vir dienste gelewer. Die ontvangs van 'n loterykaartjie is so 'n bedrag en dit moet waardeer word op die dag van ontvangs. Op daardie datum is die waarde daarvan een dollar — die prys van die kaartjie.

Sodra dit ontvang is, word die kaartjie 'n kapitale bate in die hande van die houer. As hy nou gelukkig genoeg is om 'n prys te wen, is daardie prys 'n kapitale inkomste en as sodanig nie belasbaar nie. Die feit dat die kaartjie 'n prys gewen het, het niks te doen met die werknemer se dienste gelewer nie. Dis 'n geluk en die verband tussen sy dienste en die prys is so ver van mekaar verwyder dat hierdie geld nie beskou kan word as belasbare inkomste nie.

Die populêre opvatting in Suid-Afrika is tereg dat enige winste wat gemaak word deur middel van dobbelary, vry is van inkomstebelasting. Volgens die Income Tax Reporter van 31 Desember 1973, kan die rede vir hierdie wanbegrip teruggevoer word na 'n Engelse hofuitspraak in die saak *Graham v Green* (1925) 9 TC 309. In hierdie geval was 'n sekere belastingbetaler se enigste inkomste vir baie jare die geld wat hy gewen het deur middel van weddenskappe op perdewedrenne. Die hof het beslis dat sy wengeld nie belasbare winste of inkomste was nie²⁾.

In dié verband het die regter gevra: Wat is 'n weddenskap? Dit is slegs 'n irrasionele ooreenkoms dat een persoon 'n ander iets sal betaal as 'n sekere gebeurtenis plaasvind. A stem in om aan B iets te betaal as C se perd vinniger hardloop as D s'n of as 'n muntstuk met die een of ander kant na bo val. Daar is geen verband tussen die gebeure en die verkryging van eiendom nie. Die gebeure bring dit nie voort nie. Dit berus op 'n suiwer irrasionele ooreen-

1) ITR no. 95, p. 260.

2) ITR no. 96, p. 286.

koms. Die regter kom verder tot die gevolgtrekking dat die gewone spekulatiewe wedder verskil van die beroepswedder in die sin dat eersgenoemde nie deur middel van sy weddery 'n beroep kan beoefen nie.

3.3.2 Gereeldheid van inkomste

In Inkomstebelastingsaak nommer 566 word die saak verhoor van 'n mynwerker wat verslaaf geraak het aan dobbel¹⁾. Gedurende die belastingjaar geëindig 30 Junie 1942 het hy as myner gewerk tot 28 April 1942. Daarna bedank hy sy werk en begin hom voltyds toelê op weddenskappe op honderesies. Anders as in die Engelse saak Graham v Green hierbo aangehaal, beslis die Spesiale Hof dat die wedder se wengeld vanaf 28 April 1942 deel vorm van sy bruto inkomste en dus belasbaar is²⁾. Die President van die Spesiale Hof beslis dat as dit bewys kan word dat 'n persoon gereeld inkomste verkry uit weddenskappe en dobbel as 'n lewenswyse, daar geen twyfel bestaan nie dat hy belas moet word op grond daarvan dat hy 'n beroep beoefen. As 'n persoon inkomste uit 'n beroep ontvang, moet dit by sy bruto inkomste ingesluit word. As 'n persoon se inkomste bestaan uit geld ontvang a.g.v. dobbel en weddenskappe, kan gesê word dat dit sy beroep is.

3.3.3 Gereeldheid van optrede

In Burge v Payne (1969) 1 All ER 467 (ChD) word die saak verhoor van die eienaar van 'n dobbelklub wat gereeld kaart gespeel het met ander lede van die klub en in 1965 die netto bedrag van R1 410 gewen het³⁾. Die hof het beslis dat hierdie wengeld deel vorm van die klub se gewone inkomste en daarom belasbaar is.

3.3.4 Inkomste sonder doel om handel te dryf

In Down v Compston (1937) 2 All ER 475, 21 TC 60, word 'n beroepsgolfspeler aangeslaan vir belasting op private weddenskappe met amateurgolfspelers op 'n voorgeebasis. In

1) ITR no. 96, p. 287; 13 SATC 332.

2) Id.

3) ITR no. 96, p. 286.

die verloop van 10 jaar het die belastingpligtige aansienlike bedrae geld gewen. Die hof beslis dat hy nie belasbaar is nie: "It was, nevertheless, held that his winnings did not arise from his employment or vocation and that he was not carrying on a business of betting on private games of golf."¹⁾

3.3.5 Inkomste van buite normale ambag of professie

Die saak Morrison v. CIR, 1950 (2) SA 449 (AD), vorm die hoeksteen vir die regspraak in Suid-Afrikaanse howe in sake waar winste uit weddenskappe en dobbelary ter sprake kom²⁾. Belangrike riglyne word getrek en beginsels vasgelê wat in verskeie daaropvolgende hofsake aangehaal word.

In die saak word die appèl verhoor van 'n klerehandelaar wat 'n paar renperde besit het en wat gereeld op sy eie en op ander perde gewed het. In die proses het hy aansienlike winste gerealiseer. Hy word aangeslaan vir normale belasting, superbelasting en oorwinsbelasting vir die jare geëindig 30 Junie 1944 en 1945 respektiewelik op winste van £9 052 en £10 011. Hy appelleer.

Besonderhede van sy aktiwiteite is die volgende:

Sedert 1923 het appellant opgetree as klerehandelaar in Johannesburg met takke in Durban en in Pretoria. Daarby was hy renperdeienaar, boer, grondbesitter en aandeelhouer en direkteur in 'n melkerybesigheid in Johannesburg.

Sedert sy een-en-twintigste jaar het hy gereeld perdewedrenne bygewoon. Hy was lid van die Johannesburg Turf Club en die Owners and Trainers Association.

In 1934 skryf hy vir die eerste keer perde in vir wedrenne. Hierdie perde het hy onder 'n huurkontrak bekom. Later koop hy sy eie perde aan.

Vanaf Julie 1944 tot Junie 1945 huur hy drie perde en besit self twee. Vanaf Julie 1945 tot Junie 1946 huur hy drie en besit self drie perde. Hierdie perde word genom-

1) Ibid., p. 287.

2) 16 SATC 377. Vergelyk ook ITR no. 96, p. 288.

neer om elke Woensdag en Saterdag te hardloop. Appellant het deurentyd gebruik gemaak van professionele afrigters en nooit self afgerig nie. Hy ontvang inligting van sy afrigter in verband met sy perde se bekwaamheid en wed volgens daardie inligting. Hy wed ook volgens inligting van ander eienaars se perde.

Hy woon gereeld die wedrenne by en wed net so gereeld. Hy verander kort-kort van agent en wed op sy eie en op ander perde. Ongeveer 60% van sy inkomste uit weddenskappe verdien hy uit weddenskappe op sy eie perde en 40% op ander eienaars se perde. Sy rede vir gedurige verwisseling van agent en vir weddenskappe op ander perde is dat hy sodoende sy wenkanse vergroot.

Appellant het nie aparte boeke gehou van sy wed- en wedren-aktiwiteite nie. Sy prysgeld en winste op weddenskappe is aangeteken in sy kleresaak se boeke.

In 1942 heg hy 'n staat aan by sy belastingopgawe wat hy noem "Statement of my Trading as a Horse-racing Owner". Hierin eis hy 'n verlies vir belastingdoeleindes van £58. Die eis word toegestaan.

In sy 1943-opgawe sluit hy 'n staat in wat hy noem "Statement of Revenue and Expenditure of Horse-racing Transactions for the year ending June 1943." Hy eis 'n verlies van £288. Die verlies word met £81 verminder tot £147 en aldus toegelaat as aftrekking teen ander inkomstes.

In die 1944-opgawe toon hy prysgeld ontvang van £2 969 min onkoste van £2 456, wat 'n netto wins van £513 lewer. Sy 1945-opgawe toon prysgeld ontvang van £2 463 min uitgawes van £2 026, wat 'n netto wins van £437 oplewer.

Sy kapitaalrekening in die besigheid toon twee kredietinskrywings naamlik

"1944 Horse betting account £9 052

1945 Horse betting account £10 011."

Dit verteenwoordig sy netto wins op weddenskappe vir die twee jaar.

Sy ander inkomste vir die twee jaar beloop respektiewelik £1 865 en £192.

(Ook in 1946 wen hy £5 000 in prysgeld en £18 000 met weddenskappe. Dit oortref die inkomste uit sy klerebesigheid baie ver.)

Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste sluit die bedrae van £9 052 en £10 011 in vir die berekening van die appellant se belasbare inkomste vir die 2 jaar geëindig 30 Junie 1944 en 1945 respektiewelik. Hy appelleer op die volgende gronde:

- " (i) that the amounts in issue are accruals of a capital nature; and
 - (ii) that these amounts do not derive from any 'trade' within the meaning of the Act, but flow from a recreation or passtime;
- and that therefore the two amounts ... are not subject to tax."

Die Spesiale Hof het bevind dat die appellant se weddenskapaktiwiteite "constituted an essential feature of his racing as a business". Die Appèlhof bevind dat die appellant se doel met sy weddenskappe was om sy winste uit sy wedrenne te verhoog "and it rested upon an estimate of the closeness of the association of his betting and his racing."²⁾

Die appellant het verder aangevoer dat die 40% van sy inkomste uit weddenskappe op ander persone se perde nie belasbaar kon wees nie. Die Appèlregter se bevinding na 'n lang motivering is egter: "there is no sufficient grounds on the facts stated for holding that the appellant's betting on the horses of others was clearly a course of conduct distinct from his betting on his own horses. It seems to me ... that all the appellant's winnings arose from betting activities that formed part of his racing business."³⁾

1) 16 SATC 377 by 384.

2) Ibid., p. 389.

3) Ibid., p. 391 — My onderstreping.

Sy appël word van die hand gewys en hy word gelas om die belasting te betaal soos bereken deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

3.3.6 Inkomste uit beweerde stokperdjie

'n Feitlik soortgelyke beslissing word gevel in Inkomstebe-
lastingsaak nommer 712 waar 'n eienaar van renperde aange-
slaan word op winste uit sy weddenskappe¹⁾. Hy appelleer
en voer aan dat hy nie geld op perde verwed om daaruit in-
komste te verdien nie. Hy doen dit as tydverdryf en wed
hoofsaaklik op sy eie perde om sy vertroue in hulle te
bewys. Hy noem homself 'n "gentleman owner of horses."
Sy inkomste uit ander bronne was sodanig dat hy kon bekos-
tig om so 'n stokperdjie te bedryf. Die hof bevind egter
dat sy weddenskappe ontwikkel het tot 'n winsbejagskema.
Die hof verwys na die saak van Morison v CIR en beslis dat
dieselfde beginsels in hierdie saak geld²⁾. Daarom is die
aanslag van gewone en superbelasting heeltemal geregverdig.
Die appellant moes betaal.

3.3.7 Graad van betrokkenheid en professionaliteit van optrede

Nog 'n saak waarin 'n persoon se weddery so 'n omvang aan-
geneem het dat dit 'n besigheid geword het, is Inkomste-
belastingsaak nommer 765³⁾.

Hier was 'n boekhouer wat algaande minder geld uit sy boek-
houery en meer uit sy weddenskappe verdien het. Sy verweer
was "that his betting winnings were not income because his
betting did not constitute anything in the nature of a
trade or business or occupation which would attract tax but
that his gains were purely fortuitous and that his betting
was entirely irrational."

Die waarheid is dat hy twee maal per week die wedrenne by-
gewoon en elke dag op verskeie renne gewed het. Hy was lid
van Tattersalls en het goeie verhoudings gehandhaaf met
verskeie persone betrokke in die wedrenwêreld. Hy het

1) 17 SATC 335.

2) 17 SATC 335 by 337.

3) 19 SATC 198.

dikwels groot somme geld verwed en ook groot bedrae gewen. Sy winste vir die jare 1946-1949 was £520, £2 000, £1 500 en £2 800.

Die appèl is van die hand gewys en in sy uitspraak wys die regter op baie belangrike verskille tussen die persoon wat net periodiek geld verwed en die een wat daarvan 'n "besigheid" maak: Waar 'n wedder alreeds 'n eienaar, af-rigter, beroepswedder of miskien 'n jokie is en waar sy aandag gerig is op perdereisies op dieselfde wyse as wat 'n besigheidsman se aandag op sy besigheid gerig is, maak sodanige wedder van sy weddenskappe 'n element van sy besigheid of beroep. Waar 'n wedder net 'n klompie geld verwed of selfs uit gewoonte verwed, is sy gedrag so irrasioneel vanuit 'n besigheidssoogpunt dat sy winste nie normaalweg onderhewig kan wees aan inkomstebelasting nie.

Die rede vir hierdie verskil in benadering lê daarin dat persone, wat aktief betrokke is in wedrenne en wat gewoonlik wed volgens die uitslae van vorige wedrenne, gewoonlik gespesialiseerde kennis en bronne van inligting het wat hulle optrede minder irrasioneel maak uit 'n besigheids-oogpunt omdat hulle die moontlikheid om te verloor aansienlik verminder. Waar die risiko-element en die moontlikheid om toevallig te wen of te verloor tot 'n groot mate uitgeskakel word, word hulle weddenskappe 'n onfeilbare metode om inkomste te verdien. Daarom het sodanige persone geen gronde waarop hulle hul kan beroep vir vrystelling van inkomstebelasting op hulle winste nie¹⁾.

3.3.8 Omvang en gereeldheid van stokperdjiebeoefening

Inkomstebelastingsaak nommer 641 handel ook oor 'n persoon wat renperde besit en op hulle geld verwed het²⁾. In sy appèl voer die appellant aan dat:

- "(a) receipts from stakes for racing did not constitute income because appellant did not carry on racing as a business but as a hobby, and
- (b) the wear and tear allowance at 10% (op die perde) was insufficient and should be increased to 33 $\frac{1}{3}$ %."

1) Ibid., p. 203.

2) 15 SATC 233.

Die appèlhof bevind dat die appellant se wedrenaktiwiteite van so 'n omvang was dat dit as 'n besigheid gesien moet word. Sy belegging in perde tussen 1938 en 1943 het die bedrag van f4 329, 15s. 0d. beloop. Sy belegging lewer vir hom in 1942 prysgeld van f2 639, 10s. 0d. en in 1943 f4 983, 10s. 0d. op.

Die hof verwys appellant se eis vir "wear and tear" terug na die Sekretaris: "The court further expressed doubt as to whether animals like horses could be regarded as 'implements, utensils and articles used for the purposes of trade' and thus as to whether any allowance for wear and tear was in any event properly admissible."¹⁾

3.3.9 Samevatting t.o.v. weddenskappe en lotery

Samevattend kan dus gesê word dat die regspraak in Suid-Afrika bepaal dat 'n persoon, wat sy kennis en vindingrykheid sistematies en planmatig aanwend om te wed met die doel om daaruit 'n wins te maak, onderhewig sal wees aan belasting op sy winste. Indien 'n persoon sy lewensonderhoud verdien uit weddenskappe of as dit sy hoofbron van inkomste geword het, sal die rede om hom te belas soveel sterker wees.

Silke vat dit soos volg saam: "It is not the practice to tax ordinary punters on the proceeds of betting where they engage therein as a means of entertainment and distraction but persons closely connected with racing activities and possessing special knowledge, e.g. owners, trainers and jockeys, will usually be subject to tax on the results of regular betting."²⁾

3.4 Geskenke, donasies en erfporsies

Hierdie tipe ontvangste word soms wel en soms nie belas nie. Die probleem kry dadelik 'n ander kleur wanneer daar inkomste voortvloei, hetsy by die tegeldmaking van die ontvangste of by die verkoop van die "vrugte" van die ontvangste. Die volgende sake dien as illustrasie van sulke gevalle.

1) Ibid., p. 237.

2) Silke, op. cit., par. 68, p. 66.

3.4.1 Juridiese onderskeidings

'n Ontvangste as gevolg van 'n geskenk, donasie of erf-porsie is normaalweg nie belasbaar nie, omdat dit 'n kapitaalontvangste is¹⁾.

Silke wys daarop dat so 'n ontvangste onder sekere omstandighede en voorwaardes egter wel onderhewig kan wees aan geskenkbelasting²⁾. Toevallige geskenke, d.w.s. geleentheidsgeskenke, tot 'n totaalbedrag van R1 000 per jaar is vrygestel van belasting en die ontvanger hoef dit nie eers te toon in sy belastingopgawe nie³⁾. Die opbrengs by die verkoop of vervreemding van 'n bate wat as geskenk of erfporisie ontvang is, is van 'n kapitale aard behalwe as die bate verkoop is as deel van 'n winsbejagskema⁴⁾.

Enkele praktiese gevalle kan wel verduidelikend wees van die beginsels wat geld by belasting op geskenkontvangstes en word hieronder in bespreking geneem.

3.4.1.1 Verkoop van diamantkleims op erfplaas

In Inkomstebelastingsaak nommer 129 word die appêl verhoor van 'n persoon wat 'n plaas geërf het waarop later diamante ontdek is⁵⁾. As eienaar van die plaas ontvang die appellant 'n aantal "eienaarskleims". Hy verkoop hierdie kleims en word belas op die opbrengs. Hy appelleer en die appêl word gehandhaaf. Ter verduideliking verklaar die hof dat 'n persoon sy oppervlakte-regte ontnem word op daardie gedeelte van sy plaas wat tot openbare delwery verklaar word. As vergoeding daarvoor word aan hom 'n aantal eienaarskleims toegeken en dit vorm deel van sy kapitaalbesit. Die verkoop van die kleims lewer 'n kapitaalopbrengs.

3.4.1.2 Verdeel erfgrond in erwe en verkoop teen 'n wins

Byna soortgelyk is Inkomstebelastingsaak nommer 458⁶⁾:

1) Shrand, op. cit., p. 82.

2) Silke, op. cit., p. 73.

3) IB 38 S (1978) p. 34.

4) Silke, op. cit., p. 73.

5) 4 SATC 129.

6) 11 SATC 178.

'n Sekere persoon ontvang as geskenk van sy vader 'n stuk grond waarvan 'n deel onderverdeel was in bou-erwe. Kort na sy vader se afsterwe gee sy moeder aan hom nog 'n stuk aangrensende grond wat ook reeds opgesny was.

Hy besluit om die grond te verkoop, huur 'n verkoopagent en loods 'n advertensieveldtog. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste laat sekere aftrekkings toe en belas die wins op die verkoop van die erwe. Die belastingpligtige appelleer en sy appèl word gehandhaaf.

Die hof bevind dat sy doel was om sy kapitale bate so gou moontlik te realiseer en dat sy bedoeling nie was om 'n besigheid te maak van die verkoop van die erwe nie. Die hof verwys na die uitspraak in die saak CIR v Stott¹⁾ en voeg dan daaraan toe: Waar 'n persoon eiendom of bates verkry het by wyse van 'n skenking, erfporsie of andersins en hy besluit daarna om daarvan ontslae te raak, bv. omdat die eiendom meer is as wat hy begeer of kan beheer of in die geval van 'n plaas omdat hy nie daar wil gaan woon nie, dan verander die feit dat hy daarvan ontslae wil raak nie die verkoopaksie in 'n handelstransaksie soos dit vir inkomstebelastingdoeleindes verstaan word nie. Waar 'n persoon, byvoorbeeld, 'n klomp juweliersware of ander snuisterye present gekry het of geërf het en hy besluit dat dit vir hom geen waarde het nie, is daar niks wat hom verhinder om dit teen die beste moontlike prys te verkoop deur dit in pakkies op te maak of deur dit van tyd tot tyd te adverteer nie. Hy kan van die goedere na verskillende juweliers of snuistery-handelaars neem om sodoende die hoogste moontlike prys te beding.

Net so is daar in die geval van grond geen rede waarom 'n persoon in soortgelyke omstandighede verplig moet word om dit in sy geheel te verkoop nie. In plaas daarvan kan hy gebruik maak van beskikbare middele soos advertensies of 'n verkoopveldtog om sodoende die hoogste moontlike prys te kry.

1) 3 SATC 253 by 263.

3.4.1.3 Testamentêre bemaking as deel van 'n winsskema

Enigsins verskillend van die vorige is die bevinding van die hof in die saak CIR v Strathmore Exploration, waar die appêl verhoor is van 'n maatskappy waarvan die meerderheidsaandeelhouer in 1941 van sy moeder sekere eiendomme geërf het, tesame met die mineraleregte daarop¹⁾. Op die grond is ook reeds 'n begin gemaak met die uitleg van 'n dorp.

Die geskiedenis van die hofsaak begin in 1937 toe die maatskappy Strathmore Development Company Ltd gevorm is met die doel om genoemde eiendomme van mev. Scott te koop. In Maart 1937 word die koopkontrak gefinaliseer. In September 1938 bemaak mev. Scott by wyse van 'n skenkingsakte al haar regte en belange aan haar seun Jack Scott. In 1939 word die kontrak gekanselleer en in Oktober 1939 bemaak mev. Scott deur middel van haar testament die betrokke eiendomme aan die maatskappy Strathmore Development Company wat eintlik aan haar seun behoort. Sy sterf in September 1941 en in Januarie 1943 neem die maatskappy oordrag van die eiendomme en neem dit in sy boeke op teen die waarde van £15 124.

In September 1946 verkoop Strathmore al sy minerale- en ander regte en sekere dele van die eiendomme vir 'n bedrag van £141 750 en in September 1947 die dorpsge-deelte vir £50 000. Vir berekening van die maatskappy se belasting, word die bedrae van £139 687 en £39 958 ingesluit by die berekening van die maatskappy se bruto inkomste vir die belastingjare geëindig 30 Junie 1947 en 1948 respektiewelik. Dit verteenwoordig die wins wat gerealiseer is op die twee transaksies. Die maatskappy appelleer.

Die hof bevind dat die verkryging van hierdie eiendomme, hoewel deur erfporsie, nogtans ooreenstem met en 'n toepassing is van die maatskappy se doeleindes soos uiteengesit in sy Akte van Oprigting. Die wyse waarop die maatskappy die hele saak hanteer het, dui ook daarop dat

1) 20 SATC 375.

die eiendomme verkry en verkoop is as deel van 'n wins-bejagskema.

Die feit dat die eiendomme as erfporisie verkry is, was dus nie voldoende waarborg om die opbrengs by die verkoop daarvan vry te spreek van inkomstebelasting nie. Hierdie is 'n belangrike beginsel en word dikwels in later jare aangehaal in sake in die verband.

3.4.1.4 Basiese beginsels wat geld by geskenke¹⁾

Geskenke kan verskillende vorme aanneem en onder verskillende voorwaardes gemaak word. Weens die belangrikheid daarvan vir die problematiek van die huidige studie word die geldende beginsels hieronder in besonderhede ontleed.

(a) Geskenk in die vorm van 'n annuïteit

So 'n geskenk is wel belasbaar. Omdat die ontvanger geen kontantuitleg gemaak of afstand gedoen het van enige bate vir die verkryging van die annuïteit nie, verteenwoordig sodanige annuïteit vir hom geen terugbetaling van kapitaal nie.

In die saak *SIR v Watermeyer*, word die appèl verhoor van 'n weduwee van 'n gewese professor²⁾.

Na die professor se afsterwe besluit die Universiteit om aan haar vir die res van haar lewe 'n ex gratia bedrag van R300 per jaar te betaal.

Die Appèlregter beslis dat sy nie belas sal word op die R300 nie. Sy redes is³⁾:

Die bedrag word nie ontvang as 'n annuïteit nie, want die betaling daarvan word jaarliks goedgekeur deur die Universiteitsraad. Die element van herhaling, gebaseer op 'n reg van die begunstigde om meer as een jaarlikse paaïement te ontvang, ontbreek dus hier en daarom is dit nie 'n annuïteit nie.

Die hof verklaar daarby dat "where ex gratia payments are made yearly at the will of the payer, each

1) ITR no. 100, p. 122 e.v.

2) 27 SATC 117.

3) Ibid., p. 118.

payment constitutes an individual gift, and, as such, a receipt of a capital nature, unless it is attended by other features which would bring the amount within the character of income."1).

(b) Bydrae aan behoeftige afhanklikes van 'n oorlede werknemer

Net soos enige vrywillige betalings deur 'n werk-gewer aan 'n oorlede werknemer se weduwee of familie 'n ontvangste van 'n kapitale aard vorm, so vorm enige bydrae tot die onderhoud van behoeftige familielede vir hulle 'n ontvangste van kapitale aard²).

Waar 'n persoon dus aan sy behoeftige familielid vrywilliglik elke jaar R500 skenk, is dit nie belasbaar in die ontvanger se hande nie. Sodra die skenker egter skriftelik onderneem om hierdie skenking vir 'n bepaalde aantal jare of tot by sy afsterwe te doen, word dit 'n inkomste en as sodanig belasbaar in die hande van die ontvanger.

(c) Skenkings vir dienste gelewer³)

Vrywillige geskenke of skenkings as erkenning of vergoeding vir dienste gelewer, vorm 'n inkomste en is as sodanig belasbaar. So is alle kersbonusse, kersgeskenke of vakansiebonusse van 'n werk-gewer aan sy werknemers, belasbaar. Die feit dat die werk-gewer nie kontraktueel verplig is tot die betaling van sulke bonusse of die gee van geskenke nie, verander niks aan die belasbaarheid daarvan nie. Klein geskenke soos 'n doos lekkers of 'n bottel wyn of 'n klein bedrag geld word beskou as 'n gebaar van goeie gesindheid en nie as 'n vergoeding vir dienste gelewer nie.

In die geval van 'n trougeskenk aan werknemers is die Ontvanger meer toegeeflik en word dit beskou as

1) Id.

2) Silke, op. cit., p. 74.

3) ITR no. 100, p. 124.

geskenke op 'n persoonlike grondslag. Selfs al is die geskenk in kontant of in natura, maak dit geen verskil nie.

Onder sekere omstandighede is 'n gratifikasie tot 'n kumulatiewe totaal van R12 000 van belasting vrygestel. Indien die gratifikasie ten tye of as gevolg van die beëindiging of naderende beëindiging van 'n belastingpligtige se dienste vanweë ouderdom, swak gesondheid of ander gebrek betaal is, kan hy kies om soveel daarvan as wat nie vrygestel is nie, in gelyke paaielemente oor drie belastingjare te laat belas. Waar die gratifikasie om ander redes betaal is, kan die belasting na goeddunke van die Sekretaris van Binnelandse Inkomste ook op sodanige wyse versprei word. Die omstandighede waaronder so 'n toekenning gedoen is, moet volledig uiteengesit word, en die bedrag moet apart van ander verdienstes getoon word¹⁾.

In dié verband word bedenkinge uitgespreek, soos, "... it is difficult to understand why long-service awards which are directly related to past services should escape tax."²⁾ Hierdie vrystellings geld egter net as die toekenning aan sekere vereistes voldoen en moet nie as 'n algemene beginsel gesien word nie³⁾.

Dit mag selfs gebeur dat 'n persoon vergoeding ontvang vir dienste gelewer hoewel hy nie in diens van die gewer is nie.

'n Mooi voorbeeld van die toepassing van hierdie beginsel is die geval van die boer in Transvaal wat deur sy tussenkoms 'n vriend van hom in Engeland gehelp het om sy plaas te verkoop. Al wat hy gedoen het, was om die voornemende koper in verbinding met sy vriend te bring. Hy het geen gedagte aan vergoeding gehad nie. Sy vriend stuur toe aan hom die

1) IB 38 S (1978) p. 16.

2) ITR no. 100, p. 124.

3) Silke, op. cit., paragrawe 92, 94 en 191.

som van f525 as bewys van sy dankbaarheid. Die betaling was ongevraag en die diens is gelewer sonder gedagte aan vergoeding.

Die Hof bevind egter dat die bedrag belasbaar is aangesien dit 'n vergoeding is vir dienste gelewer¹⁾.

In nog 'n ander geval in Australië het die hof bevind dat 'n prokureur, wat f10 000 as geskenk van 'n kliënt ontvang het, as bewys vir haar waardering vir sy hulp om 'n plaas teen 'n groot wins te verkoop, belastingpligtig is omdat die geld vergoeding was vir dienste deur hom gelewer.

(d) Enkelgratifikasie vir diens gelewer oor 'n lang tydperk

Die Kommissaris pas die beginsels neergelê in die saak CIR v Lunnon toe op geskenke deur 'n werkgewer aan sy werknemers vir lang diens of by aftrede²⁾. In hierdie saak het die Raad van Direkteure besluit om aan Lunnon, wat vir 20 jaar 'n direkteur was, by sy aftrede 'n enkele bedrag geld te skenk in erkenning van sy waardevolle dienste aan die maatskappy oor baie jare. Veral in die beginjare was sy direkteursfooie nie in verhouding met die werk en tyd wat hy aan die maatskappy se uitbouing bestee het nie.

Die Transvaalse Afdeling van die Hooggeregshof beslis dat die maatskappy onder geen wetlike verpligting gestaan het om die betaling te maak nie³⁾. Dit was 'n vrywillige, nie-herhalende betaling wat nie in die aard van 'n salaris, loon of ander besoldiging was nie. Dit is nie betaal as agterstallige salaris of fooi nie, aangesien Lunnon te alle tye ten volle betaal is en geen eis teen die maatskappy gehad het nie.

1) ITC no. 938, 24 SATC 375 soos aangehaal in ITR no. 100, p. 124.

2) 1 SATC 7 soos bespreek in ITR no. 95, p. 250.

3) Ibid., p. 251.

Regter De Waal meen dat waar 'n direkteur na aftrede van sy maatskappy 'n geldelike geskenk vir bewese dienste ontvang as bewys van erkentlikheid, waar die maatskappy nie onder 'n wetlike verpligting staan om dit te betaal nie en waar dit nie in die vorm van 'n herhalende annuïteit betaal word nie, maar in een bedrag, is so 'n geskenk van 'n kapitale aard en as sodanig nie belasbaar as normale inkomste nie.

Die Appêlhof bekragtig hierdie uitspraak.

In die praktyk pas die Kommissaris die Lunnon-uitspraak net toe op geskenke of skenkings wat werkgewers aan hul werknemers maak na 'n lang diensstermyn of by aftrede¹⁾. Dit geld skynbaar veral waar die geskenk die vorm aanneem van 'n tasbare artikel soos 'n gegraveerde goue horlosie of silwer skinkbord. Hierdie geskenke het geldwaarde en behoort dus belas te word onder Artikel 2(1) van die Wet as die Wet letterlik toegepas sou word²⁾. Indien die geskenk in die vorm van 'n kontantbetaling sou wees, sal dit sekerlik belas word. Indien die geskenk 'n aansienlike waarde sou hê, bv. as die werknemer 'n motor of huis ontvang by aftrede, sal die Kommissaris waarskynlik 'n ander houding inneem en die ontvanger aanslaan vir belasting.

(e) Geskenk in die vorm van 'n plaas met beskikbare oes

As die geskenk of erfporsie die vorm aanneem van 'n plaas met 'n oes daarop en die erfgenaam oes en verkoop die graan, is die inkomste daaruit belasbaar. Indien die erfgenaam egter die hele plaas met alles daarop van die hand sit, sal die opbrengs kapitaal wees en nie belasbaar wees nie.

Silke verwys na die verkoop van die "vrugte" (fructus) van eiendom³⁾. Indien 'n persoon 'n plaas met 'n byna ryp druiwe-oes of 'n plantasie of 'n trop

1) Ibid., p. 253 en Silke, op. cit., par. 74, p. 75.

2) Silke, op. cit., par. 74, p. 75.

3) Ibid., par. 83, p. 82.

skape wat gereed is om geskeer te word, erf, of as geskenk ontvang en hy sou die druiwe, hout of wol verkoop, ontvang hy daarvoor 'n belasbare inkomste. In die sake CIR v George Forest Timber Co. Ltd¹⁾ en Baikie v CIR²⁾ word die beginsel vasgelê dat die belastingpligtige ook nie toegelaat word om die waarde van die staande oes of timmerhout soos op die datum van ontvangs af te trek as onkoste van die bruto bedrag ontvang nie³⁾.

'n Interessante uitsondering op hierdie beginsel is die geval waar dit wat afgeoes en verkoop word, nie weer sal groei nie. 'n Denneplantasie wat afgekap word, groei nie weer uit nie. Die bome vrek. So 'n verkoping kan dus nie beskou word as 'n ontvangste van die "fructus" van die grond nie en is 'n ontvangste van 'n kapitale aard omdat 'n deel van die kapitaal vernietig is deur die afkap van die bome.

- (f) Nie-kontraktuele voorregte is nie belasbaar nie
- Die bogenoemde Lunnon-uitspraak hou verder die implikasies in dat enige voordele of voorregte wat 'n werknemer ontvang waarop hy nie volgens sy dienskontrak geregtig is nie, nie deel vorm van sy bruto inkomste nie en dus nie onderhewig is aan belasting nie. Hierdie uitspraak sluit aan by die beginsels van Artikel 8(1) van die Inkomstebelastingwet waaruit afgelei kan word dat 'n geskenk in die vorm van die reg om 'n huis gratis te bewoon of om 'n plaas sonder betaling van huurgeld te bewerk sonder dat sodanige geskenk gekoppel is aan die lewering van dienste, nie onderhewig is aan inkomstebelasting nie omdat dit nie 'n geldontvangste of welvaartstoename verteenwoordig nie⁴⁾.

1) 1 SATC 20.

2) 5 SATC 193.

3) Silke, op. cit., par. 83, p. 82.

4) ITR no. 100, p. 124 en Silke, op. cit., par. 74, p. 75.

Die Kommissaris interpreteer die wet egter anders. Hy verklaar soos volg: "This point of view is not accepted by the Commissioner, who taxes all advantages and benefits regardless of whether the employee has a contractual right to claim them or not. No doubt he will continue to do so until a tax-payer is courageous enough to take the matter to appeal. If the appeal should succeed, then the provisions of para (f) will immediately be amended on the same lines as para (b). It is surprising that this has not yet been done although the Lunnon case was decided nearly 50 years ago."¹⁾

3.5 Klandisiewaarde

3.5.1 Klandisiewaarde ontleed

In Suid-Afrika is verskeie hofsake gevoer waarin die probleem van die omskrywing van klandisiewaarde 'n wesenlike rol gespeel het. Daarom is daar al 'n aantal beginsels vasgestel waarvolgens beoordeel kan word of 'n sekere som geld as klandisiewaarde geklassifiseer kan word of nie. Beginsels is ook vasgelê vir die heffing van belasting op sulke bedrae wat op verskillende maniere toeval aan die verkoper van die klandisiewaarde.

In Inkomstebelastingsaak nommer 649 word die saak verhoor van 'n restaurant wat verkoop word vir 'n bedrag wat sou insluit meubels, toebehore en klandisiewaarde²⁾. Daar word egter nie ooreengekom oor die bedrag wat vir klandisiewaarde betaal moes word nie. In sy uitspraak gee die regter die volgende beskrywing van klandisiewaarde³⁾: Klandisiewaarde is iets wesenlik. Dit is moeilik om dit te omskryf of in 'n presiese vorm te vestig. Dit is 'n gewoonte wat ontwikkel het in die gedagtes van mense en in hulle handelinge. Hulle openbaar dit deur as gereelde kliënte 'n besondere besigheid te ondersteun. Dit verg 'n groot som geld om hierdie gewoonte vas te lê en dit word die "besitting" van klandisiewaarde.

1) ITR no. 95, p. 254.

2) 15 SATC 359.

3) Ibid., p. 364.

Hierdie klandisiewaarde is 'n aanhangsel wat òf aan die persoon van die eienaar òf aan die besigheid kleef. Waar dit aan die besigheid of besigheidsgeboue gevestig is, kan daarna verwys word as lokale of plaaslike klandisiewaarde.

Wat betref die eienaar, vir sover as wat hy oor die beskikkingsreg van die klandisiewaarde beskik, is dit 'n aanhangsel van die bates waarvan hy eienaar is.

As die huurder die beskikkingsreg oor die klandisiewaarde het, is dit 'n aanhangsel van die huurkontrak en van die huurregte wat hy ontvang het. Dit is dus onafskeidbaar deel van die huurkontrak. Dit is dan 'n ondergeskikte deel van die huurkontrak.

Klandisiewaarde kan ook om die persoon sentreer. Divaris¹⁾ verwys na die saak SIR v Cadac Engineering Works (Pty) Ltd en haal die volgende definisie aan: "Goodwill ... may be said to include whatever adds value to a business by reason of situation, name and reputation, connection, introduction to old customers and agreed absence from competition."²⁾

Vanweë die vae en dikwels omstrede aard van klandisiewaarde, kan die volgende aanhalings van Divaris as nuttige leidrade dien: tot die mate wat inkomste uit sodanige omskrewe bron afkomstig is, is dit vry van belasting aangesien dit dan inkomste van 'n kapitale aard veronderstel:

"It is the connection ... formed, together with the circumstances, whether of habit or otherwise, which tend to make it permanent, that constitutes the goodwill of a business."

"It is the whole advantage, whatever it may be, of the reputation and connection of the firm, which may have been built up by years of honest work or gained by lavish expenditure of money."

"Goodwill might be defined as all the advantages acquired by a business owing to its reputation, position or

1) Vgl. voetnoot 2), p. 95.

2) ITR no. 95, p. 227 en 27 SATC 61.

patronage, which did not arise from the mere investment of capital."

3.5.2 Klandisiewaarde gebruik om belasting te vermy

Uit bostaande is dit duidelik dat die verkoop van klandisiewaarde die realisasie van 'n kapitale bate is. As sodanig is die opbrengs van so 'n transaksie 'n ontvangste van kapitale aard en dus nie belasbaar as bruto inkomste nie. Dit gee dadelik daartoe aanleiding dat belastingpligtiges 'n poging sal aanwend om "winste" by die verkoop van besighede so in te klee dat dit na klandisiewaarde sal lyk en dus nie belasbaar sal wees nie.

3.5.3 Klandisiewaarde onderskei van lopende inkomste

'n Sekere garage-eienaar het verskeie jare lank in Salisbury besigheid bedryf as handelaar in veral gebruikte motorvoertuie¹⁾.

In Oktober 1970 word 'n hotel in die middestad afgebreek en hy besluit dat die perseel baie goed geleë is om gebruik te word om sy voertuie uit te stal. Op 28 Oktober skryf hy 'n brief aan die eienaars van die perseel en bied aan om dit te huur teen 'n maandelikse huurgeld van \$300. Die eienaars neem die aanbod aan en stel as 'n voorwaarde dat hulle geen bydrae gaan maak tot die veranderinge en verbeteringe wat nodig is volgens die huurder se behoeftes nie. Die ooreenkoms word bekragtig en die termyn vasgestel van 1 Januarie 1971 tot 31 Desember 1973.

Tot Maart 1971 maak die huurder die grond gelyk, gruis dit, omhein die perseel en verander 'n bestaande geboutjie in 'n kantoor en waskamer. Die verbeterings kos hom \$1 356. Die appellant sit sy besigheid voort op die twee persele en adverteer daagliks in die plaaslike koerant.

Teen die middel van 1972 ontvang die appellant 'n aanbod om 'n perseel naby sy "tweede" besigheid te huur. Die groot voordeel van hierdie perseel was dat dit groot genoeg was dat appellant albei sy besighede op een perseel kon konsolideer. Die eienaars van die perseel (tweede besig-

1) ITC 1231, 37 SATC 141.

heid) weier egter om die huurkontrak te beëindig, maar stem in dat die appellant die perseel mag onderverhuur.

Op 15 Augustus 1972 onderverhuur hy die perseel aan 'n ander motorhandelaar vir die tydperk 1 September 1972 tot 31 Desember 1973 teen \$300 per maand plus \$5 000 vir klandisiewaarde.

Hy word aangeslaan vir inkomstebelasting op die \$5 000 en appelleer. Die Rhodesiese Spesiale Hof ontleed die \$5 000 om te besluit of dit klandisiewaarde is en of dit 'n premie is vir die reg om die plek te huur.

Die regter verwys na Inkomstebelastingsaak nommer 649 se omskrywing van klandisiewaarde, toets die \$5 000 ontvangste daaraan en bevind¹⁾:

- (i) die appellant het sy handelsnaam verwyder van die perseel en dit op sy nuwe besigheidsplek aangebring;
- (ii) in sy daaglikse advertensies in die koerant het hy sy klante verwittig van sy adresverandering;
- (iii) die ligging van die perseel, asook die verbeterings daarop aangebring, maak dit baie geskik vir gebruik deur 'n motorhandelaar;
- (iv) die feit dat die appellant die plek onderverhuur het teen 'n maandelikse huur van \$300 — dieselfde bedrag as waarvoor hy aanspreeklik was — lei tot die gevolgtrekking dat die \$5 000 bereken was as 'n premie vir die reg om die perseel te betrek en te gebruik;
- (v) buitendien was daar geen oordrag van die besigheid aan die onderhuurder nie.

Om hierdie redes was die \$5 000 nie klandisiewaarde nie en word die Ontvanger se aanslag bekragtig.

3.5.4 Ooreenkoms om kommissie te betaal nie vergoeding vir klandisiewaarde

'n Sekere kleinhandelaar in meubels verkoop 'n meubelfabriek onder 'n ooreenkoms dat geen betaling vir klandi-

1) Ibid., p. 144.

siewaarde gedoen sal word nie¹⁾). Daar is verder ooreengekom dat die koper vir 'n vasgestelde tydperk vanaf die verkoopdatum aan die verkoper 5% kommissie sou betaal op alle verkope as gevolg van kleinhandelbestellings wat direk by die fabrikant geplaas word deur persone wat in die omgewing van die fabriek woonagtig is.

Die hof bevind dat die ooreenkoms dat daar geen betaling vir klandisiewaarde gemaak sou word nie, daartoe aanleiding gegee het dat "the commission could not be regarded as consideration for the sale of goodwill but was probably designed to protect the seller in his own retail business which he was continuing to conduct and that it was an arrangement for the protection of his income and as such it would attract tax."²⁾

3.5.5 Beginsels by beoordeling van klandisiewaarde

Klandisiewaarde kan op verskillende voorwaardes verkoop word en die betaling daarvoor kan op verskillende maniere gedoen word: Die volgende beginsels geld vir die beoordeling van die aard van elke klandisiewaardetransaksie³⁾:

- (i) Enige bedrag ontvang by die verkoop van die klandisiewaarde van 'n besigheid is 'n kapitaalontvangste en is nie belasbaar nie op voorwaarde dat die besigheid oorspronklik aangekoop is met die doel om besigheid te bedryf en nie met die doel om dit teen 'n wins te verkoop nie.
- (ii) Die betaling vir die klandisiewaarde kan in 'n enkelbedrag geskied. In so 'n geval is daar geen twyfel dat dit 'n kapitaalontvangste is nie.
- (iii) Indien 'n sekere bedrag vir klandisiewaarde vasgestel is, bly dit 'n kapitaalontvangste al word daar ook ooreengekom dat die bedrag in paaielemente afbetaal sal word. Die paaielemente kan verdeel word volgens 'n sekere tydsverloop; bv. R10 000 kan

1) ITC no. 752, 18 SATC 417 — aangehaal deur Silke, op. cit., par. 76, p. 76.

2) Id.

3) Silke, op. cit., pp. 75, 76; ITR no. 95, p. 229 en ITR no. 96, p. 269.

verdeel word in tien jaarlikse paaieimente van R1 000 elk. Verder kan die grootte van die paaieimente ook bereken word volgens die jaarlikse wins. So kan ooreengekom word dat die koper aan die verkoper 25% van die besigheid se netto wins sal betaal totdat die koopsom van die klandisiewaarde afbetaal is. Die enigste vereiste wat geld om van hierdie ontvangstes kapitaalontvangstes te maak, is dat die bedrag van die klandisiewaarde vasgestel moet wees. Hierdie beginsel word vir die koper gegrond op die uitspraak in *New State Areas Ltd v CIR*, naamlik "If (an expenditure) is incurred for the purpose of acquiring a capital asset for the business it is capital expenditure, even if it is paid in annual instalments".¹⁾ Van toepassing op die verkoper is die stelling uit *Modderfontein B Gold Mining Co. Ltd v CIR*: "An investigation of the relevant circumstances might show that (moneys periodically due for an indefinite period) were merely the repayment of capital by instalments..."²⁾

- (iv) Dit mag gebeur dat daar nie 'n vaste bedrag vir klandisiewaarde vasgestel word nie, maar dat die koper vir 'n bepaalde of onbepaalde tyd aan die verkoper 'n deel van die besigheid se winste moet betaal as vergoeding vir die klandisiewaarde. Aangesien die verkoper 'n deel van die besigheid se wins ontvang, lyk dit heeltemal redelik dat hy ook daarop belas behoort te word. Die verkoper het afstand gedoen van sy kapitaalbate, klandisiewaarde, in ruil vir die reg om 'n inkomste uit die besigheid te ontvang³⁾.
- (v) Die waarde van die klandisiewaarde kan vasgestel word as 'n hoofsom plus 'n gedeelte van die besigheid se jaarlikse winste.

Dit sal nie 'n verskil maak of die hoofsom in 'n enkelbedrag of in paaieimente betaalbaar is nie —

1) Aangehaal in ITR no. 95, p. 230 — My onderstreping.

2) 32 SATC 202.

3) ITR no. 96, p. 263.

dit is 'n ontvangste van kapitale aard. Die jaarlikse winsgedeelte sal belasbare inkomste wees.

Beide Silke¹⁾ en Divaris²⁾ verwys na 'n sekere Jones-saak in die Engelse regspraak en in besonder na die volgende aanhaling uit die uitspraak:

"The property was sold for a certain sum, and in addition the vender took an annual sum which was dependent, in effect, on the volume of business done; that is to say, he took something which rose or fell with the chances of the business. I think, when a man does that, he does take an income — that is what it is. It is in the nature of income, and on that ground I decide this case."³⁾

Ons howe het nog nie 'n beslissing in dié verband gegee nie, maar dis baie waarskynlik dat die uitspraak dieselfde mag wees as hierbo gestel.

(vi) Indien daar nie by die koop-ooreenkoms 'n bedrag vir klandisiewaarde vasgestel word nie, maar daar word bepaal dat die koper na bv. 5 jaar in een bedrag 'n bedrag gelykstaande aan 20% van die voorafgaande 5 jaar se wins aan die verkoper sal betaal, sal hierdie ontvangste nie belasbaar wees nie, omdat die verkoper nie 'n deel van die wins ontvang het nie. Dit was net 'n spesiale metode om die bedrag van die klandisiewaarde te bereken. As grondslag vir hierdie stelling beroep Divaris hom op uitsprake in twee Engelse sake, nl. CIR v Hogarth en CIR v Ledgard⁴⁾.

(vii) Indien die klandisiewaarde verkoop word vir 'n annuïteit (dit is 'n som geld wat aan die ontvanger betaal moet word gedurende sy leeftyd) is dit 'n belasbare ontvangste omdat dit vir belasting kwalifiseer volgens die definisie van bruto inkomste in

1) Silke, op. cit., p. 76.

2) Divaris, C. Goodwill: A Reappraisal — 'n reeks artikels oor klandisiewaarde in opeenvolgende uitgaves van The Income Tax Reporter. In dié geval ITR no. 96, p. 266.

3) ITR no. 96, pp. 266 en 267. Vgl. p. 98, voetnoot 2).

4) Id.

artikel 1(a) van die Inkomstebelastingwet.

In Inkomstebelastingsaak nommer 713 word die appèl verhoor van 'n persoon wat 'n fabrieksonderneming verkoop het vir die betaling van 'n som van £50 per maand vir die res van sy (die verkoper se) lewe¹⁾. Die appellant beroep hom daarop dat hy 'n kapitaalbate verkoop het en dat die bedrag betaalbaar wel berekenbaar is. Sy oorspronklike prys was £5 000, maar daarna is ooreengekom op 'n betaling in paaiemente van £50 per maand. Die paaiemente sou onmiddellik staak by sy afsterwe. Aangesien hy al 'n bejaarde man was, het hy dit beskou as 'n dobbelspel tussen hom en die koper om te sien wie van hulle die voordeel uit hierdie ooreenkoms sou trek.

Die hof sien hierdie ooreenkoms as totaal verskillend van die posisie waar 'n vaste bedrag vir klandisiewaarde vasgestel sou gewees het. Die koopprys kan nou wissel vanaf £50 na die eerste paaiement tot 'n baie groot bedrag indien die appellant nog baie jare sou leef. Indien die appellant 'n vaste bedrag geneem en daarmee 'n annuïteit van £50 per maand gekoop het, sou sy inkomste belasbaar gewees het. Die hof se uitspraak: "In the present case he has omitted this step of obtaining a fixed sum of money and then buying the annuity, but the result arrived at is, in my view, exactly the same as if he had taken those two steps and the amount of £50 per month would then clearly have been an annuity and liable to tax."²⁾

Sy appèl word dus van die hand gewys.

3.5.6 Praktiese betekenis van die beginsels omtrent klandisiewaarde

In die geskiedenis van ons regspraak is nog nie 'n saak verhoor waar hierdie beginsels onomwonde vasgelê is nie. Die saak wat die naaste kom aan so 'n manier van betaling

1) 17 SATC 337.

2) Ibid., p. 339.

vir klandisiewaarde, en wat ook deur skrywers aangehaal word ter stawing van die argumente vir die belasbaarheid van so 'n ontvangste van 'n winsgedeelte, is die saak Deary v Deputy Commissioner of Inland Revenue¹⁾: Deary, 'n algemene handelaar, verkoop sy besigheid aan drie van sy werknemers onder die volgende voorwaardes: hulle neem die voorraad, meubels en toerusting oor en huur die perseel en geboue. Hulle teken 'n skuldbewys van £10 000 as waarborg vir die koopsom en sekere lenings wat hulle by Deary aangegaan het. Hulle sou rente betaal op die skuldbewys. Die skuld moes afgelos word in jaarlikse paaieimente. Deary sou jaarliks die paaieimentbedrag bepaal en verder kon hy die volle uitstaande bedrag opvorder met 'n maand kennisgewing. As vergoeding vir sy "klandisiewaarde" sou Deary een kwart van die besigheid se jaarlikse netto wins ontvang totdat die skuld ten volle vereffen was. Die ooreenkoms stel dit onomwonde dat daar nie 'n vennootskapoooreenkoms bestaan het tussen Deary en die ander drie vennote nie.

In sy uitspraak sê Regter Benjamin:

"It was clear that if the agreement constituted a partnership between Deary and the other parties, Deary would be liable to tax on the share of profits, but it did not seem that Deary was a partner. Even if he were not a partner, he was still liable to tax."²⁾

Die hof bevind verder dat hy nie bedoel het om sy klandisiewaarde te verkoop nie, omdat hy volgens sy eie diskresie die prys kon wissel en hy kon die tydperk van betaling rek so lank as wat hy wou.

Dit is hoogs waarskynlik dat hy belastingpligtig sou wees selfs al het hy ook bedoel om die klandisiewaarde te verkoop teen betaling van 'n deel van die wins vir 'n onbepaalde tydperk. Die hof bevind verder dat Deary 'n deel van die winste sou ontvang vir gebruik van die klandisiewaarde, afsonderlik van sy wetlike eienaarskap, tot op 'n

1) 32 SATC 92 soos bespreek in ITR no. 96, p. 264 en Silke, op. cit., p. 76, voetnoot 17.

2) ITR no. 96, p. 264.

datum dat die beheer oor die besigheid uit sy hande verdwyn by afbetaling van die verband. Dit kan ook gestel word dat hy self gehelp het om die klandisiewaarde te behou en uit te bou deurdat hy die grootste sê in die bestuur behou het. Betaling van 'n deel van die winste kon dus 'n element van vergoeding vir sy goeie dienste inhou.

Hierdie hofsaak voorsien nie 'n suiwer beslissing in verband met die verkoop van klandisiewaarde sonder om 'n vaste bedrag te stel en dan teen betaling van 'n deel van die winste nie, maar in die woorde van Divaris: "We do not have amongst our tax cases any stronger authority than Deary's case for the proposition that the seller of goodwill in return for a share of profits is liable to tax on those profits. And the facts of that case ... do not quite meet our requirements, at least not clearly."¹⁾

Divaris verwys in die verband na 'n uitspraak in 'n Engelse hofsaak wat in 1920 verhoor is, nl. Jones v CIR (1920) 1 KB 711, 7 TC 310, waar die regter in sy uitspraak o.a. verwys na die moontlikheid dat 'n persoon sy eiendom mag verkoop vir 'n aandeel in die wins van 'n besigheid: "... and if he does that, I think the share of the profits of the business would be undoubtedly be the share of the profits of the business and would bear the character of income in his hands because that is the nature of it."²⁾

3.6 Die privaatomotor

Hierdie is 'n baie klein bron van kapitaalwins in vergelyking met die ander bates wat reeds bespreek is. Onder normale omstandighede sal 'n belastingpligtige gewoonlik 'n verlies ly wanneer hy sy privaatomotor verkoop. Die moontlikheid om 'n wins te realiseer bestaan egter wel, veral in die huidige tyd van vinnig stygende pryse.

Wanneer so 'n privaatomotor teen 'n wins verkoop word, word die wins beskou as 'n kapitaalwins en sal dit nie belas word nie. Dit is moontlik om ook hier 'n winsbejagskema te bedink. 'n Persoon kan bv. 'n gebruikte motor koop, dit

1) ITR no. 96, pp. 264 en 269.

2) Ibid., p. 264.

herstel en teen 'n wins verkoop en 'n volgende motor koop met dieselfde doel. Sodra daar sprake is van 'n winsbejag-skema, sal sy winste nie meer kapitaalwinste wees nie, maar belasbare inkomste.

4. GEVOLGTREKKING

Die voorgaande bespreking was noodsaaklik en nuttig omdat die oorsprong van wins dikwels beslissend is vir die bepaling van die kapitale aard van die wins — en dus die belasbaarheid daarvan al dan nie as kapitaalwins. Hierdie bespreking het egter duidelik die feit na vore gebring dat die oorsprong van die wins 'n onderdeel vorm van die identifiseerbaarheidsprobleem wat in hoofstuk 2 aangesny is. Daarom lei beide hoofstukke tot die gevolgtrekking dat die kapitaalwins hoofsaaklik geïdentifiseer kan word aan die bedoeling agter die handelinge van die persoon wat die wins behaal het. In die regspraak gaan dit om werklik alle handelinge bedoel, toevallig of vermeen. Dit gaan ook om die verhouding van die aktiwiteite wat die wins verdien tot ander aktiwiteite wat nie aan die wins verbonde is nie. Die regspraak bedien hom van die begrip "rasionaliteit" by die winshandeling, bv. as die risiko-element doelbewus verminder of uitgeskakel word, is die wins nie toevallig of insidenteel nie, maar berus dit op die normale optredes wat doelgerigte winshandeling impliseer. Veral blyk dat persone wat geskenke ontvang of gee, dit 'n onskuldige voorkoms wil gee as synde van kapitale aard. Juis in hierdie opsig spreek die bedoeling van die betrokke by regspleging die sterkste. Ook die gereeldheid waarmee die bepaalde winshandeling uitgevoer word, is beslissend vir die bepaling van die bedoeling van die betrokke¹⁾. Hierdie bedoelingsaspek sal verder ontleed word aan die hand van die termyn van aanhou van kapitaalbate. Dit kom aan die orde in hoofstuk 5.

1) Vgl. bespreking by voetnoot 1), p. 54.

KATEGORIEË VAN KAPITAALWINS — DIE TERMYNASPEK

1. INLEIDING

Dit blyk dat die belangrikste basis van kategorieverdeling van kapitaalwins vir belastingdoeleindes, berus op 'n bepaalde beskouing omtrent die termyn van besit van die bates waarop die kapitaalwins behaal word. Hierdie aangeleentheid van tydperk in besit as indelingswyse van 'n bepaalde wins word nou aan die orde gestel. Vooraf volg die algemene beskouing in die buiteland, dan die beskouing in 'n paar lande vanweë die groot mate van ooreenkoms met die algemeen geldende beskouing in Suid-Afrika, en laastens die beskouing in Suid-Afrika soos uitgespel in 'n aantal hofsake. In die laasgenoemde geval hoef slegs na enkele verteenwoordigende voorbeelde gekyk te word.

2. INDELING IN DIE BUITELAND

2.1 Algemene beskouing in die buiteland

In al die lande waar 'n belasting op kapitaalwins gehef word, word die kapitaalwins in twee kategorieë ingedeel nl. 'n korttermynkapitaalwins en 'n langtermynkapitaalwins. Die kapitaalwins word in hierdie twee kategorieë ingedeel vir die bepaling van die koers waarteen sulke winste belas moet word.

Die wins op bates wat vir 'n lang tydperk gehou is voordat dit verkoop is, word teen 'n laer koers belas as die wins op bates wat net vir 'n kort rukkie gehou is¹⁾. Die hou van 'n bate vir 'n gewisse minimum tydperk is een van die belangrikste kriteria vir die afbakening van voorkeurtransaksies²⁾. Die minimum tydperk wissel van 6 maande tot soveel as 2 jaar³⁾.

-
- 1) (i) Spitz, B.K. The Taxation of Capital Gains in The New United Kingdom Tax Structure. in The South African Chartered Accountant, Febr. 1966, p. 50; en
 (ii) David, M. Economic Effects of the Capital Gains Tax in Papers and Proceedings 76 Annual Meeting, Vol. 54, 1964. p. 283; en
 (iii) Ilersic, op. cit., p. 56.
 2) David, M. op. cit., p. 283.
 3) Wells, Anita, op. cit., p. 14. Vgl. par. 2.2.2, p. 4.

So sê Martin David byvoorbeeld dat daar twee kategorieë van bates is wat geregtig is op voorkeurbehandeling by die heffing van belastinge nl. "preferred assets held more than six months and more preferred assets held for more than two years"¹⁾. Hy wys verder daarop dat korttermyntransaksies gewoonlik lei tot klein winste en verliese terwyl aansienlike winste uit langtermyntransaksies behaal word.

Die minimum-houperiode, wat dikwels op 6 maande gestel word, kan misleidend wees²⁾. 'n Persoon kan byvoorbeeld 'n bate aankoop met die bedoeling om dit te hou as 'n belegging. Binne ses maande verkoop hy dit weer met die oog op 'n diversifisering van sy bates. Hy sal belas word. 'n Volgende persoon koop 'n bate met die oog op spekulاسie. As gevolg van marktoestande kan hy dit eers na meer as ses maande teen 'n wins verkoop — hy het 'n kapitaalwinst gerealiseer!

In die V.S.A. is hierdie een van drie basiese toetse om te onderskei tussen kapitaal en inkomste³⁾. Sodra die bate vir meer as ses maande gehou is, kwalifiseer dit vir voorkeurbehandeling in die vorm van 'n laer belastingkoers.

2.2 Die beskouinge in die Verenigde Koninkryk

In die Verenigde Koninkryk is in 1962 'n belastingstelsel ingestel waaronder 'n belasting gehef is op die winste op sekere bates. Die tydsebeperking is gestel as "three years if the asset was land, and six months if it was not"⁴⁾. Die tydskuur is egter hersien en onder die nuwe stelsel is die tydperk tussen verkryging en vervreemding verminder van drie jaar tot een jaar in die geval van grond en vermeerder van 6 maande tot een jaar in die geval van ander bates. Vir belastingdoeleindes word alle bates dus nou oor een kam

-
- 1) (i) David, M. op. cit., p. 297. Vgl. ook
(ii) Helliwell, J. The Taxation of Capital Gains. in Canadian Journal of Economics, Vol. 2, 1969, p. 315; en
(iii) Spitz, B.K. The Taxation of Capital Gains in the New United Kingdom Tax Structure. in The South African Chartered Accountant, Febr. 1966, p. 50.
(iv) Hockley, G.C., Monetary Policy and Public Finance. Routledge & Kegan Paul, London, 1970. p. 149.
 - 2) Miller. The Capital Asset Concept: 1. op. cit., p. 842.
 - 3) Ibid., p. 838 en Slitor, op. cit., p. 30.
 - 4) Spitz, op. cit., p. 50. Vgl. ook Hockley, op. cit., p. 149.

geskeer en indien die houperiode minder as 'n jaar is, ressorteer die wins onder die korttermyn en is dit belasbaar.

Anita Wells kritiseer die indeling in korttermyn- en langtermynkapitaalwinste. Sy sê die onderskeid is kunsmatig en ongesond. Die houperiode is die swakste kenmerk van die kapitaalwinstbelasting en daarom behoort dit heeltemal uitgeskakel te word. Dit benadeel investering en vrye kapitaalvloei en verminder belastinginkomste vir die Staat deurdat dit transaksies ontmoedig; aldus Wells¹⁾.

'n Engelse finansiële komitee vind tog meriete in die indeling en beweer dat 'n houperiode van ses maande die spekulant genoegsaam ontmoedig om hom te onderskei van die ware belegger²⁾.

Die Royal Commission sluit aan by Anita Wells en beveel aan dat geen onderskeid gemaak behoort te word tussen kort- en langtermynwinste nie. "Any such distinction is bound to be arbitrary, and an invitation to tax avoidance"³⁾.

Die ses maande houperiode dien verder as 'n sterk aanmoediging om die verkoop van kapitale bates, waarop kapitaalwinste opgeloop het, so lank as moontlik uit te stel⁴⁾. Die besitter van die kapitale bates kan daarin slaag om die betaal van die belasting onbepaald uit te stel — selfs tot by sy dood, in welke geval hy die belasting dan heeltemal vryspring⁵⁾.

1) Wells, op. cit., p. 28.

2) Ibid., p. 29.

3) (i) Royal Commission, op. cit., p. 74. Vgl. ook
(ii) Zandford. Taxing Personal Wealth. op. cit., p. 228.
(iii) Von Meiring, O. The Shifting and Incidence of Taxation. Kennikut Press, Port Washington, N.Y., London, 1972. pp. 195, 196.

(iv) Millan, B. Taxes for a Prosperous Society. Fabian Research Series 234. April 1963. p. 12.
4) Vgl. par. 3.2.4., p. 124; par. 5.3, p. 130 en verwysing na "lock-in effect", par. 3.3.1, p. 166.

5) (i) Butters, J.K., Thompson, L.E. en Bollinger, L.L. Effects of Taxation — Investments by Individuals. Boston Division of Research, Graduate School of Business Administration. Harvard Univ. 1953, p. 44.
(ii) Hinrichs, H.H. An Empirical Measure of Investors' Responsiveness to Differentials in Capital Gains Tax Rates among Income Groups. in National Tax Journal, Vol. 16, no. 3, Sept. 1963, p. 774.
(iii) Somers, H.M. Reconsideration of the Capital Gains Tax. in National Tax Journal, Vol. 13, no. 4, Dec. 1960, p. 292.

Nog 'n probleem wat David uitwys, is dat beleggers hulle langtermynwinste en ander inkomste in goeie jare verminder deur korttermynverliese te realiseer en dit dan teen die genoemde winste te verreken¹⁾. Hy vermoed dat hierdie verliese veral teen normale inkomste verreken word, omdat die langtermynkapitaalwins alreeds teen 'n laer koers belas word.

2.3 Behandeling van die kapitaalwins in Indië

Gulati wys op vier moontlike situasies wat kan ontstaan wanneer met kort- en langtermynkapitaalwins gewerk word. In Indië word die verskillende situasies van die kapitaalwinsposisie soos volg gehanteer²⁾:

2.3.1 Netto kapitaalwins op beide kort- en langtermyn

Indien die korttermynwinste groter is as die korttermynverliese en die langtermynwins is groter as die langtermynverlies, dan word die korttermynwins belas teen dieselfde koers as normale inkomste terwyl die langtermynwins teen 25% belas word.

2.3.2 Korttermyn netto kapitaalwins teenoor langtermyn netto kapitaalverlies

Die korttermynwins kan groter wees as die korttermynverlies, terwyl die langtermynwins kleiner is as die langtermynverlies. Nou word die korttermynwins beskou as normale inkomste terwyl die langtermynverlies vier jaar lank oorgedra kan word om teen toekomstige langtermynwinste in berekening gebring te word.

2.3.3 Korttermyn netto kapitaalverlies wat kleiner is as die langtermyn netto kapitaalwins

Die korttermynverliese kan groter wees as die korttermynwinste terwyl die langtermynwins soveel groter is as die langtermynverlies dat die totale wins groter is as die totale verlies. Die netto wins word nou belas as langtermynwins.

-
- 1) David, M. Alternative Approaches to Capital Gains Taxation. Studies of Government Finance. The Brookings Institution. Washington DC. 1968, p. 79.
 - 2) Gulati, I.S. A Note on the Capital Gains Tax in India. in Public Finance, Vol. 18, 1963, p. 105.

2.3.4 Netto kapitaalverlies op beide kort- en langtermyn

Die korttermynverlies is groter as die korttermynwins en die langtermynverlies is ook groter as die langtermynwins. Die netto korttermynverliese kan die volgende agt jaar oorgedra word terwyl die langtermynverlies net vier jaar oorgedra kan word om teen toekomstige kort- en langtermynwinste onderskeidelik verreken te word.

2.4 Behandeling in Rhodesië

Daar is 'n baie noue ooreenkoms tussen die behandeling van kapitaalswins in Rhodesië en in Suid-Afrika en daarom kyk ons na enkele voorbeelde van hulle benadering.

2.4.1 Bedoeling nogeens: — negatief

In Inkomstebelastingsaak nommer 874¹⁾, wat in 1959 in die Spesiale Hof in die Federasie van Rhodesië en Njassaland verhoor is²⁾, het die appèl gediën van 'n sekere klerefabriek daarop te bou. Hy besluit om die plek intussen te verhuur solank hy sy sake reël en een van die voornemende huurders maak 'n aanbod om te koop. Appellant stel 'n hoë prys en die kontrak word bekragtig.

Appellant het die plek gekoop op 2 Maart 1957 en verkoop op 15 Maart 1957. Sy wins was £1 355.

Die hof beslis dat appellant nie daarin kon slaag om die hof te oortuig dat sy bedoeling met die koop en verkoop van die plek uit 'n beleggingsoogpunt suiwer was nie. Verder word bevind dat die kort houperiodes daartoe bydra om die hof te oortuig dat die wins wel van 'n inkomsteaard en daarom belasbaar is.

2.4.2 Bedoeling nogeens: — positief

In die vorige hoofstuk is die saak bespreek van die Rhodesiese sakeman wat binne 'n paar jaar vier keer van huis verwissel het en elke keer teen 'n aansienlike

1) 23 SATC 96. Vgl. ook p. 26 vir 'n verwysing na die houtydperk.

2) Vgl. Hoofstuk 2, p. 26.

wins¹⁾. Die hof het egter in sy geval bevind dat hy voldoende redes aangevoer het vir sy baie transaksies en dat sy winste van 'n kapitale aard was ten spyte van die kort tydperk wat telkemale verloop het tussen sy koop- en verkooptransaksies.

2.4.3 Houtydperk nie altyd beslissend nie

'n Sekere Rhodesiese maatskappy koop tussen 1894 en 1896 nege plase in Suid-Rhodesië en ontvang in 1900 'n gekonsolideerde titelakte vir die hele blok van 28 217 morge²⁾. Behalwe vir die oprigting van dipfasiliteite, bring die maatskappy geen verdere verbeteringe op die grond aan nie. Die enigste inkomste uit die grond was sporadiese huurgeld van naturelleplakkers. Gedurende party jare was daar geen inkomste uit huurgeld nie. In 1951 word die grond onderverdeel in elf plase wat almal gedurende 1953 en 1954 verkoop word. Die Kommissaris van Belastingen sluit die winste in vir berekening van die maatskappy se belasbare inkomste vir die twee jaar. Die maatskappy appelleer.

Die hof bevind dat dit onder die gegewe omstandighede baie waarskynlik is dat die grond aangekoop is met die oog op 'n moontlike winsgewende verkoping in die toekoms. Die inkomste uit die verhuur aan naturelleplakkers was net 'n tussentydse inkomste.

Na aanleiding van die maatskappy se handelinge in verband met die eiendom, voel die regter dat die houtydperk van 50 jaar nie van belang is vir die bepaling van die aard van die wins nie. Dit lyk asof die maatskappy net gesit en wag het vir 'n geskikte geleentheid om die eiendom te verkoop. Die maatskappy was nie gewillig om te verkoop voordat 'n goeie wins nie verkry kon word nie. Die regter voel dat die feit dat hierdie geleentheid hom nie binne 'n paar jaar voorgedoen het nie, niks daartoe bygedra het om die verkryging van die eiendom te omskep in 'n belegging nie. In sy uitspraak sê die regter onder andere: "The appellant company has failed to establish on a balance of probability

1) ITC 1230. Vgl. ook Hoofstuk 2, p.24 en Hoofstuk 4, p. 61.

2) ITC no. 862, 22 SATC 301; vgl. ook p. 26 hierbo.

that the land under consideration was held for investment purposes in 1949 and that its resale was simply the realization of fixed capital at an enhanced value."¹⁾

Die appèl is van die hand gewys en die belastingaanslag is bekragtig.

3. BEHANDELING IN SUID-AFRIKA²⁾

3.1 Algemene oorsig

Die posisie in Suid-Afrika is analoog met hierdie derde voorbeeld met betrekking tot Rhodesiese regspraak: Wins gerealiseer op bates wat vir 'n lang tydperk gehou is, word normaalweg deur beleggers beskou as van 'n kapitale aard wat nie as deel van normale inkomste belas kan word nie.

In die Suid-Afrikaanse regspraak is die tydperk wat 'n bate gehou is, nie noodwendig beslissend wanneer bepaal moet word of die opbrengs uit die realisasie van daardie bate onderhewig moet wees aan belasting nie³⁾. Normaalweg sal 'n betreklik vroeë realisasie van 'n bate teen 'n aansienlike wins die gevolgtrekking laat ontstaan dat die bate aangekoop is met die moontlike wins in gedagte⁴⁾. Die werklike omstandighede van die realisasie mag hierdie gevolgtrekking egter weerlê. Die verkoop mag verhaas wees deur omstandighede wat ten tye van die verkryging van die bate onvoorsiens of slegs 'n vae moontlikheid kon wees⁵⁾.

Die beginsels omtrent die tydperk van aanhou van 'n bate as kriterium vir die bepaling van die aard van 'n wins kan soos volg saamgevat word⁶⁾: 'n Belastingbetaler wat koop met die oog op die herverkoop, kan 'n vinnige wins neem of hy mag baie jare wag voordat hy so 'n prys kan kry dat hy besluit

1) 22 SATC by 305.

2) Vgl. ook par. 3, p. 6 e.v.

3) Reliance Land and Investment Co (Pty) Ltd v CIR, 14 SATC 47; ITC 1200, 36 SATC by 39.

4) SIR v Trust Bank of Africa Ltd, 37 SATC 87; ITC 1230, 37 SATC by 127, 128; Natal Estates Ltd v SIR, 37 SATC 193; ITR 109, p. 169.

5) ITR 88, p. 293; ITC 1185, 35 SATC 122; ITC 1187, 35 SATC 141; Tati Co Ltd v CIT, 37 SATC by 85.

6) ITC 1200, 36 SATC by 38.

om sy winsmaakskema ten uitvoer te bring. Die tydperk wat 'n bate gehou is, is nie ontoepaslik nie, maar dit moet saam met ander data oorweeg word — nie omdat dit 'n bepaalde faktor is nie, maar omdat dit kan meehelp om ander getuienis te bevestig of te weerlê.

3.2 Die Afrikaanse Handelsinstituut se siening

In 'n bespreking van die moontlikheid van die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika sê die Afrikaanse Handelsinstituut dat indien die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika 'n werklikheid moet word, moet die "hoogte van die belasting 'n funksie wees van die termyn wat die betrokke bate, waarop die kapitaalwins gerealiseer is, in besit was ..." ¹⁾ Hiermee dui hulle dus aan dat hulle van mening is dat daar wel 'n verskil bestaan tussen winste wat na 'n kort- of lang houperiode gerealiseer word.

3.3 Die Franzsenkommissie se aanbeveling

Die Franzsenkommissie erken die verskil tussen kort- en langtermynkapitaalwinste. Die Kommissie is egter nie oortuig dat die tydperk gehou 'n suiwer maatstaf is vir die bepaling van die aard van 'n wins nie. In par. 307 sê die Kommissie:

"Die Kommissie is ook beïndruk, hoewel nie oortuig nie, deur 'n standpunt dat hoe langer die bate gehou is, hoe verder word die transaksie van 'n blote spekulاسie verwyder." ²⁾

Die Kommissie onderskei dan ook nie die twee kategorieë vir belastingdoeleindes nie en stel voor dat kapitaalwinste teen 'n skaal van 20% belas word en dat 'n nivellerings effek verkry word deur die kapitaalwins te verminder tot sekere gegewe persentasies wat verkry word deur die tydperk wat die bate gehou is, in ag te neem ³⁾. Die tydperke wat voorgestel word, wissel van 3 jaar tot 9 jaar. Geen vermelding word gemaak van 'n korttermyn- of langtermynkapitaalwins nie.

1) Volkshandel, Nov. 1968, p. 19.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 64. Vgl. par. 3.4, p. 26.

3) Id. Vgl. ook Hoofstuk 2, p. 25 vir volledige besonderhede.

3.4 Ook deur die regspraak afgewys

In 1930 koop die maatskappy, Durban North Traders, 'n stuk grond met besigheidsregte in 'n sekere nuwe dorpsgebied.¹⁾ Hulle bring 'n aantal verbeterings aan, rig winkels op en verhuur die eiendom. In 1948 verkoop die maatskappy die eiendom teen 'n wins van £16 533. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste sluit hierdie wins in by die maatskappy se ander inkomste en bereken sy belastingaanslag daarop. Die maatskappy appelleer.

In sy verweer beroep die appellant se regsverteenwoordiger hom o.a. op die feit dat die grond 18 jaar gehou is voordat dit verkoop is. Dit, meen hy, is 'n baie goeie aanduiding dat die hele transaksie nie uitgevoer is met die oog op winsbejag nie²⁾.

Die Kommissaris voer aan dat dit van weinig, indien enige, betekenis is dat die eiendom vir so 'n lang periode gehou is en dat daar selfs enkele verbeterings aangebring is³⁾. Dit kan heeltemal in ooreenstemming wees met 'n bedoeling om die eiendom te verkry en te hou met die oog daarop om dit teen 'n wins te verkoop. Die hof bevind dat die lang tydperk wat verloop het, maklik verklaar kan word "by the circumstances that the township took a long time to get into its stride as a profit-making enterprise and that war-time restrictions supervened"⁴⁾. Die appêl word dus van die hand gewys en die appellant gelas om belasting te betaal op die wins wat hy gerealiseer het.

3.5 Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse regspraak laat hom nie bind deur 'n indeling in lang- en korttermynwinste nie. Die tydperk wat die bate, wat die wins opgelewer het, in besit was, kan gebruik word om 'n aanduiding te gee van die moontlike bedoeling van die belastingpligtige met die sluit van die besondere transaksie waaruit die wins voortgevloei het.

1) 21 SATC 85.

2) Vgl. ook par. 3.4, p. 26 hierbo.

3) 21 SATC by p. 89.

4) Ibid., p. 97.

Elke transaksie word volgens sy eie besondere omstandighede ontleed en gevolgtrekkings word daarop gebaseer. Daar word geen onderskeid getref in die belastingkoerse indien 'n wins oor 'n kort of 'n lang tydperk opgeloopt het nie. Indien daar besluit is dat 'n besondere wins van 'n inkomste-aard is, word dit eenvoudig by die ontvanger se ander inkomste gevoeg en hy word teen normale progressiewe inkomstebelastingkoerse aangeslaan.

Oor die besondere metodes van beoordeling wat gevolg word en die toetse wat toegepas word by die ontleding van 'n besondere transaksie, word volledig in 'n volgende hoofstuk gehandel.

HOOFSTUK 6

IS KAPITAALWINS REËEL OF ILLUSIONÊR?

1. INLEIDING

Die groot vraagstuk in verband met die belasting op kapitaalwinste bestaan in die onderskeid wat getrek moet word tussen reële en illusionêre kapitaalwinste¹⁾.

Reële kapitaalwins kan gedefinieer word as 'n toename in die reële waarde van alle soorte bates wat bydra tot hoër bedingingsvermoë, lewenstandaard en ekonomiese behoeftebevrediging²⁾.

Illusionêre kapitaalwinste sal dan denkbeeldig en oneg van aard wees. Dit is skynwinste wat in geld uitgedruk word, maar wat geen verbetering in die ontvanger se bestedingsvermoë of reële batebesit teweegbring nie³⁾.

Miller beweer: "The man who sells an asset at twice its cost but at no more in purchasing power than he paid for it, gets a truly illusory gain"⁴⁾. Gulati sê 'n belasting op geldwinste diskrimineer tussen besitters van verskillende soorte bates omdat dit nie onderskei tussen reële en denkbeeldige winste nie⁵⁾.

Voordat 'n beslissing gevel kan word oor die belasbaarheid van kapitaalwinste, is dit nodig om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die twee klasse kapitaalwins, nl. reële en illusionêre kapitaalwins. Daarom is dit nodig om eers te kyk na die bronne van reële kapitaalwins soos deur verskillende skrywers uitgebeeld.

-
- 1) Venter, W.J. Die Kapitale Winsbelasting. Ongepubliseerde Klaslesing. P.U. vir C.H.O.
 - 2) Gulati, I.S. A Note on the Capital Gains Tax, op. cit., p. 227. Vgl. par. 3.2, p. 20; par. 2.1, p. 133 en 1e par., p. 147.
 - 3) In die verband sê Sandford: "... gains which are simply proportional to changes in the price level are illusory" en "... in so far as gains are a product of price increases they are monetary only, not real." — Sandford, op. cit., p. 225.
 - 4) Miller, op. cit., p. 1063.
 - 5) Gulati, op. cit., p. 227.

2. MOONTLIKE OORSAKE VAN REËLE KAPITAALWINS

2.1 Die terugploeg van winste

Sandford verwys na die beleid van maatskappye om slegs klein (of geen) dividendbetalings te maak¹⁾. 'n Toename in die aandele se waarde as gevolg van hierdie terughou en herinvestering van winste lei tot 'n vermeerdering in die waarde van die maatskappy se reële bates²⁾. Die verhoging in die aandelewaarde is 'n direkte gevolg van die inkomste wat nie verdeel is nie en winste op hierdie aandele weerspieël die opgeloopte onuitgekeerde winste³⁾. Dié tipe aandele is gewild by persone wat onderhewig is aan hoë koerse van inkomste-belasting omdat hulle nou in staat is om onbelaste kapitaalwinste te realiseer eerder as om swaar belaste dividende te trek⁴⁾.

2.2 Vergrote toekomsverwagtings

Kapitaalwins kan ontstaan as gevolg van veranderinge in beleggers se verwagtings vir die toekoms. Indien daar verwag word dat 'n kapitale bate in die toekoms 'n hoër inkomste gaan oplewer, sal daardie bate se prys styg. 'n Styging in aandelepryse kan 'n weerspieëling wees van konstante kapitalisasie van verwagte groter toekomstige inkomste⁵⁾.

2.2.1 Veranderinge in die kapitalisasiekoers⁶⁾

Veranderinge in kapitalisasiekoers het nóg 'n negatiewe invloed op effekte nóg 'n beduidende toename in welvaart tot gevolg⁷⁾. Indien die koers waarteen toekomstige maatskappyverdienste gekapitaliseer word, daal van 10% tot 5%, sal die waarde van effekte verdubbel⁸⁾. Die lopende inkomste van aandeelhouders, in terme van verdienste en dividende, bly onveranderd. Baie aandeelhouders sal ongetwyfeld ryker voel, maar sodra hulle probeer om die groter rykdom

-
- 1) Sandford, op. cit., p. 225.
 - 2) Hoofstuk 4. par. 2.9, p. 59.
 - 3) Wallich, op. cit., p. 137.
 - 4) Gottlieb, op. cit., p. 339.
 - 5) Sandford, op. cit., p. 339.
 - 6) Vgl. par. 2.8, p. 59.
 - 7) Wallich, op. cit., p. 138.
 - 8) Gottlieb, op. cit., p. 339.

te verbruik, sal die illusionêre aard daarvan waarneembaar word, aldus Wallich. Indien beleggers verwag dat genoemde rentekoersdalings net die eerstes van 'n reeks is, sal effekte se pryse verder styg in afwagting van die verwagte dalings. Nog groter kapitaalwinste sal dan voorkom¹⁾.

Slegs Wallich beweer dat winste wat 'n verandering in die kapitalisasiekoers van 'n gegewe toekomstige inkomstestroom weerspieël, nie van 'n suiwer inkomste-aard is nie en tekens van onegtheid vertoon deurdat die belegger nie in 'n beter posisie geplaas word deur die realisasie van sy beleggings nie²⁾.

In die motivering van sy argument gebruik hy 'n voorbeeld van veranderende rentekoerse wat 'n invloed uitoefen op die kapitalisasiekoers. Dit lyk of hy die twee sake verwar het en ons gee dus nie verder aandag aan hierdie moontlike tipe van illusionêre wins nie.

Later beklemtoon hy egter die feit dat die individu baie baat by die soort winste. Hy sê: "Capital gains from the capitalization of previously unexpected income are not income in the national accounting sense. Individuals receiving them, however, are substantially better off."³⁾

2.2.2 Die gevolg van nuwe ontdekkings

Nuwe ontdekkings kan ook lei tot 'n verandering in die verwagting omtrent toekomstige inkomste. Dit kan lei tot 'n verhoging in die kapitalisasiekoers wat weer groter kapitaalwinste kan oplewer. As verwag was dat 'n sekere maatskappy se jaarlikse groei 3% sou wees en die maatskappy ontwikkel 'n nuwe produk wat sy verwagte groei verhoog na 6%, sal dit in die waarde van sy aandele weerspieël word. Wallich sê hieromtrent: "In the national accounting sense, these gains are not income"⁴⁾. Daar word dikwels gemeen dat die ontdekking van 'n nuwe proses of 'n nuwe mineraal, bv. olie, die land "ryker" maak⁵⁾. Dit is korrek,

1) Hoofstuk 4, par. 2.8, p. 59.

2) Wallich, op. cit., p. 137.

3) Ibid., p. 141.

4) Ibid., p. 139.

5) Par. 2.3, pp. 57, 58 en par. 2.6, p. 115.

maar dit verhoog nie die nasionale inkome met dieselfde bedrag as die verhoging in rykdom nie. Dit inkomste word eers gerealiseer as die nuwe proses gebruik of die olie ontgin word.

In die verband kom Wallich tot die volgende gevolgtrekking: "It is argued that capital gains attributable to this source are not income and should not be taxed as such ..."1)

2.2.3 Toekomsverwagtinge en aandelepryse

Die aandelebeurs is een van die duidelikste barometers van toekomsverwagtinge. Verwagtinge in verband met algemene ekonomiese toestande en selfs van moontlike politieke ontwikkelinge word duidelik op die beurs weerspieël. Vir die belegger (of spekulant) wat sy ore oophou vir gerugte oor moontlike toekomstige handelinge van die bestuur van een of ander maatskappy, is daar groot moontlikhede om kapitaalwinste op daardie besondere maatskappy se aandele te maak. Voorbeelde hiervan is 'n gerug en later 'n aankondiging van 'n ryk goudrif wat deur 'n myn gevind is of die gerug en latere bevestiging daarvan dat 'n besondere groep hulle in 'n groter mate gaan toelê op uraanontginning.

Sulke nuus van nuwe tegnieke wat ingespan gaan word, of van nuwe ontdekkings, sal tot gevolg hê dat 'n herwaarding gemaak word van die verdienstepotensiaal van die maatskappy se bates. Dit mag lei tot aanbiedinge van buite om die aandele te koop teen pryse wat heelwat hoër is as die heersende markprys van die aandele. Aansienlike kapitaalwinste kan dan gemaak word2).

2.2.4 Gevolgtrekking t.o.v. toekomsverwagtinge

Die kapitaalwins wat ontstaan as gevolg van hierdie veranderinge in toekomsverwagtinge is gewoonlik van 'n aansienlike omvang.

Dikwels wil ekonome bepaal watter deel van die totale kapitaalwins aan hierdie oorsaak toegeskryf kan word. Dit word

1) Wallich, op. cit., p. 140.

2) Ilersic, op. cit., p. 20.

soos volg gedoen¹⁾):

Nadat voorsiening gemaak is vir daardie kapitaalwinste wat 'n weerspieëling is van opgehoopte winste, inflasie en revaluasie van 'n gegewe inkomsteverwachting, sal die res verteenwoordigend wees van winste wat toegeskryf kan word aan 'n verandering van verwagte toekomstige inkomste.

2.3 Gemeenskapsontwikkeling — infrastruktureel

In geval van grond is dit algemeen dat pryse geweldig styg indien daar nuwe ontwikkelings in die omgewing plaasvind. So kan die aanlê van 'n nuwe pad die grond in die omgewing se prys laat styg en die waarde daarvan laat verdubbel en selfs verdriedubbel²⁾.

Die grootste styging in grondwaardes geskied as gevolg van die verstedeliking van die bevolking en die gepaardgaande dorpsontwikkeling deur sogenaamde ontwikkelaars³⁾.

Die ontstaan van hierdie tipe kapitaalwins kom baie ooreen met die vorige geval. Hier is ook 'n verandering in die verwagte toekomstige inkomste, maar dit is as gevolg van 'n spesifieke eksterne gebeurte op 'n sekere tyd⁴⁾.

Ilersic⁵⁾ verwys soos volg na hierdie tipe winste: Alhoewel sulke aanwinste nie die ware aard van inkomste het nie (hulle is nie jaarliks herhalend nie, hulle is onverwags en onseker in omvang), verteenwoordig hulle tog 'n toename in ekonomiese mag wat 'n verhoging in belastingpligtigheid regverdig⁶⁾.

2.4 Daling in die rentekoerse⁷⁾

Omdat kapitaalwaardes 'n aanduiding gee van die huidige

1) Kongresbesprekings. Handelsinstituut. Jan Taks moet sê wat is kapitaal. in Volkshandel, Junie 1975, p. 139.

2) Sandford, op. cit., p. 225.

3) Venter, op. cit., p. 3 en Hoofstuk 4, par. 2.3, p. 57.

4) Sandford, op. cit., p. 225.

5) Ilersic, op. cit., p. 9.

6) Ibid., p. 22.

7) As gevolg van dalende rentekoerse styg die vraag na aandele en obligasies en langtermyn vaste rentekoers-effekte as alternatiewe beleggingsmoontlikhede. Die goedkoper geld lei ook tot meer spekulasie met aandele en obligasies.

waarde van verwagte toekomstige ontvangstes sal 'n daling in die peil van rentekoerse lei tot 'n styging in die kapitaalwaarde van vaste-rentekoers-sekuriteite¹⁾. Vir die houer van onaflosbare skuldbriewe sal 'n daling in die rentekoers dus 'n styging in die kapitaalwaarde van sy skuldbriewe beteken²⁾. As die markrentekoers daal van 5% na 4%, sal 'n R100-skuldbrief met 'n 5% rentekoepon en 'n looptyd van 20 jaar, se waarde styg na ongeveer R112. Die eienaar sal nie in 'n beter ekonomiese posisie wees nie behalwe as sy tydshorison baie kort is³⁾.

As die rentekoers op 4% bly, sal sy toekomstige inkomste verminder. Venter sien die gevolge van die rentekoersdaling wyer. Hy sê 'n daling in rentekoerse sal die prys van aandele, obligasies en alle ander vorme van eiendom laat toeneem⁴⁾.

2.5 Styging in algemene pryspeile

Kapitaalwinste kan ook voortvloei uit die toename van die algemene pryspeil⁵⁾. Wallich beskou hierdie winste as illusionêr omdat dit nie 'n verbetering in die besitter se ekonomiese posisie teweegbring nie⁶⁾. Ook Gottlieb beskryf dié winste as fiktief omdat dit die gevolg is van prys- en inkomste-inflasie⁷⁾. Sandford is van mening dat hierdie tipe kapitaalwins wel 'n element van reële wins kan bevat⁸⁾.

As die waarde van kapitale bates in dieselfde verhouding styg as 'n verhoging in die pryspeil, was daar geen reële aanwinst nie, maar as die waarde met 'n groter persentasie styg as die persentasie styging in die pryspeil, dan was daar 'n reële aanwinst.

2.6 Suiwer toeval of geluk

Aansienlike kapitaalwinste kan voortvloei uit die styging in

-
- 1) Ilersic, op. cit., p. 20.
 - 2) Sandford, op. cit., p. 225.
 - 3) Wallich, op. cit., p. 138.
 - 4) Venter, op. cit., p. 3.
 - 5) Id.
 - 6) Wallich, op. cit., p. 137.
 - 7) Gottlieb, op. cit., p. 339.
 - 8) Sandford, op. cit., p. 225.

waarde van 'n bate as gevolg van, byvoorbeeld, die ontdekking van onderaardse rykdomme op 'n plaas¹⁾. Vir die besitter van hierdie grond is die ontdekking blote toeval. Toevallige pryse gewen as gevolg van 'n persoon se goeie geluk soos 'n loteryprys, 'n prys op 'n bonusobligasie, 'n prys vir die korrekte invul van 'n blokkiesraaisel of geld gewen as gevolg van 'n weddenskap op 'n perd, kan ook 'n aansienlike bedrag aan "kapitaalwinst" oplewer²⁾. Sodra 'n persoon egter begin om hom doelbewus te beywer vir die prys, byvoorbeeld, deur voltyds blokkiesraaisels in te vul of gereeld op perde geld te verwed, word sy winste as van 'n inkomste-aard gereken. Hierdie tipe winste verhoog 'n persoon se bestedingsvermoë en is dus reël³⁾.

2.7 Doeltreffendheid van bestuur

Een van die belangrikste redes vir 'n styging in die waarde van aandele en obligasies is goeie bestuur en gesonde ondernemingsgees⁴⁾. 'n Bestuur wat wetenskaplik produksie- en/of bemarkingsgeoriënteerd optree, moet noodwendig sukses behaal. Oor die algemeen kan die volgende aspekte, wat verband hou met doeltreffende bestuur, 'n toename bring in die kapitaalwaarde van bates⁵⁾:

- die vermindering van mededinging;
- die verbetering van die produksie- of verkooptechniek;
- die bemarking van nuwe produkte;
- die benutting van gunstige nasionale toestande (owerheidsprojekte, ens.);
- vooruitskatting van toename van die bevolking en ekonomiese aktiwiteite en tydigte beplanning om te voorsien in die behoeftes.

Verskillende bestuurders kan dieselfde inligting verskillend beoordeel en tot verskillende gevolgtrekkings kom. Verskillende besluitneming kan lei tot 'n verskillende beleidsformulering. Die regte besluitneming sal goeie winste afwerp

1) Vgl. par. 2.3, pp. 57, 58; par. 2.2.2, p. 112.

2) Vgl. par. 3.3.1, p. 71 en voetnoot 1), p. 117.

3) Vgl. par. 1, pp. 146-150.

4) Gottlieb, op. cit., p. 339.

5) Venter, op. cit., p. 3.

en dit sal weerspieël word in die maatskappy se dividende en in die waarde van sy aandele en effekte.

Hieruit kan dus groot kapitaalwinste ontstaan.

2.8 Samevatting ten opsigte van die oorsake van reële kapitaalwins

Uit bostaande blyk dat dit 'n voorvereiste is vir die verkryging van kapitaalwins dat 'n persoon die besitter van bates moet wees¹⁾. Dit is as gevolg van die plaasvind van een of ander gebeurtenis, of die verwagting dat een of ander gebeurtenis gaan plaasvind, of omstandigheid wat gaan verander dat daar 'n styging kom in die pryse van die bates wat betrokke is by die gebeure of verwagte gebeure. Die kapitaalwins wat uit hierdie omstandighede ontstaan, is dan van 'n reële aard in teenstelling met die illusionêre kapitaalwinste waaraan in die volgende paragraaf aandag gegee sal word.

3. MOONTLIKE OORSAKE VAN ILLUSIONÊRE KAPITAALWINS

Nadat in die voorgaande paragraaf ingegaan is op moontlike oorsake van reële kapitaalwins, kom die moontlike oorsake van illusionêre kapitaalwins in hierdie afdeling aan die orde²⁾.

Die doel is om slegs die moontlike belangrikste bronne van sodanige wins hier onder die soeklig te plaas.

3.1 Verhoging in die algemene pryspeil

'n Kapitaalwins waaroor die verskillende skrywers dit eens is dat dit illusionêr en denkbeeldig van aard is, is daardie wins wat ontstaan as gevolg van 'n algemene styging in die prys van alle bates, goedere en dienste as gevolg van 'n toestand van inflasie. Sodanige wins kan nie in konkrete terme gerealiseer word nie — dit is 'n papierwins. Indien die betrokke bate nie teen kosprys nie, maar teen vervangingswaarde teenoor die realisasieprys in berekening geneem

1) Kapitaalwins moet nie verwar word met ander ontvangstes van 'n kapitale aard nie, soos ontvangstes uit weddenskappe, blokkiesraaisels, ens. Sien in hierdie verband hoofstuk 2, p. 16 en hoofstuk 4, par. 3.3, p. 71 e.v.

2) Vgl. hoofstuk 8, par. 1.1, p. 150 e.v.

word, sal die reële posisie aan die lig kom wat in die meeste gevalle aansienlik laer sal wees as die bedrag van die illusionêre wins — 'n aspek wat hieronder aan die hand van uitsprake van verskillende persone verder toegelig sal word.

3.1.1 Kapitale bates betrokke

In die inleiding tot hierdie hoofstuk is reeds verwys na die feit dat kapitaalwins net behaal kan word op kapitale bates weens 'n verskeidenheid redes. Hier word die stelling verder ondersoek in 'n poging om te verklaar hoedanig gelddevaluasie (inflasie) die waardes van die kapitale bates kan beïnvloed¹⁾.

Bevestiging vir die vermoede dat inflasie die vernaamste oorsaak kan wees van skynwinste word verkry uit die bevindings van die Royal Commission. Hierdie kommissie sê: "The rise in capital values in the course of, or in consequence of, inflation represents illusory, and not real gains."²⁾

Met hierdie siening is Ilersic dit eens naamlik dat die illusionêre wins hom veral voordoen by vaste bates en aandele³⁾. Die algemeenste voorbeeld in die geval van vaste bates is die appresiasie wat gevind word in die waarde van woonhuise. Indien 'n huis in 1970 vir R20 000 gekoop is en in 1978 vir R26 000 verkoop word, realiseer die eienaar 'n kapitaalwins van R6 000. Hy sal egter die hele bedrag moet bestee om weer 'n vergelykbare huis te kan koop. Indien hy wel op sy kapitaalwins belas word, sou hy 'n deel van sy kapitaal verloor. Die ekstra R6 000 was dus nie 'n reële wins nie, maar 'n illusionêre of skynwins⁴⁾.

Gulati verwys ook na die huiseienaar wat 'n groot waarde-

1) Vgl. ook par. 2 van Hoofstuk 4, p. 56.

2) Royal Commission on the Taxation of Profits and Incomes. The United Kingdom Income Tax System and the Case for Taxing Capital Gains. in Public Finance: Selected Readings. Ed. by Houghton, R.W. 1971. p. 63.

3) Ilersic, op. cit., p. 222.

4) Vgl. 'n soortgelyke voorbeeld op p. 151.

styging ondervind maar uiteindelik vind dat sy wins illusionêr is. Hy sê:

"The home-owner in times of inflation, who, on selling his house at an inflated price, needs all of the proceeds to buy a house of similar quality in a similar district."¹⁾

Seltzer wys op die vergelyking wat getref moet word tussen waardestygings en prysstygings: Hy wys daarop dat 'n belegger sy aandele kan verkoop teen dubbel die prys wat hy daarvoor betaal het²⁾. As die pryse van goedere en dienste wat benodig word vir lewensonderhoud egter ook verdubbel het, het hy geen reële wins gerealiseer nie.

3.1.2 Waardebeploeding nooit algemeen nie

Die blote feit dat 'n wins ontstaan het uit 'n styging in die algemene pryspeil wil nie noodwendig daartoe lei dat almal eenders geraak word deur hierdie winste nie. Die volgende oorsake mag verantwoordelik wees vir verskille in waardetoenames.

3.1.2.1 Verskillende tye waarin die wins opgehoop het

Venter wys op 'n voorbeeld van twee verskillende beleggers wat elk 'n huis gekoop en na 15 jaar verkoop het³⁾. Die eerste persoon het sy eiendom gekoop vir R8 000 in 1930 en dit in 1945 verkoop vir R12 000. Hy het 'n kapitaalwinst van R4 000 gerealiseer. Gestel daarteenoor 'n volgende persoon het in 1940 'n eiendom gekoop vir R8 000 en het dit in 1955 verkoop vir R12 000. Hy het ook 'n kapitale wins van R4 000 gerealiseer, maar hierdie wins is in omvang nie dieselfde as die vorige nie, weens die verskil in die algemene pryspeil tussen 1945 en 1955⁴⁾. Om dieselfde eiendom weer te kon aankoop, sou die tweede persoon meer moes betaal as die eerste. Die eerste se "economic well-being" het toegeneem en die tweede persoon s'n nie, maar beide het kapitaalwinst behaal.

1) Gulati, A note ..., op. cit., p. 227.

2) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ..., op. cit., p. 99.

3) Venter, op. cit., p. 3.

4) Vgl. ook Seltzer, op. cit., p. 98.

3.1.2.2 Invloed van toename in pryspeil verskil vir verskillende bates

Dit is so dat alle bates nie eenders reageer op veranderinge in die algemene pryspeil nie. Indien die pryspeil met 50% styg, sal sommige pryse verdubbel, ander sal verdriedubbel terwyl ander slegs met 25% sal styg; nog ander sal konstant bly terwyl 'n laaste groep se pryse selfs mag daal. Hiervolgens sal die kapitaalwinste van die besitters van verskillende bates ook wissel.

Miller sê dat die aanwins slegs illusionêr sal wees as alle bates ewe veel geraak word deur die veranderinge in die pryspeil¹⁾. Indien sommige persone baat by die veranderinge en ander nie, dan is die wins nie illusionêr nie. Indien sommige in staat is om die druk van die verandering te demp as gevolg van die aard en waarde van die bates wat hulle besit en kan verkoop, terwyl ander dit nie kan doen nie, dan is die aanwins reël.

3.1.2.3 Verhouding tussen verskillende winste

Seltzer wys ook op 'n ander aspek van hierdie inflasioneëre prysstygings, nl. die relatiewe verhouding tussen die stygings van verskillende bates²⁾. Hy sê dat alhoewel alle kapitaalwinste en verliese teweeggebring word deur prysveranderinge, is dit noodsaaklik om te onderskei tussen daardie wat ontstaan as gevolg van 'n verandering in die prys van een bate relatief tot ander bates en daardie wins wat uit 'n verandering in die algemene pryspeil ontstaan.

Die eerste kan die gevolg wees van verskillende oorsake terwyl slegs die tweede groep inpas onder ons omskrywing van illusionêre (of irreële) kapitaalwinste. Sulke kapitaalwinste kan as illusionêr of oneg beskou word in teenstelling met ander wat 'n verandering teweegbring in die ontvanger se reële beskikkingsmag oor die goedere en dienste wat in die wêreld beskikbaar is.

1) Miller. The "Capital Asset" Concept. op. cit., p. 1063.

2) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 52.

3.1.3 Besware teen die metode om die illusionêre aard te bepaal

In reaksie op hierdie argumente word algemeen toegegee¹⁾ dat kapitaalwinste en -verliese wat slegs voortspruit uit veranderinge in die algemene pryspeil denkbeardig is in die sin dat hulle nie 'n maatstaf is van reële veranderinge in die relatiewe ekonomiese status van individue nie²⁾. Seltzer betwyfel dit dat 'n opwaartse of afwaartse beweging in die pryspeil verskillende bates verskillend beïnvloed en daardeur die relatiewe ekonomiese posisies van individue verander deurdat gewone inkomstes verskillend beïnvloed word³⁾.

3.1.3.1 Finale kriterium nie maklik bepaalbaar nie

Uit genoemde en ander skrywers se werke kom die gedagte na vore dat 'n kapitaalwinst illusionêr is as die volle opbrengs herbeel word. Daar kan selfs die voorwaarde gestel word dat 'n kapitaalwinst slegs as illusionêr beskou sal word indien dit nodig is om die volle som weer te bestee om 'n ooreenstemmende bate van dieselfde gehalte aan te koop. Die beginsel kan egter maklik aanleiding gee tot belastingontduiking. Dit sal ook nie so maklik uitvoerbaar wees nie, want die norme wat vir een persoon geld wanneer oor 'n prys van 'n bate besluit word, sal nie altyd vir die volgende persoon duidelik of aanvaarbaar wees nie. Hockley is van mening dat die belegger in aandele nie so maklik gaan loskom as die huiskoper nie⁴⁾. Die kans is goed dat eersgenoemde belas gaan word en die huiskoper nie. Die huiskoper kan dus beskerm wees teen inflasie, maar nie die aandeelkoper nie.

3.1.3.2 Benadeling van die salaris- en loontrekker

Enkele skrywers bring besware in teen die behandeling

-
- 1) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 375.
 - 2) Wallich sê: "Capital gains from inflation are income neither in the national accounting sense nor in the individual income sense." op. cit., p. 141.
 - 3) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 375.
 - 4) Hockley, op. cit., p. 128.

van bogenoemde voorbeelde van illusionêre kapitaalwinste. Ilersic wys daarop dat 'n algemene styging in lone en salarisse dikwels niks anders is nie as 'n weerspieëling van die verhoogde pryspeil¹⁾.

Seltzer beweer dat 'n verhoging in lone irreël is as dit 'n vergoeding is vir die daling in die waarde van geld as gevolg van inflasie²⁾.

Sulke stygings in lone is dus net so illusionêr as genoemde kapitaalwinste, maar die Fiskus neem dit nie in ag nie en die loon- en salaristrekker word eenvoudig belas op sy groter "geldelike" inkomste, afgesien daarvan dat hy geen reële voordeel ontvang het nie. Dikwels bring hierdie loonsverhoging die ontvanger daarvan in 'n hoër inkomstekategorie wat hom onder 'n progressiewe belastingstelsel in 'n hoër belastingskaal plaas. Daar word dus dubbeld teen hom gediskrimineer.

3.2 Verlaging in die algemene rentekoerspeil³⁾

In voorgaande paragrawe is reeds verklaar dat 'n daling in rentekoerse tot gevolg sal hê dat aandele en obligasies en veral langtermyn vaste rentekoers-effekte se pryse sal verhoog. Uit onderstaande bespreking sal blyk dat daar redelik verskil van mening bestaan oor die aard van hierdie soort kapitaalwins.

3.2.1 Geen bydrae tot bestedingsvermoë nie

Turvey sê winste veroorsaak deur veranderinge in rentekoerse behoort nie belas te word nie, omdat dit nie 'n bydrae lewer tot hoër bestedingsvermoë nie. Hy verklaar: "Thus, if interest rates fall, the corresponding capital gains involve no increase in future receipts, while if the gain were realized and spent, future receipts would be diminished."⁴⁾

Dieselfde gedagte word deur die Royal Commission gestel as

1) Ilersic, op. cit., p. 24. Vgl. bespreking op pp. 151, 152.

2) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 375.

3) Vgl. par. 2.4 en voetnoot 7) op p. 114.

4) Turvey, op. cit., p. 184.

hul verklaar dat 'n kapitaalwins, wat ontstaan as 'n gevolg van 'n daling in rentekoerse, illusionêr is, omdat dit nie 'n toename in die belegger se toekomstige inkomste meebring nie¹⁾.

3.2.2 Die hele opbrengs moet weer belê word

Gulati beskou die kapitaalwins weens 'n daling van rentekoerse as 'n "completely fictitious appreciation"²⁾. Na aanleiding van hierdie beskouing noem hy die volgende voorbeeld waarin die noodsaaklikheid bestaan om die hele gerealiseerde bedrag weer te bestee: 'n Belegger wat nadelig getref word deur sodanige illusionêre wins, is "the bondholder, when there is a fall in the rate of interest, who needs all the money gain on selling his bond to obtain the same income from financial investment".

Due stel die kwessie van herbelegging as 'n kenmerk waarmee die illusionêre aard van 'n besondere wins gemeet kan word³⁾. Hy sê winste wat ontstaan as gevolg van 'n verlaging in die markrentekoers (wat die markwaarde van bestaande vaste-inkomste effekte sal verhoog), kan as illusionêr beskou word indien die geld in soortgelyke eiendomme herbelê word. Hierdie persone het egter nou groter beheer oor goedere en dienste en gevolglik kan hulle winste beskou word as inkomste. Hy meen verder dat 'n wins van dieselfde persentasie as 'n styging in die algemene pryspeil in 'n sekere mate illusionêr is en nie 'n aanduiding gee van 'n ekonomiese aanwinst vir die ontvanger nie.

3.2.3 Kapitaalwins bevoordeel die belegger

Kapitaalwinste en -verliese wat uitsluitlik veroorsaak is deur veranderinge in rentekoerse, is nie tot dieselfde mate illusionêr as daardie winste en verliese wat voorgevloei het uit veranderinge in die algemene pryspeil nie⁴⁾. 'n Belegger wat R20 000 wins realiseer deur sy obligasies te verkoop omdat rentekoerse gedaal het, kan R20 000 meer

1) Royal Commission, op. cit., p. 63.

2) Gulati, op. cit., p. 227.

3) Due, op. cit., p. 395.

4) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 87.

waarde van die wêreld se reële goedere beheers. Relatief tot ander persone het hy gebaat in netto waarde alhoewel sy rente-inkomste nog dieselfde mag wees.

Ter ondersteuning van hierdie argument haal Seltzer die volgende voorbeeld aan¹⁾:

John Smith besit \$100 000 se 4½-50-jaar-spoorwegeffekte wat hy 20 jaar gelede teen pari gekoop het. Hulle het nog 'n looptyd van 30 jaar, maar mnr. Smith wil hulle verkoop met die doel om sy geld te belê in effekte met meer verspreide vervaldatums met die oog op vermindering van risiko.

Die gemiddelde opbrengs tot op die vervaldatum, van sy huidige effekte en die wat hy wil koop, is nou 3%.

Indien hy verkoop, sal hy 'n kapitaalwins van \$30 000 realiseer, maar hy sal die hele som weer moet belê indien hy sy bestaande inkomste van \$4 500 onveranderd wil behou vir die volgende 30 jaar.

Indien 'n deel van sy wins weggeneem word deur belasting, sal die res van sy opbrengs teen 3% minder wees as die \$4 500 wat hy tevore ontvang het.

Indien hy nie sy belegging verander nie, behou hy sy inkomste van \$4 500. Die vraag is nou of 'n daling in die rentekoers wat mnr. Smith in staat stel om 'n kapitaalwins van \$30 000 te realiseer, nie sy ekonomiese posisie verbeter in vergelyking met die van mnr. Jones, wie se salarisinkomste onaangeraak is deur die daling in rentekoers nie. Dit is duidelik dat mnr. Smith nou in staat is om \$30.000 meer te bestee op goedere en dienste as voorheen, terwyl mnr. Jones se posisie onveranderd gebly het²⁾.

3.2.4 Die opsluitingseffek van kapitaalwinsbelasting

Ursula Hicks wys op die probleem dat beleggers in 'n tyd van inflasie nie durf waag om bates te verkoop nie³⁾. Sy sê

1) Ibid., p. 94.

2) Ibid., p. 96.

3) Hicks, Ursula. Public Finance. James Nisbet & Co. Ltd. Cambridge. 3rd Ed. 1967. p. 215. Vgl. definisie van "Lock-in effect" op p. 161.

die mees hinderlike aspek van die probleem van ongewenste winste word gevind in tye van stygende pryse of dalende rentekoerse. Dan kan feitlik geen oordrag van eiendom gedoen word sonder om 'n wins in geldterme te realiseer nie. In reële terme mag daardie wins 'n verlies beteken relatief tot die verandering in ander ekonomiese kategorieë, soos byvoorbeeld lone. Dit verhoed egter nie dat daar nogtans 'n belasting op daardie wins gehef sal word in gevalle waar 'n kapitaalwinsbelasting van toepassing is nie.

Indien 'n besitter van bates dan gevaar loop om op 'n skynwins belasting te moet betaal, sal hy liefs 'n voordelige proposisie prysgee, omdat sodanige belasting eintlik 'n belasting op kapitaal veronderstel — sy netto bateposisie word deur die belasting benadeel.

Die uitwerking wat hierdie sogenaamde opsluitingseffek (die nie-realisering van bates) op die ekonomie van 'n land het, is uiters negatief hoewel dit altyd moeilik sal wees om dit statisties te verifieer.


4. DIE BELANG VAN RENTEKOERSDALINGS EN PRYSSTYGINGS VIR DIE KAPITAALWINS — 'N DIAGRAMMATIESE ONTLEDING

Na aanleiding van paragrawe 3.1 en 3.2 hierbo wil dit voorkom asof die meeste outeurs van mening is dat 'n toename in algemene pryspeile — met die besware wat daarteen geopper is daar gelaat — en 'n verlaging in die algemene rentekoerspeil die mees algemene oorsake van kapitaalwins vorm. Om hierdie rede word 'n teoretiese analise toegepas om die fiktiewe inslag van die kapitaalwins, wat deur hierdie twee faktore geskep word, aan te toon.

Na aanleiding van onderstaande diagram behandel Prest eers kapitaalwins wat ontstaan as gevolg van rentekoersdalings om vervolgens kapitaalwins in beskouing te neem wat ontstaan as gevolg van algemene prysstygings¹⁾.

1) Prest, A.R. Public Finance in Theory and Practice. Weidenfeld and Nicolson, London. 4th Ed. 1970. p. 298.

Diagrammatiese voorstelling van illusionêre kapitaalwinste as gevolg van 'n rentekoersdaling en as gevolg van 'n algemene styging in pryspeile¹⁾



4.1 Kapitaalwinst wat ontstaan as gevolg van rentekoersdalings²⁾

Veronderstel 'n kapitaalwinst kom presies ooreen met 'n daling in die rentekoers. Vorm dit 'n inkomste, of nie? Daar bestaan twee moontlikhede:

- (1) die houters van skuldbriewe, ens. is nou beter daaraan toe as wat hulle op kapitaalrekening was;
- (2) geen deel van die kapitaalwinst kan bestee word sonder om die toekomstige inkomstestroom te verminder nie.

Die diagram stel 'n persoon voor wat begin met OB inkomste en OA kapitaal en ewewig word bereik op onverskilligheidskromme I by F. Indien die rentekoers daal van 100 OB/OA na 100 OB/OA', sal hy verskuif na onverskilligheidskromme II. As hy nou 'n deel van sy kapitaal bestee, sal hy langs die lyn OE beweeg in die rigting van O. By punt C sal hy weer op onverskilligheidskromme I kom, maar met 'n kleiner inkomste (OB' in plaas van OB) en groter kapitaal (OA' in plaas van OA) as by die begin.

1) Ibid., p. 299.

2) Ibid., p. 298.

Daarom is dit nie moontlik om die hele kapitaalwins AD te bestee en nog op die aanvanklike onverskilligheidskromme te bly nie, maar dit is moontlik om A'D te bestee en nog op die oorspronklike onverskilligheidskromme te bly.

Die grootte van gedeelte A'D/AD sal afhang van die relatiewe waardasies wat deur die eienaar van 'n bate geplaas word op kapitaal en inkomste. Indien hy algeheel onverskillig is ten opsigte van inkomste en net besorg is oor die behoud van sy kapitaal, sal onverskilligheidskromme I parallel met die horisontale as lê. In hierdie geval kan die hele kapitaalwins bestee word sonder om swakker daaraan toe te wees.

Indien die eienaar net besorg is oor sy jaarlikse inkomste, sal die kromme I parallel met die vertikale as lê en niks van die kapitaalwins kan nou bestee word sonder dat die eienaar slegter daaraan toe sal wees nie.

'n Logiese afleiding is dat die meeste mense 'n middeweg sou verkies en dat 'n gedeelte van die kapitaalwins wat ontstaan het as gevolg van 'n daling in rentekoerse, as inkomste bestee sal word. So 'n styging verteenwoordig dus nie 'n suiwer kapitaalwins nie.

In die geval van 'n suiwer kapitaalwins sal ons 'n beweging kry vanaf die OA'/OB'-kombinasie na die OD/OB-kombinasie. Nou is dit moontlik om die hele kapitaalwins te bestee sonder om laer as onverskilligheidskromme I te daal.

4.2 Kapitaalwins wat ontstaan as gevolg van algemene prysstygings¹⁾

'n Styging in kapitaalwins kan presies ooreenkom met 'n styging in die algemene pryspeil. Dit is wanneer toekomstverwagtinge in so 'n mate herwaardeer word dat die waarde van enige kapitale bate in dieselfde verhouding styg as die algemene pryspeil.

Beide die inkomstestroom en die kapitaalwins vermeerder in geldterme, maar nie in reële terme nie. In die diagram sal die kapitaalwins in geldterme beweeg van OA'/OB' na OD/OB.

1) Ibid., p. 299.

Indien 'n afwaartse prysregstelling toegepas word deur die gebruik van 'n prysdeflator soos die kleinhandelsprysindeks, sal die posisie terugkeer na OA'/OB'.

4.3 Gevolgtrekking

Uit bostaande is dit duidelik dat daar nog nie eenstemmigheid bestaan oor die behandeling wat die sg. illusionêre kapitaalwinste moet ontvang nie. Dit blyk duidelik dat hierdie winste soms suiwer illusionêr kan wees en ander kere weer elemente kan bevat van reële winste. Verskeie skrywers maak dan ook voorstelle vir die aanpassing of regstellings van die skynwinste om hulle daarmee te kan indeel in hulle reële en irreële elemente.

5. KAN ILLUSIONÊRE KAPITAALWINS GEKORRIGEER WORD?

Die vraag kan tereg gestel word of die illusionêre aspek van kapitaalwins uitgeskakel kan word ten einde die reële bate- en winsposisie te bepaal. Verwysing is reeds enkele kere gedoen na moontlikhede van korreksie van die skynaspekte van kapitaalwins, maar in hierdie afdeling word pertinent daarop ingegaan.

Soos hierbo aangetoon, is winste wat die meeste aandag ontvang, daardie winste wat as gevolg van inflasie ontstaan, wanneer bates se pryse saam met stygings in bate-inkomste en lewenskoste styg. Kan hierop enige korreksie aangebring word? Wat hieronder volg kan as moontlikhede in hierdie verband oorweeg word.

5.1 Verbruikersprysindeks as deflator

Due verteenwoordig 'n groot aantal skrywers wat die moontlike korreksie van kapitaalwins as gevolg van prysstygings (inflasie) in die gebruik van een of ander indeks sien. Hy sê: "Adjustment by deflation by the index of price level changes would be possible".¹⁾

Die algemeenste indeks vir die bepaling van die reële kapitaalwinste vir belastingdoeleindes is die verbruikersprys-

1) Due, op. cit., p. 395. Sien ook Seltzer, Capital Gains ... op. cit., p. 375.

indeks. Met behulp van dié indeks kan bepaal word watter gedeelte van 'n bate se opbrengs by realisasie reële wins verteenwoordig en watter deel illusionêr is as gevolg van 'n proporsionele verhoging in die pryspeil. Slegs die reële wins kan dan belas word.

5.2 Verhoging van die kostebasis van kapitale bates en die uitstel van belasting

Seltzer het 'n voorstel wat in besonder daarop gemik is om winste op woonhuise en besigheidsgeboue aan te suiwer¹⁾. Hy merk die volgende hieromtrent op: dit is onmoontlik om illusionêre kapitaalwinste en -verliese te isoleer tussen die vele onbillikhede en versteurings wat veroorsaak word deur wydverspreide bewegings in die pryspeil. In die geval van drastiese veranderinge in die pryspeil, soos in Europa voorgekom het tydens en na die twee Wêreldoorloë, moet spesiale kontramatreëls getref word. Tydens inflasie kan dit die vorm aanneem van 'n verhoging van die kostebasis van kapitale bates, soos dit in Frankryk en België gedoen is. Volgens hierdie metode word die kosprys van die bate volgens een of ander indeks of formule verhoog om dit aan te pas by die verhoogde pryspeile. Slegs die aangesuiwerde (kleiner) wins is dan onderhewig aan belasting.

Seltzer wys egter daarop dat die besitters van besigheidsbates deels beskerm word teen belasting van illusionêre winste deurdat hulle toegelaat word om hulle betaling van die verskuldigde belasting vir 'n sekere tydperk uit te stel²⁾. Indien hulle dan binne die bepaalde tyd in dieselfde soort besigheidsbates belê, kan hulle vrystelling van belasting ontvang. Hy stel voor dat 'n soortgelyke reël van toepassing gemaak moet word op woonhuise en alle nie-besigheidsbates.

5.3 Vermindering in belastingkoers met verlenging van die houperiode

'n Benadering van die saak uit 'n heel ander hoek word deur Sandford voorgestel, naamlik dat 'n voorsorgmaatreël teen

1) Seltzer, Capital Gains and the Income Tax, op. cit., p. 375.

2) Id.

inflasie in die stelsel van kapitaalwinsbelasting ingebou moet word¹⁾. Sy eerste voorstel behels onder meer dat die belastingkoers moet verlaag namate die houperiodes van die bate langer word. Die metode het egter twee ooglopende nadele: eerstens moet die verlaging van die belastingkoers volgens 'n vasgestelde skaal wees en hierdie skaal sal geen rekening hou met die werklike heersende inflasiekoers nie, en tweedens, deurdat die uitstel van realisasie die belastingkoers kan verlaag, sal hierdie metode die "lock-in effect" versterk en ook aanleiding gee tot belastingvermyding²⁾.

Sy tweede en meer gewilde voorstel is om die aanskafprys (of aankoopprys) van die bates te verhoog met 'n persentasie wat gelyk is aan die persentasie-toename in die prysindeks³⁾. Dit kom op dieselfde neer as Seltzer se verhoogde kostebasis onder par. 5.2 hierbo.

5.4 Die gebruik van "correction factors"

Cloe sê die aansuiwering van kapitaalwinste om voorsiening te maak vir veranderinge in die algemene pryspeil hoef nie ingewikkeld te wees nie⁴⁾. Hy wyk ook af van die normale metode van gebruik van die indekssyfers. Die verskil van sy benadering tot die gewone benadering is die feit dat hy telkens werk vanaf 'n ander basisjaar vir die berekening van sy "correction factor" in die regstelling van die wins. Hy gaan soos volg te werk:

Vir enige gegewe belastingjaar kan 'n stel korreksiefaktore bereken word deur die gemiddelde prysindeksnommer vir daardie jaar te deel deur die ooreenstemmende gemiddelde vir elke voorafgaande jaar⁵⁾. Neem byvoorbeeld 185,6, die prysindeks vir 1951 en deel dit deur die 1945-indeks van

1) Sandford, op. cit., p. 240.

2) Vgl. voetnoot 4), p. 102; par. 3.2.4, p. 124.

3) Deur 'n verhoging van die kosprys kan die wins by verkope verklein word om die illusionêre gedeelte daarvan uit te skakel.

4) Cloe, C.W. Capital Gains and The Changing Price Level. in National Tax Journal, Vol. 5, No. 3, 1952, p. 209.

5) Id.

128,6. Dit gee 'n regstellingsfaktor van 1,44 vir alle 1945-aankope wat in 1951 verkoop is. Elke jaar se regstellingsfaktor kan nou gebruik word en 'n netto aangesuiwerde waarde kan bereken word. Die verskil tussen die aangepaste kosprys en die verkoopprijs sal die gekorrigeerde kapitaalwins of -verlies in terme van die huidige jaar se geldwaarde aandui. Hierdie gekorrigeerde wins (verlies) sal dan onderhewig wees aan belasting (aftrekking) volgens die koers wat op kapitaalwins (verlies) gehef is in die jaar waarin die wins (verlies) gerealiseer is.

5.5 Waarom korreksie nog nie gedoen word nie

Die feit dat indekssyfers en regstellingsformules nog nie algemeen gebruik word nie, toon dat die metodes nog te veel tekortkominge bevat.

In verband met verbruikersgoedere word dikwels beweer dat prysindekse die graad van inflasie oordryf, omdat die kwaliteitsverbeteringe in produkte nie in ag geneem word nie¹⁾. Indien hierdie oorweging aanvaar word, sal dit die inflasiekomponent in kapitaalwins grootliks verminder, hoewel dit nie heeltemal uitgeskakel kan word nie.

6. SAMEVATTING

Dit is duidelik dat in lande waar 'n kapitaalwinsbelasting gehef word, wesentlike probleme opgeduik het oor die kwessie van reële en irreële of illusionêre winste. Verskeie voorstelle is dan ook alreeds gemaak vir die hantering van die probleem en vir die identifisering van die twee elemente van kapitaalwins.

Die basiese onderskeid wat getrek word tussen reële en illusionêre winste is die kenmerk van 'n reële wins om die ontvanger daarvan in 'n beter posisie te plaas as waarin hy sou wees as hy nie die wins ontvang het nie. Dien die wins slegs om hom in dieselfde posisie te hou, dan is die wins illusionêr. Onder "beter posisie" moet verstaan word dat die ontvanger van die kapitaalwins nou oor 'n groter bestedingsvermoë beskik, 'n groter vermoë om belasting te betaal

1) Wallich, op. cit. p. 137.

besit en 'n groter toekomstige inkomste uit sy bates kan ver wag. Indien dit nodig is om die hele wins, saam met die kapitaalgedeelte, te bestee of te belê om in dieselfde posisie herstel te word as voor die winsrealisasie, dan is die wins illusionêr.

'n Verdere meetinstrument is om die persentasie wins te meet aan die persentasie algemene prysstygings. Is die persentasies dieselfde of is die persentasie prysstygings groter, dan is die wins illusionêr.

Voorstelle is geformuleer om die illusionêre gedeelte van die kapitaalwins uit te skakel of aan te suiwer, maar nie een van die metodes kon tot dusver algemene ondersteuning verwerf nie.

In Suid-Afrika moes die regspraak hom tot op hede nog net uitspreek oor die indeling van aanwinste in kapitaalwins en belasbare inkomste. Daarom is hier nog geen hofgedinge gevoer oor die indeling reël en illusionêr nie. Indien 'n kapitaalwinsbelasting ingestel word, behoort die eerste hofsake in genoemde verband kort na die instelling in ons hof te verskyn. Die hof se huidige behandeling van die kapitaalwinstprobleem het reeds in hoofstuk 3 volledige aandag ontvang.

HOOFSTUK 7

KAPITAALWINSBELASTING VERSUS KAPITAALBELASTING

1. INLEIDING

Inkomstebelasting en kapitaalbelasting is baie nou verwant aan mekaar, nie net omdat dit soms moeilik is om te onderskei tussen 'n inkomste en 'n kapitaalontvangste nie, maar eintlik omdat albei tipes belasting insgelyks gerig word op die totaal van 'n persoon se besit — in een geval op sy jaarlikse waarde en in die ander geval op sy kapitale waarde¹⁾.

Kapitaalwinsbelasting en kapitaalbelasting is nog moeiliker om van mekaar te onderskei. Sommige skrywers deel dan ook kapitaalwinsbelasting in as een tipe kapitaalbelasting en onderskei dan net tussen kapitaal- en inkomstebelasting.

Vir die doel van hierdie studie moet egter 'n duidelike onderskeid tussen kapitaal- en kapitaalwinsbelasting gemaak word en moet die twee tipes duidelik omskryf word. 'n Poging daartoe is in hierdie hoofstuk aan die orde.

2. VERSKILLE IN OMSKRYWING

2.1 Belasting op vermeerdering in batewaarde

'n Kapitaalwinsbelasting kan omskryf word as 'n belasting op die vermeerdering in die waarde van bates soos finansiële beleggings en vaste eiendom²⁾. Dit kan ook gesien word as 'n belasting op daardie toename in inkomste wat die geleentheidskoste van die skepping van die inkomste oorskry³⁾.

2.2 Belasting op kapitaalwaarde

Kapitaalbelasting of belasting op vermoë is daardie groep algemene belastings wat aangeslaan word op die kapitaalwaarde en die belastingbetaler se welvaart of vermoë⁴⁾.

1) Hicks, Ursula, op. cit., p. 181.

2) Steyn, op. cit., p. 120. Vgl. par. 1, p. 110 en pp. 147, 148.

3) Steyn, op. cit., p. 120.

4) Schuman, C.G.W., Franzsen, D.G. en de Kock, G. *Ekonomie 'n inleidende studie*. Universiteitsuitgewers, Stellenbosch, 1957, p. 750.

2.3 Gerig teen kapitaal

'n Kapitaalbelasting is dus 'n direkte belasting wat daarop gemik is om op die kapitaal van die belastingpligtige te druk. Dit hoef nie op die kapitaal self aangeslaan te word nie, hoewel dit gewoonlik so sal wees. In hierdie verband is dit belangrik dat die heffing te groot sal wees om uit gewone inkomste betaal te kan word. So 'n belasting verminder die belastingbetaler se kapitaal en daardeur sy toekomstige inkomste en so ook sy toekomstige vermoë om belasting te kan betaal.

Die beste voorbeeld van kapitaalbelasting is die kapitaalheffing, waarmee bedoel word 'n eenmalige belasting op die totale rykdom van 'n individu soos wat in 1918 deur Duitsland opgelê is om sy uitgawes in verband met die Eerste Wêreldoorlog te finansier¹⁾.

2.4 Sterfregte

'n Baie algemener vorm van belasting op vermoë is sterfregte wat in twee vorms gehef kan word, nl. boedelbelasting, wat gehef word op die boedel voor die verdeling daarvan onder die erfgename, en suksessiebelasting, wat die aandeel wat elke erfgenaam ontvang, as grondslag het.

2.5 Vermoënsbelasting

Steyn omskryf kapitaalbelasting soos volg: " 'n Ander manier om persone te belas volgens hulle vermoë om te betaal, is om die vermoë self die objek van die belasting te maak — die sogenaamde vermoënsbelasting. Twee vorms hiervan is die kapitaalbelasting (wat ons nie in Suid-Afrika ken nie, behalwe in die vorm van eiendomsbelasting op eiendomme binne die regsgebied van Plaaslike Besture en omstedelike besture) en die boedelbelasting ..."²⁾

2.6 Prest se drieledige verklaring

Prest gee drie betekenisse wat aan die term "kapitaalbelasting" geheg kan word, naamlik³⁾:

-
- 1) Id.
 - 2) Steyn, op. cit., p. 49.
 - 3) Prest, op. cit., p. 50.

2.6.1 Gehef op inkomste: betaal uit kapitaal

Die indeling dui op belastings wat gehef word op inkomste, maar wat eerder betaal word uit opgehoopte spaargeld as uit inkomste om sodoende verbruik op dieselfde peil te kan hou.

2.6.2 Gehef op kapitaal: betaal uit inkomste

Die tweede interpretasie is dat die belasting gehef word op kapitaal, maar dat dit uit inkomste betaal word, bv. 'n jaarlikse heffing van 2% op alle likiede bates¹⁾.

2.6.3 Gehef op kapitaal: betaal uit kapitaal

Die laaste groep is daardie belastings wat op kapitaal gehef en uit kapitaal betaal word. Dit verteenwoordig eintlik kapitaalbelasting en kan in twee kategorieë ingedeel word:

- (a) 'n jaarlikse belasting op kapitaal
- (b) 'n sterfreg wat by dood gehef word.

In hierdie geval moet van die kapitale bates gerealiseer ("vernietig") word ten einde die nodige likiditeit te bekom om die belasting te kan betaal.

2.7 Gevolgtrekking

Die verskille tussen die onderskeie kapitaalbelastings moet steeds in gedagte gehou word. Dit is belangrik om te begryp dat die doelstellings met die belasting van die kapitaal-voorraad, van die toename in waarde van die voorraad en van die oordragte van die voorraad verskillend is²⁾. Die sukses in die bereiking van een doelstelling moenie as verskoning dien om passief of onaktief te staan met betrekking tot die ander nie. Die besondere onderdeel van die kapitaal waar teen die belasting gemik is, sal bepaal word deur die besondere fiskale doel waarna gestreef word.

-
- 1) Prest wys daarop dat die verwantskap tussen die twee belastings in die praktyk baie nou is omdat 'n belasting gehef op inkomste uit kapitaal betaal kan word en vice versa.
 - 2) Prest, A.R. Public Finance in Underdeveloped Countries. Ibid., p. 85. My onderstreping.

3. MOONTLIKE KOMBINERING VAN DIE TWEE BELASTINGTIPES

3.1 Inleiding

Pogings is al aangewend om die twee belastingtipes wat hier ter sprake is, te kombineer in 'n enkele stelsel¹⁾. Voorstelle is in die Verenigde Koninkryk gemaak om die belastingstelsel so te wysig dat 'n belasting op die oordrag van kapitaal terselfdertyd langtermynkapitaalwinst ook sal tref. Die voorstel behels die instelling van 'n enkele progressiewe kapitaalontvangstebelasting wat regdeur 'n persoon se lewe toegepas word op 'n kumulatiewe basis sodat al die persoon se kapitaalontvangstes (geskenke, kapitaalwinste, wengeld op weddenskappe, ens.) in 'n enkele rekening saamgevoeg word aan die einde van sy lewe. Daar word noukeurig aantekening gehou van alle belastings wat in hierdie verband betaal is gedurende sy leeftyd en 'n finale belasting word dan na sy afsterwe teen sy boedel gehef.

3.2 Prest se drie besware

Prest kritiseer dié voorstel op drie gronde²⁾. Eerstens beteken hierdie voorstel die omskepping van 'n eiendomsbelasting in 'n suksessiebelasting.

Tweedens is daar meer te sê vir die belasting van "inter vivos"-kapitaaloordragte teen laer koerse as vir 'n eenmalige belasting teen 'n hoër koers by afsterwe.

Derdens behels hierdie voorstel 'n baie hoër belasting op langtermyn-kapitaalwinste as waarvoor hierdie voorstel voorsiening maak.

Dit is twee heel verskillende belastings en hulle moet as sodanig erken word.

3.3 Ekonomiese gevolge verskillend

Ook Wallich het bedenkinge daarteen dat net een allesinsluitende belasting gehef word op sowel kapitaal as op toename van kapitaal³⁾. In verband met die moontlikheid om

1) Prest, Public Finance in Theory and Practice. op. cit., p. 328.

2) Ibid., p. 329.

3) Wallich, op. cit., p. 135.

'n kapitaalbelasting sodanig in te stel dat dit tegelykertyd ook kapitaalwinste sal tref, sê hy dat 'n belasting op reële en persoonlike eiendom, soos die Duitse kapitaalbelasting, 'n doeltreffende manier mag wees om gerealiseerde en onge-realiseerde kapitaalwinste te belas, maar die ekonomiese gevolge daarvan sal waarskynlik baie verskillend wees.

3.4 Swak substitute

Ook Prest is sterk gekant teen die gedagte dat die twee belastingtipes, naamlik op kapitaal en op kapitaalwins, mekaar onderling sal vervang. Hy stel sy veroordeling van die gedagte soos volg:

"One final proposition about the case for capital taxes; it is a mistake to think that one brand is a simple substitute for another. Thus, even if one had a comprehensive net wealth tax, there would still be arguments of principle for taxing transfers of capital wealth and for taxing capital gains."¹⁾

4. VERSKILLE IN DIE BASIS VAN AANSLAG VAN DIE BELASTINGS

4.1 Inleiding

Die basis van aanslag vorm die primêre onderskeid tussen belasting op kapitaal en van belasting op kapitaalwinste. In die eerste geval word die aanslag bereken op die grootte van die "boom" en in die tweede geval op die hoeveelheid "vrugte" wat die "boom" gedra het²⁾.

Kapitaalbelasting is van die oudste belastingtipes in die geskiedenis³⁾. In baie lande is dit die voorganger van algemene inkomstebelasting. Kapitaalbelasting was tradisioneel gekoppel aan grond en geboue — vaste eiendom⁴⁾.

-
- 1) Prest. Public Finance in Underdeveloped Countries. op. cit., p. 85.
 - 2) Die bronne van kapitaalwins is reeds in hoofstuk 4 behandel.
 - 3) Ursula Hicks sê 'n kapitaalbelasting word gehef op kapitaalwaarde maar word nie noodwendig uit kapitaal betaal nie: "A small regular annual tax assessed on capital will be paid out of current incomes, at the expense of either saving or consumption". op. cit., p. 199.
 - 4) Hicks, Ursula, op. cit., p. 162.

Vaste eiendom is vandag nog die gewildste vorm van besitting om te belas, beide vir die heffing en vir die invordering van die belasting. Die toename in die aantal soorte verbruikers se kapitaalgoedere het dit moontlik gemaak om die omvang van hierdie twee belastingsoorte uit te brei. Belasting op vaste eiendom bly egter die vernaamste tipe.

Belasting op vaste eiendom word algemeen gebruik as 'n inkomstebron vir plaaslike besture. Hierdie is 'n baie ou gebruik. In die dae van primitiewe vervoer was stede en dorpe op eie bronne aangewys vir die voorsiening van openbare dienste. Plaaslike eiendomme was die logiese belastingbasis en 'n redelike aanduiding van vermoë om belasting te kan betaal¹⁾.

4.2 Vier soorte kapitaalbelastings

Prest onderskei vier verskillende soorte belastings wat gehef kan word met kapitaal as basis²⁾:

- (1) Die eerste onderskeid moet gemaak word tussen belastings gehef op alle kapitale bates, onderhewig aan 'n aantal vrystellings, en belastings gehef op spesifieke bates soos vaste eiendom.
- (2) Die tweede onderskeid is tussen vermoënsbelastings wat op 'n wederkerende basis gehef word (bv. 'n netto vermoënsbelasting of 'n eiendomsbelasting) en dié wat eenmalig gehef word (bv. 'n kapitaalheffing na 'n oorlog).
- (3) 'n Derde onderskeid is tussen belastings op vermoë, gemeet op 'n bruto of netto basis, en belastings op vermoënsoordragte, hetsy by dood of as "inter vivos".
- (4) Laastens het ons belastings op toename in kapitaalwaardes, nl. die sogenaamde kapitaalwinstbelastings, die primêre onderwerp van hierdie verhandeling.

4.3 Private kapitaal as belastingbasis

Von Mering verwys na verskillende maniere om van private kapitaal 'n bron van inkomste vir die Staat te maak³⁾:

-
- 1) Ibid., p. 163.
 - 2) Prest. Public Finance in Underdeveloped Countries, op. cit., p. 83.
 - 3) Von Mering, op. cit., p. 195.

- (1) 'n belasting kan gehef word op die kapitale waarde van 'n belastingpligtige se besittings;
- (2) dit kan gehef word op die kapitaelopbrengs;
- (3) dit kan beperk word tot 'n besondere soort belegging;
- (4) dit kan op alle soorte kapitaal gehef word;
- (5) dit kan net op 'n deel van die land gehef word, soos 'n provinsie of 'n staat;
- (6) dit kan 'n algemene belasting wees wat die hele volk raak.

4.4 Onderskeid tussen individu en firma

Ursula Hicks tref 'n verskil tussen die onderneming (firma) en die individu vir die doel van die heffing van kapitaalbelasting¹⁾. Sy sê 'n kapitaalbelasting word gehef op die kapitaalwaarde van die hele besit van òf die individu òf die firma. In die geval van die individu is dit sy hele "boedel", hoewel dié term nie gebruik word voor ná sy afsterwe nie; in die geval van die firma sal die belastingbasis die waarde wees van sy totale bates in die vorm van grond, geboue en uitrusting, handelsvoorraad en klandisiewaarde.

4.5 Sweedse benadering

In Swede word 'n nasionale belasting gehef op kapitaal in besit²⁾. Die waarde van alle eiendom in besit, behalwe huishoudelike meubels, minus skulde, vorm die basis van die jaarlikse kapitaalbelasting. Dié Sweed word net aangeslaan vir kapitaalbelasting as die markwaarde van sy eiendom die bedrag van Kr. 30 000 oorskry. Die belastingkoers is soos volg: Kr. 30 000 tot 100 000: 0,6%; 1% op die volgende Kr. 50 000; 1,2% op die volgende Kr. 50 000; 1,5% op die volgende Kr. 100 000 en 1,8% op bedrae wat Kr. 300 000 oorskry.

4.6 Samevattend

Vir die heffing van 'n kapitaalbelasting kan die basis van aanslag dus so wyd omskryf word dat alle moontlike kapitale bates, selfs handelsvoorraad en kontant in besit, belas word. Vir die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting is dit nodig om

1) Hicks, Ursula, op. cit., p. 119.

2) Seltzer. The Nature and Tax Treatment ... op. cit., p. 272.

meer beperkend te wees in die omskrywing van die basis van aanslag. Die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting hou die moontlikheid in van allerhande manipulasies van die kapitaalwins om daarmee die belasting te vermy of selfs te ontduik of af te wentel. Die kapitaalbelasting is nie so onderhewig aan hierdie soort optrede nie, veral in die geval van 'n eenmalige belastingheffing.

5. VERSKILLE IN DIE UITWERKING VAN DIE TWEE BETROKKE BELASTINGTIPES

Enkele van die skrywers oor kapitaalwinsbelasting verwys na sekere aspekte waarin dié belasting verskil van kapitaalbelasting. In hierdie paragraaf sal gekonsentreer word op die uitwerking van die kapitaalbelasting omdat die uitwerking van die kapitaalwinsbelasting in 'n latere hoofstuk aan die orde gestel sal word.

5.1 Herverdeling van rykdom

Millan stel voor dat 'n vermoënsbelasting teen 'n lae koers op totale vermoë gehef moet word¹⁾. 'n Klein persentasie van die belastingpligtiges kan onderhewig gestel word aan hierdie belasting deur die aanvangsbedrag vir belasbaarheid hoog te stel. Daardeur sal slegs die persone met die hoogste vermoë belas word en hulle totale belasting (inkomstebelasting plus vermoënsbelasting) sal groter wees as hul totale verwagte inkomste. Dit vorm dan 'n suiwer belasting op kapitaal.

Millan het 'n besondere doel met hierdie voorgestelde vermoënsbelasting²⁾. Hy meen 'n vermoënsbelasting sal die uitwerking hê dat dit die koers van kapitaalakkumulاسie by die rykes sal verminder. Die koers kan selfs negatief word in die geval van die heel ryk mense.

Die belasting kan 'n tweeledige gevolg hê:

- 5.1.1 Dit kan persone aanmoedig om hulle kapitaal meer winsgewend aan te wend, sodat hulle bruto inkomste groter kan wees as die som van die inkomste- en vermoënsbelasting.

1) Millan, op. cit., p. 18.

2) Id.

- 5.1.2 Dit kan persone aanmoedig om van hulle kapitaal ontslae te raak bv. deur middel van oorbesteding, geskenke of erflatings.

Ursula Hicks worstel ook met hierdie probleem en beweer dat geërfde rykdom die grootste oorsaak is van ongelyke inkomste¹⁾.

Millan glo dat sy voorstel 'n moontlike oplossing bied vir hierdie probleem²⁾. Hy sê die vermoënsbelasting kan 'n kragtige faktor wees om te verseker dat groot persoonlike rykdomme vinniger opgebreek word.

Indien die belasting gehef sou word na afsterwe van die belastingpligtige, sal dit 'n verdere bydrae lewer tot die gelykmaking van vermoë of rykdom. Die effek sal egter nie van 'n baie groot omvang wees nie.

5.2 Aanpasbaarheid

Kapitaalbelasting kan nie so noukeurig aangepas word by elke afsonderlike belastingpligtige se besondere omstandighede nie, omdat dieselfde tipe kapitale bates nie altyd dieselfde opbrengs lewer nie³⁾. Een rede hiervoor is die feit dat 'n kapitaalbelasting 'n objektiewe belasting is wat gehef word op die kapitaal in besit of op 'n sekere tipe investering sonder om die belastingpligtige se ander bates of inkomste in ag te neem. 'n Kapitaalwinsbelasting is daarenteen meer 'n subjektiewe belasting wat op die individu gehef word sonder om veel ag te slaan op die manier waarop die kapitaal belê is wat die aanwins opgelewer het⁴⁾.

5.3 Ondernemingsgees

'n Hoë kapitaalwinsbelasting sal ontmoedigend werk op ondernemingsgees en inisiatief en 'n premie plaas op ontduiking⁵⁾. Kapitaalbelasting sal baie minder geneig wees om so 'n effek te hê aangesien die belastingbasis gerig is op handeling in die verlede en nie op huidige inspanning nie. Waar die

1) Hicks, Ursula, op. cit., p. 200.

2) Millan, op. cit., p. 19. Vgl. die volledige aanhaling op p. 176.

3) Hicks, Ursula, op. cit., p. 200.

4) Von Mering, op. cit., p. 201.

5) Hicks, Ursula, op. cit., p. 200.

kapitaalbelasting egter van 'n herhalende aard is, sal daar wel 'n invloed uitgaan na die ondernemer en dit sal weer-spieël word in sy beplanning vir die toekoms. In so 'n geval sal beide die kapitaalbelasting en die kapitaalwins-belasting 'n invloed hê op die ondernemer se investerings-geneigdheid. Hy kan hom weerhou van enige verdere inves-terings of hy kan sy investerings in 'n ander rigting stuur as voor die instelling van die belastings¹⁾. Hier sal die koers waarteen die belastings gehef word 'n bepalende rol speel²⁾.

5.4 Likiditeitsvoorkeur

'n Belasting op kapitaal sal, in suiwer ekonomiese sin, 'n groter invloed uitoefen as 'n belasting wat net op opbrengs gehef word. Alle investerings hou 'n element van risiko in. As die belegger voor die kapitaalbelasting 'n klein voorkeur gehad het vir 'n sekere investering in vergelyking met die hou van 'n kontantbalans, kan die belasting sy voorkeur laat omswaai en sy likiditeitsvoorkeur laat toeneem omdat die belasting beide sy opbrengskoers en sy vergoeding vir die risiko wat hy neem, laat daal³⁾. Sy kapitaalaanbod kan dus onmiddellik verminder as gevolg van sy hoër likiditeitsvoor-keur.

'n Belasting op kapitaalopbrengs (kapitaalwins) sal nie lei tot 'n onttrekking van kapitaal nie, want wanneer 'n belegger moet kies tussen 'n kleiner — maar hoër belaste — inkomste teenoor 'n groter — maar hoër belaste — inkomste, is dit duidelik dat hy die groter inkomste sal kies op voorwaarde dat sy netto inkomste, na aftrekking van die heffing, in

1) Von Mering, op. cit., p. 196.

2) Daar bestaan ook die teorie dat 'n belasting op kapitaal sal lei tot hoër kapitaalbelegging. Black sê: "The inves-tor, feeling rather impoverished as the result of the tax, will, in an effort to increase his income, use a larger proportion of his savings to purchase the risky shares". Von Mering bevraagteken hierdie siening: "Such action is possible indeed, but it can happen only with respect to those investors who are not chiefly motivated by the principle that the greater return from risky enterprises had to make up for the possible loss of capital" — aangehaal deur Von Mering, op. cit., p. 197.

3) Von Mering, op. cit., p. 196.

die tweede geval groter sal wees as in die eerste¹⁾.

5.5 Beleggings met 'n groter risiko-element²⁾

'n Kapitaalbelasting sal ook 'n groter invloed hê op die aanbod van meer riskante beleggingskapitaal. Daar is 'n noue verband tussen die mate van risiko verbonde aan 'n belegging, die hoeveelheid kapitaal wat belê word en die opbrengs van daardie belegging. Sodra 'n deel van die kapitaal wegbelas word, daal die opbrengs en die belegger beskou die mate van risiko dan as te hoog in verhouding met die opbrengs en die hoeveelheid kapitaal wat belê is. Ten einde die risiko van 'n verlies van 'n deel (of alles) van sy kapitaal te verminder, sal die belegger sy hoeveelheid kapitaal in daardie meer riskante portefeuljes verminder.

'n Kapitaalwinsbelasting op die opbrengs sal dieselfde gevolge hê, maar in 'n mindere mate.

6. PROBLEME VAN EN KRITIEK TEEN KAPITAALBELASTING

6.1 Moeiliker administrasie

Dis baie duidelik dat belastinge op kapitaal, of dit nou jaarliks of net by dood gehef word, moeiliker is om te administreer as belastinge op inkomste³⁾. Die rede hiervoor is die volgende: Vir die bepaling van die waarde van enige kapitale bate is nie alleen kennis nodig van die inkomste wat op die oomblik uit die bate verkry word nie, maar ook van verwagte inkomste oor die loop van jare vorentoe en van 'n geskikte toepasbare diskontokoers.

6.2 Probleme met waardasie

Daar is 'n groot aantal tipes van kapitaalbates wat nie gewaardeer kan word met die oog op 'n belastingheffing nie. Die voor-die-hand-liggendste voorbeeld hiervan is kapitaal wat in persone belê word in die vorm van opvoeding en opleiding⁴⁾.

1) Id.

2) Vgl. par. 3.4, p.163.

3) Prest. Public Finance in Theory and Practice. op. cit., p. 146.

4) Ibid., p. 50.

In ander gevalle is 'n praktiese waardasie wel moontlik, maar baie willekeurig, soos in die geval van 'n klein familiebesigheid wat nie op die beurs genoteer is nie.

6.3 Belastingvermyding

Uit die oogpunt van belastingdruk lewer hierdie belasting-tipe verdere probleme. Plaaslike belastings word teen verskillende tariewe gehef in verskillende distrikte. Die belastingbetaler kan dus die belasting vermy deur na 'n ander gebied of dorp te trek¹⁾.

6.4 Kapitaalverbruik

Nog 'n kritiekpunt teen kapitaalbelasting is dat die belastings vergesel moet word van 'n kompenserende toename in reële investering, anders lei dit tot kapitaalverbruik. Ursula Hicks noem dit: "... a deterioration in the community's provision for the future, relative to its provision for the present"²⁾. Dit sal alleen gebeur as daar nie iewers in die ekonomie 'n besparing is wat gelyk is aan die belastingbetaler se verlies aan kapitaal nie. Ursula Hicks wys daarop dat so iets alleen sal gebeur as 'n baie swaar kapitaalbelasting gehef word.

6.5 Verander in 'n inkomstebelasting

Een van die basiese vereistes wat hierbo in paragraaf 5.1 gestel is, is dat die belasting groter moet wees as die inkomste, anders is dit nie 'n suiwer kapitaalbelasting nie.

By die heffing van 'n kapitaalbelasting het die belastingbetaler gewoonlik die geleentheid om uit sy inkomste voorsiening te maak vir die betaling van die belasting. Daarom sê Ursula Hicks: "... thus the capital tax becomes more or less a species of income tax." Sy sê verder in 'n voetnota: "In practice arrangements generally have to be made for taxpayers to meet their levy payments in instalments, as forced sales would otherwise depress capital values unduly ..."³⁾ Daarmee het die kapitaalbelasting dan eintlik sy

1) Hicks, Ursula, op. cit., p. 163.

2) Ibid., p. 201.

3) Id.

funksie as herverdelers van inkomste en rykdom verloor.

6.6 Lewer 'n klein inkomste

'n Suiwer kapitaalbelasting vorm 'n redelike klein bron van inkomste vir die Staat. Selfs al word seëlregte bygetel as 'n vorm van kapitaalbelasting, is die relatiewe persentasie-opbrengs nog gering¹⁾. Die enigste kapitaalbelasting wat 'n redelike opbrengs het, is eiendomsbelasting.

7. SAMEVATTEND

Kapitaal in besit gee aan die besitter daarvan sosiale en ekonomiese voordele, in die vorm van sekuriteit en geleenthede, bykomend tot die inkomste uit die aanwending van genoemde kapitaal. Om hierdie rede sien die Fiskus dan ook dikwels geleentheid om twee afsonderlike belastingtipes in te stel, nl. 'n kapitaal- en 'n kapitaalwinsbelasting.

In Suid-Afrika vorm eiendomsbelasting, 'n tipe van kapitaalbelasting, 'n vername bron van inkomste vir plaaslike bestuurs- en munisipaliteite in dorpe en stede en vir Afdelingsrade in die Kaapprovinsie. Seëlregte (indien dit beskou word as 'n vorm van kapitaalbelasting) vorm 'n redelike groot bron van inkomste op nasionale vlak soos blyk uit die begrotingsvoorstelle (1978) waarin die Minister gevra het vir 'n verhoging van die seëlreg op tjeks.

Kapitaal- en kapitaalwinsbelasting verskil in 'n groot mate in die invloed wat elkeen uitoefen op die ekonomie, beide op mikro- en makro-vlak. In hierdie studie gaan egter nie verder aandag gegee word aan kapitaalbelasting nie.

1) Millan, op. cit., p. 11.

HOOFSTUK 8

DIE BELASBAARHEID VAN KAPITAALWINS — ARGUMENTE VIR EN TEEN DIE HEFFING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING

Die vraag of kapitaalwins belas moet word of nie, het al baie ekonome die pen laat opneem. Dis 'n vraag wat elke owerheid op een of ander tyd vir homself moet beantwoord. Verskeie argumente word aangevoer waarom 'n kapitaalwinsbelasting nie ingestel behoort te word nie en net soveel om te agiteer vir die instelling van so 'n belasting.

Onder die groep wat hulle ten gunste van die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting uitspreek, is ook weer twee strominge. Die eerste bepleit die belasting teen 'n laer koers as normale inkomste, terwyl die tweede stroming vra vir gelyke belasting van alle inkomstes, hetsy dit van 'n kapitale aard of van 'n normale inkomste-aard is.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om al hierdie argumente van nader te beskou waardeur die verskillende houdings teenoor die kapitaalwinsbelasting as fiskale tegniek duideliker na vore behoort te tree. Sodoende behoort die gebruik van die kapitaalwinsbelasting in die totale fiskale opset van enige land dan meer pertinent aan die lig te kom, hoewel die finale woord omtrent die meriete van die kapitaalwinsbelasting eers in hoofstuk 9 gespreek sal word waar hierdie belastingtipe geweeg sal word teen die erkende norme wat vir alle belasting neergelê is.

1. KAPITAALWINS IS INKOMSTE: VERHOOGING VAN BESTEDINGSVERMOË EN LEWENSTANDAARD

Waar die meeste owerhede 'n doelgerigte en wetenskaplik-verantwoorde belastingpolitiek volg by die hef van belasting, is die vraagstuk van vermoë van die belastingpligtige onderdane om die betrokke belasting te kan dra, in beide absolute en relatiewe sin van wesentlike betekenis. Dit vorm dan ook die eerste oorweging in hierdie hoofstuk waar die belasbaarheid van kapitaalwins ter sprake is, nl. die vraag of kapitaalwins die vermoë van die belastingpligtige verhoog om 'n beter lewenswyse te voer. Die vraag word bevestigend beant-

woord deur Gulati met sy "fundamental equity"-argument vir die heffing van kapitaalwinsbelasting¹⁾. Hierdie argument lui dat reële kapitaalwins, dit is 'n toename in die reële waarde van alle tipes bates, 'n bydrae lewer tot die verhoging van koopkrag en lewenstandaard (of ekonomiese bevrediging)²⁾. Daarom, volgens die argument, behoort kapitaalwins saam met ander inkomste belas te word. Die argument kan met die volgende syfervoorbeeld geïllustreer word³⁾:

Gestel Jones en Smith het elkeen 'n jaarlikse inkomste van R2 000 en besit elk R2 000 kapitaal wat hulle op 5 April belê. Gestel albei verkoop hulle beleggings op 4 April van die volgende jaar: Jones verkoop syne vir R2 500 en Smith syne vir R2 000. As albei dieselfde gesinsverplichtinge, ens. het, is Jones in 'n beter posisie as Smith. Dit lyk heeltemal regverdig dat Jones in daardie besondere jaar meer belasting moet betaal as Smith.

'n Vraag wat hom nou voordoen, is nl. wat is 'n persoon se jaarlikse verbruikbare inkomste waarop sy aanspreeklikheid tot belastingbetaling gebou behoort te wees? Hierop voorsien Ilersic 'n antwoord wat op persoonlike verbruik gebaseer is⁴⁾. Dit is die maksimum bedrag wat die belastingpligtige kan verbruik sonder om aan die einde van die jaar in 'n swakker ekonomiese posisie te wees as wat hy aan die begin van die jaar was.

Dieselfde resultaat sou verkry kon word as van die veronderstelling uitgegaan word dat geld se koopkrag dieselfde bly en dat die inkomste dan gesien word as die totale besteding op verbruik, maar dan moet die netto toename in 'n persoon se ekonomiese vermoë gedurende die gegewe jaar daarby getel word⁵⁾. Dit is 'n belangrike toevoeging wat Ilersic tot sy definisie van verbruikbare inkomste maak. As die ekonomiese vermoë gedefinieer word as die belastingbetaler se geldeise

1) Gulati. A Note on the Capital Gains Tax ... op. cit., p. 222.

2) Vgl. par. 3.2, p. 20; par. 1, p. 110; par. 2.1, p. 133.

3) Turvey, op. cit., p. 183.

4) Ilersic, op. cit., p. 18.

5) Ibid., p. 20.

teen die ekonomiese bronne van die gemeenskap, dan vloei daaruit voort dat kapitaalwins deel vorm van 'n persoon se ekonomiese vermoë en dus ook deel behoort uit te maak van sy inkomste¹⁾.

Saam met Ilersic kan hieruit afgelei word dat die kapitaalwins belas behoort te word ongeag van wat die aard van die belastingbetaler se ander inkomste of van sy batebesit mag wees²⁾.

Dit is oënskynlik onregverdig om 'n persoon se bestedingsvermoë slegs te meet in terme van gewone inkomste en om gerealiseerde kapitaalwinste by so 'n beoordeling uit te sluit. Gans voel sterk oor hierdie saak en stel sy oortuiging soos volg: "Realized capital gains are, to the recipient, essentially no different from ordinary income."³⁾ Dit is 'n mening wat ook deur ander skrywers in die ekonomiese literatuur benadruk word⁴⁾.

Sandford beskou ook fiskale bevoordeling van die kapitaalwinsontvanger as onregverdig⁵⁾. Hy sê dit sal nie saak maak of kapitaalwins dieselfde behandeling ontvang as gewone inkomste nie; die feit bly staan dat kapitaalwins 'n bydrae lewer tot 'n persoon se ekonomiese mag en tot sy bestedingsvermoë en daarom bring dit 'n verhoging in die ontvanger se vermoë om 'n hoër lewenstandaard te kan handhaaf.

Die Franzsenkommissie beroep hom o.a. op billikheidsoorweegings as hy aanvoer dat die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting die hele belastingstelsel billiker sal maak. Hy haal die volgende aan uit die verslag van die Carterkommissie: "A dollar gained through the sale of a share, bond or piece of real property bestows exactly the same economic power as a dollar gained through employment or operating a business."⁶⁾

1) Id.

2) Ibid., p. 19.

3) Gans, op. cit., p. 265.

4) Kyk by. Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 373.

5) Sandford. Taxing Personal Wealth ... op. cit., p. 230.

6) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 239, p. 52.

Enigsins verskillend hiervan is die sienswyse van Miller¹⁾. Hy sê ware inkomste het drie wesenskenmerke nl. dit moet ontvang word, dit moet herhalend van aard wees en dit moet besteebaar wees. Hieruit lei hy dan af dat "gains and profits from transactions outside of one's regular vocation or line of business, like the profit from the sale of a home, are of doubtful character", met die implikasie daarby dat hierdie "gains and profits" dan nie belasbaar behoort te wees nie.

In sy betoog teen die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting voer Mabin, 'n lid van die Franzsenkommissie, die volgende argument aan²⁾: Omdat die realisasie van kapitaalwins nie 'n direkte bydrae maak tot die bruto binnelandse produk nie, is daar nie 'n verband tussen die twee nie en kapitaalwins dra dus ook nie by tot die groei van die B.B.P. nie. Omdat die geldwaardes van alle gelyksoortige bates in dieselfde verhouding styg, sal die verhoogde geldwaarde ontvang by realisasie van 'n bate nie in staat wees om 'n verhoogde fisiese volume van 'n soortgelyke bate te kan aankoop nie. Daarom kan 'n belasting op kapitaalwins, "inderdaad 'n belasting op werklike kapitaal verteenwoordig."³⁾ Die kommissie is egter nie oortuig van die onoorkombaarheid van hierdie probleem nie en voorsien in hulle voorstelle vier maatreëls om die besware te bowe te kom⁴⁾.

Na hierdie teenstydige beskouinge omtrent die kapitaalwins se vermoë tot verhoging van die ontvanger daarvan se welvaartsposisie — "wel-being" soos dikwels in die ekonomiese literatuur genoem word — is dit nodig om terug te keer, eerstens na die moontlike skynaard van kapitaalwins — 'n aspek waaromtrent feitlik volledige eenstemmigheid bestaan dat dit dan 'n kapitaalbelasting teweegbring — sowel as tweedens na die bedoeling wat bestaan het ten tye van die ontvangs van die kapitaalwins⁵⁾. Hierdie twee ooreengestelde werp verdere lig

1) Miller. The "Capital Asset" Concept ... op. cit., p. 1060.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. (3), p. 68.

3) Vgl. ook Ilersic, op. cit., p. 18 en par. 6.1., p. 173. hieronder.

4) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 262, p. 57.

5) Vgl. par. 4 vanaf p. 32.

op die welvaartsaspek van die ontvanger van die kapitaalwins en dus op die belasbaarheid daarvan.

1.1 Die probleem van illusionêre winste

Die moontlike illusionêre aard van kapitaalwins is reeds in 'n vorige hoofstuk aangesny¹⁾, dog hier word dit as objek van belastingheffing van nader beskou.

Daar word dikwels geargumenteer dat kapitaalwins illusionêr is en dat dit daarom nie belas behoort te word nie.

In hoofstuk 6 is prysstygings as gevolg van 'n daling in die algemene rentekoerspeil as een van die bronne van sodanige illusionêre kapitaalwins aangedui²⁾. Is hierdie soort kapitaalwins belasbaar? Die stelling word gemaak dat so 'n kapitaalwins niks bydra tot 'n persoon se bestedingsvermoë nie. Dit sou ook nie 'n vermeerdering in die belegger se toekomstige inkomste meebring nie. Turvey sê egter hierdie siening hou nie rekening met die feit dat die eienaar van bates nou in 'n beter posisie kom as voor die rentekoersverandering nie³⁾. As hy nie sy wins bestee nie, het hy meer kapitaal as voorheen teenoor dieselfde inkomste. Indien hy wel die wins bestee, verminder hy sy inkomste met 'n kleiner bedrag as wat hy sou doen deur disinvestering van 'n gelyke som in die afwesigheid van 'n daling in die rentekoerse. Daarom meen hy, moet hierdie kapitaalwins wel belas word.

Daar is skrywers wat van mening is dat die ontvanger van sulke kapitaalwins nie tot dieselfde mate bevoordeel word nie as die ontvanger van 'n gelyke bedrag aan kapitaalwins wat ontstaan het as gevolg van die verhoogde verdienvermoë van sy bates en ook nie as die persoon wat 'n salarisverhoging van gelyke bedrag ontvang het nie⁴⁾. Indien alle kapitaalwinste belas sou word, sou dit beteken dat sommige oorbelas sal word. Die keuse lê vir Turvey dus tussen sodanige oorbelasting of 'n onderbelasting van al daardie

1) Hoofstuk 6.

2) Royal Commission, op. cit., p. 63 en hoofstuk 6, par. 3.2.

3) Turvey, op. cit., p. 183.

4) Id.

winste wat normaalweg as kapitaalwins geklassifiseer word en wat dan nie in ag geneem word by die bepaling van die persoon se belasbare inkomste nie. Hy gee egter geen aanduiding van hoe hy gaan onderskei tussen die twee soorte kapitaalwins nie.

Die tweede bron van illusionêre kapitaalwins is die styging in batepryse as gevolg van inflasie. In dié geval styg bates pryse tesame met bate-inkomste en lewenskoste. Die wins is net 'n weerspieëling van die vermindering in die koopkrag van geld. 'n Algemene voorbeeld hiervan is die geval van 'n woonhuis wat 10 jaar gelede vir R20 000 gekoop is en nou vir R30 000 verkoop kan word¹⁾. Die opbrengs sal bes moontlik te min wees om weer 'n gelykwaardige huis te kan koop²⁾. Indien 'n deel van die wins nou nog wegbelas word, sal die verkoper sekerlik swakker daaraan toe wees as voordat hy sy huis verkoop het³⁾.

Gelykluidend verklaar Wallich: "A tax on inflation-caused capital gains ... is a tax not on the increments of wealth, but on the original wealth itself."⁴⁾

Hieruit wil dit dan voorkom dat 'n belasting op hierdie winste onregverdig sal wees, omdat daardie betrokke belastingpligtiges telkens in 'n swakker posisie sal wees ná die betaling van die belasting⁵⁾.

Nog 'n probleem wat sal ontstaan uit so 'n belasting is dat die ontvangers van sulke winste relatief swaarder belas sal word as persone wat as gevolg van die prysstygings hoër salarisse ontvang het, maar geen bates besit nie⁶⁾. Hieroor is daar verskil van mening as daarop gewys word dat die inflasionêre toestand ook vir die loon- en salaristrekker illusionêre voordele sal meebring in die vorm van hoër besoldiging⁷⁾. Ook hulle is nie reël beter daaraan toe nie.

1) Vgl. 'n soortgelyke voorbeeld op p. 118.

2) Vgl. Hoofstuk 6, par. 3.2.2, p. 123.

3) Miller. The "Capital Asset" Concept ... op. cit., p. 1061.

4) Wallich, op. cit., p. 137.

5) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 371.

6) Turvey, op. cit., p. 184.

7) Illersic, op. cit., p. 20.

Sodanige styging in lone en salarisse is dikwels niks anders nie as 'n weerspieëling van die verhoogde pryspeil as gevolg van die inflasie¹⁾. Hierdie styging is net so illusionêr as sommige kapitaalwinste, maar gewoonlik word net die "geldelike" styging belas. Daarby plaas hierdie inkomstestyging dikwels die ontvanger daarvan in 'n hoër belastingkategorie onder 'n progressiewe belastingstelsel. Aangesien nie een van die groepe in reële terme baat nie, is dit onregverdig om die batebesitters vry te stel van belasting en nie die salaristrekkers nie²⁾.

Verder is dit so dat alle spare, in terme van kapitaalwaarde en van die inkomste wat dit lewer, geraak word deur die dalende geldwaardes. Dit is dus geen rede waarom juis kapitaalwinste algeheel vrygestel moet word van belasting nie. Daardeur sal alleen die welvarendste deel van die gemeenskap gevrywaar word van die gevolge van inflasie³⁾.

Oor hierdie saak is daar by heelwat skrywers eenstemmigheid. Head beweer bv. dat die vrystelling van kapitaalwinst 'n onregverdig diskriminasie veroorsaak tussen die genoemde twee groepe belastingbetalers⁴⁾. Hy meen dit is nie logies om te redeneer dat alle kapitaalwinste, selfs in 'n tyd van inflasie, geheel en al illusionêr is nie⁵⁾. Selfs as hulle illusionêr is, word persone wat bates besit meer bevoordeel as die wat dit nie besit nie.

Millan ondersteun Head se standpunt as hy sê: "In any case, share and property values should rise more rapidly than prices generally", sodat, waar kapitaalwinst nie belas word nie, die land in sy geheel inderdaad die welvaart van die welvarendes subsidieer⁶⁾.

Dit wil dus uit bostaande blyk dat skrywers wat rekening hou met die illusionêre aard van kapitaalwinst, redelik eenstemmig is dat die kapitaalwinst van belasting vrygestel be-

1) Vgl. bespreking onder par. 3.1.3.2, p. 121.

2) Ilersic, op. cit., p. 24.

3) Millan, op. cit., p. 12.

4) Head, op. cit., p. 230.

5) Vgl. ook Mabin, Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 261, p. 56.

6) Millan, op. cit., p. 12.

hoort te word. Wanneer die argument verder gevoer word en gekyk word na die invloed van die oorsake van die kapitaalwins op die res van die ekonomie en op ander belastingpligtiges se inkomstes, dan begin dit tog lyk of daar 'n saak uit te maak is vir die heffing van sodanige belasting, veral met die oog op regverdigheid teenoor alle belastingbetalers. Voordat so 'n voorstel egter ingedien kan word, moet eers gekyk word na ander argumente en faktore wat 'n rol mag speel.

1.2 Bedoelde teenoor onverwagte aanwinste

'n Algemene argument teen die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting is dat kapitaalwins nie net ongereeld voorkom nie, maar dat dit ook ongesog en onverwags mag wees en daarom nie dieselfde tipe belasbaarheid verteenwoordig as gereelde en verwagte inkomste nie¹⁾. As voorbeeld noem Head die belegger wat aandele koop met die oog op 'n gereelde inkomste en die huishouer wat 'n huis koop met die oog op sekuriteit en persoonlike genot²⁾. Geeneen van hulle sou dan 'n moontlike kapitaalwins in gedagte gehad het nie!

Voor die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting in Engeland in 1965 was baie vorme van wins, veral toevallige winste of toevallings, nie aan belasting onderhewig nie, omdat gemeen is dat hulle nie deel uitmaak van die opbrengs wat normaalweg met 'n bedryf of werkverrigting vereenselwig word nie³⁾.

Head beskou hierdie argumente as wankelrig. Dis baie onwaarskynlik dat die meerderheid kapitaalwinste onverwags is. Hy sê: "The capital gain may not be a substantial part of the expected return, and may not even be necessary to induce the investor to buy, but this, of itself, would not suggest that this part of the return is either unintended or unexpected".⁴⁾

Wells deel hierdie siening en stel: "The great bulk of capital gains are realized in connection with transactions entered into for profit"⁵⁾. Ook Seltzer beweer dat kapitaal-

1) Royal Commission, op. cit., p. 63.

2) Head, op. cit., p. 222.

3) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 49.

4) Head, op. cit., p. 223.

5) Wells, op. cit., p. 22.

wins nie regtig onverwags is nie en dat dit onrealisties is om te betoog dat dit onbillik sou wees om onverwagte winste te belas¹⁾. As ons uitgaan van die standpunt dat gelyke inkomste gelyke belasting moet betaal, is dit moeilik om te verstaan hoekom die genot en bestedingsvermoë wat voortvloei uit 'n onverwagte inkomste, juis minder sal wees as wat dit sou wees uit 'n inkomste waarna spesifiek gestreef is. Die teendeel sou eerder waar kon wees.

Die Royal Commission erken net een toets om te bepaal of 'n toevalling belasbaar is, nl. die toets of die toevalling vir die ontvanger enige materiële voordele inhou²⁾. Indien dit gebeur, is die toevalling belasbaar.

Uit hierdie oogpunt gesien, is dit nie ter sake of die verhoging in bestedingsmag voortvloei uit 'n onverwagte toevalling nie en of dit verwag, beplan of verkry is in die normale verloop van 'n besigheid, wat georganiseer is met die doel om wins na te jaag.

Hoewel dit nodig mag wees om onderskeid te maak tussen kapitaalwinste wat verdien is uit spekulatiewe ondernemings en die wat in die aard van toevallige winste (windfalls) is, moet in ag geneem word dat albei soorte 'n toevoeging tot die ontvanger se geldmiddele (well-being) meebring. Reeds in 1922 skryf Powell³⁾: "From a practical common-sense point of view, there is something strange in the idea that a man may indefinitely grow richer (i.e. in terms of capital increases) without ever being subject to an income tax".⁴⁾

Dit skyn asof dié argument teen die heffing van kapitaalwinstbelasting nie baie gewig dra nie. Daar is 'n redelike groot mate van eenstemmigheid onder skrywers dat so 'n onverwagte toevalling juis 'n persoon se bestedingsvermoë

1) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 373.

2) Royal Commission, op. cit., p. 52.

3) Aangehaal deur Ilersic, op. cit., p. 24.

4) Vergelyk die opmerking van Miller: The "Capital Asset" concept: 1. op. cit., p. 843: "It is hard to see why an individual who makes \$10 000 from a single sale of stock or other property or from several sales, has less capacity to pay income tax than a merchant who makes a net profit of the same amount from a great number of sales".

behoort te verhoog en daarom belasbaar behoort te wees. Die feit dat dit 'n onverwagte inkomste is wat daarom nog nie verdiskonteer is d.m.v. vooruitbestedings nie, behoort juis die pynlikheid by die afgee van 'n deel daarvan te verminder.

2. KAPITAALWINS SE ANTISIKLIESE VERMOË

Verskeie skrywers wys op die neiging van die kapitaalwinsbelasting om prysskommeling te verskerp en daarom word die kapitaalwinsbelasting beskou as 'n element van onstabiliteit. Die belasting oefen hierdie invloed uit in beide rigtings van prysskommeling m.a.w. die belasting verskerp prysstygings sowel as prysdalings¹⁾. In 'n tyd van prysstygings veroorsaak die belasting dat pryse hoër styg as wat andersins die geval sou gewees het. Terwyl pryse daal, sal 'n verkoopdruk ontwikkel van daardie bates waarop verliese opgeloop het en sodoende sal die belasting meewerk om die pryse laer te laat daal as wat normaalweg, sonder 'n kapitaalwinsbelasting, sou gebeur het²⁾.

In Engeland is 'n ondersoek gedoen om die geldigheid van bogenoemde argument te verifieer en die ondersoekers bevind die volgende: "The evidence from our field interviews is consistent with the charge that the capital gains tax tends to accentuate the severity of fluctuations in the security markets, especially on the up side; in fact, it indicates that tax effects may have been a fairly significant influence in this respect."³⁾

Somers stem saam met die resultaat van bogenoemde ondersoek, maar beklemtoon dat die prysbewegings van aandele en ander bates ook in die dalende fase verskerp word deur 'n belasting op kapitaalwinste⁴⁾.

'n Toegewing om kapitaalverliese af te trek voor berekening van die belasbare bedrag, is 'n faktor wat sal bydra tot verskerping van prysskommeling. Selfs net 'n gedeeltelike

1) Somers, H.J. An Economic Analysis of the Capital Gains Tax. in National Tax Journal, Sept. 1948, p. 232.

2) Von Mering, op. cit., p. 230.

3) Butters, e.a. op. cit., p. 45.

4) Somers, op. cit., p. 232.

erkenning van die verliese sal 'n aanmoediging wees vir verhoogde verkoopdruk van bates waarop verliese opgeloop het. Daar kan dus groter prysskommeling verag word¹⁾.

Ander skrywers stem nie heeltemal hiermee saam nie en sê dat indien 'n "boom" in die aandelemark versterk word deur beperkte erkenning van kapitaalwinste, sal markdalings vertraag word deur beperkte erkenning van kapitaalverliese. Nie-ten-volle-aftrekbaarheid van verliese neig om die aansporing te verminder wat daar bestaan om hoë koste-eiendomme te verkoop met die oog op die verkryging van belastingaftrekkings.

Die oorsake vir die prysskommeling moet dus elders gesoek word. Wells verwys na 'n sekere ondersoekkommissie wie se bevinding die volgende was: "... the underlying business situation and the related speculative temper of the times were primarily responsible for stock market and real estate booms and collapses"²⁾.

Samevattend ten opsigte van die sikkiese vermoë van kapitaalwinsbelasting kan volstaan word met Head se beskouing dat kapitaalwinsbelasting 'n noodsaaklike onderdeel van 'n land se hele belastingstruktuur behoort te wees³⁾. Hy sê die insluiting van die kapitaalwinsbelasting is byna onontbeerlik vir volle effektiewe en regverdige fiskale aksie. Dis syns insiens 'n waardevolle instrument om monetêre en ander ekonomiese stabilisasie-maatreëls te kan toepas.

3. KAPITAALWINSBELASTING EN EKONOMIESE GROEI

Die Franzsenkommissie se mnr. Mabin glo dat die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting volgens die voorstelle van die Kommissie sal neig om jonger of kleiner ondernemings se verdere groei te belemmer terwyl hulle ouer en/of groter mededingers in vorige jare ongestoord kon groei sonder benadeling deur 'n sodanige belasting⁴⁾.

1) Miller. The "Capital Asset" Concept: 2. op. cit., p. 1074. Hy sê o.a.: "Yet even such limited deductibility of capital losses has been thought to accelerate a decline in market values."

2) Wells, op. cit., p. 23.

3) Head, op. cit., p. 242.

4) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 68.

In die V.S.A. is die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting gesien as die logiese uitvloei van 'n jong, dinamiese ekonomie met onontwikkelde bronne waaruit kapitaalwinste maklik gemaak kan word. Slitor beskou hierdie winste as 'n "familiar part of the economic landscape" en dit vorm 'n belangrike bron van private rykdom¹⁾.

Die kapitaalwinsbelasting behoort volgens hierdie laasgenoemde siening 'n onderdeel te vorm van die Suid-Afrikaanse belastingstruktuur, maar dit bots reëlreg met die siening van Mabin hierbo.

3.1 Onsekerheid van die belastingkoers

Aangesien 'n groot deel van die kapitaalbeleggings gedoen word met die oog op groei oor 'n redelike lang termyn, word selfs beleggers wat nie in die superbelaastingklas val nie ontmoedig, omdat hulle onseker is oor die koers waarteen hulle uiteindelik belas sal word wanneer hulle die kapitaalwins realiseer aangesien die belastingkoers sal afhang van ander inkomstes²⁾.

Beleggers (individue en maatskappye) verlang nie onbepaalde vryheid om te spekulêr nie. Hulle wil egter suiwer riglyne hê omtrent die gevolge wat hulle huidige beleggingsbeleid sal uitoefen op hulle toekomstige belastingpligtigheid³⁾. Beleggers is deeglik bewus van die feit dat toevallings wat in 'n besondere jaar vrygestel was van belasting in 'n volgende jaar terugwerkend aangeslaan mag word indien die Ontvanger van Inkomste sou besluit dat latere optrede daarop dui dat genoemde beleggers die wins gerealiseer het as gevolg van 'n voorafbeplande winsmaakskema. Onder die huidige stelsel in Suid-Afrika, waar so 'n wins òf vrygestel òf progressief saam met ander inkomste aangeslaan kan word, word beleggings, en daarmee saam vinniger ekonomiese groei, dan ontmoedig. 'n Kapitaalwinsbelasting behoort hierdie onsekerheid uit die weg te ruim.⁴⁾

1) Slitor, op. cit., p. 30.

2) Royal Commission, op. cit., p. 73.

3) Killoran, T. Tax net Tightens. When is Capital Appreciation Taxable? More and More Often, it Seems Today. in Financial Mail, June 16, 1967, p. 868.

4) Id.

3.2 Spare en spaargeneigdheid

Head wys op die moontlike gevolge van die inkomste- en substitusie-effekte wat kan ontstaan uit die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting¹⁾. Dit is duidelik dat kapitaalwins meer dikwels voorkom onder die hoër as onder die laer inkomstegroepe. Dit bring mee dat die druk van hierdie belasting progressief sal wees.

Die grensgeneigdheid om te spaar is hoër by die hoër inkomstegroepe wat onderhewig is aan die swaarder belastingdrag. Hieruit is dit duidelik dat die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting daartoe sal lei dat die spaarkoers van die gemeenskap en die aanbod van spare sal daal.

Met die oog op die substitusie-effek is dit duidelik dat 'n kapitaalwinsbelasting slegs 'n gedeelte van die vergoeding van spare tref en dan alleen spare wat in sekere rigtings belê word, nl. op bates wat die potensiaal inhou om kapitaalwins op te lewer²⁾. Indien die owerheid belastingkoerse op ander inkomstes (insluitend rente op spare) verlaag, sodat na die heffing van die kapitaalwinsbelasting, die totale belastingopbrengs onveranderd bly, dan is dit nie noodwendig dat daar 'n beduidende ongunstige substitusie-effek op die aanbod van spare sal intree nie³⁾.

Die gesamentlike invloed van die inkomste- en substitusie-effekte van die kapitaalwinsbelasting sal waarskynlik wees om die totale aanbod van spare te verminder, selfs waar verligting op ander terreine gegee word⁴⁾.

Of dit noodwendig nadelig gaan inwerk op ekonomiese groei, sal bepaal word deur die omvang van die bestaande spaarkoers, en deur die vraag of die ekonomie 'n onderliggende tendens tot sekulêre stagnasie besit, of nie. 'n Ekonomie wat hoofsaaklik gebou is op private ondernemingsgees mag selfs groter en bestendiger groei ondervind oor 'n periode van byvoorbeeld 20 jaar met 'n relatief matige, in plaas van 'n hoë, spaarkoers⁵⁾.

1) Head, op. cit., p. 240.

2) Vgl. par. 3.4 vir verdere verwysings na die substitusie-effek.

3) Head, op. cit., p. 240.

4) Id.

5) Id.

Die mening word ook gehuldig dat 'n kapitaalwinsbelasting sal help om 'n verwringing in die beleggingspatroon reg te stel deur mense te ontmoedig om geld te belê in bates wat slegs kapitaalwins oplewer en geen inkomste nie. Die beste voorbeelde hiervan is die versameling van seëls, munte, skilderye, en so meer¹⁾.

Indien kapitaalwins onderhewig gestel word aan die volle aanslag van inkomste- en superbelasting, sal dit 'n nadelige invloed hê op die aansporing om te spaar op sowel persone in die hoër as in die laer inkomstegroepe²⁾. Dit kan selfs daartoe lei dat die kapitaalbesitters sal begin om hulle kapitaal te verkwis, eerder as om dit te belê en swaar belas te word op die winste wat daaruit voortvloei. Die belegger sal redeneer dat dit vir homself voordeliger is om sy geld te geniet en op homself te bestee as om dit te belê en dan die grootste deel van die opbrengs aan die Staat oor te betaal.

Die neiging om spare te verminder sal 'n direkte invloed hê op die fondse beskikbaar vir investering.

3.3 Investering as groeifaktor

Om 'n bestendige, voortgesette groei te verseker, is dit eerstens nodig dat daar genoeg investeringskapitaal beskikbaar sal wees en tweedens dat die beskikbare fondse sodanig geïnvesteer moet word dat die land se infrastruktuur uitgebou en sleutelnwywerhede daargestel word.

Volgens Sanders het die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting 'n tweeledige invloed, naamlik, 'n lae belastingkoers moedig daardie soort beleggings aan wat lei tot kapitaalwins, terwyl 'n hoër koers daarenteen die realisasie van kapitaalwins ontmoedig waar dit wel ontwikkel het³⁾.

Hierbo is aangetoon dat die kapitaalwinsbelasting tot gevolg kan hê dat 'n daling in die spaarneiging kan lei tot 'n ver-

1) Sandford, op. cit., p. 230. Vgl. ook hfst. 4, par. 2.1

2) Royal Commission, op. cit., p. 73.

3) Sanders, T.H. Effects of Taxation on Executives. Harvard University — Boston 1951, p. 214.

minderung in die beskikbare beleggingsfondse. Dit is vanselfsprekend dat hierdie vermindering in beskikbare kapitaal 'n dempende invloed sal hê op die oprigting van nuwe nywerhede en dus ekonomiese groei op hierdie wyse sal belemmer.

Die akkumulasie van kapitaalwins is baie nou verwant aan die plasing van meer riskante beleggings en hierdie riskante beleggings word gedoen deur die groot eiendomsbesitter en nie deur die klein spaarder nie.

Indien kapitaalwins onderhewig gestel sou word aan beide inkomste- en superbelasting, sal 'n groot gedeelte van die wins teen 'n baie hoë koers belas word en dit sal 'n baie nadelige invloed hê op die plasing van beleggingsgeld deur hierdie besondere groep beleggers¹⁾. Die belasting kan dus die toedeling van beleggingsfondse in 'n ongewenste rigting of patroon indwing. Dit sal nie net lei tot prysskommeling nie, maar ook tot ekonomiese onstabiliteit deurdat dit ekonomiese aktiwiteite kan ontmoedig²⁾.

3.3.1 Beperking van investering deur die uitstel van die realisasie van beleggings

Wallich beskou kapitaalwinsbelasting as 'n selfopgelegde of "vrywillige" belasting aangesien die belegger die keuse het of hy sy belegging (bates) wil realiseer en belasting wil betaal of nie³⁾.

Daar is voor die Franzsenkommissie⁴⁾ betoog dat 'n relatief hoë tarief op kapitaalwinste 'n neiging by belastingpligtiges sal skep om realisering oormatig uit te stel met gevolglike ongesonde uitwerking op aandele- en eiendomspryse⁵⁾. Die Kommissie het die geldigheid van die beswaar ingesien.

In lande waar die kapitaalwinsbelasting reeds gehef word, blyk dat daar 'n sterk neiging bestaan om die verkoop van

1) Royal Commission, op. cit., p. 73. Vgl. bespreking op p. 159.

2) Sanders, op. cit., p. 214.

3) Wallich, op. cit., p. 135.

4) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 307, p. 64.

5) Vgl. ook Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 377.

bates, waarop kapitaalwinste opgeloop het, uit te stel, indien daar onderskeid gemaak word tussen kort- en langtermynkapitaalwinste¹⁾. Bates waarvan die verkoop drasties vertraag word, is veral plase, minerale rykdomme en ander vaste bates²⁾.

Hierdie neiging om die realisasie van 'n bate uit te stel, word in die literatuur beskryf as 'n "lock-in effect"³⁾. Die effek tref beide die belegger en die Staat. Die belegger verloor inkomste deurdat hy nou nie sy kapitaal kan verskuif na meer winsgewende moontlikhede nie en die Staat verloor belastinginkomste omdat die belasting slegs by realisasie gehef word. 'n Laer belastingkoers sou vir albei voordele ingehou het.

3.3.2 Beperking van investering deur laer beweeglikheid van kapitaal

Afgesien van die invloed van die "lock-in effect" op die aanbod van investeringskapitaal, het dit ook 'n dempende invloed op die beweeglikheid van produktiewe kapitaal. Dit is een van die gewildste argumente in oorsese geskifte teen die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting, naamlik die invloed van die belasting op die "timing of investment transactions"⁴⁾.

Hierdie dempende invloed van die kapitaalwinsbelasting op die bronneverspreidingsmeganisme van die kapitaalmark word veral in die V.S.A. in groot mate ondervind hoewel sodanige invloed in elke ander land ook moontlik is. Dit vertraag die natuurlike vloei van fondse vanaf stilstaande of kwynende ondernemings waar die grensproduktiwiteit van kapitaal laag is na die groeiende en lewenskragtige ondernemings waar die grensproduktiwiteit van kapitaal baie hoog is. Dit veroorsaak dat die kapitaalmark en gevolglik ook die verdeling van kapitaal en ander bronne, uiters traag is om aanpassings te doen by veranderde ekonomiese

1) Butters, op. cit., p. 331.

2) Wells, op. cit., p. 14.

3) Vgl. von Mering, op. cit., p. 198 en Wallich, op. cit., p. 135. Vgl. verwysings op pp. 101, 124, 129, 171, 177.

4) Head, op. cit., p. 238.

cise en omstandighede met 'n vanselfsprekende nadelige implikasie vir ekonomiese groei. Sanders beweer selfs dat die kapitaalwinsbelasting vanweë hierdie insluitings-effek beleggers in hul oorspronklike portefeuljes "bevries", omdat die kapitaalwinsbelasting 'n werklike afname bewerkstellig "in what they have come to regard as their aggregate amount of capital"¹⁾. Hy is van mening dat die onsekere voordele van 'n nuwe belegging afgewees moet word saam met "the certain loss of principal involved in making a shift"²⁾.

Hoewel hierdie sienswyse taamlik algemeen gehuldig word in die literatuur, is daar tog uitsonderings soos Gulati wat van mening is dat die "lock-in effect" van kapitaalwinsbelasting maklik oordryf word³⁾. Hy glo naamlik dat 'n stagnerende bedryf se winsposisie sodanig sou verswak het dat die behaal van 'n kapitaalwins òf gering is òf dat die belegger meer ontmoedig is as wat die kapitaalwinsbelasting vir hom 'n gevaar inhou. Hiermee saam hou die belegger ook rekening met die geleentheidskoste van die winste wat hy prysgee. As 'n derde oorweging in so 'n geval van 'n stagnerende en kwynende onderneming, bestaan daar juis 'n aansporing om verliese te realiseer wat by sodanige ondernemings, waar die grensproduktiwiteit laag is, die sterkste moontlikheid is. Dus, i.p.v. kapitaal op te sluit, veral by kwynende ondernemings, sal die neiging eerder wees om die kapitaal te "ontsluit" ten behoeve van meer lewenskragtige ondernemings.

Gulati se sienswyse kry sterk steun van Millan wat die kapitaalwinsbelasting wil aanvaar as 'n stimulus tot verminderde kapitaalakkumulasie⁴⁾. Hy grond sy argument eerstens op die feit dat die verminderde totale netto inkomste, d.i. gewone inkomste plus kapitaalwins, die aansporing tot die hou van kapitaal verminder, en tweedens dat die belasting veroorsaak dat die neiging tot besteding

1) Sanders, op. cit., p. 214.

2) Id.

3) Gulati, op. cit., p. 197.

4) Millan, op. cit., p. 17.

van kapitaal sal vergroot ten einde te vergoed vir die laer bestedingsvermoë wat deur die belasting veroorsaak is. Dus, volgens Millan, kan eerder verwag word dat die kapitaalwinsbelasting kapitaal beweegliker sal maak, en dat dit 'n wye invloed sal uitoefen in die res van die ekonomie¹⁾.

3.3.3 Beleggers se voorkeure by die plasing van investerings

Enige hoë belastingkoers veroorsaak dat beleggers voortdurend moet aanpassings maak in hulle likiditeitsvoorkeure. Dit geld ook vir 'n hoë kapitaalwinsbelasting. 'n Laer koers van hierdie belastingsoort sal dus daartoe bydra dat beleggers vooruit kan beplan hoe om hulle beleggingsfondse te plaas om die beste winste daaruit te kan verdien. Dit sal ook meewerk om die elasticiteit van die aanbod van beleggingsgeld te verhoog.

Die meer spekulatiewe beleggers verkies beleggings wat moontlike kapitaalwinste aanbied bo beleggings wat net normale inkomste oplewer. Die kapitaalwinsbelasting versterk dus beleggers se voorkeur vir kapitaalgroei en verminder hulle vraag na beleggings wat inkomste oplewer en wat meestal aan 'n hoër belastingkoers onderhewig is²⁾.

'n Laer kapitaalwinsbelastingkoers sal dus as stimulas dien vir beleggers wat verkies om hulle geld te belê in maatskappye wat 'n minimum dividend uitbetaal, maar wat hulle winste terugploeg sodat die aandele se intrinsieke waarde groei³⁾.

Sommige beleggers sien kapitaalwins as die enigste geleentheid om nog hulle kapitaal te laat groei. In 'n ondersoek in Engeland het een sodanige persoon verklaar: "Because of the high taxes today, the only way a man can make any money is through capital gains, so that's what I am trying to do."⁴⁾

3.4 Risikoneming en ondernemingsgees

Daar word algemeen erken dat 'n groot deel van die kapitaal-

1) Id.

2) Butters, op. cit., p. 197.

3) Ibid., p. 200. Vgl. ook hfst. 4, par. 2.9, p. 59.

4) Butters, op. cit., p. 199.

winste wat aan mense toeval, die vergoeding is vir die risiko's wat hulle geloop het toe hulle 'n sekere onderneming aangepak of 'n belegging gemaak het¹⁾).

Economicus wys in die besonder na die invloed van sulke riskante optredes op die geskiedenis van Suid-Afrika en op die nadelige gevolge wat die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting sou kon gehad het. Hy sê: "Such a tax would sew-up the generous pockets of those who provide the risk capital necessary for the exploration of the country's seemingly inexhaustible and virtually untapped resources."²⁾

Hy beskou risiko-kapitaal as 'n noodsaaklikheid wat deur geen regering, demokraties of totalitêr, voorsien kan word nie. Dit is en bly 'n noodsaaklikheid vir groei wat alleen op 'n vrywillige grondslag voorsien moet word.

Hy meen dat, indien Suid-Afrika gedurende die afgelope drie dekades belas was met 'n kapitaalwinsbelasting, sou dit die avontuurlustige ondernemingsgees van manne soos Jack Scott, Harry Oppenheimer en andere, gedemp het. Die goudvelde van die Vrystaat sou nog onontdek gelê het, en mielies sou vandag nog gegroei het waar al groot rykdomme uit die aarde gehaal is. Vandag vul fabelagtige myne soos Wes-Driefontein en Western Deep Levels die geldkaste van ministers en voorsien fondse vir salaris- en loonverhogings vir hul hoogs verdienstelike en onderdanige diensknegte!³⁾

Hy sê die teoretici wat skreeu ten gunste van kapitaalwinsbelasting, vergeet dat dit dikwels die finansiële avontuurlustige mense is wat groot kapitaalverliese ly. Dikwels is hulle kapitaalwinste die beloning vir geloof in en geduld met beleggings wat gedurende die maer jare geen opbrengs gelever het nie.

Economicus interpreteer 'n waarskuwing van die Minister van Finansies dat ekstra winste van die goudmynbedryf belas gaan word as 'n kapitaalwinsbelastingmentaliteit en voeg dan daaraan toe:

1) Vgl. par. 5.5, p. 143.

2) Economicus. Capital Gains Tax - A Fiscal Atrocity. in The Business Executive, April 1968, p. 7.

3) Id.

"Surely the Minister must appreciate that those extra profits if left alone by the State would not disappear into a misers cache in an old oak chest, but would provide more risk capital to finance deeper exploration of the Aladdin's cave of South Africa's potential riches".¹⁾

Dit kan selfs daartoe bydra dat Suid-Afrika die olie ontdek waarna hy al so lank seek en wat die seël sal plaas op ons pad na ekonomiese selfversorging. Hy reken so 'n belasting kan vir Suid-Afrika beteken "the hand of death on the expansion of a country which an erudite historian once remarked had developed by a process of economic miracles and political disasters"²⁾.

Hoewel die Franzsenkommissie voorstelle ingedien het vir die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting, het hy dit tog met sekere voorbehoude gedoen. Die Kommissie het naamlik aanbeveel dat 'n kapitaalwinsbelasting teen 'n betreklik ligte skaal van 20% met 'n ingeboude nivellerings effek, ingestel sal word³⁾. Die aanbevole koers van 20% is baie laer as die hoogste koerse van die inkomstebelasting waarteen die meerderheid ontvangers van kapitaalwinste normaalweg belas word. As redes vir hierdie ligte skaal voer die Kommissie aan dat daar sterk voor die Kommissie betoog is dat 'n relatief hoë belastingskaal 'n ontmoedigende uitwerking op gesonde risikoneming sou hê en dat dit 'n buitensporige las op die klein belegger sou plaas en gevolglik 'n wyer verspreiding van aandelebesit sou teëwerk. Daardeur sou die klein belegger dus ontmoedig word om 'n bydrae te lewer om 'n lewendige kapitaalmark te verseker.

Die kapitaalwinsbelasting word dikwels gesien as 'n faktor wat die stelsel van vrye ondernemings in sy kern aantast. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende aanhaling uit die New York Times van 15 November 1940:

"Repeal or drastic reduction of the capital gains tax was urged today ... as the first step in unshackling private

1) Id.

2) Id.

3) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 397, p. 64.
Vgl. p. 25 en p. 190.

business and in building up national income ... The national income cannot be increased ... so long as this tax devastates business, throttles recovery and retards employment."¹⁾

In verband met die kapitaalwinsbelasting se gevolge vir risikoneming, word die beswaar algemeen geopper dat dit die vergoeding vir risikoneming verminder. Daardeur word 'n nadelige invloed uitgeoefen op die plasing van produktiewe riskante beleggings²⁾.

Soos te verwagte, is daar skrywers wat 'n ander mening huldig. 'n Voorbeeld is Head wat hom beroep op die Domar-Musgrave-teorie³⁾. Die hoofpunte van hierdie teorie is die volgende:

As risiko omskryf word as 'n verwagting ten opsigte van 'n moontlikheid van verlies en as aanvaar word dat grensproduktiwiteit van risikoneming daal, dat grensnut van inkomste daal en dat grens-onnut van risiko toeneem, dan beweer Domar en Musgrave dat enige belasting op totale opbrengs slegs 'n substitusie-effek sal hê teenoor risikoneming as die voorsiening vir die aftrek van verliese onvoldoende is⁴⁾. 'n Kapitaalwinsbelasting verminder net 'n gedeelte van die totale opbrengs van 'n bate en dan ook net van sekere tipes risikodraende bates. Volgens die Domar-Musgrave-ontleding blyk dat die ontmoedigende substitusie-effek op hierdie tipes riskante beleggings baie min sal wees so lank as 'n redelike oordrag van kapitaalverliese toegelaat word.

Hiervolgens is dit dus nie die feit van die heffing van die kapitaalwinsbelasting wat die riskante beleggings ontmoedig nie, maar die probleem dat die belastingbetaler nie toegelaat word om sy kapitaalverliese in berekening te bring nie.

1) Aangehaal deur Somers, op. cit., p. 226.

2) Somers is nie oortuig dat dit klinkklaar bewys is dat kapitaalwinsbelasting 'n dempende invloed uitoefen op die investering van riskante kapitaal nie: Somers, op. cit., p. 233.

3) Head, op. cit., p. 240.

4) Vgl. par. 3.2, p. 158, vir nog 'n verwysing na die substitusie-effek.

Hoewel daar onder skrywers redelike eenstemmigheid bestaan oor die feit dat risikoneming deur 'n kapitaalwinsbelasting ontmoedig kan word, word die blote feit van die risiko nie gesien as genoeg rede om te betoog vir belastingvrystelling of -verligting nie. Vergelykings word getref met beroepe in die alledaagse lewe wat met groot risiko's gepaard gaan sonder dat dit in ag geneem word vir verligting van inkomste-belasting. 'n Enkele voorbeeld is Millan wat glo dat winste (of inkomste) uit risikodraging net soos enige ander winste 'n wettige en geregverdigde bron van belastingheffing verteenwoordig. Hy vat sy siening so saam: "No one suggests that the wages of, say, the steeplejack, who risks his life in his daily occupation, should be excluded from tax".¹⁾

In aansluiting hierby kan ook verwys word na die handelsreisiger wat homself daagliks op die openbare pad bevind.

Dit wil dus voorkom of die meeste skrywers van mening is dat die kapitaalwinsbelasting 'n dempende invloed op groei sal hê deurdat dit 'n nadelige invloed uitoefen op die meeste van die faktore wat verantwoordelik is vir ekonomiese groei.

4. FISKALE FUNKSIE VAN DIE KAPITAALWINSBELASTING: LEWERING VAN INKOMSTE AAN DIE STAAT

'n Argument wat gewoonlik vir die heffing van enige soort belasting aangevoer word, word ook aangevoer ter regverdiging van die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting, naamlik dat die Staat die nodige beskerming verleen wat nodig is om rykdom te vergader — ook deur middel van beleggings wat kapitaalwins oplewer²⁾. Daarom is die Staat geregtig op vergoeding en behoort die ontvanger van 'n kapitaalwins met 'n blymoedige hart 'n gedeelte van sy wins aan die Staat af te staan, word geredeneer.

Die volgende is aspekte wat oorweging verdien by die lewering van belastinginkomste vir die Staat.

4.1 Stabiliteit van inkomste

Dit is noodsaaklik dat staatsinkomste weens 'n verskeidenheid

1) Millan, op. cit., p. 11.

2) Vgl. hfst. 9, voetnoot 1), p. 184.

voor-die-hand-liggende redes so stabiel moontlik gehandhaaf moet bly.¹⁾ Nou word algemeen beweer dat 'n kapitaalwinsbelasting onberekenbaar en flukturerend is. In 'n "boom"-tydperk lewer dit 'n hoë opbrengs, terwyl dit in 'n tyd van resessie byna geen en selfs 'n negatiewe opbrengs kan hê²⁾.

Daar is egter skrywers wat hierdie aspek nie as 'n belangrike nadeel van hierdie belastingtipe beskou nie. Sodanige skrywers meen dat die opbrengs grootliks sal afhang van die wyse van heffing van die belasting. So sê Head bv.: "If effective provision is made for averaging, for example, the fluctuations may not be great."³⁾ Tensy balanserende begrotings om politieke redes verpligtend en die leenbeleid onbuigsaam is, sal die onbestendigheid van die opbrengs nie 'n wesentlike probleem skep nie. Dit kan, intendeel, voordele inhou.

Die kenmerk van onbestendigheid wat by kapitaalwinste gevind word, mag die owerheid verplig om regstellingsinstrumente in die belastingstelsel van die land in te bou wat baie voordelig kan blyk te wees indien daar opgetree moet word om flunktuasies teen te werk. Daaroor is reeds gehandel in paragraaf 2 hierbo.

Mabin verwys na 'n moontlike daling in inkomste wat deur die owerheid ondervind mag word⁴⁾. Hy skryf dit toe aan die toegewing dat kapitaalverliese erken sal word vir verrekening teen ander winste. Daarby mag dit onmoontlik wees om vooruit te bereken wat die opbrengs van hierdie belastingtipe sal wees. Sodanige toegewing mag meebring dat die netto inkomste van 'n kapitaalwinsbelasting oor die langtermyn onbeduidend kan wees⁵⁾.

Hoewel dit moontlik mag wees dat kapitaalwinste en -verliese op die langtermyn vir al die belastingbetalers gesamentlik

1) Die saak ontvang verdere aandag in hoofstuk 9.

2) Vgl. par. 2 hierbo, p. 155.

3) Head, op. cit., p. 242.

4) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 69. Vgl. p. 187. hieronder.

5) Vgl. ook Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 377.

mag uitkanselleer, sal dit nie noodwendig vir die individu gebeur nie. Volgens ondervinding in die V.S.A. blyk dat die belasting van kapitaalwinste werklik aansienlike inkomste aan die Staat lewer. Daarby is dit moonlik dat insluiting van beide kapitaalwinste en -verliese sal help om die opbrengs van inkomstebelasting te stabiliseer sonder om die gemiddelde opbrengsbedrag noemenswaardig te verminder¹⁾.

Die vraag doen hom onwillekeurig voor waarom die ongereeldheid van inkomste uit kapitaalwinste so sterk beklemtoon word, terwyl gewone handelswinste 'n faktor verteenwoordig waarby onstabieleit in geen geringe mate 'n rol speel nie²⁾. As sodanig verteenwoordig hierdie argument 'n inkonsekwente standpunt.

In 'n groeiende ekonomie lyk dit ook onwaarskynlik dat winste en verliese mekaar sal uitkanselleer. Die ekonomie beweeg steeds na nuwe hoogtepunte en daarom behoort so 'n belasting wel 'n netto opbrengs oor die langtermyn op te lewer.

'n Feit waaromtrent nouliks teësprak kan bestaan, is dat kapitaalwinst nie toevallig is nie, maar 'n seker nuweprodukt is van voorspoed³⁾. In 'n laagkonjunktuur kan verwag word dat kapitaalwinste veel meer beperk sal wees in sowel aantal as omvang, terwyl kapitaalverliese nie uitgesluit is nie⁴⁾. In ons eeu waar ekonomiese mikpunte egter ingestel is op langtermyn ekonomiese groei, kan verwag word dat die langtermyn ekonomiese ontwikkeling opwaarts sal neig en dat kapitaalwinste eerder as kapitaalverliese die mees algemene verskynsel sal wees.

Dit wil dus voorkom asof die Staat wel sal kan reken op 'n redelike inkomste uit hierdie bron. Indien daarin geslaag kan word om 'n konstante ekonomiese groei koers te handhaaf, behoort hierdie inkomstestroom selfs 'n groot mate van stabiliteit te handhaaf.

1) Ibid., p. 378.

2) Id.

3) Vgl. hfst. 4, par. 3.3.1; hoofstuk 6, par. 2.6 en hoofstuk 8, par. 1.2.

4) Vgl. paragrawe 2 en 4 hierbo, pp. 155 en 167.

4.2 Belastingvermyding¹⁾

Sodra 'n belasting, van watter aard ookal, gehef word, is daar belastingpligtiges wat hulle beywer om 'n geleentheid te vind om nie daardie belasting te betaal nie. Waar daar onderskeid gemaak word in die belasbaarheid van inkomstes afhangende daarvan of dit van 'n kapitale aard is of nie en waar daar in 'n gemeenskap 'n goed ontwikkelde kapitaalmark bestaan, bestaan die moontlikheid vir 'n persoon om sy aktiwiteite so te reël dat toevallings van inkomste-aard die vorm aanneem van kapitaalgroei²⁾. Enkele voorbeelde hiervan is, eerstens, die persoon uit die hoë inkomstegroep wat aandele en effekte uitsoek wat 'n lae dividendopbrengs maar hoë verwagte kapitaalgroei aanbied en, tweedens, persone wat obligasies koop teen 'n diskonto, sodat die rente wat periodiek betaal word, die skyn aanneem van kapitaalgroei en nie van belasbare inkomste nie³⁾.

Nog ander transaksies word soms met verstommende vernuf gemanipuleer om belasbare inkomste om te skakel na belastingvrye kapitaalwinste⁴⁾.

Twee verdere metodes wat gebruik word om minder belasting te betaal, is derdens, waar die reëling bestaan dat gewone en kapitaalwinste en -verliese in dieselfde jaar of binne 'n beperkte tydperk teen mekaar uitgebalanseer kan word, hou die belastingbetalers die sogenaamde "year-end loss sales" waarin hulle soveel moontlik van daardie bates verkoop waarop verliese opgeloop het⁵⁾. Dié verliese word teen die ander winste van die jaar verreken en 'n laer belastingpligtigheid word geskep. 'n Vierde metode van belastingvermyding is om nie te wag tot aan die einde van die jaar nie, maar om bates waarop verliese ontstaan, so gou moontlik te realiseer. Die resultaat van die metode word verskerp deur die metode

1) Vgl. hoofstuk 7, par. 6.3, p. 144.

2) Royal Commission, op. cit., p. 68.

3) Vgl. Wells, op. cit., p. 22.

4) Sandford, (op. cit., p. 239) sê hiervan: "unless gains are taxed, income tax can be avoided by converting (taxable) income into (untaxed) capital gains."

5) Butters, op. cit., p. 331.

reeds hierbo bespreek, naamlik om die verkoop van bates, waarop winste opgeloop het, so lank moontlik uit te stel¹⁾.

Die enigste klaarblyklike oplossing vir die owerheid om hierdie verliese aan inkomste as gevolg van belastingvermydingspraktyke uit te skakel, is die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting²⁾.

4.3 Die oordraagbaarheid van kapitaalverliese

Dit is moontlik dat 'n reëling dat kapitaalverliese oorgedra kan word om in komende jare teen kapitaalwinste verreken te word, tot aansienlike laste vir die skatkis kan lei³⁾. In die eerste plek sal dit die vooruitskatting van die jaar se inkomste baie bemoeilik en in die tweede plek sal die Tesourie in daaropvolgende jare voorsiening moet maak vir verliese aan inkomste van die huidige jaar, omdat vorige jare se verliese nog altyd oorgedra word om by die eerste geleentheid van die winste afgetrek te word.

Die probleem kan ook opduik dat 'n kapitaalwinsbelasting kan veroorsaak dat maatskappye wat in beleggings sake doen, welke transaksies tans onderhewig is aan inkomstebelasting, kan begin om te eis dat van hulle winste oorgedrag word na die sfeer van kapitaalwins ten einde teen 'n laer koers aangeslaan te word⁴⁾.

Die suksesvolle oordrag van sulke winste kan vir die Tesourie 'n netto verlies meebring⁵⁾.

Indien dit dan die doel van die owerheid is om die kapitaalwinsbelasting hoofsaaklik weens sy vermoë tot lewering van inkomste te implementeer, sal volledig sorg gedra moet word dat vermydingspraktyke tot die minimum beperk word indien dit nie volledig uitgeskakel kan word nie. Ook uit die oogpunt van gelykheid van druk, is die bekampings van vermydingsaksies baie wenslik. Om sodanige vermydingsaksies doeltref-

1) Par. 3.3.1, p.160.

2) Millan, op. cit., p. 12 en Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 53.

3) Mabin. Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 68.

4) Id.

5) Vgl. par. 4.1 hierbo.

fend te kan bekamp, wil dit volgens Head voorkom dat 'n eerste stap behoort te wees om alle winste uit die fiskale oogpunt gelyk te benader en te behandel¹⁾.

5. ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE BY KAPITAALWINSBELASTING

'n Belangrike nadeel, tydelik miskien, waarop Mabin die aandag gevestig het, is die tekort aan doelmatig-opgeleide personeel vir die inwerkingstelling en verdere administrasie van die kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika²⁾. Die eerste probleme sal opduik by die werwing en opleiding van geskikte personeel. Wanneer hierdie mense die beginsels van die nuwe belasting moet gaan toepas, gaan probleme opduik wat sake soos die volgende kan insluit: indeling van 'n wins as kapitaalwins of belasbare inkomste, toelaatbaarheid van sekere aftrekkings teen die kapitaalwins of teen inkomste, bepaling van die werklike wins, ens.

Hierdie administratiewe probleme word ook deur skrywers in die ekonomiese literatuur aangevoel. So praat Ilersic van "tremendous administrative difficulties" wat hy voorsien as kapitaalwins as normale inkomste belas moet word³⁾. Hoe breër die belastingbasis, hoe swaarder sal die werksdruk op die administratiewe personeel wees en hoe enger die definisie van belasbare aanwinste, bv. slegs aandeelwinste, hoe groter sal die onregverdigheid wees teenoor 'n besondere klas belastingbetalers.

Bedenkinge omtrent die administratiewe aspekte word nog verder gevoer deur Seltzer. Hy meen dat, uit die oogpunt van doelmatige administrasie, slegs 'n belasting op gereëliseerde kapitaalwins prakties sal wees. Hy het egter bedenkinge oor die regverdigheid van so 'n belasting⁴⁾.

6. OORWEGINGS TEN OPSIGTE VAN BELASTINGDRUK

6.1 Die probleem van dubbele belasting

'n Baie konkrete nadeel van die kapitaalwinsbelasting is

1) Head, op. cit., p. 225.

2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 69.

3) Ilersic, op. cit., p. 119.

4) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 371.

afkomstig van die regverdigheidseis wat by alle belastingheffing 'n eerste prioriteit behoort te wees, naamlik die verspreiding van die belastingdruk vir die belastingstelsel as geheel. Stemme oor hierdie belangrike aspek van belastingheffing is, wat die kapitaalwinsbelasting betref, inderdaad nie seldsaam nie. So het Mabin, 'n lid van die Franzsenkommissie, gewaarsku dat die kapitaalwinsbelasting inderdaad 'n dubbele belasting verteenwoordig waardeur inkomste wat reeds aan persoonlike of maatskappybelasting onderhewig was, in sy belegde vorm nogeens vir belasting aangespreek word¹⁾.

Die dubbele belasting kan soos volg ontstaan: Die ontvanger van die kapitaalwins sal sy opbrengs in baie gevalle belê in 'n inkomstedraende bate. Hy sal dan inkomstebelasting betaal op daardie inkomste. Ily het dus eers kapitaalwins op die opbrengs van die realisasie betaal en betaal later weer inkomstebelasting op die verdienste van die bate wat hy met die oorblywende geld gekoop het.

Volgens hierdie Kommissielid is die waarde van 'n kapitale bate "nothing other than the discounted value of the anticipated stream of income to which it is expected to give rise"²⁾. Waar daar verwagtinge bestaan dat hierdie inkomstestroom gaan verhoog, sal dit lei tot prysstygings (verdiskontering van die verwagte inkomste) wat weer aanleiding gee tot kapitaalwinste. Indien die verwagtinge later blyk ongegrond te wees, sal kapitaalverliese ontstaan, omdat die valse verwagting gelei het tot onrealistiese prysstygings wat later weer sal daal na meer realistiese vlakke.

Waar die verkoper van die bate, d.w.s. die ontvanger van die wins, teen 'n progressiewe skaal belas word, beteken dit dat die belasting wat gehef word 'n groter bedrag verteenwoordig as die voordeel wat die koper later sal kry as hy sy verlies as aftrekking eis. Dit bring dus op hierdie punt 'n "excess burden" mee vir die ekonomie: die verkoper betaal 'n hoër belasting op sy wins, die koper kry minder afslag as wat die

-
- 1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 67. Vgl. voetnoot 1) p. 177 en voetnoot 3), p. 149.
 - 2) Eerste Franzsenverslag, op. cit., p. 67.

die verkoper betaal het en later betaal die verkoper weer belasting op die opbrengs van sy oorblywende kapitaal¹⁾.

Gelykluidend is die beswaar van Seltzer as hy dieselfde probleem beskryf, maar meer klem lê op die druk wat op beide die kapitaal en op die kapitaalopbrengs val. Hy sê: "To tax capital gains as income ... puts a double tax on the recipient: first, on the capital value of future incomes; then on the incomes themselves as they are received."²⁾

'n Ander vorm van beweerde dubbele belasting is kapitaalwins wat verkry word op gewone aandele. Die waardetoename van aandele word dikwels verkry deur die terugploeg van onverdeelde winste³⁾. Aangesien hierdie winste alreeds in die hande van die maatskappy belas is, ontstaan hier 'n geval van dubbele belasting wanneer dit weer deur middel van kapitaalwinsbelasting belas word.

Daarom pleit Turvey dat belasting op onverdeelde winste vervang sal word met 'n belasting op kapitaalwins⁴⁾. Dit behoort 'n groter inkomste vir die Staat te lewer en terselfdertyd word die onregverdigheid van 'n dubbele belasting vermy.

Waar die idee van 'n dubbele belastingheffing die meeste skrywers met weersin vervul, is daar ook hier, soos by die meeste standpunte die uitsonderings. Seltzer, byvoorbeeld, vind sodanige belasting normaal na aanleiding van die geval waar 'n persoon belasting betaal op sy inkomste, 'n deel daarvan spaar en belê en dan weer belas word op die rente-opbrengs⁵⁾. Dit bevind hy 'n volkome geregverdigde belastingheffing waarmee instemming betuig kan word, omdat rente-opbrengs nie die oorspronklike inkomste is waarop belasting betaal is nie. Dit is dus duidelik nie 'n geval van dubbele belasting nie — 'n duidelike verskil in inkomste wat deur Wallich ingesien word. Wallich se redenasie in sy eie woorde gaan soos volg:

1) Vgl. par. 3.13, pp. 202, 203.

2) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 372.

3) Vgl. hoofstuk 6, par. 2.1, p. 111.

4) Turvey, op. cit., p. 184.

5) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 373.

"Nevertheless, there is a difference. Savings are part of national income. If the owner does not invest them, they would still remain part of his past income and still be taxable. If he chooses to consume them, he will find goods in the economy which are the counterpart of his income. None of this is true of the capitalized value of a new discovery."¹⁾

6.2 Nivellering van persoonlike inkomste en belastingdruk

Aangesien kapitaalwins nie in 'n billike verhouding tot belasbare inkomste verdeel word tussen die verskillende lede van die gemeenskap nie, maar gekonsentreer is in die hande van eiendoms- en aandeelbesitters, word die uitsluiting daarvan van belasting gesien as 'n ernstige vorm van belasting-diskriminasie ten gunste van 'n sekere groep belasting-betalers²⁾ en moet dit aanleiding gee tot 'n hoogs ongelyke verdeling van persoonlike inkomste — 'n standpunt waarby Ilersic hom aansluit³⁾. Laasgenoemde is van oortuiging dat so 'n belasting sal meehelp om die hele gemeenskap te laat deel in die groei van private rykdom as gevolg van 'n groeiende ekonomie wat daartoe lei dat die kapitaalbesitter se kapitaal groei sonder dat hy homself enigsins hoef in te span of iets hoef by te dra om die groei te bewerkstellig.

Dit is duidelik dat kapitaalwins net kan toeval aan persone wat reeds kapitaal besit en hoe meer rykdom die persoon besit, hoe groter sal die verhouding wees van sy beleggings of besittings wat kapitaalwins oplewer; en dit lei tot die Royal Commission se gevolgtrekking: "To tax capital gains checks or offsets this powerful tendency to inequality"⁴⁾.

Hoewel dit ongetwyfeld waar is dat die kapitaalwinsbelasting 'n herverdeling van persoonlike inkomste kan bewerkstellig, moet die verwagtinge in hierdie verband nie te veel op 'n spits gedryf word nie. Dit is Millan wat hom hieromtrent in die volgende terme uitgelaat het:

1) Wallich, op. cit., p. 140.

2) Royal Commission, op. cit., p. 63.

3) Ilersic, op. cit., p. 17.

4) Royal Commission, op. cit., p. 63.

"... taxpayers' decisions as to the retention or disposal of their capital would not be considerably influenced in a direction which would lead to a rapid break-up of large estates."1)

'n Ander aspek wat met herverdeling in verband staan, is die herverdeling van belastingdruk. Dit is veral Spitz wat hieroor met betrekking tot Suid-Afrikaanse toestande besin het. Hy wil die druk van die kapitaalwinsbelasting in verhouding sien met die druk van ander tipes belasting; meer in besonder tot die persoonlike inkomstebelasting ten einde die druk van die gehele belastingstelsel te nivelleer. In sy eie taal lui sy bevinding soos volg: "If the introduction of such a tax into South Africa were associated with a thorough revision of the total fiscal structure and a corresponding reduction of income tax, it would be possible to redistribute the burden of taxation in a more equitable way than at present."2)

Die nivellering van belastingdruk is 'n persoonlike aangeleentheid wat via die invloed op die spare-investerings-geneigdheid enersyds en andersyds op die werk-vryetydverhouding invloed op die ekonomiese groeikoers kan uitoefen. Die nivellering van persoonlike inkomste staan in direkte verband met ekonomiese groei via die verbruiks-investerings-geneigdheid soos algemeen bekend is.

- 6.3 Abrupte³⁾ dreinerings van geleidelik-opgeboorde kapitaalwins
- Aangesien 'n bate se waarde gewoonlik oor 'n aantal jare styg⁴⁾, is dit baie onbillik om die hele gerealiseerde wins te belas in die jaar waarin die realisasie plaasgevind het⁵⁾. Die insluiting van die volle bedrag van so 'n wins by die verkoper se ander inkomste vir die jaar, sal 'n kunsmatig opgeblaaste beeld skep van verandering in die ontvanger se ekonomiese welsyn vir die jaar⁶⁾.

1) Millan, op. cit., p. 17. Vgl. 'n verwysing hierna op p. 141.

2) Spitz, op. cit., p. 51.

3) Abrup — meteens, skielik.

4) Sandford, op. cit., p. 229.

5) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 371.

6) Miller. The "Capital Asset" Concept: 2. op. cit., p. 1058.

Aangesien normale inkomste teen progressiewe koerse belas word, sal die insluiting van hierdie kapitaalwins lei tot 'n baie hoër belasting as wat die geval sou gewees het as die wins se groei jaarliks belas sou word.

Ook die Franzsenkommissie erken dat die belasting, in een jaar, op kapitaalwinste wat gerealiseer word 'n aantal jare na verkryging van die kapitale bate, "van twyfelagtige billikheid kan wees"¹⁾. Om hierdie nadeel van die kapitaalwinsbelasting te verminder, stel die Kommissie dan voor "dat 'n nivellerings-effek verkry word deur die kapitaalwins te verminder tot die persentasies daarvan ..."²⁾ wat volledig aangedui word en wat daarop neerkom dat die belasbare gedeelte van die gerealiseerde wins al kleiner word hoe langer die bate in besit gebly het na aanskaffing.

6.4 Afwentelingsprobleme van die kapitaalwinsbelasting

Daar is reeds verwys na die probleme wat kan ontstaan as gevolg van die "lock-in effect" van die kapitaalwinsbelasting en die nadelige uitwerking van uitgestelde realisasie op aandele- en eiendomspryse³⁾. Daar is slegs gehandel met die optrede van die belastingbetaler met die oog op die vermyding van die belasting.

Dit is ook moontlik dat die realisasie uitgestel word met die doel om 'n kunsmatige tekort te skep sodat markpryse kan styg⁴⁾. Wanneer die pryse sodanig verhoog het dat die styging ooreenstem met die bedrag van die kapitaalwinsbelasting, verkoop die batebesitter. Sodoende het hy daarin geslaag om die kapitaalwinsbelasting af te wentel op die koper.

Mabin maak die bewering dat verkopers van bates veral in tye van inflasionistiese toestande sukses sal behaal met pogings om die pryse van bates "te verhoog met 'n bedrag wat ooreenstem met die kapitaalwinsbelasting betaalbaar."⁵⁾ Hierdie

-
- 1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 307, p. 64. Vgl. par. 6.1, p. 173.
 - 2) Id. Vgl. p. 25.
 - 3) Vgl. par. 3.3.1, p. 160.
 - 4) Von Mering, op. cit., p. 230.
 - 5) Eerste Franzsenverslag, par. (4), p. 68.

pogings van afwenteling kan veroorsaak dat grond- en ander batepryse nog verder sal styg.

In uiterste gevalle sou dit selfs moontlik wees om die betaling van hierdie belasting af te wentel op die nageslag deur realisasie uit te stel tot na 'n persoon se afsterwe¹⁾. Waar die reëling bestaan dat dood realisasie beteken, kan die afwenteling net gedoen word tot by die boedelbereddering, andersins sal dit steeds verder voortgedra word deur die nageslag²⁾.

6.5 Die draagkragbeginsel³⁾

Onder paragraaf 1 van hierdie hoofstuk is gehandel met die kapitaälwys se invloed op 'n persoon se verbruiksbestedingsvermoë en sy welvaartsposisie. Baie nou verbonde hieraan is die persoon se vermoë om belasting te betaal.

Die draagkragbeginsel is 'n leidende beginsel wat van die standpunt uitgaan dat 'n persoon se belastingbetaalvermoë op 'n progressiewe basis styg by die toename in bestedingsvermoë.

Die hele bespreking in hierdie hoofstuk het die draagkragbeginsel in die agtergrond, hoewel dit nêrens in soveel direkte woorde uitgespel word nie.

In hierdie paragraaf gaan net kortliks stilgestaan word by 'n paar skrywers in die ekonomiese literatuur wat hulle spesifiek oor hierdie beginsel uitgespreek het.

Ilersic sê dit is onbillik om te veronderstel dat persone, wat in die verlede groot bedrae aan kapitaälwys ontvang het, se vermoë om belasting te betaal nie vergroot het nie⁴⁾.

Millan stem saam met hierdie stelling en sê daar bestaan geen twyfel dat kapitaälwys 'n teken is van die vermoë om belasting te betaal, en behalwe as vasgehou word aan 'n kunsmatige onderskeid tussen kapitaäl en inkomste, verteenwoordig kapitaälwys 'n wettige bron van belasting⁵⁾.

1) Wells, op. cit., p. 20.

2) Sandford, op. cit., p. 120.

3) Vgl. ook belastingbeginsel "Regverdigheid", hfst. 9, par. 3.2.

4) Ilersic, op. cit., p. 20.

5) Millan, op. cit., p. 12.

Anita Wells gaan terug in die geskiedenis en vestig die aandag daarop dat die belasting van kapitaalwins reeds in 1938 geregverdig is op grond daarvan dat dit dieselfde belasting-betaalvermoë meebring as gewone inkomste vanuit ander bronne "and repeal of the capital gains tax would increase the tax burden on other income"¹⁾.

Musgrave voel so sterk oor die saak dat hy nie net die kapitaalwins wil belas nie; hy wil dit gelykstel met ander inkomste en dit teen dieselfde koers laat belas as gewone inkomste. Hy sê: "It cannot be argued convincingly that income derived from the sale of capital assets adds less to taxable capacity than income derived from dividends."²⁾

Uit bogenoemde (en uit paragraaf 1) is dit duidelik dat daar eenstemmigheid bestaan dat kapitaalwins 'n deeglike bydrae maak tot 'n persoon se belastingbetaalvermoë.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, indien kapitaalwinste vrygestel word van belasting, dit sal beteken dat die belastingpligtige nie belas word op sy reële belastingvermoë nie, met die gevolg dat dié persone wat nie sulke aanwinste ontvang nie, relatief swaarder belas sal word as dié wat dit wel ontvang.

7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Sodra die moontlikheid ontstaan dat die Staat sy hand in sy onderdane se sakke gaan steek vir 'n bydrae ter finansiering van die staatshuishouding, ontstaan 'n reaksie van die kant van die onderdane en word redes aangevoer waarom die Staat liever sy hand uit hulle sakke behoort uit te hou. So is dit ook met die kapitaalwinsbelasting.

Uit die voorgaande bespreking vind ons dat elke ekonoom wat hom ten gunste van die heffing van kapitaalwinsbelasting uitspreek, 'n hele aantal teenstanders het wat meen so 'n belasting sal vele nadele inhou. Sommige van die argumente teen die heffing staan op vaste grond, terwyl ander maar baie lyk na 'n blote soek na verskonings.

1) Wells, op. cit., p. 22.

2) Musgrave, R.A. Fiscal Systems. New Haven and London
Yale University Press, 1969. p. 198.

Die volgende is enkele van die argumente wat aangevoer word in die voorgaande teks. Dit word hier slegs opsommenderwys aangebied ten einde 'n oorsigtelike beeld te kry.

7.1 Goeie argumente teen die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting

Die eerste probleem wat by instelling van sodanige belasting sal voorkom, is die tekort aan voldoende opgeleide personeel om die invordering van die belasting te administreer. Verskeie skrywers voeg hierby die probleme wat kan ontstaan as gevolg van onsekerheid oor die indeling van die winste in kapitale- of inkomste-aard.

Die tweede probleem word gevind by die verwagte moeilikheid wat die Staat sal ondervind om vooruitskattings te maak oor die moontlike opbrengs van die belasting. Daarby voorsien skrywers die moontlikheid dat die opbrengs van jaar tot jaar kan fluktuëer. Dit bemoeilik die fiskale owerheid se taak verder om te besluit op belastingkoerse en moontlike belastingverligting op ander terreine.

Die derde probleem is die moontlike nadelige uitwerking wat die kapitaalwinsbelasting kan hê op spare en investering. Die feit dat die belasting se druk hoofsaaklik val op die meer vermoënde lede van die gemeenskap, wie se spaar- en investeringsgeneigdheid bo die gemiddelde van die gemeenskap lê, is vir verskeie skrywers 'n goeie rede om hulle teen die belastingtipe uit te spreek. Andere is van mening dat dit nie die belasting as sodanig is wat 'n ontmoedigende effek het nie, maar die nie-erkenning van verliese vir aftrekdoel-eindes. Daarby kan gestel word dat die Staat nie noodwendig die fondse uit kapitaalwinsbelasting onproduktief gaan bestee nie.

Vierdens is die algemene mening onder skrywers dat hierdie belastingtipe neig om prysskommeling te verskerp. Ander ekonome verskil hiervan en meen dat die voorbeelde van skerp stygings en dalings wat aangevoer word aan ander oorsake as kapitaalwinsbelasting toegeskryf kan word.

'n Vyfde argument teen die heffing van kapitaalwinsbelasting is die stelling dat dit 'n abrupte verpligting is wat 'n belangrike deel van die wins wat oor 'n hele aantal jare

opgeloop het, in een jaar opeis. Dit kan die belastingbetaler in 'n soveel hoër inkomstegroep laat beland dat hy 'n baie hoër absolute belasting sal moet betaal as wat die geval sou gewees het as hy jaarliks op die groei van die bate se waarde betaal het. Die saak kan egter reggestel word deur 'n toegewing om die totale aanwinst vorentoe of terugwaarts oor 'n paar jaar te versprei — dit wil sê die akkresiemetode.

In die sesde plek word beweer dat die kapitaalwinstbelasting lei tot ongesonde uitstel van realisasie van bates waarop daar 'n waardevermeerdering opgeloop het. Dit lei tot ontoereikende aanbod van investeringsfondse omdat hierdie "lock-in"-effek die geld vashou en ook lei tot 'n ongesonde onbeweeglikheid van kapitaal. Die uitstel word dan 'n middel om die belasting te vermy en af te wentel, veral waar onderskeid gemaak word tussen kort- en langtermynwinste. Daar is ook ekonome wat glo dat dié belasting juis investering en beweging van kapitaal aanmoedig, omdat die besitters probeer om die hoogste moontlike winste te behaal ten einde te vergoed vir die verlies aan inkomste as gevolg van die belasting. As gevolg van hierdie "lock-in"-effek word kapitaalwinst gewoonlik teen 'n laer koers belas as normale inkomste.

7.2 Minder goeie argumente teen die heffing van 'n kapitaalwinstbelasting

Die eerste, baie gewilde, argument onder hierdie klas is dat kapitaalwinste illusionêr is en ontstaan as gevolg van die daling in die waarde van geld. Daar word verdedigend aangevoer dat hierdie argument net so geldig is vir die salaristrekker wat telkens verhogings ontvang om by stygende lewenskoste en dalende geldwaardes aan te pas. 'n Vrystelling van die kapitaalwinstontvanger is dus 'n skerp vorm van diskriminasie teen alle ander belastingbetalers.

Tweedens is daar verskeie skrywers wat meen die feit dat kapitaalwinst dikwels eenmalig, nie-herhalend en onverwags van aard is, 'n goeie rede is waarom dit nie belas behoort te word nie. Ander skrywers is van mening dat 'n ontvangste wat onverwags of eenmalig is, dieselfde positiële bydrae

lewer tot 'n persoon se bestedingsvermoë, verhoging van lewenstandaard en belastingbetaalvermoë as 'n inkomste wat oor 'n langer termyn in kleiner paaielemente geleidelik opgebou het. Daarby is daar twyfel of die meerderheid kapitaalwins wel so onverwags en ongesog is as wat dikwels voorgegee word.

Derdens word geargumenteer dat kapitaalwinsbelasting die vergoeding vir die belê van riskante kapitaal verminder. So 'n belasting sou die stigting van nuwe riskante ondernemings teëwerk en gevolglik ekonomiese groei aan bande lê. As teenargument word aangevoer dat dit nie die belasting self is wat risikokapitaal verminder nie, maar die mate waarin beleggers toegelaat word om kapitaalverliese teen inkomste te verreken. Om hierdie standpunt te neutraliseer, staan die ander mening dat ander beroepe ook risiko's inhou en vir hulle geld dit nie as argument om belastingvrystelling te kry nie.

Daar word in die vierde plek betoog dat kapitaalwins 'n dubbele belasting op dieselfde inkomste verteenwoordig. Daar is egter op gewys dat dit in lyn is met die behandeling wat die salaristrekker ontvang as hy eers op sy salaris en later op die rente, verdien op spare uit sy salaris, belas word.

7.3 Argumente vir die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting

Die eerste sterk argument is dat 'n kapitaalwins werklike inkomste verteenwoordig wat lei tot 'n verhoogde bestedingsvermoë, lewenstandaard, beleggingsvermoë en belastingbetaalvermoë en daarom behoort 'n belasting op hierdie aanwinste gehef te word.

Tweedens beskou skrywers die kapitaalwinsbelasting as 'n noodsaaklike toevoeging tot 'n land se belastingstruktuur. Die belasting kan 'n bydrae lewer om die fiskale owerheid se hande te sterk.

In die derde plek meen ekonome dat hierdie belastingtipe sal bydra tot 'n herverdeling van inkomste vanaf die hoër inkomstegroepe, via die Staat, na die laer inkomstegroepe. Skrywers waarsku egter dat dit nie iets is wat meteens sal

gebeur nie en dat so 'n herverdeling ook nie te drasties behoort te wees nie.

Daar word in die vierde plek beweer dat kapitaalwinsbelasting sal help om die belastingdruk te versprei oor 'n groter groep sodat aan die laerinkomstegroepe 'n mate van verligting toegestaan kan word.

7.4 Gevolgtrekking

Wanneer ons die voor- en nadele van die kapitaalwinsbelasting teen mekaar opweeg, blyk dat die kapitaalwins wel 'n geskikte voorwerp vir belasting is. Daar is egter sekere voorbehoude wat nagekom sal moet word en die hele stelsel van belasting sal deeglik ondersoek moet word voordat sodanige belasting ingestel kan word.

Dit blyk 'n minder goeie belasting te wees om veral in ontwikkelende lande se belastingstruktuur ingesluit te word omdat dit baie maklik onnodige stremming op groei en ontwikkeling kan plaas¹⁾.

1) Vgl. par. 6.3, p. 53.

HOOFSTUK 9

DIE KAPITAALWINSBELASTING EN DIE ALGEMENE BELASTINGBEGINSLS

1. INLEIDING

Waar heelwat meriete en gebreke van die kapitaalwinsbelasting in die voorgaande besprekings terloops aangesny is, is dit in hierdie hoofstuk die doel om hierdie tipe belasting aan 'n finale en dikwels beslissende toets te onderwerp, nl. om dit te projekteer teen die algemeen erkende en daarom aanvaarde belastingnorme wat ten opsigte van elke belastingsoort toegepas kan word.

2. DIE HISTORIESE AANLOOP

Die "belastingbeginsels", soos dit dikwels in die ekonomiese vaktaal aangedui word, het 'n lang historiese aanloop wat getuig van die noodsaak wat die ouer denkers en staatslui aangevoel het om maatstawe te ontwerp waaraan 'n belasting of belastingstelsel getoets kan word om oor die praktiese bruikbaarheid daarvan te kan oordeel.

Om hierdie rede is die "belastingbeginsels" uitsluitlik prakties gerig deurdat sowel etiese as religieuse, staatkundige, psigologiese, administratiewe en pedagogies aanvaarde uitgangspunte daarin beliggaam is, wat bedoel is om skynbaar teenstrydige doelstellings met mekaar te versoen, bv. die hoogste inkomste vir die Staat gepaard met die idee van regverdigheid, gerieflikheid, verskeidenheid ens.

Waar "belastings" aanvanklik op 'n vrywillige basis betaal is, was daar nouliks sprake van "belastingbeginsels". Met die ontwikkeling van die prestasie- en assuransieteorieë by behastingheffing¹⁾ het belasting dus 'n essensiële gedwonge karakter gekry en die noodsaak is aangevoel om dit aan sekere kriteria te onderwerp met die oog op sosiale billikheid en

1) Prestasieteorie: Aan die owerheid moet teenwaarde vergoed word vir dienste deur die owerheid gelewer. Vgl. ook p. 167.

Assuransieteorie: Die owerheid verseker beskerming van persoon en eiendom en daarom moet elke individu bydra volgens die belang wat hy te verseker het.

aanvaarbaarheid. Die behoefte aan sodanige "beginsels" het sterker geword namate die draagkragbeginsel met sy progressiwiteitseis na vore getree het. Met hierdie eis het Adam Smith die weg geopen met sy klassiekgeworde uitdrukking dat elkeen iets moet bydra tot die staatsinkomste en in sekere gevalle "something more than in proportion to their respective abilities"¹⁾.

2.1 Von Justi se ses eise

Tien jaar voor Smith se progressiwiteitseis by belasting was dit egter die Kameralis Von Justi wat ses eise aan belasting neergelê het²⁾, nl.

- (a) die vermoë om die belastings te dra sonder om onredelike opofferings te maak van noodsaaklikhede en van kapitaal;
- (b) gelykheid tussen individue in juiste verhoudings;
- (c) onskadelikheid van heffingsmetodes beide vir die belastingpligtiges en die Staat;
- (d) belastings moet tiperend wees van die aard van die Staat en die vorm van regering;
- (e) duidelikheid (en sekerheid) van belastings;
- (f) doeltreffendheid van belastingadministrasie.

2.2 Adam Smith se vier "canons"³⁾

Adam Smith het hierdie eise in vier "maxims" of "canons" saamgevat, nl.

2.2.1 Produktiwiteit en gelykheid

Die onderdane van elke Staat moet 'n bydrae lewer tot die staatskas, so na as moontlik in verhouding met hulle respektiewelike vermoëns, d.w.s. in verhouding met die inkomste wat elkeen ontvang onder beskerming van die Staat.

2.2.2 Sekerheid

Vir elke belastingpligtige moet die tydstop, die betaalwyse en die bedrag van die belasting duidelik bepaalbaar wees.

1) Shirras, G.F. The Science of Public Finance, 1924. p. 165.

2) Venter, op. cit., p. 37.

3) Goedhart, C. Hoofddlijnen van de leer der openbare financiën. Tweede druk, 1967. H.E. Stenfert Kroese N.V. — Leiden, p. 186.

2.2.3 Gemaklikheid

Elke belasting moet gefin word op so 'n tydstip en op so 'n wyse dat dit vir die belastingpligtige die minste ongerief veroorsaak.

2.2.4 Administratiewe doeltreffendheid

Die koste van die belasting, vir beide die owerheid en die belastingpligtige, moet so ver moontlik beperk word tot die noodsaaklike.

Namate die appèl wat deur owerhede op privaatfondse van individue gedoen word vir die finansiering van owerheids-aktiwiteite toegeneem het, is die belastingbeginsels hersien en aangevul en soos wat omstandighede verskil het, ook verskillend benadruk.

Die belastingbeginsels sal in hierdie hoofstuk kortliks belig en die betekenis daarvan op die kapitaalwinsbelasting toegepas word. Die volgorde is willekeurig met die uitsondering van die eerste twee, nl. produktiwiteit en regverdigheid, waar eersgenoemde die leidende beginsel uit die owerheidsoogpunt vorm en laasgenoemde weer die leidende beginsel uit die individuele oogpunt. Daarby moet daarop gewys word dat sommige beginsels betrekking het op die opbrengs van belasting en andere weer op die belastingstelsel.

3. BELASTINGBEGINSELS

3.1 Produktiwiteit

Die produktiwiteit of voortbrengingskrag van enige belasting-tipe is 'n belangrike faktor wanneer 'n owerheid moet besluit of 'n besondere belasting ingestel moet word of nie. In beide normale en noodtoestande moet belastings saam met ander inkomstebronne die nodige bydrae lewer vir die bestryding van owerheidsuitgawes¹⁾. Daarom sal die owerheid streef na die hoogste moontlike belastingopbrengs teenoor die minste moontlike ekonomiese en sosiale nadele²⁾.

1) Venter, op. cit., p. 38.

2) Van Gijn, A. en Polak, N.J. De algemeen Beginselen voor de Heffing van Belastingen. J. Muusses - 1929 - Purmerend. p. 15.

In die geval van die voorgestelde kapitaalwinsbelasting vir Suid-Afrika, wys die Franzsenkommissie daarop dat sy voorstelle in dié verband in die eerste plek nie bedoel is om hier 'n addisionele inkomstebron vir die Staat te ontgin nie¹⁾. Mabin wys in sy minderheidsverslag op die feit dat dit onmoontlik is om die opbrengs te beraam en dat die kommissie se voorstelle i.v.m. die verhaalbaarheid van verliese selfs kan lei tot laste vir die skatkis²⁾.

Hierdie tipe belasting is nie 'n gereelde belasting nie, en die voorstel dat die basis van die belasting beperk moet word tot kapitaalwinste wat ontstaan by realisering van sekere bates, laat die deur oop vir die besitter van die bates om self te besluit wanneer hy die belasting wil betaal³⁾. Dit is selfs moontlik om die belasting heeltemal te vermy deur die bate langer as 9 jaar te hou⁴⁾.

Daar is reeds verwys na die siening van verskillende skrywers wat nie eenstemmig is oor die feit dat dit vir die Staat 'n groot bron van inkomste sal wees nie⁵⁾. In die V.S.A. is die ondervinding dat die Staat wel aansienlike inkomste invorder⁶⁾. Dit wil ook voorkom of die belasting 'n netto inkomste behoort te lewer indien dit van toepassing gemaak word op 'n groeiende ekonomie soos die van Suid-Afrika⁷⁾. Dit is alleen waar indien 'n voortdurende positiewe ekonomiese groeikoers gehandhaaf kan word en reeds hier lê die probleem, want daar is bedenkinge oor die nadelige invloed wat 'n kapitaalwinsbelasting op groei kan hê, deur 'n negatiewe uitwerking op spare en investering en beweeglikheid van produktiewe kapitaal⁸⁾.

Die moontlikhede wat die belasting inhou vir belastingvermyding, plaas 'n verdere demper op die moontlike inkomste wat uiteindelik aan die Staat sal toeval⁹⁾.

1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 278, p. 59.

2) Ibid., p. 69. Vgl. ook p. 168.

3) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 293, p. 61.

4) Ibid., par. 307.

5) Hfst. 8, p. 168 en hfst. 5, par. 2.2, p. 101.

6) Seltzer. Capital Gains and the Income Tax. op. cit., p. 377.

7) Vgl. p. 169.

8) Vgl. par. 3.3, p. 159.

9) Vgl. par. 3.5.2., p. 91 en par. 4.2, p. 170.

Dit wil dus voorkom of daar nie baie sterk oortuigings heers dat hierdie belastingtipe besonder produktief t.o.v. die staatskas sal wees nie.

3.2 Regverdigheid¹⁾

Hierdie beginsel vereis dat persone met dieselfde inkomste of welvaartsposisie onderhewig sal wees aan dieselfde belastingaanspreeklikheid²⁾. Die druk van die belasting moet eweredig versprei word tussen verskillende belastingbetalers onderling en gesamentlik. Die verspreiding van die belastingdruk moet in harmonie wees met die etiese, sosiale, ekonomiese en politieke standaarde van regverdigheid wat in die gemeenskap bestaan³⁾. Hiervolgens moet 'n persoon belastingpligtig wees in ooreenstemming met sy draagkrag of vermoë om belasting te betaal.

Smeets sê draagkrag is die omvang van die vir die individu bereikbare behoeftebevrediging wat meer is as wat hy benodig vir sy noodsaaklike lewensonderhoud⁴⁾. Draagkrag is die vermoë om geld aan die gemeenskap af te staan, d.w.s. om fiskale laste te kan dra. Dit is weer afhanklik van die aantal geldmiddele waaroor 'n persoon beskik. Smeets vervolg: "Belastingheffing naar draagkracht is de zodanige, waarbij de mate van onttrekking aan de draagkrachten van verschillende grootten de ethisch meest bevredigende is bij neutrale instelling ten aansien van de inkomensverdeling (vóór de belastingheffing)"⁵⁾.

Volgens die draagkragbeginsel of vermoë-om-te-betaal-beginsel word regverdigheid die beste gehandhaaf indien elke belastingpligtige belas word ooreenkomstig sy vermoë om by te dra tot owerheidsfinansiering. Dit moet alle relevante omstandighede in ag neem sodat die relatiewe verlies van ekonomiese kapasiteit as gevolg van die belasting vir almal

1) Verwys na hoofstuk 8, par. 6.5, p. 178.

2) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1078.

3) Venter, op. cit., p. 42.

4) Smeets, M.J.H. Grondbeginselen van de belastingheffing. N.V. Uitgewersmaatschappij AE. E. Kluwer Deventer Antwerpen. 1962. p. 15.

5) Id.

dieselfde sal wees¹⁾. Die primêre aanwyser van vermoë om te betaal, is inkomste aangevul deur die bykomstige oorweging van netto vermoë (wealth).

Ter verdere uitbouing van die regverdigheidsbeginsel bestaan 'n algemene beskouing dat die belastingdruk op so 'n wyse verdeel moet word tussen individue dat dit sal help om die ongelykheid te verminder wat daar bestaan ten opsigte van inkomste en vermoë as gevolg van die werking van die mark-
ekonomie²⁾.

Vir die bereiking van hierdie regverdigheidsdoelstellings kan die belasting op enige van drie wyses gehef word³⁾, nl.

- (a) Progressief; d.w.s. die persentasie inkomste wat weg-belas word, neem toe met toename in die inkomste.
- (b) Proporsioneel; d.w.s. die verhouding van die belasting tot die inkomste (persentasiegewys) bly dieselfde vir alle peile van inkomste.
- (c) Regressief; d.w.s. die verhouding van die belasting tot die inkomste neem af met 'n toename van die inkomste of as alternatief, neem toe met 'n daling van die inkomste.

Die draagkragteorie betoog dat die draagkrag in verhouding meer toeneem as inkomste, omdat daar by verhogings van inkomste steeds behoeftes van geringer betekenis bevredig word⁴⁾. Daar word geglo dat dit makliker is om R1 000 belasting te betaal uit 'n inkomste van R10 000 as wat dit is om R100 belasting te betaal uit 'n inkomste van R1 000.

Aangesien kapitaalwins 'n direkte bydrae lewer tot 'n persoon se welvaart, relatief tot diegene wat nie kapitaalwins ontvang nie, is dit vanuit die regverdigheidsoogpunt nodig om kapitaalwinste teen 'n progressiewe skaal te belas⁵⁾. Dit is te meer so omdat kapitaalwins normaalweg in 'n hoër mate toeval aan die hoër inkomstegroepe⁶⁾.

1) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1079

2) Id.

3) Venter, op. cit., p. 42.

4) Van Gijn en Polak, op. cit., p. 97.

5) Vgl. hfst. 8, par. 1, p. 146.

6) Wallich, op. cit., p. 141; Spitz, op. cit., p. 50.

Die algemene neiging is egter om die kapitaalwinsbelasting teen 'n vaste persentasie van die wins te hef. As sodanig kan daar dan duidelike gevalle van regressiewe belastingheffing wees. Elke mens streef na die verkryging van bates en dikwels kom gevalle voor waar 'n persoon genoodsaak is om van sy bates te realiseer. Waar hierdie persoon onder die laer inkomstegroep ressorteer en 'n vaste persentasie van sy wins word wegbelas, sal hy swaar ly onder die regressiwiteit van dié belastingheffing.

Die Franzsenkommissie¹⁾ is van mening dat 'n afsonderlike kapitaalwinsbelasting ingestel moet word om onder sekere voorwaardes o.a. daardie belastingbetalers te tref wat tans nie belas word nie as hulle verhandelbare sekuriteite of vaste eiendom realiseer²⁾.

Aangesien 'n relatief tē hoë belastingskaal of 'n progressiewe skaal volgens die mening van die Kommissie ontmoedigend sou werk op risikoneming, spare en investering en kan lei tot ongesonde uitstel van realisering, beveel die Kommissie aan dat kapitaalverliese teen kapitaalwinste afgeset kan word en ook oorgedra kan word vir latere afsetting en dat 'n betreklik ligte skaal van 20% belasting gehef moet word op gerealiseerde winste³⁾.

Die Kommissie erken dat dit baie onregverdig kan wees as belastingheffing in een jaar mag geskied, terwyl die waarde van die bate oor 'n hele aantal jare opgeloop het⁴⁾. Daarom behels die voorstelle die inbou van 'n nivellerings effek deur die belasbare kapitaalwins te verminder van 100% indien die bate binne minder as 3 jaar na verkryging gerealiseer word tot 0% indien dit na meer as 9 jaar van die hand gesit word⁵⁾. Hierdie is 'n poging om die progressiwiteit van die belasting (ten spyte van 'n vaste persentasie deurdat dit in 'n groter mate die hoër inkomstegroepe tref) te verminder.

1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 243, p. 53.

2) Vgl. hfst. 4, par. 3 vanaf p. 60.

3) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 262, p. 51 en par. 308, p. 64.

4) Ibid., par. 307, p. 64.

5) Id., vgl. ook p. 25 en p. 165.

Die belasting kan 'n bydrae lewer tot groter eweredigheid van verspreiding van belastingdruk, veral as die heffing daarvan gesien word as 'n maatreël om die skerp regressiwiteit van die nuwe verkoopbelasting te neutraliseer deurdat hierdie kapitaalwinsbelasting dan, soos reeds gesê, swaarder druk op die hoër inkomstegroepe, terwyl die verkoopbelasting baie meer pynlik is vir die laer inkomstegroep wat hoofsaaklik noodsaaklike lewensmiddele aankoop. Die eenvormige tariewe van die kapitaalwinsbelasting kan egter die druk binne die groep waarop dit van toepassing is (hoë en lae inkomstegroep) hoogs ongelyk en dus regressief maak.

Die kapitaalwinsbelasting kan ook onregverdig wees teenoor die land in geheel vanweë die uitwerking daarvan op die ekonomiese groei wat kan lei tot 'n laer lewenspeil van die gemeenskap¹⁾.

Vanweë die teenreaksies wat die belasting kan uitlok in die vorm van die uitstel van realisasie, is dit te betwyfel of die kapitaalwinsbelasting 'n baie suksesvolle instrument sal wees vir die herverdeling van rykdom.

Dit wil dus voorkom asof die besondere belasting ook nie op grond van die regverdigheidseis baie ondersteuning geniet nie.

3.3 Elastisiteit

Die elastisiteit gaan oor die inkomstes uit belastings. 'n Belastingstelsel moet buigsaam genoeg wees om op kort kennisgewing addisionele inkomste te kan voorsien sonder om ekonomiese ontwrigting te veroorsaak²⁾. Dit is nodig vir die finansiering van onvoorsiene uitgawes soos 'n oorlog of vir belangrike sosiale hervormings³⁾. Die Staat kan die nodige aanpassings maak deur die belastingtariewe te wysig. Dit sal altyd gedoen moet word met konsiderasie van die hele ekonomiese toestand van die land. Daar moet altyd gepoog word om 'n belasting beweeglik te kry in die sin dat die opbrengs daarvan saam met skommeling in die ekonomiese welvaart moet beweeg⁴⁾.

1) Vgl. par. 3.1, p. 186.

2) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1078.

3) Venter, op. cit., p. 39.

4) Van Gijn, op. cit., p. 17.

Die kapitaalwinsbelasting leen hom baie min tot manipulasie deur die owerheid. Die koerse waarteen dit gewoonlik gehef word en wat deur die Franzsenkommissie aanbeveel is vir Suid-Afrika, is baie laer as die gewone koerse waarteen die belastingbetalers in die hoër inkomstegroepe, teen wie die belasting gemik is, inkomstebelasting betaal¹⁾. 'n Verlaging in die koers sal nie noodwendig lei tot 'n styging in die getal realisasies van wins nie en 'n verhoging, met die oog op inkomste, kan die teenoorgestelde uitwerking hê aangesien dit kan lei tot die verdere uitstel van realisasie²⁾.

Indien die belasting gehef kan word volgens die oplooptempo, d.w.s. op die jaarlikse verhoging in waarde van bates, sou die elasticiteit veel groter wees, omdat die belastingbetaler dan nie die mate van beheer oor sy belastingpligtigheid sou hê as wat hy het onder die heersende en voorgestelde basis van belasbaarheid slegs by realisasie nie.

3.4 Aanpasbaarheid

Hierdie beginsel is baie nou verwant aan die vorige. Waar dit by die elasticiteit egter gegaan het om die aanpassing van belastinginkomste, gaan dit hier om aanpassing van die belastingstelsel as sodanig en die mate van suksesvolle inskakelingsmoontlikhede in die hele belastingstruktuur³⁾. Hierdie belasting, soos voorgestel deur die Kommissie, moet skynbaar slegs dien as 'n bron van toevallige addisionele inkomste. Dat daar volgens die Kommissie se siening wel plek in die belastingstruktuur is vir sodanige belasting, blyk uit sy mening dat die belasting sal meehelp om groter belastingbillikheid en die bekamping van belastingvermyding te bewerkstellig⁴⁾.

'n Vraag wat onwillekeurig opdoem, is of die belasting 'n bydrae sal lewer om konjunktuerskommeling uit te skakel en om daarmee groter ewewig in die belastingstruktuur in te bring.

-
- 1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 307, p. 64. Vgl. pp. 54, 92, 160, 190.
2) Hoofstuk 8, par. 3.3.1, p. 160.
3) Venter, op. cit., p. 39.
4) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 243, p. 53.

Verskeie skrywers het daarop gewys dat die kapitaalwinsbelasting eintlik 'n pro-sikliese uitwerking het deurdat dit neig om prysskommelings in albei rigtings te verskerp¹⁾. In die hoogkonjunkturfase neig die kapitaalbesitters om die realisasie van bates waarop kapitaalwins opgeloop het, uitermatig uit te stel om die belasting te vermy. Hierdie opsluitings-effek ontwrig die kapitaalmark deurdat dit kunsmatige skaarsheid van kapitaal meebring.

In die laagkonjunktuur neig die batebesitters om veral daardie bates waarop verliese opgeloop het, te realiseer. Eersyds kan dit help om likiditeit te skep, maar gewoonlik sal die nadeel van die dalende neiging van die pryse wat hieruit volg, hierdie voordeel oorskadu.

Die dreinerings van 'n deel van die opbrengs van 'n realisasie van 'n bate deur die kapitaalwinsbelasting kan likiditeitsprobleme skep vir die persoon wat verplig is om 'n bate te realiseer om fondse te bekom, byvoorbeeld vir noodsaaklike uitbreidings. Hierdie probleem sal veral gevoel word in 'n jong ontwikkelende land soos Suid-Afrika met sy groot bronne wat wag om ontgin te word op die pad van ekonomiese ontwikkeling.

Dit wil dus voorkom of die kapitaalwinsbelasting hom nie baie goed leen tot aanpasbaarheid nie, en dan veral nie oor die korttermyn nie.

3.5 Stabiliteit²⁾

Onder hierdie beginsel word bedoel dat daar 'n mate van standvastigheid of konstantheid van belastingopbrengs moet wees. Gewoonlik het belastingopbrengs by vaste koerse die neiging om te daal in tye van laagkonjunktuur en om te styg in hoogkonjunktuur a.g.v. die "built-in stabilizer". Ongelukkig openbaar die kapitaalwinsbelasting dieselfde neiging en neig selfs om prysskommelinge te verskerp³⁾. Oor die korttermyn sal die opbrengs uit dié belasting dus neig om saam met die konjunktuur te beweeg.

1) Hoofstuk 8, par. 2, p. 155.

2) Vgl. par. 4.1, p. 167.

3) Vgl. par. 3.4, p. 192.

Die belasting leen hom wel tot antisikliese aanpassings deur die owerheid, hoewel dit nie baie elasties is nie¹⁾.

In laagkonjunktuur sal die owerheid die daling in batepryse kan teëwerk deur die erkenning van verliese vir verrekening teen ander winste op te hef. Dit sal die neiging tot realisering van bates waarop kapitaalverliese opgeloop het, ontmoedig en daardeur 'n kleiner aanbod van daardie bates in die hand werk. Op daardie wyse sal die owerheid dus minder inkomste hoef prys te gee²⁾.

Onder hoogkonjunktuur, wanneer beleggers neig om hulle beleggings vas te hou om belasting by realisasie van opgeloopte kapitaalwinste te vermy, kan die owerheid optree deur middel van verlaging van die belastingkoers of selfs deur vrystelling van kapitaalwinste van belasting. Daardeur sal fondse beskikbaar kom vir meer produktiewe aanwending waaruit deur middel van ander belastings groter inkomste vir die owerheid verkry kan word.

Indien die belasting op die oploopwaarde van die kapitale bates gehef sou word, sou die opbrengs 'n groter invloed ondervind het van die "built-in stabilizer"-effek. Dan sou die inkomste van die owerheid gestyg het saam met die stygende fase van die konjunktuersiklus en gedaal het tydens die daalfase en sou die owerheid baie groter invloed kon uitoefen deur middel van maatreëls om die inkomste te verhoog of te verlaag. Hierdie metode hou egter soveel administratiewe en ander probleme in dat geen land ter wêreld sy kapitaalwinste daarvolgens belas nie.

3.6 Verskeidenheid van bronne

Die verskeidenheid van bronne kan 'n tweeledige betekenis hê. Eerstens kan dit aanleiding gee tot groter stabiliteit ten opsigte van die groei van inkomste vir die owerheid en tweedens kan dit beteken dat 'n meer gelyke verspreiding van belastingdruk verkry word. Die verskeidenheid van bronne

1) Vgl. par. 3.3, p. 191.

2) Die omgekeerde van 'n groter opbrengs maar wat tog dieselfde netto resultaat oplewer.

staan dus in die nouste verband met die regverdigheidseis¹⁾.

Die behoefte aan fondse vir openbare uitgawes is teenswoordig so groot dat in geen land volstaan kan word met 'n enkele belasting nie. Verder is dit onmoontlik vir 'n enkele belasting om op 'n doeltreffende wyse alle klasse van die gemeenskap te bereik en nog voldoende fondse vir die owerheid te verseker. 'n Verskeidenheid van belastings is dus noodsaaklik²⁾.

Die kapitaalwinsbelasting kan 'n belangrike bydrae lewer deurdat dit die Staat se trefkrag uitbrei na 'n bron wat andersins onbenut bly. Die belasting, soos voorgestel vir Suid-Afrika, word spesifiek gerig op kapitaalwinste wat voortvloei uit die realisering van die twee mees voordiehand-liggende kapitale bates, nl. eerstens, verhandelbare sekuriteite en regte of opsies om verhandelbare sekuriteite te verkry en tweedens, onroerende eiendom en regte of opsies om onroerende eiendom te verkry³⁾.

Soos reeds gestel, tref hierdie belasting die hoër inkomstegroepe wat in die kapitaalwins 'n groot bron van onbelaste inkomste het wat aangewend kan word om rykdom te vergader⁴⁾. As gevolg van al die toegewings en tegemoetkomings, lewer die belasting egter nie 'n baie groot hoeveelheid inkomste nie⁵⁾. 'n Feit wat hier benadruk moet word, is dat 'n verskeidenheid soorte belastings die druk in die hele stelsel meer gelyk versprei. Hoe groter die verskeidenheid belastings, hoe meer gelyk kan die druk wees. Daarom is 'n groot aantal direkte belastings — waarvan kapitaalwinsbelasting een is — slegs geregverdig indien daar 'n verskeidenheid indirekte belastings bestaan waarvan die druk relatief baie regressief is. Die progressiewe direkte belastings neutraliseer dan die regressiwiteit van die indirekte belastings

1) Par. 3.2.

2) Venter, op. cit., p. 40.

3) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 293, p. 61. Vgl. ook p. 198.

4) Vgl. hfst. 8, par. 3.2, 3.3 en 3.4.

5) Par. 3.1. Die toegewings word as noodsaaklik beskou omdat die kapitaalwinsbelasting baie maklik stremmend kan inwerk op die faktore wat ekonomiese groei stimuleer.

en daardeur word die stelsel in geheel meer regverdig.

In dié verband is reeds daarop gewys dat die kapitaalwinsbelasting ook regressiewe eienskappe kan openbaar waar dit die laer inkomstegroep tref of waar 'n vaste tarief vir 'n bepaalde inkomstegroep van toepassing is¹⁾.

'n Verdere probleem wat oorkom sal moet word om 'n groter mate van druk van die kapitaalwinsbelasting te kry waar dit bedoel is om te val, is dat die moontlikhede tot vermyding en afwenteling van die belasting uitgeskakel moet word²⁾. Solank as die kapitaalwins teen 'n ander koers belas word as ander inkomste, sal die probleem bly voortbestaan.

Die kapitaalwinsbelasting se vermoë om 'n bydrae tot meer gelyke druk te lewer, skyn dus onder verdenking te wees, veral as daar verder gelet word op kritiek dat dié belasting kan aanleiding gee tot dubbele belasting³⁾.

3.7 Koördinasie met ander belastings

Die hele belastingstruktuur van 'n land moet gesien word as 'n harmonieuse geheel en nie as 'n losstaande verskeidenheid van heffings nie⁴⁾. 'n Belasting kan òf bydra tot ewewig in 'n bepaalde belastingstelsel òf dit kan 'n bestaande simmetrie in so 'n stelsel versteur.

Onder die beginsels van aanpasbaarheid en verskeidenheid van bronne is reeds verwys na die beginsels wat geld vir die koördinasie van die kapitaalwinsbelasting met ander belastings, hoewel dit nie spesifiek uitgespel is nie⁵⁾.

Dié belasting kan slegs 'n beperkte bydrae lewer tot meer gelyke druk en meer gelyke verdeling van inkomste. Die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting op gerealiseerde winste kan nuwe-effekte hê wat nadelig kan inwerk op ander sektore van die ekonomie⁶⁾. Dié sake sou kon uitgeskakel

1) p. 190.

2) pp. 167, 176.

3) p. 172.

4) Venter, op. cit., pp. 43, 44.

5) Paragrafe 3.4 en 3.6.

6) Vgl. die invloed op spaar- en investeringsgeneigdheid: pp. 141, 158-163; ondernemingsgees: pp. 141, 163; groei: pp. 156-163.

word as met 'n kapitaalwinsbelasting op opgeloopte waarde gewerk word, maar dan duik nuwe probleme van geheel ander aard op soos die administrasie en beheer van die belasting.

Dit blyk dus dat 'n kapitaalwinsbelasting hom nie goed leen tot koördinerings met ander belastingen nie, veral in Suid-Afrika waar gewerk word met 'n ontwikkelende ekonomie en waar die owerheid baie versigtig moet wees om nie gesonde ekonomiese groei te ontmoedig nie.

3.8 Besparing

Die beginsel van besparing word ook dikwels die ekonomiese beginsel genoem. Volgens hierdie beginsel moet die koste van aanslaan, invorder en beheer van belastingen op die laagste moontlike vlak gehou word sonder om die ander beginsels prys te gee. Die koste sluit in die koste van die owerheid, van die belastingbetaler en van private fiskale agente soos werkgewers wat die belasting moet invorder vir die Staat deur middel van aftrekkings van salarisse¹⁾. Die koste moet laag gehou word deur belastingwetgewing so selde as moontlik te verander en wanneer veranderinge wel aangebring word, moet dit gedoen word binne die verband van 'n algemene en sistematiese belastinghervorming²⁾.

Die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika sal noodwendig gepaard gaan met die aangaan van redelike hoë koste. Daar sal 'n tekort ondervind word aan doelmatig-opgeleide personeel vir die inwerkingstelling en administrasie van die nuwe belasting;³⁾ die publiek sal voorligting moet ontvang oor die verklaring van kapitaalwinste, ter onderskeiding daarvan van gewone inkomste, en voorsiening sal gemaak moet word vir die voorkoming van vermydings- en ontduikingspraktyke⁴⁾.

Administratief sal slegs 'n belasting op gerealiseerde kapitaalwinste moontlik wees, beide uit 'n algemeen administratiewe as uit 'n koste-oogpunt. Oor die regverdigheid van so 'n belastingheffing is reeds gehandel⁵⁾.

1) Venter, op. cit., pp. 41, 42.

2) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1079.

3) Vgl. par. 5, p. 172.

4) Vgl. bv. p. 170.

5) Vgl. par. 6, p. 172.

Die Franzsenkommissie se poging om die administrasie van die belasting te vergemaklik deur hulle beperking van die belastingbasis¹⁾ tot enkele bates en die duidelik omskrewende uitsluitings²⁾, kan 'n bydrae lewer tot die bekampings van genoemde kostes, maar dit sal nie die probleem in sy geheel uitskakel nie.

3.9 Eenvoudigheid

Belastingwette en regulasies moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees vir beide die belastingbetaler en die belastinggaarder³⁾. Hulle moet ondubbelsinnig en vasstaande wees, sodat daar nie verskille in interpretasie sal ontstaan wat kan lei tot onnodige konfrontasie en kostes nie. Eenvoudigheid van belasting vereis goed geselekteerde bronne van inkomste, maklik verstaanbare belastingwetgewing en bekwame beamptes. Dit maak belastingadministrasie doeltreffender en meer ekonomies, voorkom verwarring van belastingpligtiges en bevorder wedersydse samewerking.

Die eerste probleem wat onder hierdie beginsel gaan ontstaan, is die klassifikasie van 'n bepaalde aanwinst in die kategorie kapitaalwinst of inkomste. Daar is reeds gehandel oor 'n verskeidenheid van probleme wat in hierdie verband kan opduik⁴⁾.

'n Verdere aspek wat aanleiding kan gee tot onduidelikheid, is die feit dat dit onmoontlik is om te bepaal of sekere bates altyd by realisasie winste van kapitaal aard sal oplewer in alle persone se hande. Dieselfde bate kan verskillend van aard wees in die hande van verskillende persone⁵⁾.

Die verskillende houperiodes as bepalend van die persentasie belasting wat betaalbaar word by realisasie, kan lei tot onduidelikheid. Baie batebesitters hou nie noukeurige rekords van aankoop- en verkoopdatums van elke afsonderlike bate nie en so kan dit maklik gebeur dat die belastingbetaler

-
- 1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 293, p. 61. Vgl. p. 195.
2) Ibid., par. 296, p. 62. Vgl. par. 3.12, p. 201.
3) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1079.
4) Vgl. hoofstukke 2 en 3.
5) Vgl. p. 33.

per abuis of met opset foutiewe houperiodes kan aandui. Hoewel die tydperke duidelik gestel is, sal dit voortdurend onder die aandag gehou moet word om wanbegrippe in verband daarmee uit te skakel.

Die Franzsenkommissie het die probleme probeer omseil deur voor te stel dat transaksies van relatief onbeduidende omvang uitgesluit moet word en dat winste tot 'n beperkte bedrag vrygestel word¹⁾. Dit is egter onvoldoende om die hele probleem uit te skakel.

3.10 Sekerheid

Die belasting wat elke belastingpligtige moet betaal, moet seker wees en nie arbitrêr nie²⁾. Die tyd, wyse, rede, plek en hoeveelheid moet duidelik wees vir elke belastingpligtige. Net so moet die Staat seker wees van sy inkomste uit elke bron, anders sal hy nie 'n begroting kan opstel wat enige waarde het nie.

Daar is in 'n vorige hoofstuk daarop gewys dat die kapitaalwinsbelasting groter sekerheid sal meebring, veral waar die toestand wat tans in Suid-Afrika se belastingstelsel heers, lei tot onsekerheid, aangesien die belastingbetaler nie vooraf seker is van wat die Ontvanger se klassifisering van 'n bepaalde wins gaan wees nie³⁾. Die onsekerheid word vergroot deur die moontlikheid dat bepaalde toevallings terugwerkend vir belasting aangeslaan kan word. 'n Vaste persentasie kapitaalwinsbelasting sal hierdie probleem uitskakel.

Vir die verkoper is daar sekerheid in verband met die koers waarteen hy onder die kapitaalwinsbelasting aangeslaan gaan word, maar die koper het nie hierdie sekerheid nie, omdat hy nie vooruit met absolute sekerheid kan bepaal hoe lank hy die bate in sy besit gaan hou nie⁴⁾. Onvermydelike omstandighede of veranderde ekonomiese toestande kan hom verplig om van sy bates vroeër te realiseer as wat hy beplan het.

1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 294, p. 62.

2) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1078.

3) Vgl. p. 157.

4) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1078. Vgl. ook Somers. An Economic Analysis ... op. cit., p. 227, en Somers. Reconsideration of the Capital Gains Tax. op. cit., p. 291.

As gevolg van die voorgestelde vrystellings en die moontlikheid van 'n "lock-in effect", kan die owerheid nie vooraf bepaal wat sy inkomste uit hierdie besondere bron gaan wees nie. In sy begroting sal hy hom dus moet wend tot ander, sekerder bronne. Daarby sal die owerheid moet rekening hou met die feit dat hy nog meer van sy inkomste kan verloor as gevolg van die reëling dat kapitaalverliese oorgedra kan word om in later jare verreken te word¹⁾.

3.11 Gerieflikheid

Die betaling van belasting moet vir die belastingbetaler so min moontlik ongerief veroorsaak, onderhewig aan beperkinge gestel deur ander belastingdoelwitte²⁾. Die tyd, plek en manier van betaling moet gerieflik wees vir die belastingpligtige. Daarom laat die owerheid dikwels toe dat die belasting in paaiemente betaal kan word en gee ruim tyd om die belastingopgawes te voltooi en in te dien.

Vir die owerheid beteken gerieflikheid die reëlmatige vloei van inkomste om sy begroting van uitgawes daarvolgens te kan opstel³⁾.

Waar die kapitaalwins slegs belasbaar is ná realisasie, is die veronderstelling dat dit dan vir die batebesitter die gerieflikste moontlike tyd is om die belasting te betaal, aangesien sy likiede posisie nou sodanig is dat die fondse beskikbaar is.

Dit sal egter net waar wees indien die bate vir kontant verkoop word en die volle koopsom onmiddellik betaalbaar is. By 'n verkoping onder verband of ander sekerheidstelling, bly die verkoper se likiede posisie onveranderd en sal hy waarskynlik met groot ongerief die nodige fondse moet vind vir die betaling van die belasting. Andersyds sal hy moet aandrang op 'n kontantdeposito waaruit hy sy belastingverplichtinge kan nakom. Nou skuif die ongerief oor na die koper.

1) Vgl. p. 157.

2) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1079.

3) Venter, op. cit., p. 41.

In die geval waar die kapitaalwinsbelasting op die oploopt-basis gehef word, sou dit die batebesitter jaarliks in 'n likiditeitskrisis dompel wanneer hy die belasting moet betaal. Die waarde van sy totale batebesit sal wel toeneem, maar sy besteebare fondse, waaruit die belasting betaal moet word, sal onveranderd bly.

Nog 'n voorbeeld van ongerief vir die verkoper is die geval waar hy die volle opbrengs van 'n bate benodig om dit met 'n gelykwaardige en soortgelyke bate te vervang¹⁾. Indien die Staat nou 'n gedeelte van sy opbrengs wegneem in die vorm van 'n kapitaalwinsbelasting, sal hy met groot ongerief elders aanvullende fondse moet vind om die nodige vervanging te doen.

Daar is twyfel of die kapitaalwinsbelasting 'n bestendige stroom inkomste aan die Staat sal lewer. Afgesien van konjuncturele skommeling²⁾, sal dit onder normale omstandighede ook baie wisselvallig wees, aangesien dit 'n vorm van vrywillige belasting is³⁾.

Dit wil dus voorkom of die kapitaalwinsbelasting onder hierdie beginsel nie 'n gunstige beeld skep nie.

3.12 Beperking van vrystellings

Onder hierdie hoof word deur sommige skrywers verwys na die beginsel van algemeenheid of alomvattendheid wat veronderstel dat alle persone wat in staat is om te betaal, eenvormig belas moet word en dat belastingvrystellings net gegee moet word op grond van ekonomiese en sosiale doelstellings⁴⁾.

Vrystellings op grond van nasionaliteit, sosiale stand, geloof of ras, is 'n verkragting van hierdie beginsel en kan ontevredenheid veroorsaak as gevolg van die onregverdigheid daarvan. Die verlening van vrystellings skep baie maklik 'n presedent wat lei tot eise en die verlening van verdere vrystellings⁵⁾. Sodra sommige belastingobjekte

1) Vgl. p. 20.

2) Vgl. p. 155 en par. 3.4, p. 192.

3) Vgl. p. 160.

4) Encyclopaedia Britannica, op. cit., p. 1079.

5) Venter, op. cit., p. 44.

vrygestel word van belasting, word 'n verswaring van druk meegebring vir ander objekte. Hoe meer vrystellings verleen word, hoe ingewikkelder word die administrasie en hoe hoër word die koste verbonde aan die invordering van die belasting.

By die ondersoek na die moontlike instelling van 'n kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika, het die Franzsenkommissie verskeie vertoë ontvang vir vrystelling van 'n hele aantal winste en inkomstes. Met die oog op bogenoemde beginsels, het die Kommissie die getal voorgestelde vrystellings so ver as moontlik beperk¹⁾.

Sommige van die vernaamste voorgestelde vrystellings is winste by die realisasie van:²⁾

- die belastingpligtige se hoofwoonhuis;
- effekte en obligasies uitgereik deur die Staat, plaaslike owerhede en ander nie-winssoekende organisasies;
- bates wat buite die Republiek geleë is;
- en kapitaalwins op die realisering van kapitale bates waarvan die opbrengs nie R2 000 oorskry nie.

In sy voorstelle het die Kommissie hom dus gehou by die beginsel van die kleinste moontlike getal vrystellings.

Die beperking van vrystellings kan daartoe meehelp dat die kapitaalwinsbelasting redelik omvattend en algemeen kan wees in sy trefkrag. Op grond van billikeidsoorwegings sal dit die belastingtipe aanvaarbaarder maak.

3.13 Vermydning van die "Excess Burden"

Die koste of druk van 'n belasting word gemeet in terme van die waarde van bronne oorgedra aan die owerheid deur die besondere belasting. Uit hierdie oogpunt is die belastingdruk gelyk aan die inkomste ingevorder.

Indien die belasting die ekonomiese besluitneming in die private sektor versteur, mag dit gebeur dat die totale druk die bedrag van die belastingopbrengs oorskry. Dit word die

1) Eerste Franzsenverslag, op. cit., par. 294-301, pp. 62, 63.

2) Ibid., par. 296, p. 62.

"excess burden" genoem¹⁾.

By belastingheffing is daar altyd 'n verlies aan produktiwiteit. Die owerheid ontvang nie dieselfde hoeveelheid produktiwiteit as wat as gevolg van die belasting van die volk weggeneem word nie. Hierdie verlies is die "excess burden"²⁾.

'n Belasting moet op so 'n wyse gehef word dat die "excess burden" so klein as moontlik is.

Een van die besware teen die kapitaalwinsbelasting is dat dit kan aanleiding gee tot dubbele belasting en daaruit voortvloeiende prysstygings³⁾. Waar daar verwagtinge bestaan dat die inkomstestroom vanuit 'n belegging of bate gaan verhoog, sal dit lei tot prysstygings wat aanleiding gee tot kapitaalwinste⁴⁾. Indien die verwagtinge later ongegrond blyk te wees, sal kapitaalverliese ontstaan. Waar die verkoper teen 'n progressiewe skaal belas word op sy wins, beteken dit dat die belasting 'n groter bedrag verteenwoordig as die voordeel wat die koper later sal kry as hy sy verlies as 'n aftrekking eis. Op hierdie punt ontstaan dus 'n "excess burden" vir die ekonomie: die verkoper betaal 'n hoër belasting op sy kapitaalwins, die koper kry slegs 'n klein afslag vir sy verlies en later betaal die verkoper weer belasting op die opbrengs van sy oorblywende kapitaal.

Die verkoper het twee maal belasting betaal, terwyl die koper 'n verlies gely het en as gevolg daarvan slegs beperkte afslag gekry het vir belastingdoeleindes. Die totale opbrengs vir die Staat is minder as die totale besteding/verlies van die verkoper en koper gesamentlik.

Hierdie situasie sal hom slegs in enkele gevalle voordoen en daarom kan met veiligheid beweer word dat die kapitaalwinsbelasting slegs in geringe mate sal aanleiding gee tot 'n "excess burden".

-
- 1) Musgrave, R.A. en Musgrave, Peggy B. Public Finance in Theory and Practice. McGraw-Hill, Johannesburg. 2nd ed., p. 462. Vgl. ook p. 174.
 - 2) Musgrave, R.A. The Theory of Public Finance. McGraw-Hill Book Co., INC. 1959, p. 140.
 - 3) Hoofstuk 8, par. 6.1, p. 172.
 - 4) Ibid., p. 173.

4. GEVOLGTREKKING

Nadat die kapitaalwinsbelasting teen die belastingbeginsels geprojekteer is, tree die gevolgtrekking na vore dat dit nie sonder rede is nie dat daar in Suid-Afrika reeds meer as 10 jaar verloop het sedert die Franzsenkommissie se voorstelle vir die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting sonder dat uitvoering gegee is aan die voorstelle.

In die ekonomiese literatuur word wel argumente aangevoer vir die instelling van die belastingtipe, maar wanneer die belasting gemeet word aan die uitwerking wat dit sal hê, soos weerspieël deur 'n projeksie teen die belastingbeginsels, dan lyk dit of dit in landsbelang sal wees as die instelling van die kapitaalwinsbelasting met groot omsigtigheid benader sal word¹⁾. Die bespreking in hierdie verhandeling gevoer dui op 'n sterk aksent op die kapitaalwinsbelasting as 'n handige addisionele instrument vir die uitvoering van die fiskale politiek van die owerheid. Die beeld wat die belastingbeginsels opwerp van kapitaalwinsbelasting maan egter tot die uiterste moontlike graad van versigtigheid om nie 'n langtermyn-voordeel ten behoeve van korttermyn-voordele weens 'n onsekere graad van toegenome owerheids-inkomste prys te gee nie. As die langtermyn doelwitte by belastingheffing skipbreuk ly, moet dit noodwendig reperkussies hê op die korttermyn doelwitte.

1) Vgl. hfst. 8.

HOOFSTUK 10

OORSIG EN GEVOLGTREKKINGS

1. INLEIDING

Die hoofdoel met hierdie studie was om te bepaal of daar duidelike riglyne bestaan vir die identifisering van kapitaalwins. In verskeie lande word reeds 'n kapitaalwinsbelasting gehef. Dit was dus nie net nodig om te kyk na wat in hierdie lande oor kapitaalwins geskryf is nie, maar daar kon ook gekyk word na die ondervinding wat in hierdie lande opgedoen is met die heffing van die besondere belastingtipe, na die metodes wat aangewend is om kapitaalwins vir belastingdoeleindes te identifiseer en na die bevindings van die howe in die betrokke lande oor die interpretasie van vele wetsaspekte wat op kapitaalwins betrekking het ten einde daaruit meer duidelikheid te probeer bekom omtrent die aard en kenmerke van kapitaalwins, wat die onderwerp van bespreking in hierdie verhandeling vorm.

2. IDENTIFISERING VAN KAPITAALWINS

2.1 Buitelandse benadering

Engeland was die eerste om 'n kapitaalwinsbelasting te hef. Aanvanklik is 'n heffing geplaas op die toename in grondwaarde. Vir die identifisering van kapitaalwins word daar dus heel in die begin in Engeland gekyk na die bron van die wins vir die bepaling van die belasbaarheid van die besondere opbrengs.

'n Ander belangrike riglyn vir die identifisering van kapitaalwins wat ook in Engeland vasgelê is, het beleggingstermyn as grondslag. Van die aanvanklike probleme met kapitaalwinsbelasting in Engeland het dan ook voortgevloei uit die vasstelling en omskrywing van die terme en die vermydingsmoontlikhede wat dit meegebring het.

In die V.S.A. word die beginsel van herhaling en gereeldheid reeds vroeg in sy belastinggeskiedenis toegepas by die identifisering van 'n belasbare inkomste.

Die Amerikaners gebruik ook baie vroeg die termyn as maatstaf vir die identifisering van kapitaalwinste. Aanvanklik ondervind hulle probleme met die onderskeid tussen die lang- en korttermyn en met elke hersiening van die belastingwette word die tydperk wat vir elke termyn geld, verander. Die Amerikaners lê ook die beginsel van die "step-scale plan" vas, wat later in gewysigde vorm 'n belangrike onderdeel sou vorm van Suid-Afrika se voorgestelde kapitaalwinstbelasting.

Een van die probleme wat die Amerikaners ondervind het, het ontstaan deur die blote gebruik van die terme "korttermyn" en "langtermyn" en die verwarring wat gewoonlik daardeur geskep word. Daar is bevind dat dit beter is om 'n vaste tydperk te stel en dit aan 'n vaste koers te koppel soos dit later in die Franzsenvoorstelle uitgespel is.

2.2 Suid-Afrikaanse benadering

'n Historiese oorsig van Suid-Afrika se belastinggeskiedenis toon dat Suid-Afrika 'n rekord het van nie-aantasting van kapitaal in die aanvaarding van die beginsel dat ontvangstes of toevallings wat ontstaan uit die waardevermeerdering van kapitale bates, om watter rede ookal, as kapitaalwinst geklassifiseer word en as sodanig nie aan belasting onderhewig gestel behoort te word nie. Hierdie benadering het van vroeg af aanleiding gegee tot allerhande vermydingspraktyke en pogings om, waar enigsins moontlik, aan ontvangstes en toevallings die aanskyn van kapitaalwinste te probeer gee. Daarom was dit nodig dat duidelike riglyne neergelê sou word om die identifisering van kapitaalwinst te vergemaklik.

2.3 Definisionele benadering

Verskeie pogings is aangewend om deur middel van 'n definisie 'n omskrywing van kapitaalwinst te gee wat 'n riglyn kon verskaf by die identifisering daarvan. 'n Studie van die verskillende definisies toon egter dat die formuleerder telkens 'n ander aspek van die kapitaalwinst belig en dat geen enkele definisie omvattend en beskrywend genoeg is om onbetwisbare norme vir die identifisering van elke afsonderlike kapitaalwinst te voorsien nie.

Dit is dus duidelik waarom daar nie gebruik gemaak word van 'n definisionele benadering by die identifisering van kapitaalwins nie. Sodanige benadering sal lei tot onnoukeurigheid en tot gapings en geleenthede vir belastingvermyding en -ontduiking. Verder sal die onvermydelike konsekwensie ongelike belastingdruk wees.

'n Eie definisie is geformuleer waarin gepoog is om 'n samevatting te gee van die besondere kenmerke wat eie is aan kapitaalwins. Selfs so 'n omvattende definisie kan slegs dien as 'n riglyn en nie as 'n onbetwisbare norm by die bepaling van die aard van 'n besondere wins nie.

2.4 Die aard van 'n wins as riglyn vir identifisering

Een van die basiese kenmerke van 'n kapitaalwins is die onverwagte aard daarvan. Die onverwagsheid of insidentele aard van die kapitaalgroei as gevolg van prysstygings of om ander redes, verhoed dat die besitter van kapitale bates doelbewus kan beplan en optree met die oog op die verwerwing van sodanige kapitaalwins. Daar bestaan ongelukkig geen objektiewe toets om te bepaal of 'n wins vir 'n belastingbetaler werklik so 'n onverwagte toevalling is nie.

'n Tweede riglyn waarop belastingbetalers hulle dikwels beroep, is die sporadiese, eenmalige of nie-herhalende aard van sulke winste. Verskeie skrywers wys egter daarop dat dit nie noodwendig so is dat 'n enkele transaksie nie ook primêr gesluit is met die oog op die winsgewendheid daarvan nie. Ook in die Suid-Afrikaanse regspraak word rekening gehou met die feit dat 'n enkele transaksie deel mag vorm van 'n winsbejagskema, tewens die hele skema mag selfs net uit die een transaksie bestaan. Net so bestaan die moontlikheid dat daar by 'n persoon 'n herhaling van 'n besondere transaksie mag voorkom, terwyl die winste steeds kapitaalwins bly.

'n Derde riglyn in verband met die aard van die wins is dat daar 'n beoordeling gedoen moet word van die aard van die bate wat die wins voortgebring het. Hiervolgens kan 'n indeling van bates gemaak word waarvolgens 'n wins uit die een groep bates kapitaalwins sal wees, terwyl wins uit 'n ander groep belasbare inkomste sal wees. Die ontoereikendheid van

hierdie riglyn vir die identifisering van kapitaalwins blyk duidelik uit die feit dat dieselfde bate in aard kan verskil in die hande van verskillende belastingbetalers.

Uit bostaande is dit duidelik dat daar te veel subjektiewe faktore is wat 'n rol speel wanneer daar na die aard van die wins gekyk word as moontlike riglyn vir die identifisering van kapitaalwins. Ook dit is dus nie 'n betroubare norm nie.

2.5 Die termynbenadering

Soos in par. 2 gestel, was Engeland die eerste om aandag te skenk aan die termynaspek as riglyn vir die identifisering van kapitaalwins. Die beginsel het uitgekring na ander lande en tans word die kapitaalwins vir belastingdoeleindes in twee kategorieë verdeel, nl. korttermyn- en langtermynkapitaalwins. In die meeste lande is 'n gegewe minimumhou tydperk die maatstaf om te onderskei tussen 'n kapitaalwins wat teen 'n laer koers belas word en 'n gewone belasbare inkomste wat teen die normale koers belas word.

Hierdie indeling is ongesond vanweë sy ontmoedigende invloed op investering en vrye kapitaalvloei en gee aanleiding tot belastingontduiking.

In Suid-Afrika word termyn nie erken as 'n maatstaf vir die identifisering van kapitaalwins nie. Oorweging word gegee aan die tydperk wat 'n bate gehou is vóór realisasie en winsneming en indien 'n bate vir 'n lang tydperk gehou is, kan dit wel steun gee aan 'n belastingpligtige se bewering dat sodanige bate gekoop en gehou is as 'n belegging. Die tydperk wat die bate gehou is, word egter nie erken as maatstaf vir die toepassing van verskillende belastingkoerse of die vrystelling van belasting nie.

2.6 Die gereeldheidsbenadering

Sodra 'n persoon 'n gereelde inkomste begin verkry uit 'n bepaalde optrede, sal die afleiding gemaak word dat die optrede vir hom 'n deel van sy lewenswyse geword het waarmee hy 'n deel (of alles) van sy lewensonderhoud verdien. Sy optrede sal beskou word as deel van 'n skema om wins te maak en as sodanig sal daardie wins belasbaar wees. Hierdie

gereelde optrede kan enige vorm aanneem, bv. die koop en verkoop van kapitale bates, gereelde weddenskappe of dobbelary, ens.

Die blote feit dat daar 'n gereelde optrede of gereelde inkomste uit 'n bepaalde optrede ontstaan, is nie afdoende bewys vir die identifisering van 'n belasbare inkomste nie, maar dit is 'n belangrike hulpmiddel om te bepaal of 'n besondere inkomste of aanwins belasbaar is of nie en die feit sal die nodige oorweging geniet.

2.7 Die bedoelingsbenadering

Die bedoelingsaspek het in Suid-Afrika ontwikkel tot die leidende beginsel by die bepaling van die aard van 'n wins. In elke dispuut waarin bepaal moet word of 'n toevalling of aanwins van kapitale aard is, word 'n ondersoek gedoen na die belastingpligtige se bedoeling met verkryging. In oorsese literatuur word ook verwys na bedoeling met die hou en bedoeling met die verkoop van 'n bate. In Suid-Afrika word sulke bedoelings beskou as gevolg van en voortvloeiend uit die oorspronklike bedoeling met verkryging. Daar word wel voorsiening gemaak vir die moontlikheid van 'n verandering van bedoeling, maar dan word die bedoeling met verkryging nog altyd gebruik as die uitgangspunt.

In die ondersoek na die bedoeling word onderskei tussen 'n individu en 'n maatskappy en dieselfde toetse vir die bepaling van die bedoeling word nie in albei gevalle toegepas nie. Die verskil in benadering tree baie duidelik na vore in die geval van 'n enkele transaksie.

Waar daar in die geval van die individu slegs ondersoek ingestel word na daardie besondere persoon se optredes en motiewe vir die bepaling van sy bedoeling, word daar by die maatskappy onder andere ook gekyk na die doelstellingsklousule in sy Akte van Oprigting, na die optredes van sy direkteure en selfs van sy aandeelhouders en na die maatskappy se transaksies in die hede en in die verlede.

As onderafdeling van die bedoelingsbenadering word dikwels gekyk of die belastingpligtige nie 'n winsbejagskema bedryf het nie. Die ondersoek beland egter op een of ander stadium

by 'n navraag in verband met die belastingpligtige se bedoeling.

Omdat 'n persoon se bedoeling 'n subjektiewe saak is wat vir 'n tweede persoon moeilik is om te bepaal, word die beginsel in Suid-Afrika gehandhaaf dat die onus op die belastingpligtige rus om oortuigende redenasies en feite aan te voer om te bewys dat sy bedoeling was wat hy aanvoer dat dit was.

Die bedoelingsbeginsel vorm dus in Suid-Afrika die fondament van alle moontlike toetse vir die moontlike kapitale aard van 'n wins. Dit is soos 'n goue draad waaromheen al die toetse gewef is en wat die kern van elke ondersoek vorm. Dit voorsien nie 'n maklike metode of 'n kort pad na die identifisering van kapitaalwins nie, maar behels 'n volledige en dikwels omvattende ondersoek na die totaliteit van alle verwante feite van elke afsonderlike transaksie. Alleen op so 'n wyse kan verseker word dat die belastingbetaler regverdige behandeling ontvang en dat die Staat sy regmatige deel verkry uit die belastingpligtiges se inkomstes en winste.

2.8 Kapitaalwinste onderskei van kapitaalontvangstes

Ontvangstes van 'n kapitale aard soos erfporsies, skenkings, wengeld op weddenskappe, prysgeld uit wedstryde, inkomstes uit dobbelwinste en stokperdjies sowel as ontvangstes uit die realisasie van kapitale bates is nie noodwendig kapitaalwins nie. By die eersgenoemde groep is daar geen sprake van kapitaalwins nie, terwyl die realisasie van kapitale bates slegs kapitaalwins kan oplewer in die mate waarin die verkoopprijs die koopprijs van die bates oorskry. Daar kan alleen kapitaalwins wees waar gewerk word met kapitale bates wat of toegeneem het in waarde of gerealiseer is teen 'n bedrag hoër as die aankoopprijs.

Waar 'n onderskeid gemaak moet word tussen sulke winste, bestaan dikwels slegs fyn nuanse-onderskeidings en klein graadverskille tussen kapitale- en belasbare winste. Daarom is dit nodig om elke besondere geval se omstandighede en meriete volledig te ontleed. Dit is dan ook die algemene praktyk wat in Suid-Afrika se howe gevolg word.

2.9 Reële en illusionêre kapitaalwinste

Reële kapitaalwins kan beskou word as daardie gedeelte van 'n aanwinst wat opgeloop het op of wat verkry is uit die realisasie van 'n kapitale bate wat lei tot 'n toename in die ontvanger daarvan se bedingingsvermoë, lewenstandaard en ekonomiese behoeftebevrediging. Illusionêre kapitaalwinst is dan daardie gedeelte van genoemde wins wat in geld uitgedruk word, maar wat geen verbetering meebring in die ontvanger daarvan se bestedingsvermoë of reële batebesit nie.

Vir die identifisering van kapitaalwinst is dit nodig om duidelik te onderskei tussen die twee tipes wins aangesien die illusionêre gedeelte van die wins in werklikheid nie kapitaalwinst verteenwoordig nie, maar die rol vervul van 'n regstellingsfaktor om die batebesitter relatief sy oorspronklike posisie te laat behou.

Indien die Staat op die instelling van 'n kapitaalwinstbelasting sou besluit, sal besondere aandag gegee moet word aan die identifisering van die illusionêre gedeelte van 'n besondere aanwinst. Daarvoor sal in die eerste instansie aandag gegee moet word aan die oorsake van illusionêre kapitaalwinst en in die tweede instansie aan moontlike maatreëls om dit aan te suiwer.

Die grootste hoeveelheid illusionêre winste ontstaan as gevolg van 'n algemene styging van alle pryse onder 'n toestand van inflasie — sogenaamde papierwinste. Die tweede algemene oorsaak van sodanige winste is 'n daling in die algemene rentekoerspeil wat lei tot prysstygings by daardie bates waarvan die opbrengs gekoppel is aan heersende rentekoerse.

Voorstelle vir die aansuiwering van illusionêre kapitaalwinst sluit onder andere die volgende in:

- 2.9.1 Die realisasieprys van 'n besondere bate kan vergelyk word met sy vervangingswaarde in plaas van met sy koopprys. Daardeur sal die reële posisie aan die lig kom.
- 2.9.2 Die verbruikersprysindeks kan as regsteller gebruik word om die gerealiseerde wins te verminder tot die reële waarde daarvan.

2.9.3 Die aankoopprys van 'n bate kan verhoog word met 'n persentasie gelyk aan die persentasietoename in die prysindeks.

Nog ander voorstelle vir gebruik van indekssyfers van die een of ander aard word deur verskillende skrywers voorgestel. Nie een van die voorstelle geniet egter algemene ondersteuning nie en hierdie aspek van die kapitaalwins bly 'n wesentlike probleem by die identifisering daarvan.

Daar moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen die belasting van kapitaalwins en die belasting van kapitaal. In die eerste geval gaan dit oor 'n belasting op die toename in kapitaalwaarde en in die tweede geval oor 'n belasting op die kapitaalwaarde self. Dit kan vergelyk word met 'n heffing op die vrugte van 'n boom en 'n heffing op die boom self. 'n Suiwer kapitaalwins het tot gevolg dat 'n deel van die "boom" wegbelas word. Dit kan sy vermoë om in die toekoms dieselfde of 'n groter vrugte-oes te lewer, verminder. Daarom is dit noodsaaklik dat die identifisering van 'n kapitaalwins vir belastingdoeleindes in so 'n mate suiwer sal wees dat dit die moontlikheid sal uitsluit dat die kapitaalwinsbelasting in werklikheid sal blyk 'n kapitaalbelasting te wees. Indien illusionêre kapitaalwinste dus nie aan-gesuiwer word nie, sal dit tot gevolg hê dat die kapitaalwinsbelasting juis 'n kapitaalbelasting sal wees.

Die owerheid moet ten alle koste verhoed dat 'n belasting op skynkapitaalwinste gehef word.

3. DIE BELASBAARHEID VAN KAPITAALWINS

Kapitaalwins word in 'n paar lande met sukses (?) belas en daarom is dit nie onverwags dat die Suid-Afrikaanse fiskale owerheid ook in die rigting begin dink nie. Die redes vir hierdie belangstelling kan gevind word in die volgende moontlike voordele wat so 'n belasting kan inhou:

3.1 Voordele van kapitaalwinsbelasting

3.1.1 Kapitaalwins lewer 'n bydrae tot die verhoging van 'n persoon se welvaartsposisie deurdat dit hoër bestedingsvermoë, lewenstandaard, beleggingsvermoë en belastingbe-

taalvermoë meebring. Daarom word dit as onregverdig beskou teenoor ander belastingbetalers as die ontvangers van kapitaalwins van belasting op daardie winste vrygestel word.

3.1.2 Deurdat kapitaalwinsbelasting gerig is op 'n ander groep belastingbetalers as die gewone salaris-, rente- en winsverdiener, word gemeen dat dit 'n noodsaaklike toevoeging behoort te wees tot 'n land se belastingstruktuur deurdat voorheen onbenutte belastingbronne daarmee ontgin kan word.

3.1.3 Daar word beweer dat kapitaalwinsbelasting sal bydra tot 'n meer eweredige verspreiding van belastingdruk deurdat 'n sekere groep belastingbetalers wat voorheen belastingvrystelling op 'n deel van hul inkomste geniet het, nou ook op daardie inkomste belas word.

3.1.4 Die bewering word ook gemaak dat kapitaalwinsbelasting sal bydra tot 'n herverdeling van inkomste van die hoër na die laer inkomstegroepe en dat dit 'n stimulerende effek sal hê op die ekonomie, via groter verbruiksbesteding.

3.2 Nadele en probleme van 'n kapitaalwinsbelasting

3.2.1 Die grootste nadeel van kapitaalwinsbelasting is die stremende invloed daarvan op ekonomiese groei en in besonder in 'n jong, ontwikkelende land soos Suid-Afrika. Dit is 'n feit dat kapitaalwins baie meer gereidelik voorkom in 'n ontwikkelende as in 'n ontwikkelde land. Dit is 'n logiese uitvloeisel van die ekonomiese ontwikkelingsproses. Hierdie winste vorm egter die lewensbloed vir verdere groei en as 'n deel daarvan wegbelas word, sou dit 'n direkte beperking plaas op die ekonomiese groeiproses. Hierdie beperking manifesteer as 'n ontmoediging van risikoneming en die ontwikkeling van ondernemerstalent omdat die vergoeding daarvoor verklein word deur die belasting.

3.2.2 Die kapitaalwinsbelasting is hoofsaaklik gemik teen die hoër inkomstegroepe en, soos bekend, besit hierdie groepe 'n hoë investeringsgeneigdheid. Deurdat die kapitaalwinsbelasting hierdie investeringsfondse en die vergoeding daarop verminder, word die ekonomiese groeiproses weer eens aangetas, want dit is onwaarskynlik dat die Staat die fondse net so produktief sou aanwend as die private onder-

nemer omdat die Staat nie gewillig sou wees om in dieselfde mate risiko's te loop as die privaatondernemer nie.

- 3.2.3 Die bekende "lock-in effect" van die kapitaalwinsbelasting is nog 'n belangrike stremmingsfaktor vir ekonomiese groei deurdat noodsaaklike mobiliteit van kapitaal daardeur beperk word.
- 3.2.4 Afgesien van die feit dat die kapitaalwinsbelasting vir die Staat as 'n addisionele inkomstebron kan dien, hou dit vir die Staat ook nadele in. So is daar bv. bevind dat die belasting nie 'n standhoudende stroom van inkomste lewer nie. Vooruitskattings is dus moeilik. Die Staat moet voortdurend maatreëls tref om vermyding en selfs ontduiking van belasting te voorkom. Administratief sal ook vele probleme opduik bv. as gevolg van 'n tekort aan funksioneel-opgeleide personeel en die vraagstukke rondom die identifisering van kapitaalwins.
- 3.2.5 Die vermoede bestaan dat die belasting kan aanleiding gee tot dubbele belasting op sommige aanwinste; daar is selfs sprake van 'n "excess burden".
- 3.2.6 Die belasting se anti-sikliese vermoë staan sterk onder verdenking en daar is twyfel of die kapitaalwinsbelasting enige bydrae in die verband kan lewer tot voordeel van òf die owerheid òf die belastingbetaler.

Wanneer daar gekyk word na die suksesvolle heffing van kapitaalwinsbelasting in ander lande, moet die feit in gedagte gehou word dat daardie lande van die hoogs-ontwikkelde lande in die wêreld is en dit sou dus onlogies en onregverdig wees om 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika te vergelyk met lande soos die V.S.A., Wes-Duitsland en Engeland.

4. DIE ALGEMENE BELASTINGBEGINSELS

In hoofstuk 9 is die kapitaalwinsbelasting geprojekteer teen die algemene beginsels waaraan 'n belasting moet voldoen ten einde aan sy doel te beantwoord as fiskale instrument, beide uit die oogpunt van die owerheid en van die belastingbetaler. Die beginsels waarteen die kapitaalwinsbelasting getoets is, is die volgende: produktiwiteit, regverdigheid, elasticiteit, aanpasbaarheid, stabiliteit, aanwysing van staatsinkomste op

'n verskeidenheid van bronne, koördinasie met ander belastings, besparing (ekonomie), eenvoudigheid, sekerheid, gerieflikheid, beperking van vrystellings en vermyding van 'n "excess burden".

Onder elkeen van hierdie beginsels is daar in mindere of meerdere mate besware te lug teen kapitaalwinsbelasting. Sommige van die besware is grondig en ander meer oppervlakkig, maar die blote feit dat daar besware geformuleer is, lei tot die gevolgtrekking dat daar wel sektore van die ekonomie is wat nadelig getref gaan word deur sodanige belasting en dat die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting meer nadelig as voordelig sal wees.

5. GEVOLGTREKKING

Die een oorkoepelende probleem wat uit die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting voortvloei, is die identifisering van kapitaalwins. Verder gaan dit nie alleen om die identifisering van die kapitaalwins as sodanig nie, maar ook om die onderskeiding tussen reële en illusionêre kapitaalwins en om die problematiek van die illusionêre aspekte, wat gewoonlik aanwesig is, te elimineer ten einde te verseker dat die belasting op kapitaalwins nie sal verander in 'n belasting op kapitaal self nie.

Om regverdigheid en progressiwiteit by kapitaalwinsbelasting te bewerkstellig, sou dit nodig wees om 'n persoon se totale betaafvermoë in aanmerking te neem. As daar net gekyk word na die persoon se kapitale draagkrag en nie na sy totale draagkrag nie, kan hierdie belasting baie onregverdig val op sommige belastingbetalers en kan die doel wat met die heffing van die belasting nagestreef is, heeltemal gemis word.

Dit blyk dat hierdie tipe belasting veral nadelig kan wees in 'n jong ontwikkelende land waar daar vele geleenthede is vir die ontstaan van kapitaalwins en waar die belasting juis die dryfkrag agter die groei en ontwikkeling kan verminder. Die kapitaalwinsbelasting as sodanig hou dus 'n neiging in tot vernietiging van juis daardie faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van kapitaalwins. Daarom sou dit die owerheid wat die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting oorweeg, loon om sy doelstellings daarmee in groot besonderhede te omskryf

en die probleme daarvan onder die oë te sien sodat dit nie later nodig sou wees om ingrypende regstellingsmaatreëls in te stel om stremmende gevolge van die belasting te neutraliseer nie.

* * *

SAKE WAARNA VERWYS WORD

SPEZIALE HOF

Inkomstebelastingsaak ITC no.	SATC Vol.	Bls.	Aangehaal Bls.
9	1	58	53
31	2	52	46
87	3	149	47
129	4	129	80
172	5	171	42
194	5	373	42,53
458	11	178	80-81
566	13	332	73
596	14	261	46
612	14	385	47
641	15	233	78-79
649	15	359	89
668	16	135	47,52
677	16	245	46
712	17	335	77
713	17	337	96
752	18	417	93
765	19	198	77-78
827	21	194	53
862	22	301	105,106
874	23	96	26,104
938	24	375	86
950	24	539	47
975	24	804	47,52
986	25	64	30
1164	33	247	54
1185	35	122	31,34,55,106
1187	35	141	34,106
1191	35	194	69
1200	36	34	54,106
1223	37	24	43,44,47,52,67-69
1226	37	35	41
1230	37	123	24,61,105,106
1231	37	141	91,92

Inkomstebelastingszaak	SATC		Aangehaal
ITC no.	Vol.	Bls.	Bls.
1239	36	289	40,55
1250	38	106	63

* * * *

HOFSAKE WAARNA VERNYS WORD

	BESONDERHEDE	BLADSYE
1	Aveling, SBI V 40 SATC 1	36,39
2	African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR 1969 (4) SA 259 (AD), 31 SATC 163	37,43
3	Baikie v CIR 1931 AD 496, 5 SATC 193	88
4	Bailey v CIR 1933 AD 204, 6 SATC 69	48
5	Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR, 38 SATC 43	30,40
6	Booyesen's Estates Ltd, COT v 1918 AD 576, 32 SATC 10	8,30,47
7	Cadac Engineering Works (Pty) Ltd, SIR v 1965 (2) SA 511 (AD), 27 SATC 61	90
8	Chennels v COT 1936 SR 100, 8 SATC 181	53
9	C Ltd v COT 1961 (2) SA 444 (SR), 24 SATC 148	53
10	Deary v Deputy CIR 1920 CPD 541, 32 SATC 92	97,98
11	Durban North Traders Ltd v CIR 1956 (4) SA 594 (AD), 21 SATC 85	26,43,108
12	Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI 1978 (1) SA 101, 39 SATC 163	31,45,52,54
13	George Forest Timber Co Ltd, CIR v 1924 AD 516, 1 SATC 20	9,51,88
14	Glass, COT v (1) SA 872 (FC), 24 SATC 499	37,43
15	Goodrick, CIR v 1959 (3) SA 523 (AD), 23 SATC 1	35
16	John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR 38 SATC 87	35,40
17	Illovo Sugar Estates Ltd, CIR v 1951 (1) SA 306 (N), 17 SATC 387	21,22,31,41
18	KC Ltd v COT 1960 (2) SA 165 (SR), 23 SATC 286	48
19	Lace Proprietary Mines Ltd v CIR 1938 AD 267, 9 SATC 349	48
20	Land W v COT 1961 (3) SA 178 (SR), 24 SATC 152	53
21	Levy, COT v 1952 (2) SA 413 (AD), 18 SATC 127	31,37
22	LHC Corporation of SA (Pty) Ltd v CIR 1950 (4) SA 640 (AD), 17 SATC 125	43
23	Lunnon, CIR v 1924 AD 94, 1 SATC 7	9,54,86,88
24	Lydenburg Platinum Ltd, CIR v 1929 AD 137, 4 SATC 8	10,24,35,37,39,41,42,43
25	Marshall Industrials Ltd v CIR 1951 (3) SA 581 (AD), 17 SATC 378	19,53

	BESONDERHEDE	BLADSYE
26	Modderfontein B Gold Mining Co Ltd v CIR 1923 AD 34, 32 SATC 202	54,94
27	Morrison v CIR 1950 (2) SA 449 (AD), 16 SATC 377	74-76
28	Natal Estates Ltd v SIR 1975 AD, 37 SATC 193	30,31,32,34, 43,49,50,54, 106
29	New Mines Ltd v CIR 1958 AD 455, 10 SATC 9	39
30	New State Areas Ltd v CIR 1946 AD 610, 14 SATC 155	21,31,94
31	Overseas Trust Corporation Ltd v CIR 1926 AD 444, 2 SATC 71	9,43
32	Paul, CIR v 1956 (3) SA 335 (AD), 21 SATC 1	53
33	Platt v CIR 1922 AD 42, 32 SATC 142	9,10,42
34	Realization Company v COT 1950 SR 182, 17 SATC 139	48
35	Reliance Land & Investment Co (Pty) Ltd v CIR 1946 WLD 171, 14 SATC 47	47,106
36	Richmond Estates (Pty) Ltd, CIR v 1956 (1) SA 602 (AD), 20 SATC 355	39,40,44,45, 46
37	SA Marine Corporation Ltd v CIR 1955 (1) SA 654 (C), 20 SATC 15	19
38	Stott, CIR v 1928 AD 252, 3 SATC 253	10,23,24,35, 39,42,50,81
39	Strathmore Consolidated Investments Ltd, CIR v 1959 (1) SA 469 (AD), 22 SATC 213	34,40,49
40	Strathmore Exploration and Management Ltd, CIR v 1956 (1) SA 591 (AD), 20 SATC 375	42,46,82
41	Tati Company Ltd v Collector of Income Tax, Botswana (Court of Appeal, Botswana) (October 1974), 37 SATC 68	35,44,46,48, 50,52,106
42	Trust Bank of Africa Ltd, The, SIR v 1975 (3) SA 652 (AD), 37 SATC 87	40,43,44,45, 47,48,50,106
43	Visser, CIR v 1937 TPD 77, 8 SATC 271	34,36,39
44	Watermeyer, SIR v 1965 (4) SA 431 (AD), 27 SATC 117	83-84
45	Yates Investments (Pty) Ltd v CIR 1956 (1) SA 612 (AD), 20 SATC 368	39,42,45

* * *

BIBLIOGRAFIE

1. ANONIEM. "SA kan Reus word met Groeikoers van 5 Persent" in Beeld, 11 Junie 1965.
2. ANONIEM. "Belasting op Winste het Probleme" in Hoofstad, Dinsdag, 27 Mei 1975.
3. BHATIA, K.B. "Capital Gains and the Aggregate Consumption Function" in American Economic Review, Dec. 1972.
4. BLUM, W.J. "Taxation of Capital Gains in the Light of Recent Economic Developments — Some Observations" in National Tax Journal, Vol. 18, No. 4, Dec. 1965. pp. 430-436.
5. BOTHA, J.H. "Uniefinansies: 'n Kritiese Ontleding". Steward-Drukkersmaatskappy, 1936.
6. BUREAU FOR ECONOMIC RESEARCH OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH. "Time to Stimulate Growth". 'n Bespreking van Verslag no. 70 in FCI Viewpoint, Vol. 5, No. 7, July 1971. pp. 21-23.
7. BUTTERS, J.K., THOMPSON L.E. en BOLLINGER, L.L. "Effects of Taxation — Investments by Individuals". Boston Division of Research Graduate School of Business Administration. Harvard Univ. 1953.
8. BUTTERWORTH SE INKOMSTEBELASTINGDIENS (Studente-Uitgawe). Butterworth & Kie., Durban, 1973.
9. CLOE, C.W. "Capital Gains and the Changing Price Level" in National Tax Journal, Vol. 5, no. 3, 1952. pp. 207-217.
10. DAVID, M. "Economic Effects of the Capital Gains Tax" in Papers and Proceedings 76 Annual Meeting, Vol. 54, 1964, pp. 288-308.
11. DAVID, M. "Alternative Approaches to Capital Gains Taxation". Studies of Government Finance, The Brookings Institution, Washington, D.C. 1968.
12. DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD. 24 Maart tot 28 Maart 1969. Kolom 3331.
13. DE KOCK, M.H. "Economic History of South Africa". Juta & Kie. 1924.
14. DE KOCK, M.H. "Finances of the Union of South Africa". Juta & Kie. 1927.
15. DUE, J.F. "Government Finance: Economics of the Public Sector". Richard D. Irvin Inc., Homewood, Illinois. 4td Ed. 1968.
16. DUE, J.F. "The Taxation of Wealth" in Public Finance: Selected Readings. Ed. by R.W. Houghton. 1971.

17. ECONOMICUS. "Capital Gains Tax — a Fiscal Atrocity".
in The Business Executive, April 1968, p. 7.
18. EERSTE FRANZSENVERSLAG. "Eerste Verslag van die Kommissie
van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in
Suid-Afrika". R.P. 24/1969. Staatsdrukker, November
1968.
19. ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA. "Principles of Taxation", Vol. 17,
15 Ed. William Benton, Chicago.
20. EXECUTIVE COUNCIL. "Difficulty in Obtaining Capital for
Expansion" in FCI Viewpoint, Vol. 4, No. 9, Sept. 1970.
pp. 13-16.
21. GANS, E. "Tax and Accounting Problems arising out of the
Taxation of Capital Gains" in Die Suid-Afrikaanse
Geoktrooieerde Rekenmeester, Augustus 1966. pp. 265-267.
22. GEMMILL, R.F. "The Effect of the Capital Gains Tax on
Asset Prices" in National Tax Journal, Vol. 9, No. 4,
December 1956. pp. 289-301.
23. GOEDHART, C. "Hoofdpijnen van de Leer der Openbare
Financiën". 2de druk, 1967. H.E. Stenfert Kroese
N.V., Leiden.
24. GOTTLIEB, M. "On Reform of the American Capital Gains Tax"
in Public Finance, Vol. 13, 1958. pp. 338-350.
25. GULATI, I.S. "A Note on the Capital Gains Tax in India"
in Public Finance, Vol. 18, 1963. pp. 101-107.
26. GULATI, I.S. "Capital Taxation in a Developing Economy
(India)". Orient Longmans Private Ltd. Calcutta, 1957.
27. HANDELSINSTITUUT. "Die Groeikoers: Daar is Voorwaardes.
Sake Lyk Gunstig" in Volkshandel, Maart 1973. p. 77.
28. HANDELSINSTITUUTMEMORANDUM. "Algehele Afskaffing van
Boedelbelasting Sterk Bepleit" in Volkshandel, Junie 1965.
pp. vi-viii.
29. HANDELSINSTITUUT-STUDIEKOMITEE "Franzsenkommissie —
Belastingaanbevelings" in Volkshandel, September 1971.
pp. 11-15, 63.
30. HARBERGER, A.C. en BAILEY, M.J. (Editors). "The Taxation
of Income from Capital". Studies of Government Finance,
The Brookings Institution, Washington, D.C. 1969.
31. HEAD, J.G. "The Case for a Capital Gains Tax" in
Public Finance, Vol. 18, No. 4, 1963. pp. 220-243,
248-249.
32. HELLIWELL, J. "The Taxation of Capital Gains" in
Canadian Journal of Economics, Vol. 2, 1969. pp. 314-318.

33. HELLIWELL, J. "The Taxation of Capital Gains: A Reply" in Canadian Journal of Economics, Vol. 3, 1970. pp. 154-159.
34. HICKS, J.R. "Value and Capital — An Inquiry into some Fundamental Principles of Economic Theory". Oxford University Press, London. Second Edition, 1965.
35. HICKS, J.R., HICKS, U.K. en ROSTAS, L. "The Taxation of War Wealth". 2nd Edition. Oxford Clarendon Press. 1942.
36. HICKS, Ursula K. "Public Finance". James Nisbet & Co. Ltd., Cambridge. 3rd Ed., 1967.
37. HINRICHS, H.H. "An Empirical Measure of Investors' Responsiveness to Differentials in Capital Gains Tax Rates among Income Groups" in National Tax Journal, Vol. 16, No. 3, September 1963. pp. 224-229.
38. HINRICHS, H.H. "Dynamic-Regressive Effects of the Treatment of Capital Gains on the American Tax System During 1957-1959" in Public Finance, Vol. 19, No. 1, 1964. pp. 73-83.
39. HINRICHS, H.H. "Unreporting of Capital Gains on Tax Returns or How to Succeed in Gainsmanship without Actually Paying Taxes" in National Tax Journal, Vol. 17, No. 2, June 1964. pp. 158-163.
40. HOCKLEY, G.C. "Monetary Policy and Public Finance". Routledge & Kegan Paul. London. 1970.
41. HOLT, C.C. "A Note on R.F. Gemmill's Article, 'The Effect of the Capital Gains Tax on Asset Prices'" in National Tax Journal, Vol. 10, 1957. pp. 186-187.
42. HOLT, C.C. en SHELTON, J.P. "The Lock-in Effect of the Capital Gains Tax" in National Tax Journal, Vol. 15, No. 4, Dec. 1962. pp. 337-352.
43. HOLT, C.C. and SHELTON, J.P. "The Implications of the Capital Gains Tax for Investment Decisions" in The Journal of Finance, Vol. 16, December 1961. pp. 559-580.
44. HUGHES, P.F. en TINGLEY, K.R. "Taxation of Capital Gains". Taxation Publishing Co. Ltd. London. Second Edition, 1969.
45. ILERSIC, A.R. "The Taxation of Capital Gains". London Staples Press, 1962.
46. INKOMSTEBELASTING-INLIGTINGSBROSJURE IB 38 S (1978).
47. KILLORAN, T. "Tax Net Tightens. When is Capital Appreciation Taxable? More and More Often, it seems Today" in Financial Mail, June 16, 1967. pp. 867-868.

48. KONGRESBESPREKINGS - HANDELSINSTITUUT. "Handelsinstituut bekommerd oor Belastinge" in Volkshandel, Junie 1971. pp. 47, 49.
49. KONGRESBESPREKINGS - HANDELSINSTITUUT. "Jan Taks moet sê wat is Kapitaal" in Volkshandel, Junie 1975, p. 12.
50. KROGH, D.C. "Die Voor- en Nadele van Stadige en Snelle Ekonomiese Groei" in South African Journal of Economics, Vol. 39. pp. 31-41.
51. KUSCHKE, G.S.J. "Capital Investment Essential to Future Economic Development" in S.A. Banker, Vol. 67, 1970. pp. 340-346.
52. LAIGHT, J.C. "Investment and Economic Growth" in South African Banker, Vol. 68, 1971. pp. 28-35.
53. MCCLUNG, N. "The Distribution of Capital Gain on Corporate Shares by Holding Time" in Review of Economics and Statistics, Vol. 48, February 1966. pp. 40-50.
54. MERRETT, A.J. "The Capital Gains Tax" in Lloyd's Bank Review, No. 78, Oct. 1965. pp. 1-14.
55. MILLAN, B. "Taxes for a Prosperous Society". Fabian Research Series 234. April 1963.
56. MILLER, P. "Capital Gains Taxation of the Fruits of Personal Effort: Before and Under the 1954 Code" in The Yale Law Journal, Vol. 64, November 1954, No. 1. pp. 1-83.
57. MILLER, P. "The 'Capital Asset' Concept: A Critique of Capital Gains Taxation: 1" in The Yale Law Journal, Vol. 59, April 1950. pp. 837-885.
58. MILLER, P. "The 'Capital Asset' Concept: A Critique of Capital Gains Taxation: 2" in The Yale Law Journal, Vol. 59, May 1950. pp. 1057-1086.
59. MORAG, A. "On Taxes and Inflation". Random House, New York. 1965.
60. MUSGRAVE, R.A. "Fiscal Systems". New Haven & London. Yale University Press. 1969.
61. MUSGRAVE, R.A. "The Theory of Public Finance". McGraw-Hill Book Co., Inc. 1959.
62. MUSGRAVE, R.A. en MUSGRAVE, Peggy, B. "Public Finance in Theory and Practice". 2nd Edition, 1976. McGraw-Hill, Johannesburg.
63. OPPENHEIMER, H. "South Africa's Growth in the 70s - Its Problems, and the Opportunities that Lie Ahead" in Optima, Vol. 21, 1971. pp. 154-159.

64. PIERCE, M. "What are Capital Gains?" in The Canadian Chartered Accountant Tax Review, Sept. 1953. pp. 117-123.
65. PREST, A.R. "Public Finance in Theory and Practice". Weidenfeld and Nicolson, London. Fourth Edition, 1970.
66. PREST, A.R. "Public Finance in Underdeveloped Countries". Weidenfeld and Nicolson, London. 1962.
67. RICHMAN, R.L. "Reconsideration of the Capital Gain Tax - a Comment" in National Tax Journal, Vol. 14, No. 4, Dec. 1961. pp. 402-404.
68. ROYAL COMMISSION ON THE TAXATION OF PROFITS AND INCOMES. "The United Kingdom Income Tax System and the Case for Taxing Capital Gains" in Public Finance: Selected Readings, Edited by R.W. Houghton, 1971. pp. 46-84.
69. SANDERS, T.H. "Effects of Taxation on Executives". Graduate School of Business Administration. Harvard University - Boston. 1951.
70. SANDFORD, C.T. "Realistic Tax Reform". Chatto & Windus. Charles Knight, London. 1971.
71. SANDFORD, C.T. "Taxing Personal Wealth — an Analysis of Capital Taxation in the United Kingdom — History, Present Structure and Future Possibilities". London. George Allen & Unwin Ltd. 1971.
72. SCHUMAN, C.G.W., FRANZSEN, D.G. en DE KOCK, G. "Ekonomie, 'n Inleidende Studie". Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk. Stellenbosch/Grahamstad. 1975.
73. SELTZER, L.H. "Capital Gains and the Income Tax" in American Economic Review, Vol. 40, May 1950. pp. 371-378.
74. SELTZER, L.H. "The Nature and Tax Treatment of Capital Gains and Losses". National Bureau of Economic Research, Inc. New York. 1951.
75. SHIBATA, H. "The Taxation of Capital Gains: A Comment" in Canadian Journal of Economics, Vol. 3, 1970. pp. 151-153.
76. SHIRRAS, G.F. "The Science of Public Finance". 1924. London: Macmillan
77. SHRAND, D. "Wat elke Salaristrekker van Inkomstebelasting behoort te Weet". H.A.U.M. April 1974.
78. SILKE, A.S. "Silke on South African Income Tax". Juta & Co. 8th Edition, 1975.
79. SILKE, A.S. (Red.) Ou Mutual Inkomstebelastinggids 1975/76.
80. SILKE, A.S. en SINCLAIR, W.I. "The Hambro Tax Guide 1974/75 with Tax Saving Hints". Robert Yeatman Limited, London. 1974.

81. SLITOR, R.E. "Problems of Definition under the Capital Gains Tax" in National Tax Journal, Vol. 9, No. 1, 1956. pp. 26-37.
82. SMEETS, M.J.H. "Grondbeginselen van de Belastingheffing" N.V. Uitgeversmaatschappij AE.E. Kluwer-Deventer-Antwerpen. 1962.
83. SNYMAN, N.J. "Die afweging van die Relatiewe Effektiwiteit van Grondbelasting en die Kapitaalwinstbelasting as Fiskale Maatreëls om Spekulatiewe Grondprysstygings teen te Werk". Ongepubliseerde Skripsie, P.U. vir C.H.O. Jan. 1967.
84. SOMERS, H.M. "An Economic Analysis of the Capital Gains Tax" in National Tax Journal, Vol. 1, No. 3, September 1948. pp. 226-232.
85. SOMERS, H.M. "Reconsideration of the Capital Gains Tax" in National Tax Journal, Vol. 13, No. 4, December 1960. pp. 289-309.
86. SPITZ, B.K. "The Taxation of Capital Gains in the New United Kingdom Tax Structure" in The South African Chartered Accountant, February, 1966. pp. 50-51.
87. SPRINKEL, Beryl W. en WEST, B.K. "Effects of Capital Gains Taxes on Investment Decisions" in Journal of Business, Vol. 35, April 1962. pp. 122-134.
88. STEGER, W.A. "The Taxation of Unrealized Capital Gains and Losses: A Statistical Study" in National Tax Journal, Vol. 10, No. 3, 1957. pp. 266-281.
89. STEYN, D.H. (Red.) "Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Staatsfinansies". Van Schaik, 1961.
90. TURVEY, R. "Equity and a Capital Gains Tax" in Oxford Economic Papers, Vol. 12, June 1960. pp. 181-192.
91. VANDERMEULEN, A.J. "Capital Gains: Two Tests for the Taxpayer and a Proposal for the President" in National Tax Journal, Vol. 16, No. 4, December 1963. pp. 397-404.
92. VAN GIJN, A. en POLAK, N.J. "De Algemene Beginselen voor de Heffing van Belastingen". J. Muusses. 1929. Purmerend.
93. VENTER, W.J. "Aantekeninge, Openbare Finansies". Ongepubliseerde Kladiktaat. PU vir CHO, April 1964.
94. VENTER, W.J. "Die Kapitale Winstbelasting". Ongepubliseerde klaslesing, PU vir CHO.
95. VICKREY, W. "Expenditure, Capital Gains and Progressive Taxation" in Public Finance: Selected Readings. Edited by R.W. Houghton, 1971. pp. 117-127.

96. VON MERING, O. "The Shifting and Incidence of Taxation". Kennikut Press, Port Washington. N.Y. London. 1972.
97. WALLICH, H.C. "Taxation of Capital Gains in the Light of Recent Economic Developments" in National Tax Journal, June 1965. pp. 133-150.
98. WALLICH, H.C. "Rejoinder" in National Tax Journal, Vol. 18, No. 4, Dec. 1965. pp. 437 e.v.
99. WELLS, Anita. "Legislative History of Treatment of Capital Gains under the Federal Income Tax, 1913-1948" in National Tax Journal, Vol. 2, No. 1, March 1949. pp. 12-32.
100. WIJNHOLDS, H. "Belasting op Kapitaalwinsten en ter Sprake" in Rapport, 22 April 1973.

TYDSKRIFTE EN KOERANTE

1. AMERICAN ECONOMIC REVIEW. Vol. 40, May 1950. pp. 371-378.
SELTZER, L.H. "Capital Gains and the Income Tax".
2. AMERICAN ECONOMIC REVIEW. Dec. 1972.
BHATIA, K.B. "Capital Gains and the Aggregate Consumption Function".
3. CANADIAN JOURNAL OF ECONOMICS. Vol. 2, 1969. pp. 314-318.
HELLIWELL, J. "The Taxation of Capital Gains".
4. CANADIAN JOURNAL OF ECONOMICS. Vol. 3, 1970. pp. 151-153.
SHIBATA, H. "The Taxation of Capital Gains: a Comment".
5. CANADIAN JOURNAL OF ECONOMICS. Vol. 3, 1970. pp. 154-159.
HELLIWELL, J. "The Taxation of Capital Gains: a Reply".
6. DEBATTE IN DIE VOLKSRAAD. 24 Maart tot 28 Maart 1969.
Kolom 3331.
7. FCI VIEWPOINT. Vol. 4, No. 9, Sept. 1970. pp. 13-16.
EXECUTIVE COUNCIL. "Difficulty in Obtaining Capital for Expansion".
8. FCI VIEWPOINT. Vol. 5, No. 7, July 1971. pp. 21-23.
BUREAU FOR ECONOMIC RESEARCH OF THE UNIVERSITY OF
STELLENBOSCH. "Time to Stimulate Growth".
9. FINANCIAL MAIL. June 16, 1967. pp. 867-868.
KILLORAN, T. "Tax Net Tightens. When is Capital
Appreciation Taxable? More and More often, it seems
Today".
10. HOOFSTAD. 27 Mei 1975.
"Belasting op winste het probleme".
11. INCOME TAX REPORTER. Vol. 1-17.
Juta's South African and Rhodesian Income Tax Services.
Verskeie artikels.
12. JOURNAL OF BUSINESS. Vol. 35, April 1962. pp. 122-134.
SPRINKEL, B.W. en WEST, K. "Effects of Capital Gains
Taxes on Investment Decisions".
13. LLOYD'S BANK REVIEW. No. 78, Oct. 1965. pp. 1-14.
MERRETT, A.J. "The Capital Gains Tax".
14. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 1, No. 3, Sept. 1948.
pp. 226-232.
SOMERS, H.M. "An Economic Analysis of the Capital Gains
Tax".
15. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 2, No. 1, March 1949, pp. 12-32.
WELLS, ANITA. "Legislative History of Treatment of
Capital Gains under the Federal Income Tax, 1913-1948".

16. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 5, No. 3, 1952. pp. 207-217.
CLOE, C.W. "Capital Gains and the Changing Price Level".
17. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 9, No. 1, 1956. pp. 26-37.
SLITOR, R.E. "Problems of Definition under the Capital Gains Tax".
18. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 9, No. 4, December 1956.
pp. 289-301.
GEMMILL, R.F. "The Effect of the Capital Gains Tax on Asset Prices".
19. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 10, 1957. pp. 186-187.
HOLT, C.C. "A Note on R.F. Gemmill's Article, 'The Effect of the Capital Gains Tax on Asset Prices'".
20. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 13, No. 4, Dec. 1960.
pp. 289-309.
SOMERS, H.M. "Reconsideration of the Capital Gains Tax".
21. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 14, No. 4, Dec. 1961.
pp. 402-404.
RICHMAN, R.L. "Reconsideration of the Capital Gains Tax — a Comment".
22. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 15, No. 4, Dec. 1962.
pp. 337-352.
HOLT, C.C. and SHELTON, J.P. "The Lock-in Effect of the Capital Gains Tax".
23. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 16, No. 3, Sept. 1963.
pp. 224-229.
HINRICHS, H.H. "An Imperical Measure of Investor's Responsiveness to Differentials in Capital Gains Tax Rates Among Income Groups".
24. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 16, No. 4, Dec. 1963.
pp. 397-404.
VANDERMEULEN, A.J. "Capital Gains: Two Tests for the Taxpayer and a Proposal for the President".
25. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 17, No. 2, June 1964.
pp. 158-163.
HINRICHS, H.H. "Unreporting of Capital Gains on Tax Returns or How to Succeed in Gainmanship Without Actually Paying Taxes".
26. NATIONAL TAX JOURNAL. June 1965. pp. 133-150.
WALLICH, H.C. "Taxation of Capital Gains in the Light of Recent Economic Developments".
27. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 18, No. 4, Dec. 1965.
pp. 430-436.
BLUM, W.J. "Taxation of Capital Gains in the Light of Recent Economic Developments — Some Observations".

28. NATIONAL TAX JOURNAL. Vol. 18, No. 4, Dec. 1965.
pp. 437 e.v.
WALLICH, H.C. "Rejoinder".
29. OPTIMA. Vol. 21, 1971. pp. 154-159.
OPPENHEIMER, H. "South Africa's Growth in the 70's —
Its Problems and the Opportunities that Lie Ahead".
30. OXFORD ECONOMIC PAPERS. Vol. 12, June 1960. pp. 181-192.
TURVEY, R. "Equity and a Capital Gains Tax".
31. PAPERS AND PROCEEDINGS 76 ANNUAL MEETING. Vol. 54, 1964.
pp. 288-308.
DAVID, M. "Economic Effects of the Capital Gains Tax".
32. PUBLIC FINANCE. Vol. 13, 1958. pp. 338-350.
GOTTLIEB, M. "On Reform of the American Capital Gains
Tax".
33. PUBLIC FINANCE. Vol. 18, No. 4, 1963. pp. 220-243, 248,
249.
HEAD, J.G. "The Case for a Capital Gains Tax".
34. PUBLIC FINANCE. Vol. 18, 1963. pp. 101-107.
GULATI, I.S. "A Note on the Capital Gains Tax in India".
35. PUBLIC FINANCE. Vol. 19, No. 1, 1964. pp. 73-83.
HINRICHS, H.H. "Dynamic-regressive Effects of the
Treatment of Capital Gains On the American Tax System
During 1957-1959".
36. PUBLIC FINANCE: SELECTED READINGS. Edited by
R.W. Houghton, 1971. pp. 46-84.
ROYAL COMMISSION ON THE TAXATION OF PROFITS AND INCOMES.
"The United Kingdom Income Tax System and the Case for
Taxing Capital Gains".
37. PUBLIC FINANCE: SELECTED READINGS. Edited by
R.W. Houghton, 1971. pp. 117-127.
VICKREY, W. "Expenditure, Capital Gains and Progressive
Taxation".
38. RAPPORT. 22 April 1973.
WIJNHOLDS, H. "Belasting op Kapitaalwinsten Nou ter Sprake".
39. REVIEW OF ECONOMICS AND STATISTICS. Vol. 48, February 1966.
pp. 40-50.
MCCLUNG, N. "The Distribution of Capital Gain on
Corporate Shares by Holding Time".
40. SOUTH AFRICAN BANKER. Vol. 67, 1970. pp. 340-346.
KUSCHKE, G.S.J. "Capital Investment Essential to
Future Economic Development".
41. SOUTH AFRICAN BANKER. Vol. 68, 1971. pp. 28-35.
LAIGHT, J.C. "Investment and Economic Growth".

42. SOUTH AFRICAN JOURNAL OF ECONOMICS. Vol. 39. pp. 31-41.
KROGH, D.C. "Die Voor- en Nadele van Stadige en Snelle
Ekonomiese Groei".
43. SOUTH AFRICAN TAX CASES REPORTS. Vol. 1 tot 40.
Juta's South African and Rhodesian Income Tax Service.
Verskeie artikels.
44. THE BUSINESS EXECUTIVE. April 1968. p. 7.
ECONOMICUS. "Capital Gains Tax — a Fiscal Atrocity".
45. THE CANADIAN CHARTERED ACCOUNTANT TAX REVIEW. Sept. 1953.
pp. 117-123.
PIERCE, M. "What are Capital Gains?"
46. THE JOURNAL OF FINANCE. Vol. 16, Dec. 1961. pp. 559-580.
HOLT, C.C. en SHELTON, J.P. "The Implications of the
Capital Gains Tax for Investment Decisions".
47. THE SOUTH AFRICAN CHARTERED ACCOUNTANT. Febr. 1966.
pp. 50-51.
SPITZ, B.K. "The Taxation of Capital Gains in the New
United Kingdom Tax Structure".
48. THE SOUTH AFRICAN CHARTERED ACCOUNTANT. August 1966.
pp. 265-267.
GANS, E. "Tax and Accounting Problems Arising out of the
Taxation of Capital Gains".
49. THE YALE LAW JOURNAL. Vol. 59, April 1950. pp. 837-885.
MILLER, P. "The 'Capital Asset' Concept: A Critique of
Capital Gains Taxation: 1".
50. THE YALE LAW JOURNAL. Vol. 59, May 1950. pp. 1057-1086.
MILLER, P. "The 'Capital Asset' Concept: A Critique
of Capital Gains Taxation: 2".
51. THE YALE LAW JOURNAL. Vol. 64, No. 1, Nov. 1954. pp. 1-83.
MILLER, P. "Capital Gains Taxation of the Fruits of
Personal Effort: Before and Under the 1954 Code".
52. VOLKSHANDEL. Maart 1963. p. 77.
HANDELSINSTITUUT. "Die Groeikoers: Daar is Voorwaardes.
Sake lyk Gunstig".
53. VOLKSHANDEL. Junie 1965. pp. vi-viii.
HANDELSINSTITUUTMEMORANDUM. "Algehele Afskaffing van
Boedelbelasting Sterk Bepleit".
54. VOLKSHANDEL. Junie 1971. pp. 47, 49.
HANDELSINSTITUUT-KONGRESBESPREKINGS. "Handelsinstituut
Bekommerd oor Belastingen".
55. VOLKSHANDEL. Sept. 1971. pp. 11-15, 63.
HANDELSINSTITUUT-STUDIEKOMITEE. "Franzsenkommissie —
Belastingaanbevelings".

56. VOLKSHANDEL. Junie 1975. p. 12.
HANDELSINSTITUUT-KONGRESBESPREKINGS. "Jan Taks moet sê
wat is Kapitaal".

*** * ***